

# **Leierskap in makrogemeentes**

## **Perspektiewe op kontemporêre ontwikkelings**

deur

**Gerhardus Johannes van Deventer**

### **Proefskrif**

ingehandig ter gedeeltelike vervulling van die  
vereistes vir die graad

**Doctor Theologiae**

in die departement Praktiese Teologie

**Universiteit Stellenbosch**

Promotor: Professor H Jurgens Hendriks

Medepromotor: Professor Elna Mouton

Desember 2005

# VERKLARING

Student: Gerhardus Johannes van Deventer

Studentenommer: 123-2140-0

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in die proefskrif *LEIERSKAP IN MAKROGEMEENTES. Perspektiewe op kontemporêre ontwikkelings*, my eie oorspronklike werk is en dat dit nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie. Alle bronne wat ek gebruik het of wat aangehaal is, is deur middel van volledige verwysings aangedui.

GJ van Deventer



# VOORWOORD

*‘The monk is he who is separate from all  
and united with all’*

(Evagrius of Pontus)

*“Leadership is the art of collaboration. You can’t be an individual without  
collaborating with others. Leaders log on, link up and get connected”*

(Leonard Sweet)

Sweet (1999:199) vergelyk leierskap met ’n *jazz-band-leader*, terwyl ’n *jazz-band* getipeer kan word as *an act of community which is punctuated with individual creativity, ingenuity, and genius*. Unieke bydraes en samespel maak jazz-musiek.

Hierdie proefskrif moet in bogenoemde lig gesien word. Dit was aan die een kant baie ure, dae, maande en jare van alleen werk, maar tegelykertyd om in die literêre geselskap van meesters op baie terreine te verkeer. Die werklike samewerking in die produsering van die proefskrif kom uit ’n al wyer wordende kring van gesin, familie, akademiese mentors, medewerkers, kollegas, vriende en gemeentelede.

My vrou, Irma, se liefdevolle motivering, proeflees, opoffering en ondersteuning het my voortdurend inspireer. Sy deel my lewe, bediening en studies met liefde en ’n diep spiritualiteit. My kinders, Hardus, Krüger en Francois het my die belangrikheid, uitdagings en vreugde van ’n ‘huisgesin’ geleer. Krüger se grafiese ontwerp het met sketse in die proefskrif ingesluip. My skoonpa, Dick Krüger, ’n afgetrede professor in opvoedkunde, het help proeflees, saam gesels oor teologie en die bediening, en ’n konstruktiewe bydrae gelewer. Die vrug van my pa se geloof, integriteit en leierskap en my ma se diensbare liefde, is onder andere die geloofslewe van ses kinders en doktorsgrade in teologie van al drie die seuns. Ons familie aan weerskante, het as ’n vorm van die “huisgesin van God”, my volhardend aangespoor.

My kollegas in Roodekrans naamlik Koos Uys, Roelof Minnaar, en Manie Botha se samewerking en vriendskap het die bediening ’n vreugde gemaak. Hulle bydrae, gesprekke en kritiek het my studie ’n deurleefdheid gegee wat my insig in leierskap

meer as boekekennis gemaak het. Vorige kollegas, Ewald van Rensburg, André Ströh, Attie van Niekerk en Corrie Brits het as vriende my lewe en bediening verryk en het my vir die studie bly motiveer. Die gespreksgroep van leierleraars en in besonder Theo Marais, Marius Nel, Jannie Swart en Pieter van der Walt, met wie ek onderhoude gevoer het, het wêreld van ekklesiologie, teologie en leierskap geopen. Kobus Sandenbergh het altyd nog 'n boek aanbeveel of uitgeleen. Twee gemeentes, Standerton-Wes en Roodekrans, met baie begaafde lidmate en baie besondere leiers, was my "huisgesin van God." Hanlie Smuts se kundigheid uit die privatektor, leierskap en liefdevolle begeleiding verdien vermelding en die kantoorpersoneel van Roodekrans, naamlik Danie Lategan, Delövia van Eeden, Elza Jamneck, Wilma Senekal en Dorothy Grieb, se hulp en bystand het altyd met 'n grappie gepaard gegaan. Die kerkraad/gemeenteraad en werkgroepe het met behulp van die konsultasie van dr Arnold Smit gesoek na die wil van God en dit uitgedruk in 'n nuwe visie, gemeentemodel en in nuwe vorme van leierskap. Dit het die bedding geword waaruit die navorsing kon groei. André Smuts het die proefskrif se drukwerk gedoen en Louise Pretorius die bindwerk. Sonder die *genius* van Ronell van der Merwe, die rekenaarkundige, en haar bereidheid om ure saam met my op tegniese versorging te spandeer, sou die proefskrif nie *jazz*-musiek kon word nie!

Ek het 'n promotor, Professor Jurgens Hendriks, gehad wat my gevra het om, voor ek die studie aanpak, seker te maak dat dit regtig 'n roeping van God is. Sy begeleiding, belangstelling, mentorskap en akademiese gesprek was van onskatbare waarde. Professor Elna Mouton se opbouende kritiek het die kwaliteit van my werk en sensitiwiteit vir die vroulike perspektief definitief verhoog.

Dit is egter die skepping, roeping, wysheid, en genade van ons Vader, Christus ons Verlosser, en die Gees as gewer van gawes, wat dit alles moontlik gemaak het. ***Leierskap as 'n kontekstueel hermeneutiese funksie*** is in die studie beoefen. Die navorser het immers binne sy konteks, saam met al bogenoemde gelowiges, in volle afhanklikheid van God, gesoek na 'n boodskap van die Skrif vir 'n tyd soos hierdie.

Gerrie van Deventer.

Desember 2005

Opmerking: Die afkortings in die tesis is volgens die riglyne van die NTWSA (Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap) gedoen.

# SAMEVATTING

*“Leierskap is ’n kontekstueel hermeneutiese funksie.”*

Hierdie stelling is nie alleen die teoretiese uitkoms van hierdie studie nie, maar ’n deurleefde ervaring uit die bedieningspraktyk van die navorser. Sedert die eerste leierleraar sowat vyf jaar gelede (begin 2000) in die NG Kerk aangewys is, het verskeie ander makrogemeentes in die NG Kerk gevolg. Daar was geen verwysings-raamwerk, teologiese begroning of kerklike tradisie wat gevolg kon word nie. Dit het saamgeval - ingelui deur die nuwe politieke bedeling sedert 1994 - met grootskaalse transformasie op politieke, sosiale, ekonomiese en godsdienstige terrein in Suid Afrika. Dit het aanleiding gegee tot die navorsingsprobleem dat *tradisionele vorme van leierskap onvoldoende in die kontemporêre omstandighede van makrogemeentes in Suid Afrika is*, en tot die navorser se hipotese dat *transformasie eietydse en kontekstuele ontwikkelings in leierskap vereis*.

Daar is in die hermeneutiese proses eerstens na die gemeentelike praktyk en kontekste gegaan deur semi-gestruktureerde onderhoude met vyf leierleraars te voer. Die resultaat was dat daar uit al die gemeentes inligting oor transformasie in die kontekste van hulle samelewings, die gemeentelike bedieningsmodelle, leierskap-vereistes en leierskap-gestaltes na vore gekom het. Alhoewel daar verskille in die gemeentes aangewys kon word, was ’n refrein oor transformasie in die konteks, gemeentelike bedieningsmodelle en leierskapspatrone telkens hoorbaar.

Dit het die navorser gelei na ’n ondersoek van transformasie in die makrokonteks. ’n Massiewe golf (tsunami) van transformasie in die tydsges, denkraamwerke en paradigmas kon met betrekking tot skuiwe van christendom na post-christendom, modernisme na post-modernisme, skuiwe in globalisasie en inligtingstegnologie, en uit sensus 2001 en Kerkspieël 2004 van die NG Kerk, in die Suid Afrikaanse konteks aangetoon word. Veranderinge in die kerklike konteks met betrekking tot paradigma-, sisteem-, getalle-, generasie-, proses-, en leierskap-skuiwe was uit die nagevorsde literatuur sigbaar.

Die hermeneutiese sirkel het die navorsing na ondersoeke van transformasie in kontekste van die Skrif geneem. Talle voorbeelde van transformasie in konteks, bedieningsmodel en gepaardgaande verandering in leierskapsmodelle is aangetoon. Dit het uit die Skrif geblyk dat God die geloofsgemeenskap gehelp het om met nuwe bedieningsmodelle en ’n verskeidenheid van charismata, bediening en leierskapsfunksies eietyds en kontekstueel daarop te reageer. Die studie van 1 Timoteus het nie alleen verandering in die gemeenskap en gemeentelike konteks aangetoon nie, maar ook hoe daar deur middel van die metafoer van die *huisgesin van God* ’n nuwe simboliese wêreld geskep is waarin die bedieningsmodel en leierskap van die gemeente geherinterpreteer is.

Dit het die navorser tot die gevolgtrekking gebring dat die aanwysing van *leierleraars* of *gemeenteleiers* as ’n eietydse en kontekstuele antwoord op die eise van ’n transformasietyd te verstaan is. Leierskap is immers *’n kontekstueel hermeneutiese funksie*.

# SUMMARY

## *“Leadership is a contextual hermeneutical function”*

This statement is not only the theoretical outcome of this study, but also the experience of the practical ministry of the researcher. Since the first senior pastor in the Dutch Reformed Church was appointed five years ago (in 2000), many other macro congregations followed suit. However, there was no frame of reference, theological foundation or church tradition which could provide guidelines for these newly appointed leaders. That coincided – initiated by the new political dispensation since 1994 – with huge transformation on the political, economic, social and religious scene in South Africa. That gave input to the research problem that *traditional forms of leadership was insufficient in the contemporary situation of macro congregations in South Africa*, and to the researcher’s hypothesis that *transformation needs current and contemporary developments in leadership*.

In the hermeneutical process the researcher first of all listened to congregational practice and context via semi-structured interviews with five senior pastors of Dutch Reformed Churches. The outcome was that a vast amount of information regarding transformation in the communities, ministry models, leadership requirements and forms of leadership were accumulated. Although there were obvious differences, there was also a correspondence about transformation in the context, ministry- and leadership-models. The appointment of senior pastors was part of a total transformation process.

This led to an investigation of transformation in the macro context. A massive wave (tsunami) of transformation of timeframes, thinking systems, paradigms and shifts from christendom to post-christendom, modernism to post-modernism, towards globalization and information technology, and major shifts in the South African and the Dutch Reformed Church contexts (through the lenses of census 2001 and Kerkspieël 2004), were detected.

The hermeneutical circle took the research to the investigation of transformation in Scriptural contexts. Many examples of transformation in the context, ministry models and leadership models were found. From Scripture it would appear that God led believing communities to react in every contemporary situation with new ministry models through the charismata, ministries and leadership functions for that situation. The study of 1 Timothy not only showed transformation in the context of the community and congregation, but especially how a new symbolic world was created through the use of the metaphor of the “household of God” so that the ministry model and leadership model were reinterpreted to suit their current situation.

The researcher came to the conclusion that the appointment of senior pastors or congregational leaders in the Dutch Reformed Church was a current and contemporary answer to the demands of a time of transformation. Ultimately leadership is *a contextual hermeneutical function*.

## Inhoud

<b>1. INLEIDING.....</b>	<b>1</b>
<b>1.1. AGTERGROND.....</b>	<b>1</b>
1.1.1 'n Kort oorsig oor die veld van ondersoek.....	3
1.1.2 Behoeftes aan navorsing.....	4
<b>1.2. NAVORSINGSPROBLEEM.....</b>	<b>6</b>
1.2.1 Inleidende kritiese vrae.....	6
1.2.2 Verdere uiteensetting van probleem.....	8
1.2.3 Nadere omskrywing van probleem.....	9
<b>1.3. HIPOTESE EN DOEL VAN ONDERSOEK.....</b>	<b>11</b>
1.3.1 Hipotese.....	11
1.3.2 Navorsingsdoel.....	13
<b>1.4. METODOLOGIE.....</b>	<b>14</b>
1.4.1 Uitgangspunte met betrekking tot praktiese teologie.....	14
1.4.2 Metodologie met betrekking tot hierdie navorsing.....	19
1.4.3 Navorsingsontwerp.....	21
<b>1.5. VELD VAN ONDERSOEK.....</b>	<b>23</b>
1.5.1 Leierskap.....	23
1.5.2 Transformasie.....	24
1.5.3 Bybel en tradisies.....	25
<b>2. KONTEMPORÊRE ONTWIKKELINGS IN MAKROGEMEENTES.....</b>	<b>26</b>
<b>2.1 INLEIDEND.....</b>	<b>26</b>
2.1.1 Navorsingsbehoefes van leierleraars.....	27
2.1.2 Mandate van leierleraars.....	29
<b>2.2 EMPIRIESE ONDERSOEK IN VYF GEMEENTES.....</b>	<b>33</b>
2.2.1 NG gemeente Constantiakruin – Dr Theo Marais.....	35
2.2.2 NG gemeente Doornpoort – Dr Marius Nel.....	42
2.2.3 Fontainebleau gemeenskapskerk – Ds Jannie Swart.....	53
2.2.4 NG gemeente Paarlberg – Dr Pieter van der Walt.....	63
2.2.5 NG gemeente Roodekrans – Ds Gerrie van Deventer.....	73
<b>2.3 ENKELE VOORLOPIGE BEVINDINGS:.....</b>	<b>96</b>
2.3.1 Transformasie.....	96
2.3.2 Leierleraars en leierskap.....	97
<b>3. VERANDERDE KONTEKS EN LEIERSKAP.....</b>	<b>99</b>
<b>3.1 TRANSFORMASIE IN DIE MAKROKONTEKS.....</b>	<b>100</b>
3.1.1 Christendom vs. Post-Christendom.....	101
3.1.2 Modernisme vs. Post-Modernisme.....	104
3.1.3 Globalisasie en inligtingstechnologie.....	110
3.1.4 Suid-Afrikaanse konteks.....	113
<b>3.2 TRANSFORMASIE IN DIE GEMEENTEKONTEKS.....</b>	<b>119</b>
3.2.1 Paradigma-skuiwe.....	119
3.2.2 Sisteem-skuiwe.....	125
3.2.3 Getalle-skuiwe.....	133
3.2.4 Generasie-skuiwe.....	137

3.2.5	Proses-skuiwe .....	140
3.2.6	Leierskap-skuiwe.....	143
<b>3.3</b>	<b>VOORLOPIGE BEVINDINGS .....</b>	<b>166</b>
3.3.1	Transformasie .....	166
3.3.2	Leierskap .....	166
<b>4.</b>	<b>BYBELSE PERSPEKTIEWE OP GEMEENTELIKE LEIERSKAP ....</b>	<b>168</b>
<b>4.1</b>	<b>CHARISMA, AMP EN LEIERSKAP .....</b>	<b>172</b>
4.1.1	Veranderinge met betrekking tot ampsteologie .....	172
4.1.2	Die drie-ampteleeër ( <i>munus triplex</i> ).....	175
4.1.3	Bedieninge in die Nuwe Testament - charisma en amp.....	179
4.1.4	Konstante Skriftuurlike aanduidings oor leierskap.....	192
<b>4.2</b>	<b>TRANSFORMASIE EN LEIERSKAP.....</b>	<b>194</b>
4.2.1	Transformasie-temas en transformasie-leierskap in die Skrif.....	195
4.2.2	Transformasie en leierskap in die Ou Testament.....	196
4.2.3	Transformasie en leierskap in die Nuwe Testament .....	202
4.2.4	Voorlopige gevolgtrekkings .....	208
<b>4.3</b>	<b>LEIERSKAP IN DIE HUISGESIN VAN GOD (1 TIMOTEUS).....</b>	<b>211</b>
4.3.1	Inleidende opmerkings.....	211
4.3.2	Gemeenskap in transformasie.....	214
4.3.3	Gemeente in transformasie .....	221
4.3.4	Huisgesin van God as nuwe identiteit.....	227
4.3.5	Leierskap in die huisgesin van God.....	242
4.3.6	Samevattende opmerkings .....	259
<b>4.4</b>	<b>LEIERSKAP IN DIE KERKLIKE TRADISIE.....</b>	<b>263</b>
4.4.1	Vroeg kerklike en hoog-kerklike ontwikkeling .....	264
4.4.2	Gereformeerde tradisie .....	264
4.4.3	NG Kerk tradisie.....	268
<b>5.</b>	<b>SINTESE.....</b>	<b>272</b>
<b>5.1</b>	<b>INLEIDEND .....</b>	<b>272</b>
<b>5.2</b>	<b>BEVINDINGS.....</b>	<b>272</b>
5.2.1	Kontemporêre ontwikkelings in makrogemeentes.....	272
5.2.2	Transformasie in konteks en leierskap.....	275
5.2.3	Bybelse perspektiewe op gemeentelike leierskap .....	276
<b>5.3</b>	<b>GEVOLGTREKKINGS .....</b>	<b>277</b>
5.3.1	Algemene opmerkings oor uitkomste .....	277
5.3.2	Leierskap as kontekstuele hermeneutiek .....	278
5.3.3	Riglyne met betrekking tot leierskap in makrogemeentes .....	282
<b>5.4</b>	<b>AANDUIDINGS VIR VERWANTE ONDERSOEKE.....</b>	<b>291</b>
<b>BRONNELYS .....</b>	<b>293</b>	



## Illustrasies

<i>Skets 1-1 Die doen van teologie - Hendriks (2004:23)</i> .....	17
<i>Skets 2-1 Kategorieë - Guder (1998:202)</i> .....	30
<i>Skets 2-2 NG Kerk Constantiakruin Bestuurmodel</i> .....	38
<i>Skets 2-3 Generasies in Fontainebleau</i> .....	55
<i>Skets 2-4 FGK Bedieningsmodel</i> .....	57
<i>Skets 2-5 Roodekrans area</i> .....	74
<i>Skets 2-6 Demografie Roodekrans</i> .....	75
<i>Skets 2-7 Aantal lidmate Roodekrans</i> .....	77
<i>Skets 2-8 Ouderdomsverspreiding Roodekrans</i> .....	78
<i>Skets 2-9 Bedieningsnetwerk Roodekrans</i> .....	87
<i>Skets 3-1 Lewensiklus van gemeentes – Rendle (1998:139)</i> .....	132
<i>Skets 3-2 Rothauge se gemeentegroottes (Vergelyk Mann 1998:3)</i> .....	134
<i>Skets 3-3 Grotes - N-kurwe</i> .....	136
<i>Skets 3-4 Turner se voorstelling van 'n sosiale drama – (Burger 1995:29)</i> .....	141
<i>Skets 3-5 Vier energiepunte (Burger 1995:31)</i> .....	142
<i>Skets 3-6 Missionêre leierskap. Roxburgh (1998:213)</i> .....	155
<i>Skets 3-7 Afrikaanse weergawe van Roxburgh (2000:145) se model</i> .....	158
<i>Skets 3-8 Korporatiewe lewensiklus - Miller se model volgens Roxburgh (2000:119)</i> .....	160
<i>Skets 3-9 Sinergistiese leierskap in 'n leierskapspan. Roxburgh (2000:146)</i> .....	164
<i>Skets 4-1 Kommunikasieteorie - Elna Mouton (2005:8)</i> .....	171
<i>Skets 4-2 Huisgesin van God - Van der Watt (1999:314)</i> .....	240
<i>Skets 5-1 Doen van Teologie - Hendriks (2004:23) – aangepas.</i> .....	280



# 1. INLEIDING

## 1.1. AGTERGROND

Wie is jy dominee? So vra Stefan Louw (2004:13) in 'n artikel in Die Kerkbode van 12 November 2004. Kyk hoe skets hy die mosaïek van kleure van die mantels wat die predikant vandag moet dra:

"Is jy ons leraar, die een met die kennis, wat ons leer van God? Of dalk die storieverteller, die een wat in die intriges en dramas van ons lewe die drade van Goddelike bedoeling en plan kan bespeur? Dalk is jy bloot 'n  vriend, die een met die tyd, die humor, die saamkuier, die een wat langs my staan. Of miskien ons bemagtiger, die een wat die twyfelaars, die magteloses onder ons weer op God wys, ons weer toerus met hoop en liefde en 'n passie vir die lewe. Dalk is jy ons strateeg, die een wat verstaan hoe prosesse en sisteme werk en weet wat om te sê en te doen op die regte tyd en op die regte plek. Of is jy eerder 'n kunstenaar, die een wat die skoonheid, die pyn en vreugde van die lewe vir ons uitbeeld en laat meeleeft?"

Of dalk is jy ons profeet, die een wat teen die grein, in die woestyn, ten koste van jouself vir ons uitdaag: "Maar wat van God?" Of die priester wat ons sondes elke Sondag op die altaar voor God plaas? Of is jy eerder ons herder, ons pastor, die een wat met toewyding en deernis ons wonde versorg, ons honger stil, die hooploses onder ons ophelp?

Dalk is jy 'n visionêr, die een wat die ritme van die dans van die Gees bespeur en ons saam op haar fyn spoor neem na die toekoms van God? Of eerder 'n liturg, die een wat ons inlei in die teenwoordigheid van God sodat ons kan leer bid? Miskien is jy 'n mistikus, die een wat die stiltes, die heilige, ademlose heerlikheid van God kan bespeur en opsoek. Of miskien die voorbiddert, die een wat ons woorde en ons dae, ons leegheid en ons lewenslus met 'n afhanklike hand voor God bring. Of is jy die versoener, die kunstenaar van vrede, die een wat die vyandskap en die vooroordeel

besweer? Of eerder die eksegeet, die uitlegger van die Woord, die een wat God se bedoelinge kan ontsyfer uit die web van woorde op 'n bladsy?

Dalk is jy 'n aktivis, die een wat ons oproep en saamneem in daad van protes teen die onreg en die kwaad. Of dalk die buurokraat, die gemeentelike amptenaar wat sorg dat gemeentelike besluite en prosesse op ordelike wyse bestuur en uitgevoer word? Of is jy die opvoedkundige wat ons kinders en volwassenes leer om christelike deugde en lewenswaardes in ons lewens in te bou? Miskien is jy 'n politikus wat verstaan dat gemeentes sisteme is wat werk op grond van invloed en wedersydse beïnvloeding. Of is jy slegs die roubeklaer wat die klag van die hulpeloses verbaliseer?

Of is jy dalk dit alles saam of selfs niks hiervan?

Of is jy blote mens, 'n brose, feilbare mens wat staan met leë hande, voor jou gemeente, voor God?

Wie is jy dominee?"

Sommer aan die uiterlike voorkoms van predikante (veral in die NG Kerk) kan 'n mens in die afgelope aantal jare allerlei veranderings raaksien. Die formele swart pak en wit das het plek gemaak vir netjies informele klere en selfs vir jonger weergawes van kaalgeskeerde koppe, "gejelde" hare, ongeskeerde baard, plakkies en uithanghemp! Die toevoeging van vroue-predikante vermeerder natuurlik die skakerings van mode en kleur.

Die vraag is of die uiterlike veranderings nie 'n aanduiding is van dieperliggende veranderings nie. Wat is die ware identiteit van die predikant en leier in die gemeente? Wat is die verwagtings van sy/haar leierskap in die gemeente en gemeenskap? Wie is die predikant nou eintlik; wat behoort hy/sy te doen; wat is sy/haar rol met betrekking tot kollegas, leiers, gemeentelede en gemeenskap?

Daar is tans allerlei vrae wat gevra word oor die identiteit en rol van leraars en leiers in gemeentes. Transformasie in die tydsges, globale wêreld, die Suid-Afrikaanse konteks, die NG Kerk en in makrogemeentes is aan die orde van die dag. Die rol van die predikant in al hierdie veranderings word ook intens hierdeur geraak. Daarom lei dit 'n mens om empiries en in die literatuur te gaan kyk wat aan die gebeur is.

Voeg daarby die tendens dat daar in die afgelope paar jaar vir die eerste keer in die NG Kerk die spesialiseringsterrein van “leierleraarskap” ontwikkel het. Dit is ’n vreemde en nuwe verskynsel in die NG Kerk, alhoewel dit bekend is in ander denominasies. Die vraag is egter wat die agtergrond en redes hiervan in die NG Kerk is en hoe dit verstaan en aangewend moet word?

Daar het ook verskuiwings in bedieningsmodelle en die rol van ander leiers, veral in groter gemeentes, gekom en daar is ’n vermoede by die navorser dat die tendense en verskuiwings in die rol en identiteit van die predikant en in die gemeente as geheel mekaar sterk beïnvloed.

### **1.1.1 ’n Kort oorsig oor die veld van ondersoek**

’n Makrogemeente is deur Hendriks (1992:13) gedefinieer as ’n gemeente met 2800 lidmate óf met vier of meer predikante. Daar sal later in die studie aangetoon word dat heelwat van die makrogemeentes oor die laaste paar jaar deur prosesse gegaan het waar leierleraars aangewys is en waar die rolle en take van die ander leraars en leiers in die gemeente herskryf is. Dit is veral hierdie tendens wat beskryf sal word. Die redes en motiverings agter hierdie tendens en die invloed wat dit het op die rolle van die ander predikante en leiers sal ondersoek moet word.

Dit is geen wonder dat Burger en Wepener (2004a:1) die volgende oor die predikantsamp sê nie:

*“Daar bestaan vandag heelwat onduidelikheid oor die kern-identiteit van die predikantsamp. By baie lidmate is daar onsekerheid oor presies wat van die predikante in die gemeente verwag word. Dit wil soms voorkom asof hierdie onduidelikheid nie vroeër bestaan het nie - asof die meeste predikante toe presies geweet het wat hulle werk behels en dit so gedoen het. Vandag het baie van hierdie sekerhede egter vervaag.”*

Die navorser is self in ’n makrogemeente (NGK Roodekrans) waar hy na ’n proses van hervisionering en besinning oor die leierskap in die gemeente in Oktober 2002 aangewys is as leierleraar van die gemeente. Sedertdien het die behoefte om meer te

verstaan wat aan die gebeur is met gemeentes en wat van die leiers verwag word, al dringender geword. Hierdie studie wil dus antwoorde oor die identiteit en rol van die predikant met spesifieke verwysing na die “leierleraar” in gemeentes en in die makro-, kerklike- en Skrifkontekste gaan soek.

### 1.1.2 Behoefte aan navorsing

Dit is duidelik dat groot veranderings plaasgevind het in die funksionering van gemeentes en in die identiteit en roldefiniëring van leiers en in besonder die leraars van die gemeente. Roxburgh (1997:24) haal vir Turner aan wat sê dat sosiale struktuur *"the patterned arrangements of role-sets, status-sets, and status-sequences, consciously recognized and regularly operative in a given society"* is. In 'n tyd van liminaliteit - wat later breedvoeriger bespreek sal word - *"...one's status-, role-, and sequence-sets in a society have been radically changed..."*. Geen wonder nie dat Shawchuck en Heuser (1993:15) sê: *"In virtually every segment of American society the people cry that leadership has fallen on hard times"*. Daar is goeie aanduiding dat ons in Suid-Afrika in so 'n tyd van liminaliteit (limen = drempel - dus die oorsteek van sekere drempels) leef (Burger 1995:31) en dat daar radikale veranderings plaasgevind het en steeds plaasvind wat gemeentes en leiers in nuwe situasies plaas waarin hulle identiteit en rolle radikaal herskryf word.

Wat die Suid-Afrikaanse konteks betref, het daar in 1995 twee boeke oor leierskap verskyn wat toe reeds die noodsaaklikheid van leierskap in die veranderde scenario van gemeenskap en kerk beklemtoon het. Smit (1995:9) vra waarom dit juis nou nodig is om nuut te dink oor leierskap in gemeentes? Hy sê dan: "Sonder om presies te weet hoe die toekoms gaan lyk, word leiers opgeroep om saam met hulle gemeenskappe en organisasies nuwe weë daarheen te verken". Hy sê dat die kerk tans midde-in 'n tyd van ingrypende en omvangryke veranderings staan en dat die leierskap in gemeentes 'n sleutelrol sal speel om dit op die mees kreatiewe en konstruktiewe wyse te hanteer. Hy maak in die inleiding van die boek drie kernopmerkings oor leierskap wat hulle uitgangspunte begelei, naamlik:

- *"As ons aanvaar dat leiers 'n sleutelrol in die lewe van geloofsgemeenskappe vervul, beteken dit dat ons in nuwe tye ook op 'n nuwe manier sal leiding gee"*.

- *"Leierskap gaan nie oor dinge wat leiers moet doen nie, maar oor wie hulle as mense voor God en ander IS." "Wees is belangriker as doen."*
- *"Ons beskryf 'n leierskapstyl waarvan die betekenis in die begrip begeleiding setel".*

Hierdie drie standpunte toon nie net die belangrikheid van studie oor leierskap in die geloofsgemeenskap nie, maar beskryf ook ander belangrike sake wat later in die studie opgeneem sal word.

Die tweede boek is die van Buchanan en Hendriks waarin daar gesê word (1995:1):

*"In the first section of the book, we are introduced to a variety of critical perspectives on the South African community. Change and the reconstruction of our society must create opportunities for dealing with the past. Fear and suffering were constituent parts of the past. The first two chapters are aimed at telling these stories and keeping that memory alive. They also witness the role leaders can play in keeping a vision of peace and reconciliation alive, while the Lord is upholding their plight. The third chapter gives an empirical analysis of the South African church scenario and reflects upon it. The so-called mainline denominations are declining in membership and influence. Small-group oriented congregations are growing. African Independent Churches are becoming the mainline church in South Africa. Chapters four to six analyze the reasons for the decline in membership and the decline of influence of the church in society at large. Outdated leadership styles and church structures as well as a disempowered laity are highlighted as some of the most important issues the church has to face."*

Bogenoemde sê vanselfsprekend 'n mondvul oor leierskap, oor die Suid-Afrikaanse en gemeentelike konteks, die verskillende fasette wat verband hou met leierskap soos spiritualiteit, 'n nuwe styl, 'n onderskeidingsvermoë en 'n visie van die roeping van die kerk in die situasie. 'n Boek kan natuurlik nooit alle antwoorde verskaf nie en die verdere verloop van 'n aantal jare het al weer verskeie nuwe vrae na vore gebring. Navorsing oor leierskap in die geloofsgemeenskap en in die konteks van Suid-Afrika vandag is nou nog meer aktueel.

## 1.2. NAVORSINGSPROBLEEM

### 1.2.1 Inleidende kritiese vrae

Die voorafgaande bring heelwat vrae na vore oor die roeping van gemeentes in 'n nuwe konteks en oor die rol van leiers om gemeentes in veranderde tye te begelei. Burger en Wepener is reeds hierbo aangehaal met betrekking tot die onduidelikheid oor die kern-identiteit van die predikant. Burger noem in die eerste artikel (2004:1-8) dat daar vanaf drie bronne vrae oor hierdie onduidelikheid verwag kan word:

a. Drie bronne vir onduidelikheid:

- *Watter invloed het die veranderinge in kerk en samelewing?*

Die invloed van 'n beweging van christendom na na-christendom, van modernisme na post-modernisme en ander veranderinge word hier bespreek. Die invloed daarvan sal ook later in die studie nagevors word.

- *Wat is die verwagtinge van lidmate?*

Buvton<sup>1</sup> het reeds 18 968 lidmate van die NG Kerk 'n vraelys oor bedieningsbehoefte laat invul. Uit die kategorieë waarmee die rol van die predikant getoets is, het lidmate 'n positiewe verwagting van die volgende kategorieë soos volg aangedui: prediker (72%), toeruster (51%), motiveerder (44%), pastor (37%), vriend (29%) en bestuurder (19%). Hoe moet hierdie verwagtings geïnterpreteer word? Is daar ander kategorieë wat getoets behoort te word?

- *Is daar dieperliggende redes vir die onduidelikheid?*

Hulle bespreek dan die volgende moontlikhede as daar dieper gekyk word na die predikantsamp:

- Identiteitskrisis as gevolg van 'n verlies van tradisionele rol en take
- Sekularisasie wat twyfel oor roeping en inhoud van die evangelie veroorsaak

---

<sup>1</sup> Buvton, <http://www.sun.ac.za/buvton/vennote> > (9 Okt 2005), is 'n diensruimte waar gemeentes en gemeenteleiers begelei word om hulle roeping beter te verstaan. Die instansie is verbonde aan die kweekskool by die Universiteit van Stellenbosch.

- Versnippering van die amp en 'n verlies van heelheid
- Kern/fokus is afwesig
- Professionalisering en die nagevolge daarvan
- Gemeentegrootte kan die rol van die predikant totaal verander

In hierdie artikel sien ons dus reeds iets van die kompleksiteit van die problematiek. Heelwat van hierdie vrae sal in die loop van die navorsing aan die orde moet kom.

Die titel van hierdie proefskrif is:

### **LEIERSKAP IN MAKROGEMEENTES**

#### **Perspektiewe op kontemporêre ontwikkelings**

Die eksistensiële situasie van die navorser bepaal natuurlik ook sy invalshoek en die soort vrae wat hier gevra sal word. Die navorser is leierleraar in die NG Kerk Roodekrans en is betrokke by 'n gespreksgroep van leierleraars in die NG Kerk. Leierleraarskap is 'n nuwe ontwikkeling in die NG Kerk en vorm 'n invalshoek waarvandaan perspektiewe op veranderinge in leierskap in makrogemeentes ondersoek kan word. Dit beteken aan die een kant dat die probleem sterk afgebaken word tot huidige ontwikkelings in makrogemeentes in die NG Kerk. Dit beteken ongelukkig aan die ander kant dat ander kerke en gemeentes, minstens met betrekking tot die empiriese ondersoek van die probleem, uitgesluit word. Die oorwegend kontekstuele vrae kan van die prinsipiële vrae onderskei word:

➤ Kontekstuele en praktiese vrae:

- Waarom het poste vir leierleraars slegs in die afgelope paar jare in die NG Kerk ontstaan?
- Wat is die mandate of take wat aan leierleraars toegeken word?
- Verteenwoordig die pos 'n skuif in die beskouing van predikantsrolle?
- Hoe raak die pos van 'n leierleraar die ander leraars in die span?
- Vind daar as gevolg van die pos van leierleraars ook verskuiwings in beskouings oor ander leiers in die gemeente plaas?



➤ Prinsipiële vrae:

- Wat is die kern-identiteit van die predikantsamp?
- Wat word verstaan onder leierskap in 'n geloofsgemeenskap?
- Watter verskuiwings in die beskouings oor leierskap in geloofsgemeenskappe vind tans plaas?
- Hoe word nuwe beskouings oor leierskap en Bybelse gegewens versoen?
- Hoe word die verskuiwings met die Gereformeerde tradisie versoen?

➤ Gemeentelike vrae:

- Watter veranderinge vind tans in Suid-Afrikaanse gemeenskappe en gemeentes plaas?
- Watter invloed het die veranderinge op gemeentemodelle en leierskap?
- Vind veranderinge in rol definiëring van predikante veral in makrogemeentes plaas en indien wel, waarom dan?

➤ Bybelse begroning:

- Watter Bybelse inligting oor die ampte en leierskap kan riglyne verskaf?
- Kan die metafoer van die "huisgesin van God" in 1 Timoteus ons help om leierskap in die geloofsgemeenskap beter te verstaan?



## 1.2.2 Verdere uiteensetting van probleem

Louis Louw (2003:3-4) sê dat daar in een-man-gemeentes (gemeentes waar net een man predikant is!) weinig onduidelikheid oor die predikant se werk is, want artikel nege gee 'n duidelike omskrywing. Dit behels onder andere prediking, sakramentbediening, leiding van eredienste, kerklike onderrig, herderlike versorging, bestuur van die gemeente en die lei van kerkraadsvergaderings. Maar in makrogemeentes is dit anders! Hier word werk verdeel en kom dinge soos passie en gawes in spel en raak spanverband belangrik. Leiers sonder teologiese opleiding word deesdae deel van die leier-span.

Burger (2003:1-2) skryf in dieselfde tydskrif dat dit voorkom of predikante nie meer na vermoë funksioneer nie. Hy meen dat die eerste probleem daarin lê dat die politieke oorgang in die land met sy ekonomiese, sosiale en demografiese verskuiwings feitlik alle kerke op die een of ander manier ontwig. Die tweede probleem is dat daar nie genoeg ruimte is vir die versorging, ontwikkeling en begeleiding van predikante nie.

Dit lyk asof daar toenemend onduidelikheid oor die identiteit en rol van die predikant bestaan en dat dit veral veranderinge in die gemeenskap en gemeentes is wat onderliggend hieraan lê.

### 1.2.3 Nadere omskrywing van probleem

Uit die agtergrond van voorafgaande vrae kan gesien word dat die navorsingsprobleem uit die praktyk gebore word, maar dat dit dan roep na fundering. Die probleem kan in drie fasette omskryf word:

#### a. Navorsingsprobleem

Die oorhoofse probleem rondom leierskap in makrogemeentes kan soos volg geformuleer word:

***Tradisionele vorme van leierskap is onvoldoende in kontemporêre omstandighede van makrogemeentes in Suid-Afrika.***

“Tradisioneel” verwys in hierdie verband na die omskrywing van leierskap wat in die kerkorde van die NG Kerk gevind word. Dit verwys ook na hoe dit vir baie jare in die NG Kerk toegepas is en dus gevestigde praktyk geword het. Hier kan hoofsaaklik aan ’n parogiale model gedink word waaraan bevestigde leiers – leraars, ouderlinge en diakens – gekoppel is.

“Kontemporêr” verwys na dit wat in die afgelope tien jaar in makrogemeentes gebeur het.

b. Verdere fasette van die navorsingsprobleem

Makrogemeentes se aanvoeling dat bogenoemde bedieningsmodel en vorm van leierskap onvoldoende is, het tot verskeie praktyk-aanpassings gelei. Die ontstaan van “leierleraarskap” is daarin miskien die mees kontemporêre praktyk. Daarom ontstaan daar ook ’n hele paar vrae en navorsingsprobleme wat daaraan gekoppel kan word.

- *Waarom het leierleraarskap in die NG Kerk ontstaan?*

Is die ontstaan van leierleraars in die NG Kerk ’n aanduiding van ’n verskuiwing in die beskouing oor die identiteit en rol van die predikant? Hier wentel die navorsingsprobleem dus rondom die praktykteorie in makrogemeentes.

- *Watter Bybelse en ander begroning kan gevind word vir hierdie verskuiwings?*

Hier moet die navorser gaan kyk of daar ’n fundering in die Bybelse en geloofstradisies vir hierdie praktyke in makrogemeentes is. Is daar ’n basisteorie ter ondersteuning van huidige tendense in die praktyke van makrogemeentes?

- *Watter rigtingwysers oor leierskap in geloofsgemeenskappe is daar vir die toekoms?*

Op hierdie punt kan die navorser hom wend na die praktykteorie en vra watter aanpassings gedoen moet word en watter rigtingwysers daar vir die pad vorentoe is.

Dis die mening van die navorser dat daar rondom al drie bogenoemde vrae ’n groot behoefte aan navorsing is. Daar is nog - sover hy kon vasstel - geen praktykteorie rondom die ontstaan van leierleraars in die NG Kerk beskryf nie. Verder is dit noodsaaklik om te vra of ons ’n basisteorie hiervoor het en of dit dus ondersteun kan word deur die getuienis van die Skrif en die Gereformeerde tradisie. Slegs dan kan aanduidings vir die toekomstige rolle van predikante in makrogemeentes in die NG Kerk gegee word.

## 1.3. HIPOTESE EN DOEL VAN ONDERSOEK

### 1.3.1 Hipotese

Hendriks (2004:222) sê die volgende oor hipoteses:

*"A hypothesis is an expectation about the relation between two or more variables. As such, hypotheses contain clear implications for testing the stated relations. When we observe a certain phenomenon, we speculate about its possible causes. Various explanations may be suggested. Scientific research subjects such suggestions... to controlled testing to prove them true or false."*

Die volgende hipoteses kan hier gestel word:

a. Kern-hipotese

Die oorhoofse hipotese met betrekking tot leierskap in makrogemeentes kan soos volg gestel word:

***Transformasie vereis eietydse en kontekstuele ontwikkelings in leierskap.***



Hier sal weer enkele begrippe verklaar moet word:

- *Transformasie*

Transformasie verwys na veranderinge wat in 'n gemeente, gemeenskap en kultuur plaasvind en wat diepliggend en grondliggend is.<sup>2</sup> Burger (1995:13) noem dieselfde tendens 'n "oorgangstyd" waarin daar 'n totale reorganisasie van die totale samelewing plaasvind. Gibbs noem die veranderinge waardeur hoofstroom-kerke tans gaan "A cultural shift of seismic proportions (Gibbs & Coffey 2001:24)." Bosch (1993:185) praat van transformasie as *paradigm shifts* en haal vir Küng aan wat 'n paradigma definieer as "the entire constellation of beliefs, values, techniques, and so on, shared by the members of a given community."

---

<sup>2</sup> O'Kennedy (2003a:134) gebruik hierdie definisie in sy artikel oor wat die Bybel oor transformasie sê.


- *Eietyds en kontekstueel*

Eietyds verwys na die huidige tyd – na die spesifieke tyd en plek waarin nou geleef word<sup>3</sup> – en tegelykertyd na ’n soort betekenisvolle betrokkenheid by die tendense en fasette van die kultuur van hierdie spesifieke tyd en plek.

Die begrip kontekstueel sluit hierby aan, maar is ook ’n wyer begrip wat verwys na al die faktore wat ’n kultuur op ’n gegewe tyd beïnvloed. Bosch (1993:420-432) verwys na twee hoofstrome van kontekstuele teologie, naamlik “*Indigenization and socio-economic.*”

- *Leierskap*

O’Kennedy (2003a:134) verwys na leierskap in godsdienstige sin as verwysend na alle persone in geloofsgemeenskappe wat op die een of ander manier ’n leidende rol vervul het en waardeur hulle ander mense se lewens beïnvloed het. Die navorsing sluit daarby aan en verwys soos Smit (1994:10) sê na predikante, kerkraadslede, leiers van Bybelstudiegroepe en diensaksies en dus na leierskap op alle vlakke en terreine van die gemeentebediening. Die navorsing is primêr afgestem op die predikant en veral op die kontemporêre ontwikkeling van leierleraarskap in makrogemeentes. Vanaf daardie vernoude hoek kan daar moontlik ook ’n wyer perspektief op leierskap in die gemeente as geheel verkry word.



b. ’n Ander aspek van die hipotese

- *Leierleraarskap*

Die empiriese navorsing gaan beperk word tot onderhoude met leierleraars in vyf makrogemeentes. Die navorser wil daarom die volgende as ’n verdere hipotese van hierdie navorsing stel:

*Die ontstaan van leierleraarskap in makrogemeentes in die NG Kerk is ’n aanduiding dat transformasie in die gemeenskap en gemeentes ’n behoefte aan nuwe leierskap na vore bring.*

---

<sup>3</sup> Hendriks (2004:27) praat daarvan dat Teologie oor ’n spesifieke tyd en plek gaan.

### 1.3.2 Navorsingsdoel

Roxburgh (2000:1-30) beskryf die veranderinge in Noord Amerika as 'n ou bekende wêreld wat verdwyn en 'n hele nuwe wêreld wat ontstaan, as 'n raamwerk van 'n houthuis wat oorgedoen moet word en as 'n *fulcrum*/steunpunt waarop 'n wipplank balanseer en vra dan die volgende vrae (2002:23)

*“How do leaders navigate in this new environment? Familiar skills, behaviors and habits no longer correlate with the new realities. This profound change is being experienced in congregations and denominations; however, these are only particular manifestations of a more pervasive transformation affecting all aspects of our lives.”*

Die NG Kerk se agenda vir sy algemene sinode van 2002 (2002:264-268) het 'n hele paar verslae bevat vir die versorging en begeleiding van predikante – onder andere 'n “pastor pastorum” program, 'n mentorprogram en die benutting van retraites.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar nie net 'n bewustheid is van die effek van veranderinge in die gemeenskap en gemeentes op die predikante nie, maar tegelyk van die kritiese belang daarvan om die leierskap, ter wille van gemeentes en die kerk se getuienis, te begelei. Dit is immers die leierskap wat die kerk moet help om die uitdagings met wysheid tegemoet te gaan, en om God se missie in die wêreld uit te leef. Hierdie navorsing sal hopelik hierin 'n bydrae kan lewer. Om dit te bereik is 'n eerste stap om groter duidelikheid te verkry oor die identiteit en rol van die predikant. Sodoende kan die leiers in die geloofsgemeenskappe dan 'n meer gefokusde bydrae lewer in tye van verandering.

Daar is reeds hierbo (by die navorsingsprobleem) genoem dat daar na die praktyk en praktykteorie gekyk sal moet word. In die aanpak van die navorsing is die navorser se doel om deur die venster van leierleraarskap in sekere makrogemeentes te kyk na die veranderings en verskuiwings wat in die praktyk in die beskouings oor leierskap voorkom. Dan wil die navorser deur literatuurstudie raamwerke daarstel waarmee 'n mens die redes vir die veranderinge kan verstaan. Sodoende kan 'n praktykteorie ontwerp word vir tendense wat ons veral in die NG Kerk sien gebeur.

Dit is egter ook die navorsers se doel om te luister na die Skrif en tradisie van die kerk en om sodoende 'n basisteorie te ontwerp. Die drie ampte van priester, koning en profeet wat deur Burger en Wepener (2004b) bespreek word sal aandag kry. Die navorsers sal egter veral gebruik maak van die metafoor van die “huisgesin van God” in 1 Timoteus om te sien watter implikasies dit vir die leierskap in Efese gehad het en watter hermeneutiese betekenis dit ook vandag vir leierskap in veranderende tye kan hê.

Dit is ook die doel van die navorsing om groter duidelikheid oor die identiteit en rol van leierleraars en ander leraars in die span te verkry en sodoende toekomstige aanduidings te verskaf vir leierskap in geloofsgemeenskappe.

## **1.4. METODOLOGIE**

### **1.4.1 Uitgangspunte met betrekking tot praktiese teologie**

Burger (1991) het deeglike navorsing gedoen oor die stand van Praktiese Teologie. Hy gee 'n oorsigtelike beskrywing van toepaslike literatuur, doen empiriese navorsing oor die praktyk van die vakgebied in Suid-Afrika en wys dan onder andere op die volgende prioriteite vir die vakterrein (1991:69-81):

- Beter wisselwerking met ander groeperings in die teologie
- Noodsaaklikheid van kritiese denke
- Noodsaaklikheid van kontekstualiteit
- Noodsaaklikheid van genormeerdheid aan die Skrif / evangelie
- Meer aandag aan oorhoofse realisering van kerk-wees
- Aandag aan etiek
- Aandag aan spiritualiteit
- Behoefte aan empiriese data / beskrywende studies

Op grond van hierdie prioriteite formuleer Burger (1991:83) 'n uitgebreide definiërende omskrywing van die taak en veld van die Praktiese Teologie, naamlik:

*“Die Praktiese Teologie is*

- *konstruktiewe, kritiese teologiese refleksie*
- *oor die werk van die Heilige Gees in die wêreld*
- *waardeer die evangelie gekommunikeer word*
- *in en deur die totale kerk*
- *in gesprek met teoloë uit ander dissiplines en konfessies*
- *moet op grond van gesistematiseerde teologiese inligting*
- *’n breë, relevante, Bybelse visie vir kerk-wees geformuleer word*
- *in die lig van empiriese analises en beskrywings van die kerk, sy konteks, strukture en prosesse*
- *moet teologies- en fenomenologies-geïnformeerde strategieë en praktykteorieë ontwikkel word*
- *met die oog op die realisering van die visie in die praktyk.”*

Heelwat elemente van dié uitgebreide omskrywing is later in Suid-Afrika deur ander Praktiese teoloë in hulle beskrywing van die taak en funksies van die Praktiese Teologie vervat.

Heyns en Pieterse (1990) gee ook ’n oorsig oor die Praktiese Teologie en wys op die historiese ontwikkeling van die vak. In die tweede helfte van die twintigste eeu het die volgende hoofgroepe in uitgangspunte, volgens genoemde navorsers ontwikkel:

- Pragmatiese uitgangspunt
- Pastoraal-teologiese uitgangspunt
- Hermeneuties-teologiese uitgangspunt
- Empiriese of handelingswetenskaplike uitgangspunt

Hulle sluit hulle ten nouste by die laaste uitgangspunt aan. Volgens hulle is die Praktiese Teologie ’n kommunikatiewe handelingswetenskap (hoofstuk sewe). Met die begrip "handeling" word bedoel: om doelbewus (intensioneel) onder die kontrole van die een wat handel, in te gryp in die loop van dinge - die gemeente, ’n mens se geloofslewe of persoonlike omstandighede - met die doel om verandering te bring met die oog op die ideale situasie van die komende Koninkryk van God (1990:52).



Pieterse sou verder ook baie doen om, op grond van bogenoemde, 'n eie uitgangspunt vir die Praktiese Teologie uit te bou.

Die navorsing sou ook kon aansluit by die sikliese navorsingsproses van Carroll, Dudley en McKinney (1986:153-155) naamlik: Problem - Hypothesis - Project design - Measurement - Data collection - Conclusions - and back to the problem.


Die navorser se keuse is egter om in sy navorsing ten nouste aan te sluit by die uitgangspunte van Jurgens Hendriks (2004). In werklikheid vorm sy uitgangspunte die basis vir die navorsing en metodologie van hierdie studie. Hendriks (2004:21) sien teologie as een missionêre dissipline. Teologie se epistemologiese kern is 'n geloofs-gebaseerde fokus op God-drie-enig en daarom het dit 'n bonatuurlike element. In sy metodologie bestudeer teologie die Bybel en wêreld wetenskaplik, maar met 'n korrelasie-hermeneutiese benadering<sup>4</sup> waarin geloofsgemeenskap, gemeenskap, Skrif en tradisie, verlede en toekoms in dialoog met mekaar gebring word.

Die navorser gaan bogenoemde dialoog of gesprek in hierdie studie telkens, maar nie uitsluitlik nie, met 'n → aandui. Verbande en ooreenkomste van verskillende bevindinge met betrekking tot die huidige gemeenskap- en gemeentelike konteks (hoofstuk twee), die breër kerklike- en wêreld-konteks (hoofstuk drie), die Skrif en tradisie (hoofstuk vier) kan op dié manier aangetoon word. Daarmee kan vrae gevra, opmerkings gemaak, en 'n dialoog tot stand gebring word waarin daar gesoek word na die onderskeiding van God se wil met die oog op God se roeping vir leiers in die huidige konteks. In die dialoog sal daar telkens 'n bewustheid moet wees van die afstand tussen bogenoemde kontekste en kan die gesprek net voorlopig en versigtig geskied.

Wanneer Hendriks teologie definieer (2004:23-34) maak hy gebruik van die grafiese voorstelling hieronder om dit te verduidelik.

---

<sup>4</sup> Hendriks (2004:21) definieer die korrelasie-hermeneutiese benadering soos volg: *A correlational-hermeneutic approach means it correlates or compares various perspectives and initiates a dialogue between them.*



*Skets 1-1 Die doen van teologie - Hendriks (2004:23)*

Die voet van die kruis stel identiteit voor. Die drie-enige-God is die bron van die geloofsgemeenskap se identiteit (driehoek). Die kerk is Christus se liggaam (hande wat mekaar vashou). Die linkerkant van die kruis reflekteer die huidige konteks: die wêreld na wie toe God Sy Seun gestuur het - Jh 3:16 (aardbol). In hierdie wêreld is daar geloofsgemeenskappe (kerkgebou). Die regterkant van die kruis herinner aan die verlede: die Bybel en geloofstradisies (Bybel en simbole). Die bopunt van die kruis reflekteer die toekoms, die koninkryk van God, die eskatologiese werklikheid wat alreeds teenwoordig is in en deur Jesus Christus, op wie hoop gevestig is (die ster). In die middel van die kruis word die gelowige worsteling om die wil van God te onderskei – vlg. Fil 1:9 - voorgestel (gelowiges), ten einde met strategiese aksie (die beweging van die Alfa na die Omega) die koninkryk van God te realiseer.

Hendriks (2004:24) laat hierdie uitgangspunte dan uitvloeï in sy definisie van wat teologie is en dit vorm tegelykertyd ook sy metodologie vir die doen van teologie. Hy sê dit só:

*Theology is about:*

- *the missional praxis of the triune God, Creator, Redeemer, Sanctifier, and*
- *about God's body, an apostolic faith community (the church)*
- *at a specific time and place within a globalized world (a wider contextual situation)*
- *where members of this community are involved in a vocationally based, critical and constructive interpretation of their present reality (local analysis)*
- *drawing upon an interpretation of the normative sources (Scripture and tradition)*
- *struggling to discern God's will for their present situation (a critical correlational hermeneutic)*
- *to be a sign of God's kingdom on earth while moving forward with an eschatological faith-based reality in view (that will lead to a vision and a mission statement)*
- *while obediently participating in transformative action at different levels: personal, ecclesial, societal, ecological and scientific (a doing, liberating, transformative theology that leads to a strategy, implementation and evaluation of progress).*

Dit gaan in hierdie navorsing inderdaad oor 'n proses van onderskeiding met betrekking tot leierskap in geloofsgemeenskappe in die konteks van die 21ste eeu. As gelowige, en deel van 'n geloofsgemeenskap, sal die navorser gaan kyk na praktyke met betrekking tot leierskap in makrogemeentes. Die bevindinge sal gereflekteer word teen veranderings of verskuiwings binne die konteks van die globale wêreld en die kerk. Vervolgens sal daar gesoek word na rigtingwysers in die Skrif en tradisie. Sodoende sal biddend onderskei moet word waartoe God lei in geloofsgemeenskappe en veral makrogemeentes roep met die oog op die realisering van God se Koninkryk. Die proses is dus om te luister na handeling in gemeentes en die gemeenskap en na die Skrif en tradisie om sodoende op 'n korrelatiewe

hermeneutiese basis te onderskei wat God besig is om te doen met die oog op die realisering van die koninkryk.


#### 1.4.2 Metodologie met betrekking tot hierdie navorsing

Deel van hierdie navorsing sal vanuit 'n empiriese hoek gedoen word. Om dit te fasiliteer kan die sikliese navorsingsproses volgens Carroll, Dudley en McKinney (1986) gebruik word, waar die proses loop van

*problem - hypothesis - project design - measurement - data collection - conclusions – and back.*

Die prosesse wat Heyns en Pieterse (1990:78-88) noem, kan ook in ag geneem word, naamlik:

- waarneming (ontdekking van 'n probleem)
- induksie (uiteensetting van 'n teorie)
- deduksie (kwalitatiewe of kwantitatiewe besonderhede)
- toetsing (operasionalisering)
- evaluasie (analise en interpretasie van gegewens)



Die navorser wil egter in sy metodologie grootliks van die benadering van Hendriks (2004) gebruik maak. Die wyse waarop hy teologie bedryf en 'n metodologie daarstel kan in hierdie navorsing in byna elke faset uitgewerk word. Dit behels die volgende:

##### a. Tipes, modelle en sisteme

In Hendriks (2004) se bespreking van tipes gemeentes kom sake soos denominasie, gemeentegrootte, en sosiale stand na vore. Hierdie navorsing word in hoofstuk twee beperk tot empiriese navorsing binne die NG Kerk. Dan gaan daar veral op makrogemeentes gekonsentreer word, omdat dit die ruimte is waar leierleraars aangewys word en veranderinge in leierskap miskien die sigbaarste is. Al die gemeentes wat ondersoek word, is in voorstedelike gebiede in Suid-Afrika geleë.

Die teologiese modelle sal veral in hoofstuk vier bespreek word, wanneer daar gekyk word na die Skrif en in besonder die belang van 'n metafoor soos die huisgesin van

God. Wat die sisteme aanbetref, gaan die navorsing veral in hoofstuk 3 verwys na die invloed van sisteme op leierskap.

b. Kontekstuele analise

Daar is reeds hierbo verskeie kere verwys na grootskaalse verandering in die wêreld, Suid-Afrika en die situasie van gemeentes. In hoofstuk twee gaan daar na vyf makrogemeentes in voorstedelike gebiede gekyk word. Demografiese gegewens van die navorser se gemeente is beskikbaar. Hierdie faset van die ondersoek sal ter sprake moet kom wanneer daar in hoofstuk drie na die makrokonteks en gemeentekonteks gekyk word en dan sal veral gevra word in hoe 'n mate *inkulturasie*<sup>5</sup> plaasgevind het. Daar sal in hoofstuk drie en vyf gevra moet word watter voordele en nadele modelle van leierskap ontleen aan organisasiebestuur vir die kerk kan inhou. Die makro-, meso- en mikro-kontekste sal dus deeglik in ag geneem moet word.

c. Identiteit-analise

Die identiteitsanalise help 'n gemeente om te vra: "Wie is ons en wat is ons doel?" Dit gaan daarin oor die kultuur van die gemeente en vra dan ernstige vrae oor die verband tussen evangelie en kultuur. Demografie, plek in sosiale konteks, geskiedenis, tradisie, wêreldbeeld, fasiliteite, aktiwiteite, simbole, rituele en verhale kom ter sprake. Die empiriese ondersoek in hoofstuk twee moet al sekere aspekte aanspreek, terwyl daar veral by hoofstuk vyf kritiese vrae gevra sal word oor die ware identiteit van die gemeente en sy leierskap.

d. Proses-analise

Hendriks (2004:145) haal vir Margaret Wheatley aan wat sê dat gemeentes nie soos 'n masjien / enjin is wat uitmekaar gehaal kan word en dan afsonderlik bestudeer word nie. Nee, gemeentes is organismes waar 'n dinamiese interaksie tussen identiteit, waardes, konteks en gebeure die gang bepaal. Die kerk is immers "liggaam van Christus". Die vermoede is dat reeds in die empiriese navorsing van hoofstuk twee heelwat elemente van proses-analise - soos beplanning (wat met kultuur, leierskap en leierskapstyle te doen het), gemeenskapsbetrokkenheid en konflikthantering – na vore sal kom. Miskien is een van die grootste redes vir die aanwysing van leierleraars juis

---

<sup>5</sup> Vergelyk die begrip *inkulturasie* by Bosch (1991:447-457).

behoefte in gemeentes met betrekking tot proses-begeleiding. Hoofstuk drie kan perspektiewe met betrekking tot hierdie vermoede byvoeg.

e. Hulpbron-analise

Hendriks (2004:175-195) verwys hier na lidmaat-, verbintenis-, en finansiële bronne, en na fasiliteite, terrein, programme en bedienings. Dié fasette sal in die agtergrond van hoofstuk twee tot vier 'n rol speel.

f. Verandering en leierskap

Eintlik is hierdie hele navorsing daarop gerig om antwoorde te verkry ten opsigte van die onderwerp “verandering en leierskap” in hoofstuk agt van Hendriks se boek (2004:197-210). Hy maak hoofsaaklik gebruik van Allan Roxburgh (2000) se *Crossing the bridge* wat handel oor kerk-leierskap in tye van verandering. Die fasette van verandering en die verstaan van leierskap sal in hierdie navorsing in hoofstuk drie deegliker bespreek word. Dit sal in hoofstuk vier in die lig van die Skrif en tradisie beoordeel word.

Dit is uit die voorafgaande bespreking duidelik dat die navorser op elkeen van die elemente van die ondersoek bedag sal moet wees. Die elemente wat hierbo genoem is, gaan dus nie in 'n sekere volgorde aangespreek word nie, maar vloei byna soos sekere patrone in materiaal dwarsdeur die hele stuk. Hieronder word die navorsingsontwerp meer spesifiek bespreek.

### **1.4.3 Navorsingsontwerp**

Daar is reeds hierbo met betrekking tot die metodologie genoem dat die navorsing ten nouste sal aansluit by Hendriks se korrelasie-hermeneutiese benadering tot die doen van teologie. Die navorser gaan slegs op een punt die volgorde van Hendriks se metodologie verander.

Die navorsingsontwerp lyk dan soos volg:

a. Inleidend (hoofstuk een)

Die agtergrond, navorsingsprobleem, hipotese, metodologie en veld van ondersoek word beskryf.

b. Kontemporêre ontwikkelings en leierskap (hoofstuk twee)

Hier beplan die navorser om 'n kombinasie van 'n identiteit- en proses-analise deur middel van semi-gestruktureerde-onderhoude te gebruik om empiriese navorsing by vyf makrogemeentes te doen. Die navorsingsprobleem word dus hier vanuit die praktyk belig.

In terme van Hendriks (2004:24) se definisie en metodologie beteken dit dan dat punt twee (die kerk) en punt vier (lokale analise) van sy definisie nader aan mekaar gebring word en dat die empiriese en fenomenologiese beskrywing van die situasie met betrekking tot leierskap in 'n paar makrogemeentes die problematiek verduidelik.

c. Veranderende konteks en leierskap (hoofstuk drie)

Die navorser wil in 'n eerste rondte die empiriese gegewens spieël teen verskillende veranderings en skuiwe wat tans in die wêreld en kerk of geloofsgemeenskappe plaasvind. Die wyer konteks kan eers deur middel van die lense soos modernisme/post-modernisme, christendom/post-christendom, globalisasie, die eiesoortige situasie in Suid-Afrika en wat in ander dissiplines soos organisasie-bestuur gebeur, bekyk word en deur middel van literatuurstudie beskryf word. Hier word dus aangesluit by punt drie van Hendriks se definisie (die wyer konteks). Daarna kan transformasie in die gemeentekonteks bekyk word deur middel van literatuurstudie oor skuiwe wat plaasvind met betrekking tot paradigmas, sisteme, getalle, generasies en leierskap. In terme van Hendriks se definisie word daar dan in 'n breër konteks by sy punt twee (die kerk) aangesluit.

d. Bybelse perspektiewe op gemeentelike leierskap (hoofstuk vier)

In hierdie hoofstuk sal daar gekyk word of daar in die Skrif enige rigtingwysers gevind word met betrekking tot die skuiwe wat tans in leierskap plaasvind. Die navorser wil hier veral kyk of die metafoor van die huisgesin van God in 1 Timoteus mens kan help om leierskap in veranderende tye te verstaan. Hier word punt een (God), twee (die kerk) en vyf (Skrif en tradisie) van Hendriks se definisie benut om iets van God se wil in veranderende tye (punt agt - onderskeiding) te verstaan.

e. Gevolgtrekkings en aanduidings (hoofstuk vyf)

Hier wil die navorser deur middel van die bevindings, gevolgtrekkings en aanduidings 'n praktykteorie vir leierskap in makrogemeentes ontwerp. Hier kan punte sewe (visie en missie) en agt (strategie) van Hendriks se definisie benut word.

Die logiese gang van die navorsing is dus om die probleem vanuit die empiriese navorsing by sekere makrogemeentes in die NG Kerk te belig en dit dan deur middel van 'n korrelasie-hermeneutiese benadering met die wêreld-konteks, kerklike konteks en Skrif en tradisie in gesprek te bring sodat daar uiteindelik gesoek kan word na 'n beter verstaan van leierskap met die oog op die begeleiding van die geloofsgemeenskap na die realisering van God se koninkryk.

## **1.5. VELD VAN ONDERSOEK**

Die veld van ondersoek verwys na die WAT van die ondersoek, of soos Hendriks dit stel: *units of analysis* (2004:225). In hierdie navorsing sal onderhoude met leierleraars in vyf makrogemeentes gevoer word. Daar is ook gegewens vanaf 'n gespreksforum van leierleraars wat verwerk sal word. Tegelykertyd sal die vyf gemeentes en die veranderings en verskuiwings in daardie kontekste beskryf word. 'n Groot deel van die navorsing sal egter ook deur middel van literatuurstudie gedoen word. Besondere velde van ondersoek is die volgende:

### **1.5.1 Leierskap**

Die titel van die proefskrif verwys na “Leierskap in makrogemeentes.” Dit is as sodanig reeds 'n afbakening van die veld van ondersoek daarin dat dit na leierskap in groter geloofsgemeenskappe sal verwys. Daar is reeds hierbo met betrekking tot die navorsingsprobleem 'n kort beskrywing gegee van die soort leierskap waarna gekyk sal word. Die navorser weerhou hom hier van 'n definisie van leierskap in geloofsgemeenskappe omdat dit in die navorsing self na vore behoort te kom.

Die navorsing gaan met betrekking tot leierskap verder afgebaken word na leierleraars in NG Kerk makrogemeentes. Motivering daarvoor word meer uitvoerig op bladsy 34



verkaf. Na die navorser se wete bestaan daar byna geen literatuur in Suid-Afrika en spesifiek uit die NG Kerk hieroor nie. Die empiriese ondersoek kan hier bydra om iets op skrif te kry. Daar is reeds verwys na artikels van Burger en Wepener (2004a,b) en van Louis Louw (2003) wat wel hiermee verband hou. Daar sal ook wyer as die NG Kerk gekyk word – byvoorbeeld na groot gemeentes soos Willow Creek (Bill Hybels) en Saddleback (Rick Warren) om by ander tradisies hieroor te leer, alhoewel die navorsing hoofsaaklik op die NG Kerk sal fokus.

Op die terrein van leierskap in die geloofsgemeenskap het daar in die afgelope paar jaar 'n groot aantal literatuur die lig gesien. Shawchuck en Heuser (1993) se "*Leading the congregation: caring for yourself while leading others*" spreek belangrike sake aan oor die identiteit van die predikant. Dan is die bydraes van Roxburgh (2000 en 1997) oor die rol die predikant in veranderende tye van groot belang. Die boeke van Bandy (2000), Easum (1997), McLaren (2000) en Sweet (1999) handel almal veral oor leierskap in veranderende tye en met besondere verwysing na die post-moderne tyd.

Op die Suid-Afrikaanse bodem het heelwat verskyn. Daar is reeds verwys na Smit (1995) se redaksie van "Nuu gedink oor leierskap in gemeentes" en Hendriks en Buchanan (1995) se "*Meeting the future.*" Daar is verwys na die NG Kerk se verslag by die Algemene Sinode van 2002 en na die reeks artikels van Burger en Wepener in die NGTT oor die predikantsamp.

Deur die venster van die nuwe ontwikkeling van poste vir leierleraars in makrogemeentes, gaan daar primêr na leierskap in geloofsgemeenskappe gekyk word. Dit bring die veld van ondersoek dus ook na die ampte toe. Alhoewel die invalshoek leierleraars is, sal die identiteit en rol van die predikant en van ander leierskap in die geloofsgemeenskap ook ter sprake wees.

### **1.5.2 Transformasie**


Daar is reeds hierbo by die navorsingsprobleem na transformasie verwys. Die leierskap waaroor dit in die navorsing gaan, is leierskap in die christelike geloofsgemeenskap. Daarom is die eerste konteks wat ondersoek sal word, die

kerklike konteks en transformasie in daardie konteks. Gibbs en Coffey (2001) wys op die paradigma-skuiwe wat tans plaasvind. Die monumentale werk van 'n Suid-Afrikaner, David Bosch (1993), oor paradigma-skuiwe en die roeping van die kerk, dien eintlik as basis vir baie uitgangspunte vandag. Armour en Browning (2000) gee weer 'n kyk op die invloed van sosiale sisteme op die geloofslawe, gemeentemodelle en leierskap, terwyl Mann (1998) sal help om die invloed van getalle te verstaan. Deur die bril van Regele (1995) kan daar na generasie-skuiwe gekyk word.

In hoofstuk drie gaan daar na die makrokonteks gekyk word. Guder (1998), Brian McLaren (2000) en verskeie skrywers kan help om kennis te neem van die verskuiwings van modernisme na postmodernisme en van christendom na post-christendom. Hendriks (2004) werp lig om die uitdagings in Suid-Afrika en Afrika beter te verstaan en daar sal by ander wetenskappe kers opgesteek word oor leierskap in 'n veranderende konteks.

Die bedoeling is om die kerk en wêreld, as breër kontekste, ook as veld van ondersoek te betrek, maar dan spesifiek met betrekking tot die invloed wat dit op leierskap het.

### 1.5.3 Bybel en tradisies



In hoofstuk vier word spesifiek na die Skrif en tradisie gekyk om antwoorde te soek op die vraag na die identiteit en rol van die predikant. Op voetspoor van Burger en Wepener (2004) gaan daar in die Ou Testament na die implikasies wat die ampte van priester, koning en profeet vir leierskap vandag het, gekyk word. Daar word veral vanuit 1 Timoteus gekyk na die metafoer van die "huisgesin van God" en die betekenis wat dit vir leierskap in veranderende tye gehad het. Verskeie kommentare, maar veral Roloff (1988), sal die eksegetiese begelei. Die studie van Verner (1983) oor die sosiale wêreld van die gesin van destyds, maar veral oor die funksie van hierdie metafoer in die verstaan van die brief, sal benut word.

Die velde van ondersoek begin dus klein by die ondersoek na leierleraarskap, maar word dan wyd getrek in die korrelasie-hermeneutiese gesprek met die kerk, wêreld en Skrif.

## 2. KONTEMPORÊRE ONTWIKKELINGS IN MAKROGEMEENTES

### 2.1 INLEIDEND

Hierbo is aangevoer dat daar in die afgelope aantal jare 'n probleem in makrogemeentes ontstaan het, naamlik dat die tradisionele vorme van leierskap nie meer aan die kontemporêre behoeftes voldoen nie. Die hipotese dat *transformasie eietydse en kontekstuele ontwikkelings in leierskap vereis*, sal hier op 'n empiriese wyse in die gemeentepraktyk getoets word.

Die mees onlangse ontwikkeling in makrogemeentes is dat daar in verskeie gemeentes *leierleraars* aangewys is. Die navorser vermoed dat daar rondom die aanleiding, motiverings en besonderhede van hierdie spesialiteit 'n hele klomp gegewens oor leierskap en transformasie bekom kan word. Dit word dus eintlik die hoek waaruit antwoorde uit die praktyk gesoek kan word. Daar bestaan, sover die navorser se kennis strek, nog geen literatuur uit die Suid-Afrikaanse konteks oor hierdie ontwikkeling nie. Daarom gaan die navorser vir die empiriese navorsing van semi-gestruktureerde onderhoude met vyf leierleraars in makrogemeentes gebruik maak. Die inhoud van die onderhoude word hieronder weergegee. Die bedoeling is om te kyk watter soort veranderinge daar wel aan die tradisionele vorme van leierskap aangebring is en veral watter redes daarvoor aangevoer kan word. Om die hipotese dat dit veral met transformasie te doen het, te toets, is die vrae so opgestel dat daar inligting oor transformasie in die gemeenskap en in die gemeente na vore kan kom. Dan het die navorser veral die nuutste kontemporêre ontwikkeling in die leierskap van makrogemeentes, naamlik leierleraarskap en hoe dit die res van die span leiers beïnvloed, ondersoek.

Die koms van makrogemeentes in voorstedelike gemeentes in die laaste aantal jare het daartoe gelei dat daar spesialisasie gekom het. Predikante in die groter gemeentes het hulle werk verdeel en dinge soos opleiding, belangstelling, gawes en passie,

ouderdom en die behoeftes van die gemeente het al meer 'n rol begin speel in die toewysing van mandate en pligte aan 'n predikant.

Hierdie groter makrogemeentes was, sedert die tagtigerjare van die vorige eeu, veral op die voorpunt met prosesse wat in die NG Kerk gemeentebou genoem is. Hieronder het sake soos visionering, strategiese beplanning, toerusting en vernuwing van eredienste 'n groot rol gespeel. Sedert die negentigerjare het baie gemeentes veral begin kennis neem van gemeentepraktyke in groter gemeentes in die VSA, soos Willow Creek, met Dr Bill Hybels, en Saddleback, met Rick Warren, as die *senior pastors*. Bogenoemde fasette rondom visionering en strategiese beplanning van sake soos verskillende bedieninge, 'n missionêre gerigtheid, *seeker-sensitive-services*, eredienste met 'n vernuwend styl en die ontwikkeling van kleingroepe het op groter gemeentes in Suid-Afrika 'n groot invloed begin uitoefen.

En skielik, sedert die jaar 2000, het daar 'n nuwe pos/ verantwoordelikheid/ bediening/ spesialiteit binne die NG Kerk ontwikkel wat meestal onder die benaming *leierleraar* bekend geword het. Die persoon is soms ook die *vaandel-draer* of *koördinerende leraar* genoem. Die feit dat hierdie pos na vore getree het, bring vrae oor die agtergrond daarvan, die mandate en pligte, die invloed op die siening van predikante in die NG Kerk en oor die implikasies vir die span predikante. Baie denominasies het in groter gemeentes 'n pos vir 'n leierleraar, of soos dit in heelwat tradisies genoem word 'n *senior pastor*. In die AGS in SA word dit die *presiderende pastoor* genoem. Leierleraarskap is egter 'n baie resente ontwikkeling in die NG Kerke.


Hieronder word eers aangesluit by gegewens wat uit 'n gespreksgroep vir leierleraars na vore gekom het en dan word die inligting wat uit die semi-gestruktureerde onderhoude na vore gekom het, beskryf.

### **2.1.1 Navorsingsbehoefte van leierleraars**

Leierleraars in die NG Kerk in Suid-Afrika het 'n gespreksforum begin wat twee keer 'n jaar vir 'n geleentheid saamtrek om uitdagings, idees en praktyke met mekaar te deel en om mekaar ook geestelik en andersins te ondersteun. (Vergelyk Addendum aan die einde van hierdie hoofstuk)

Op 15-17 September 2004 was die saamtrek by Lama Lama wildsplaas naby Pretoria. By die geleentheid het dr Arnold Smit, in samewerking met die navorser, aan die 15 leierleraars daar die vraag gestel: "Wat sou jy in 'n proefskrif oor leierleraars in die NG Kerk wil insluit?" 'n Kort opsomming volg van sake wat die leraars gelys het:

1. Transformasie en veranderende konteks (1ste vier opmerkings)
  - Wat is die veranderende konteks? Wat noop ons?
  - Hoe begelei ons transformasie in gemeentes en gemeenskappe?
  - Hoe kan die toekoms ontsluit word?
  - Hoe kan leierleraarskap tot voordeel van Afrika wees?
  
2. Leierleraarskap en ons verstaan van die predikantsamp
  - Hoe raak leierleraarskap ons verstaan van die amp?  
(leierleeraar as amp)
  - Wat is die fokus en domein van leierleraarskap?  
(teologies - psigologies - ekklesiologies - sosiologies)
  - Wat is die identiteit en vaardighede van 'n leierleeraar?
  - Leierskap: Wat beteken dit?
  
3. Ekklesiologie en kerkmodelle
  - Met watter ekklesiologie werk ons hier?
  - Vind en beoordeel modelle wat met leierleraars verband hou.
  
4. Leierleraarskap en organisasiebestuur
  - Wat is die verhouding van teologie en besigheid met betrekking tot leierleraarskap? Wat leer ons uit die organisasiewetenskap? Watter antropologie is ter sprake en hoe beoordeel ons die fokus van die organisasies en die kultuur?
  - Hoe verstaan ons leierskap teenoor bestuur? Wat is die proses in oorgang van bestuur na leierleraarskap?



5. Leierleraars en kollegas

- Wat is die verhouding tussen leierleraars en kollegas?

6. Opleiding van predikante

- Opleidingsmodel: Hoe word in ons opleiding hieraan aandag gegee?

7. Gevare met betrekking tot leierleraarskap

- Watter gevare is daar met betrekking tot leierleraarskap?

## 2.1.2 Mandate van leierleraars

Op 20-22 April 2005 het 'n soortgelyke saamtrek van leierleraars by Zikomo woonstelle by die Strand, plaasgevind. Hier was nogmaals vyftien leraars bymekaar, waarvan net een nie by die vorige geleentheid was nie. Die posbenamings uit hierdie groep was by twaalf gemeentes *leierleraar*, by een *uitvoerende leraar*, by een *koördinerende leraar* en by een *gemeenteleier*.

Die meeste tyd is afgestaan aan 'n bespreking van die mandate van die spesialiteit. Die groep het die volgende mandate uitgewys: (Die navorser noem ook enkele opmerkings wat deur die groeplede onder elke mandaat genoem is, sonder om volledig te wees.)


a. Visie-dra (1)

Die visie is die gemeente s'n of anders gesê – God se droom wat Hy in die harte van Sy gemeente kom gee het. Betrokkenheid van die gemeente by die geboorte en uitlewing van die visie is van uiterste belang. Die visie-draer moet die proses van visionering lewend hou. Daarin speel kreatiewe, subtiele en voortdurende kommunikasie 'n sleutelrol. Dit is die gemeente se visie en daarom moet 'n proses waarin die gemeente eienaarskap neem, gevolg word. Mense moet deur die visie geenergeer en gemobiliseer word. Die visiedraer speel 'n groot rol daarin, terwyl hy/sy die visie self beliggaam. Die visie-draer is ten nouste betrokke by die implementering van die visie. Daarvoor is hy/sy betrokke by die strategiese prosesse wat daartoe lei.

In die proses is die koördinerings van bedienings om die visie te beliggaam ook belangrik en kan die visie-draer hierin 'n groot rol vertolk.

b. Kultuurskepping (2)

Die beliggaming van die visie beteken onder andere dat die leierleraar 'n bydrae lewer tot 'n gemeentekultuur. Kleiner dinge soos kleredrag (Keifert 1992:114,136), styl, formeel vs. informeel dra by tot 'n sekere kultuur. Die waardes wat in kommunikasie na vore kom en uitgeleef word, dra by tot identiteit en kultuur. Die leraars teenwoordig het genoem dat die mense met wie geassosieer word ook 'n belangrike element in die skepping van kultuur in die gemeente is. Vergelyk die volgende kategorieë (Guder 1998:202):



*Skets 2-1 Kategorieë - Guder (1998:202)*

Die mense met wie die leier identifiseer en omgaan stuur belangrike seine uit oor wie vir die gemeente belangrik is.

c. Fasiliteer strategiese prosesse (3)

Hierdie funksie of mandaat sluit ten nouste aan by die vorige. Dis veral in die visioneringsprosesse dat die leierleraar of self moet fasiliteer of toesien dat kundiges die prosesse fasiliteer. Hierin speel 'n koördineringsfunksie en die toesien dat prosesse aangaan 'n sleutelrol.

d. Kommunikasie (4)

Hier is daarop gewys dat die gawe om die visie te kommunikeer vanselfsprekend van groot belang is vir die leierleraar. Hy/sy het dan ook die mandaat om deur middel van die prediking, afkondigings, inligtingsessies, kommunikasiekanale soos inligtingsblaaie, nuusbriewe, ontmoetings met lidmate en leiers, gespreksforums en baie meer die visie oor te dra. Die gevaar van oorbeklemtoning, veral deur te veel na die visie en missie te verwys, is uitgewys. Die visie moet op subtiele, byna onopsigtelike en kreatiewe wyses gekommunikeer word. Heelwat leierleraars het op grond van die pos groter verantwoordelikheid met betrekking tot die prediking en sal veral met groter geleentheid en geleentheid waar die visie gekommunikeer word, die eredienste lei.

e. Toerusting (5)

Die leierleraar behoort 'n rol te speel met betrekking tot toegespitste toerusting met die oog op die realisering van die visie. Die oorhoofse beplanning van kursusse wat tot die uitvoering van die visie lei, moet gedoen word. Die leierleraar sal tipies betrokke wees by die beplanning van 'n preekprogram wat die visie ondersteun.

f. Leierskapsbemagtiging (6)

Daar was ooreenstemming in die groep dat die leierleraar 'n taak het met betrekking tot die leierskap in die gemeente en veral met betrekking tot bemagtiging van leiers. Hieronder is die belang van modellering genoem, asook die identifisering en ontwikkeling van leiers vir die bediening van die gemeente. Die leierleraar help om 'n kultuur van bemagtiging daar te stel. Hy/sy kan 'n rol speel in die viering van leierskap waar erkenning gegee word aan leiers wat bydra tot die uitlewing van die visie van die gemeente.

g. Spanleier (7)

Dit was duidelik dat die leierleraar ook die rol van spanleier vertolk. Die span kan natuurlik 'n al wyer kring insluit – van kollegas na personeel, na kernleiers, na gemeenteraad, na bedieningsleiers, ensovoorts. Sommige leraars het genoem dat die leierleraar gesien word as 'n soort *wellness-leader* waar dinge soos persoonlike belangstelling, ontspanning en humor 'n groot bydrae tot die atmosfeer in die span kan lewer. Die kultuur-aspek hou ook ten nouste hiermee verband omdat die



leierleraar ook 'n rol kan speel in die vestiging van rituele in die span, in die belewenis van selfbeeld van spanlede en van die gemeente as geheel.

Die span se samewerking en spangees is belangrik.<sup>6</sup> Die wyse waarop konflik in die span hanteer word, dra ook by tot die skep van 'n soortgelyke kultuur en styl in die res van die gemeente. Duidelike ooreenkomste oor prosesse wanneer konflik ontstaan is noodsaaklik waaronder die volgende as voorbeeld genoem is:

- Eerste vlak – Gesprek tussen individue / span
  - Tweede vlak – Vra leierleraar om te help en uitspraak te gee as daar nie uitklaring is nie
  - Derde vlak – Personeelbediening (Diensverhoudinge kommissie) raak betrokke
- Konflik kan nie vermy word nie en moet ten beste bestuur word.

#### h. Oorhoofse verantwoordelikheid en aanspreeklikheid (8)

Daar was ooreenstemming in die groep dat verantwoordelikheid en aanspreeklikheid saam met die pos van leierleraar loop. Leraars en leiers is verantwoordelik vir bedieninge, maar daar is 'n oorhoofse verantwoordelikheid op die leierleraar. Die vraag is wie vir wat en vir wie verantwoordelik is. Verantwoordelikheid bring mee dat elke persoon in die span nie kan maak soos hy wil nie, maar aanspreeklik gehou kan word. Daar moet uitklaring wees dat daar sekere mag toegeken is, maar dat verantwoordelikheid en aanspreeklikheid duidelik omskryf behoort te word.<sup>7</sup> Die leierleraar kan nie vir alles verantwoordelik wees nie, maar dra wel oorhoofse aanspreeklikheid.

Bogenoemde gesprek oor mandate van leierleraars in die NG Kerk is deel van 'n voortgaande gesprek oor gemeente-ontwikkelings en leierskap in dié kerk en moet geensins as afgehandel beskou word nie.

---

<sup>6</sup> Die navorser het in hierdie verband kennis geneem van die RAM-beginsel (R verwys na – rol, A – assosiasie, M – mag) wat soms met betrekking tot die uitklaring van rolle gebruik word, maar die bron kon nie opgespoor word nie.

<sup>7</sup> Die navorser het in gesprekke met lidmate in die privaatsektor kennis geneem van die RACI-beginsel (R – responsible/verantwoordelik; A – accountable/aanspreeklik/verantwoordbaar; C – communicate / kommunikeer; I – implement/implementeer) waarmee 'n onderverdeling van verantwoordelikhede en rolle gedoen kan word. Die bron kon nie opgespoor word nie.

## 2.2 EMPIRIESE ONDERSOEK IN VYF GEMEENTES

Die keuse van die makrogemeentes berus nie op 'n ewekansige basis nie. Die keuse van die gemeentes berus eerstens daarop dat almal reeds leierleraars aangewys het, wat die invalshoek van die studie is. Verder was daar by die navorser 'n vermoede dat elke gemeente 'n unieke bydrae sou lewer om lig op die hipotese van transformasie in die Suid-Afrikaanse samelewing en die invloed daarvan op leierskap sou werp. Sommige gemeentes kon lig werp op aspekte van hervisionering, gemeentemodelle en leierskap, terwyl ander weer meer lig kon werp op aspekte soos demografiese skuiwe, multikulturaliteit, politieke transformasie, ekonomiese verandering, generasie-skuiwe, tydsgees of kerklike vernaderinge.

- NG gemeente Constantiakruin
- Fontainebleau Gemeenskapskerk
- NG gemeente Doornpoort
- NG gemeente Paarlberg
- NG gemeente Roodekrans

Die navorser moet daarop wys dat die keuse beperkend is omdat dit nie kleiner gemeentes of gemeentes uit die VGK (Verenigende Gereformeerde Kerk) of ander kerke insluit nie. Verder bring die keuse mee dat daar net met Afrikaanse blanke manlike respondente gewerk is. Die prentjie van leierskap in 'n tyd van transformasie in Suid Afrika sou dit egter wenslik gemaak het as die respondente meer inklusief met betrekking tot geslagte<sup>8</sup> en die bevolking kon wees. Die keuse het egter die voordeel van baie duidelike afbakening en stem ooreen met 'n spesifieke huidige ontwikkeling in die NG Kerk wat nou nagevors kon word.

Die navorser het besluit om 'n semi-gestruktureerde-onderhoud met die leierleraars (respondente genoem) in die gemeentes te voer en daarby ook sekere relevante inligting in te sluit. Die onderhoude is op band opgeneem ter wille van terugverwysing en beter transkripsie. Die navorser sluit aan by die kategorieë en vrae hierbo wat die leierleraars by hulle konferensie genoem het toe hulle gevra is waarom daar navorsing gedoen moet word met betrekking tot leierleraarskap.

---

<sup>8</sup> By twee gemeentes (Fontainebleau met Ronel Bezuidenhout en Doornpoort met Jampie Nel) is daar wel vroue-leraars, terwyl vroue by al die gemeentes in verskeie leiersrolle betrokke is.

**Vrae aan leierleraars:**

a. Oor die area / gemeenskap

- Beskryf kortliks die area en gemeenskap waarin die gemeente geleë is – gebied, bevolking-samestelling, demografiese veranderinge, inkomsteprofiel en beroepe, opleiding, gesinsverband, ensovoorts.
- Is daar sigbare transformasie in die kultuur – byvoorbeeld met betrekking tot dinge soos lewenstyl, musiek, gesinslewe, politiek en die publieke lewe?

b. Oor die gemeente

- Gee 'n kort profiel van die gemeente: byvoorbeeld area, geskiedenis, lidmate, predikante
- Beskryf die storie van die gemeente kortliks: byvoorbeeld ontstaan, hoogtepunte, laagtepunte, ingrypende veranderinge of gebeure, visioneringprosesse, uitdagings, bedienings-model, ensovoorts.

c. Oor leierleraarskap

- Wanneer het die pos van leierleraar in julle gemeente ontstaan?
- Wat was die redes, motiverings en agtergrond vir die totstandkoming van die pos?
- Watter proses is gevolg om die leierleraar aan te wys?
- Watter benaming is vir die spesialisasie 'leierleraarskap' gebruik en hoekom?
- Watter persoonlikheid en vaardighede moet 'n leierleraar hê? (MBTI profiel)
- Watter mandate en pligte het die gemeente aan die leierleraar opgedra?
- Wat is na jou mening die belangrikste fokus van leierleraarskap?
- Hoe is die leierleraar betrokke by die bestuur van die gemeente en waarin is hy aanspreeklik?
- Watter struikelblokke / probleme is in die implementering van leierleraarskap ervaar?
- Watter aanpassings bring die pos aan die tradisionele siening van 'n predikant in die NG Kerk en watter aanbevelings sou jy in die verband wil maak?
- Watter aanpassings moet aan die opleiding van predikante gedoen word met die oog op die nuwe vereistes met betrekking tot predikantswerk?

d. Oor leierskap as spanwerk

- Hoe is julle leraarspan saamgestel?
- Hoe is die werksverdeling en mandate van die hele span leraars bepaal en het dit bemagtiging en beter spesialisasie bevorder?
- In watter verhouding staan die leierleraar tot die ander leraars en hoe is die verhouding in die leraarspan deur leierleraarskap geraak?
- Hoe lyk julle groter leierspan – byvoorbeeld kerkraad, bedieningsleiers ensovoorts? Wat is die uitgangspunt met betrekking tot bemagtiging in die span? Wat is die verhouding en verantwoordelikheid van die leierleraar tot hierdie span?

### 2.2.1 NG gemeente Constantiakruin – Dr Theo Marais

Indien die definisie van 'n makrogemeente (óf vier en meer leraars en ten minste 2100 lidmate, óf meer as 2700 lidmate en ten minste drie leraars) volgens Hendriks (1992:13) gebruik word, is Constantiakruin streng gesproke nie 'n makrogemeente nie. Die gemeente het tans 1721 belydende en 434 dooplidmate en dus 'n totaal van 2155 lidmate. Indien die tentmaker-leraar, Ds Pieter Bosch – predikant by MES<sup>9</sup>, as leraar getel word, sou die gemeente wel binne die definisie val. Die navorser sluit egter die gemeente in omdat dit ook aan die Wesrand geleë is en omdat al die sake wat ondersoek word, hier gevind word. Dit is eintlik goed om die ietwat kleiner gemeente as spieël te gebruik.

Op 30 Mei 2005 het die navorser met Dr Theo Marais, leierleraar van Constantiakruin, 'n gesprek gehad. Die meeste inligting hieronder is 'n weergawe van die gesprek. Sekere inligting is egter ook skriftelik aan die navorser verskaf.

a. Oor die area / gemeenskap

Constantiakruin is aan die Wesrand geleë en aan die noordekant van Ontdekkersweg, wat 'n soort sosiale en ekonomiese skeiding verteenwoordig. Sowat 25% van die gemeentelide kom uit 'n radius van sowat 15 kilometer buite die gemeente se grense. In die gebied woon 'n baie hoë inkomstegroep waarvan baie mense in

---


<sup>9</sup> MES staan vir Middestad Evangeliese Sorg in die middestad van Johannesburg.

bestuursposisies (15.3%) is, eie besighede het of in professionele beroepe (23.6%) staan. Daar is 70% van die inwoners werkend, 3.2% werkloos en 26.8% nie-ekonomies aktief (Vergelyk EGON verslag).

'n Verslag van EGON (Eenheid vir Godsdiens en Ontwikkelings Navorsing)<sup>10</sup> van 30 April 2005 het op grond van die 1996 en 2001 sensus die volgende inligting oor die Constantiakruin gebied verskaf: (Benaderde syfers)

- Bevolkingsamestelling: Swart 21%, Kleurling 4%, Indiërs 1%, Blank 74%
- Ouderdom: 0-9 = 10%, 10-19 = 11,5%, 20-34 = 27%, 35-49 = 25%, 50+ = 27%
- Taal: Engels – 47%, Afrikaans – 32%, Setswana – 6.7%, Zulu – 3%
- Religie: NG – 24%, Katoliek – 11%, Metodis – 10%, Charismaties – 4.6%, Geen – 13%
- Opvoedkundig: Geen – 4.5%, Gr 0-7 – 9%, Gr 8-11 – 14.6%, Matriek – 28.7%, Naschool – 43.2%

Hieruit is dit duidelik dat dit 'n oorwegend blanke gebied is waarin daar veral in die Noordelike rigting al meer Engelssprekende mense begin woon. Afrikaans en die NG Kerk geniet egter steeds 'n groot marktaandeel. Dis 'n besonder hoog geskoolde groep.



Die respondent sê dat dit 'n gemeenskap is wat oop is vir verandering, waar daar min oor politiek gesels word en waar risiko's geneem kan word. Dit is ook 'n gemeenskap wat aan die ontvangkant van misdaad en geweld staan en waar veiligheid, hoë mure en privaatheid belangrik is. Die 16-30 jaar generasie lyk na 'n subkultuur waar kleredrag, taalgebruik (mengsel van Afrikaans en Engels) en musiekvoorkeur verskil.

---

<sup>10</sup> EGON staan vir Eenheid vir Godsdiens en Ontwikkelingsnavorsing, is by die Universiteit Stellenbosch gesetel en kan by <http://academic.sun.ac.za/theology/urdr.htm> > (9 Okt 2005) besoek word. Die organisasie het voorheen as EGDN (Eenheid vir Godsdiens en Demografiese Navorsing) bekend gestaan.

Die gemeente het met behulp van die *wandel in die wêreld* oefening van SAVGG<sup>11</sup> met sielkundiges, dokters, hoofde van skole, maatskaplike werkers, ensovoorts gesels en is die volgende probleme in die gemeenskap hoog op die lys geplaas: depressie, werkverlies, geestelike verval, finansiële probleme, werklike armoede, huwelikskonflik, egskeiding, enkelouerskap, gebrekkige behuising, dwelm-/drankmisbruik, vigsnoed, vereensaming van ouer mense. Die gemeente hoor nou God se stem daarin dat Hy hulle stuur na die *verwondes* in die gemeenskap.

b. Oor die gemeente

Kortliks 'n voëlvlug oor die geskiedenis van die gemeente. Die gemeente word in 1973 gestig en ds Carel Willems is die eerste leraar (1973-1981). Daarna bedien ds Frikkie Bloem die gemeente vir 'n verdere 8 jaar (1981-1993). Hy is iemand wat in 'n pastor – kudde model funksioneer. Ds Kobus Sandenbergh bedien die gemeente van 1984-1987. Daarna volg dr Theo Marais (November 1992), ds Blikkies Blignaut (Augustus 1993) en ds Jaco Schoeman (Februarie 2000).

Draaipunte in die bediening was allereers dat die kerkraad in 1992 'n doelbewuste besluit ten gunste van strategiese prosesse neem. In 1994 neem die gemeente kennis van uitdagings in oorgangstye (C Burger, 1995 – Gemeentes in transitio), stuur die leraars vir 'n VSA toer en so kom die eerste visie (“Ligdraers vir Christus”) en missie formulerings tot stand. In 1996 word 'n begin gemaak met die selgemeente model wat nou gegroei het tot 40 selgemeentes. Toe is ook begin met 'n Kersspel wat in 1998 opgevolg is met 'n Pinksterspel. In 1999 word daar onder leiding van Malan Nel 'n gemeente-analise gedoen en 'n nuwe strategiese proses begin. So word die volgende missie geformuleer en kernwaardes daargestel:

*Constantiakruin is daartoe verbind om dissipels vir Jesus Christus te wees en dissipels vir Hom te maak,*

---

<sup>11</sup> SAVGG (Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes) is 'n organisasie wat gemeentes help om van instandhouding tot gestuurdheid te beweeg. *Wandel in die wêreld* is 'n praktyk van die SAVGG, waar daar met sekere belangrike persone en of instansies in die gemeenskap gesprekke gevoer word oor tipiese probleme en tendense in die gemeenskap. SAVGG word in Suid-Afrika vanaf BUVTON (Buro vir Verdere Teologiese Opleiding en Navorsing) aan die Universiteit van Stellenbosch bestuur. Hulle is beskikbaar by <http://www.sun.ac.za/buvton/vennote> > (9 Okt 2005)

In die jaar 2000 besoek 'n leiergroep en die leraars Willow Creek CC in Chicago en kom met nuwe inisiatiewe terug. Plaaslik word ook verskeie gemeentes besoek en verskeie probleme soos 'n gebrek aan leierskap, kommunikasie, diversiteit, betrokkenheid by gemeenskapsnood en te min soeker-sensitiwiteit word geïdentifiseer. Dit was ook die direkte aanleiding tot die besluit rondom 'n nuwe bestuursmodel en die aanstelling van 'n leierleraar, ook genoem *uitvoerende voorsitter*.



Skets 2-2 NG Kerk Constantiakruin Bestuursmodel

Die kerkraad besluit op 'n verkleinde kerkraad (30 lede), onder andere om die volgende redes:

- die kerkraad het te lomp begin word
- probleme rondom 'n kworum
- oorgangstye vereis dinamiese besluitneming en visionêre denke.

Die raad word saamgestel uit die voorsitter, leraars, gemeente-administrateur, leierouderling, leier- en onderleier-diaken, vier verkose gemeentelede, twee visionêre denkers, 'n selgemeente verteenwoordiger, vier streekouderlinge en die elf bedieningshoofde.



'n Dagbestuur, bestaande uit die leierleraar, ander leraars (wat nie vergaderings hoof by te woon nie), gemeente-administrateur en drie ouderlinge, hanteer, onder leiding van die leierleraar dag tot dag besluite, moniteer alle werksaamhede, tree pro-aktief op met betrekking tot die jaarprogram en identifiseer leemtes en nodige koersaanpassings.

c. Oor leierleraarskap

• *Aanwysing:*

Die aanwysing van die leierleraar het ten nouste saamgegaan met die strategiese prosesse wat hierbo uiteengesit is. Saam met die besluite oor die bestuursmodel en die verkleinde kerkraad, is die volgende na 'n evaluering in 2001 gesê:

- dit is asof sekere strategieë nie van die grond af kom nie
- die vraag wat voortdurend gevra word, is: “Wie is die kaptein van die skip? Is dit die voorsitter van die kerkraad (ouderling), gemeente-administrateur of leraars?”
- daar moet iets aan leierskap gedoen word.

Die kerkraad besluit toe dat:

- die raad gelei word deur 'n uitvoerende voorsitter
- die uitvoerende voorsitter verantwoordelikheid aanvaar vir die tussentydse bestuur van die gemeente en ook as *leierleraar* aangestel word
- die aanstelling vir vyf jaar geld
- die dienskontrakte van die leraars aangepas word
- 'n nuwe bestuurspan en bestuursmodel vir die gemeente ontwikkel word.

Die agtergrond hiervan lê ook in die pro-aktiewe optrede van agt leiers wat saam met die leraars na Willow Creek CC toe was. Volgens die respondente het hulle in hulle terme van 'n CEO (*Chief Executive Officer*) of 'n skoolhoof gedink en wou hulle sien dat daar 'n *uitligting* van een leraar plaasvind sodat hy rigtinggewend kan lei.

Die kerkraad het die leraars gevra om saam daarvoor te gaan besin en uit hulle geledere 'n leierleraar aan te wys. Die twee ander leraars het toe vir Theo Marais aangewys en



dit is so deur die kerkraad bekragtig. Sy persoonlikheid (MBTI profiel<sup>12</sup>) en geskiedenis van betrokkenheid by strategiese prosesse in die gemeente het hom 'n natuurlike keuse gemaak.

• *Mandate en fokus:*

Die kerkraad het die volgende verantwoordelikhede aan die leierleraar opgedra:

- uitvoerende voorsitter van die kerkraad
- voorsitter van die bestuurspan
- voorsitter van die leraarsvergadering
- tree op as leierleraar in die gemeente
- aanvaar verantwoordelikheid vir die tussentydse bestuur van die gemeente
- verantwoordelik vir leierskapontwikkeling
- bly op hoogte van nuutste ontwikkeling op kerklike gebied
- geskeduleerde gesprekke met lidmate om visie te kommunikeer.

Dit blyk dat die respondent die mandate vir die pos van leierleraar egter tot 'n groot mate self moes uitkap, met die agtergrond van die aanstelling in gedagte. Die respondent verstaan nou die volgende as sy mandate:

- visie-dra – met dien verstande dat dit die gemeente se visie is, maar dat hy dit primêr moet uitdra en verkoop (dit is die primêre fokus van die leierleraar wat moet help om die gemeente te beweeg in die rigting van sy fokus)
- leierskapsontwikkeling
- toerusting – 'n oorhoofse verantwoordelikheid
- effektiewe kommunikasie – deur middel van die prediking, afkondigings en gemeenteblyd waarin die visie en missie, nuwe besluite van die kerkraad en inligting oor bedieninge gekommunikeer word
- spanleier – waar respek en vertroue gekweek moet word
- die oorhoofse bestuur van die gemeente
- kultuurskepping.

---

<sup>12</sup> MBTI staan vir die bekende Myers Briggs Type Indicator wat persoonlikheidsprofile meet. Sonder om die betekenis hier te verduidelik, kan genoem word dat die respondente se profile verskil van ENFJ, INTJ, INFJ tot ENFJ. Die respondente verteenwoordig dus verskillende persoonlikheidsprofile.

- *Implementering en struikelblokke*

Die respondent was die natuurlike keuse as leierleraar en daarom het die proses glad verloop. Daar het intussen aanpassing gekom daarin dat die leierleraar van die voorsitterskap van die kerkraad afstand gedoen het. 'n Gemeentelid, as ouderling, is as voorsitter gekies.

- *Predikantswerk*

Die uitdagings van die tyd maak strategiese werk noodsaaklik, maar dominees word nie opgelei in leierskap en strategiese prosesse nie. Dit is ook verder nodig dat spesialisasie in die bediening beter aangespreek sal word.

d. Oor leierskap as spanwerk

Die leraars heg groot waarde aan die funksionering van die span. Die span leraars kom een keer per kwartaal saam om vir die werksaamhede te bid. Hulle kry ook een keer per jaar die geleentheid om saam met hulle gesinne weg te gaan vir spanbou. Die respondent sê dat die leraarspan se verhoudinge nou beter is as voorheen, veral ook omdat elkeen meer gefokus werk en hyself meer geleer het wat dienende leierskap beteken.

Die gemeente het 'n beleid van spesialisasie vir die leraars. Die leraars het gedeeltes verantwoordelikheid met betrekking tot take soos prediking, huisbesoek (leierleraar 25%), selgemeentes, pastoraat en ander hulpverlening. Die leierleraar se spesialisasie is hierbo genoem. Een leraar spesialiseer veral met betrekking tot die selgemeentes, gemeentefunksies en die hulp en hoop bediening terwyl die ander een spesialiseer met betrekking tot die jeug, evangelisasie en sending en die gebedsbediening.

Die leierskap in die groter span van leiers werk ook goed. Die gemeente se bedieninge is voorheen deur kommissies en hulle voorsitters gelei, toe is dit departemente genoem en nou word dit bedieninge genoem. Die leierleraar het 'n groot taak tot bemagtiging van hierdie voorsitters van bedieninge. Hy ontmoet die leiers van wyke (Vat vyf stelsel), blokke, selgemeentes en bedieninge een keer per kwartaal en praat dan oor die visie, leierskap en motivering vir die werk.

→ Bevindinge en kommentaar / (Navorser)


Enkele opmerkings / kommentaar op bevindings met betrekking tot Constantiakruin

- *Transformasie*

Die gemeente is geleë in 'n redelik homogene en baie goeie gemeenskap, maar raak bewus van baie *verwondes* in hulle omgewing en hoor dat God hulle na sulke mense stuur. Verder beweeg die gemeente weg vanaf 'n instituut- en verkondigingsmodel in die rigting van 'n liggaams- en transformasie-model<sup>13</sup> wat 'n verskil in hulle omgewing wil maak. Die transformasie in die SA gemeenskap en die kulturele transformasie saam met bogenoemde lei die gemeente om hulle bedieningsmodel te verander. Die gemeente neem kennis van wêreldwye tendense en wil doelbewus 'n visie ontwikkel wat 'n verskil in die gemeenskap sal maak.

- *Leierleraarskap en leierskap*

Die behoefte aan rigtinggewende leierskap is duidelik gebore uit die transformasie wat hierbo beskryf is. Dit het eintlik as natuurlike proses daaruit voortgevloei. Visionêre-, strategiese-, en veral bestuursfunksies maak 'n belangrike deel van die leierskap in die gemeente uit. Leierskap as spanwerk blyk duidelik en die leraarspan het saam met 'n groter groep leiers in die gemeente verantwoordelikheid geneem vir strategiese prosesse.



## 2.2.2 NG gemeente Doornpoort – Dr Marius Nel

Doornpoort gemeente het op 14 Januarie 1990 van Wonderboom gemeente afgestig. Die gemeente het tans 861 dooplidmate en 1595 belydende lidmate en dan ook 110 wat as ongedoop en ander aangegee word – 'n totaal van 2567 lidmate (Gegewens op 15/06/05 deur die gemeente verskaf). Die gemeente word tans deur vyf leraars bedien, waarvan twee voltydse en drie deeltydse poste (tentmakers) beklee. Die navorser het op 15 Junie 2005 met die respondent, dr Marius Nel, 'n semi-gestruktureerde onderhoud gevoer. Dit het ook gepaard gegaan met 'n besoek aan die gemeente en 'n

---

<sup>13</sup> Vergelyk Hendriks (2004:45-55) wat hierdie vier modelle bespreek.

oorsig oor die area en die ontwikkelings by die gemeente. Hier volg 'n weergawe van die onderhoud.

a. Oor die area / gemeenskap

Die gebied Doornpoort is aan die heel noordekant van Pretoria, noord van Wonderboom en sowat 16 kilometer van die middestad geleë. Dit bestaan uit woonbuurte van middel- tot bo-middelklas wat sedert 1987 ontstaan het. Die woongebied is teen 'n geweldige tempo ontwikkel en bestaan uit woonhuise, meenthuise en enkele woonstelle.

Die gemeente het op 30 April 2004 die volgende gegewens van EGON ontvang. Die benaderde gegewens hieronder berus op die 2001 sensus.


- Bevolking: Blank 84%, Swart 14.6%, Kleurling 0.8%, Indiërs 0.5%
- Ouderdom: 00-09 = 18%, 10-19 = 12.6%, 20-34 = 34%, 35-49 = 23%, 50+ = 12%
- Taal: Afrikaans 76.2%, Engels 9.7%, Nege amptelike Afrika-tale 13.6%, Ander 0.5%
- Huwelikstatus: Getroud 73.1%, Nooit getroud 8.6%, Saamwoon 5%, Geskei 4.7%
- Godsdienst: NG 47.4%, Charismaties 8.4%, Metodis 5.7%, Ander Christelik 7%, Ander Gereformeerde 3.7%, Geen religie 6%
- Onderrig: Geen 1.3%, Gr 0-7 = 2.3%, Gr 8-11 = 11.8%, Matriek 52%, Na-skoolse kwalifikasies 32.6%
- Arbeid: Werkend 75.6%, Werkloos 3.2%, Nie-ekonomies aktief 21.2%
- Beroepe: Bestuurders 16.6%, Professioneel 18.2%, Tegnies 18.7%, Klerke 21.2%, Elementêre beroepe 8.4% (Gemiddelde inkomste per huishouding = R224 986 pj)
- Behuising: Eie huis 78.3%, Meenthuis ensovoorts 14%, Woonstel 4%

Die woongebied bestaan uit sowat 85% eerste bouers. Baie mense is wel nou in 'n tweede fase waar huise opgradeer word. Dit lyk ook asof die besteebare inkomste van die gemeente oor die afgelope aantal jare baie gegroei het. Dit is uit die ouderdomsprofiel duidelik dat dit 'n baie jong gemeenskap is van ouers met jonger kinders. Die hoof van die huishouding is byvoorbeeld – 30-59 = 72,2% en 20-29 = 16.4%. Dis 'n baie homogene gemeenskap.

Die respondent se persepsie rondom die gemeenskap en lewensstyl en kultuur behels onder andere die volgende: daar is baie professionele vrouens; selfs 'n groter persentasie van die gemeente vrouens as in die gemeenskap is werkend en gesinne het dus 'n dubbele inkomste; huweliksmaats is vennote; familiebande is belangrik en daar is 'n sterk gesinsgerigtheid. Dis 'n gemeenskap waar kinders met die internet en selfone grootword en waar tieners 'n sterk sosiale tendens rondom die besigheidssentrums (byvoorbeeld die Kolonade) openbaar.

Die gemeente is die enigste kerk wat 'n kerkgebou in die gebied besit en moet hom derhalwe baie sterk op die hele gemeenskap rig. Die gemeente het byvoorbeeld onlangs begin met 'n godsdienstige byeenkoms op 'n Dinsdagoggend vir mense wat oor naweke werk. Daar het toe by die afskop 'n groot aantal eiendomsagente opgedaag. Die gemeente het 'n beleid dat hulle met die besige lewens van mense eerder kwaliteit as kwantiteit wil bied, dat hulle mense net een taak wil gee en dat die jeug 'n swaartepunt in hulle bediening moet wees. Meer as 12% van die mense wat by die gemeente inskakel is nie NG lidmate nie. Die persentasie Engelssprekendes in die gemeenskap het meegebring dat die gemeente nou met Engelse dienste wil begin.

b. Oor die gemeente



Die gemeente is afgestig omdat dit geografies ver (amper tien kilometer) van Wonderboom geleë is met die lughawe wat tussenin lê en omdat dit pastoraal moeilik geword het om dit te bedien. Die gemeente het geen grond of veel kapitaal as bruidskat ontvang nie en moes vir die eerste agt jaar in 'n onvoldoende skoolsaal van Hoërskool Montana, naby Montana gemeente, kerk wees. Die afstigting was miskien prematuur. Die eerste leraar, ds WF Rautenbach, moes binne een jaar na afstigting weens gerugte teen hom bedank en sodoende het die gemeente in krisis begin. Daarna het ds Ben Beukes (1991-1998) die gemeente bedien. Die respondent, dr Marius Nel, sluit in 1994 by die gemeente aan en sy vrou, Jampie, wat ook 'n predikant is, word in 1996 as tentmaker aangestel. Nadat ds Beukes in 1998 vertrek, verkry sy ook 'n voltydse pos in die gemeente. Besonderhede oor die ander predikante word hieronder gegee.

Die groot swaai en verandering in die gemeente het gekom toe daar in 1998 besluit is om kerk te bou. 'n Ouderling het, na 'n hartomleiding, in die hospitaal 'n belofte teenoor die Here gemaak om te help met die kerkbou. Sodoende is die kerk teen R800 000 gebou en is dit baie gou, in die jaar 2003, deur middel van 'n geloofsofferbelofte afbetaal. Die gemeente het na die kerkbou-proses eers werklik soos 'n selfstandige en eiesoortige gemeente begin funksioneer.

Die kerk is gebou sonder 'n orrel, wat simbolies baie sterk kommunikeer oor die styl waarvoor die gemeente van die begin af gekies het. 'n Laagtepunt was egter toe daar in 2002 besluit is om twee eredienste te hê waarvan die een meer tradisioneel en die ander meer kontemporêr sou wees. Dit het egter baie negatief gewerk en niemand bevredig nie. Daarna is in 2003 besluit dat die gemeente kies vir een informele en kontemporêre styl. Dit het beteken dat daar wel sowat honderd mense weggegaan het na ander gemeentes, maar dat daar tegelykertyd 'n groei van sowat driehonderd nuwe mense was. Skielik het die bydraes ook dramaties begin groei. Daar het egter 'n verdere *worship war* gewag oor die oorwig van Engelse teenoor Afrikaanse musiek in die eredienste, totdat daar besluit is op 'n persentasie van 60%-40% (Afrikaans vs. Engels) in die oggenddienste en omgekeerd vir aanddienste.

'n Verdere proses van groei het na 2001 gekom toe daar 'n sterker klem op toerusting gekom het deur middel van 'n Bybelskool, maar veral na visioneringsprosesse. Daardie proses is sedert 2003 verder versterk deur die aansluiting by die SAVGG (Suid Afrikaanse Gemeenskap van Gestuurde Gemeentes). Die visie van die gemeente is soos volg geformuleer:

*“Ons is 'n nuwe tuiste vir al God se kinders”*

Hierdie visie sê iets van die gemeenskap waarin die gemeente leef. *Tuiste* sluit aan by die feit dat so baie hier in nuwe huise bly, maar ook by die tuiste wat jy in God se huishouding kan verkry. *Nuwe* verwys nie alleen na die nuwe woonbuurt nie, maar ook na die nuwe styl van gemeentewees. *“Al God se kinders”* verwys na 'n uitnodigende en akkommoderende benadering teenoor alle mense in die gemeenskap, van enige kerk of agtergrond. Die SAVGG het ook 'n groot invloed daarin dat die

*wandel in die Woord*<sup>14</sup> gewoontes oral in die gemeentebediening beoefen word. Die perspektief dat die gemeente as geheel *gestuur* is en dat dit deur middel van kultuurverandering gekweek moet word, het ook belangrike insette geword.

Die bedieningsmodel van die gemeente het ook deur verskeie transformasie-prosesse gegaan. Die herder-kudde model was die aanvanklike model. Dit was egter mettertyd duidelik dat “huisbesoek” net nie meer die antwoord is nie. Sedert 1996 is daar nie meer uitgegaan om te kollekteer nie, maar het mense hulle dankoffers na die kerk toe gebring of deur middel van debietorders bygedra. Soos wat ander leraars as tentmakers bygekom het, het die leraars ook al meer spesialis terreine gekry en is daar op bedienings gefokus.

Die gemeente word gelei deur drie liggame, naamlik ’n Sentrale kerkraad (SKR), ’n Blok-kerkraad (BKR) en ’n Uitvoerende kerkraad (UKR). Die SKR word saamgestel uit die Leierouderling as voorsitter, die leierdiaken, al die leraars, voorsitters van kommissies, die saakgelastigde, die skriba (sonder stemreg) en die blokleierouderling en blokleierdiaken. Die SKR se funksie is primêr om aandag aan die visie, missie en kernwaardes van die gemeente te gee, beleid vir bediening te bepaal en die gemeente te bestuur. Die BKR bestaan weer uit sowat 20-25 ouderlinge en diakens en is verantwoordelik vir die geestelike versorging van al die lidmate, waarvan sowat 10-15% in omgegroepe is. Die BKR vervul veral ’n funksie by eredienste (byvoorbeeld kollektering en nagmaalbediening) en “Pioniersbediening” waar “nuwe mense” besoek en bedien word.

Die UKR word saamgestel uit alle kerkraadslede en vergader net wanneer groot besluite soos die beroep van ’n leraar of die koop en verkoop van eiendom ter sprake kom. Die uitvoerende arm met betrekking tot die visie en bediening van die gemeente is sy bedienings-kommissies wat Jeug, Uitreik, Finansies, Eiendomme, Kommunikasie, Administrasie, Diensverhoudinge insluit. ’n Belangrike uitgangspunt vir die gemeente is om nie te veel te belê in uitgewerkte planne op papier en baie besluite nie, maar liever bewus te wees van waar God besig is om te werk – waar die energie vloei – en daar die spontane aktiwiteit van lidmate en leiers te ondersteun.

---

<sup>14</sup> Vergelyk die opmerking oor SAVGG en *Wandel in die Woord* by voetnota 11 op bladsy 38.

Daar word dus baie meer waarde geheg aan spontane, Gees-gewerkte aktiwiteit, wat later beskryf kan word, as vooropgestelde planne op papier. Die respondent se stelling: *Admin is overrated* verwoord iets daarvan.

Iets van die kultuur van die gemeente is dat daar 'n konsensus-benadering gevolg word en dat die kerkraad vir baie jare reeds volkome konsensus bereik. Hulle neem “spaarsamig” besluite en doen moeite met vooraf gesprekke en met terugverwysing totdat daar konsensus is. Lidmate word ook bemaagtig sodat daar spontaan bedieninge ontstaan, sonder dat die leierskap soms daarvan weet. Die bediening word 'n mandaat verleen om binne 'n sekere begroting die bediening selfstandig te lei. Verder is daar 'n deurdagte maar pragmatiese benadering, wat beteken dat daar baie buigsaamheid is en 'n openheid om te eksperimenteer.

Die gemeente is baie oop vir transformasie. Die leesverslag van die SAVGG het 'n besonder positiewe prentjie geskets van gemeentelide se ervaring van God se teenwoordigheid en werkinge en asook oor ander sake. Dié verslag eindig deur te sê dat die gemeente werklik nou gereed is vir 'n nuwe hoofstuk, maar dat dit leierskap sal vra om mense in die toekoms te begelei. Sekere prosesse, wat lankal reeds aan die gang was, soos die formulering van 'n visie, bepaling van eie identiteit en 'n spesifieke roeping, is eers in 2004, as deel van die proses van die Vennootskap van Gestuurde Gemeentes, geformaliseer. Toe het die gemeente die volgende as spesifieke fokusse bepaal:

- dinamiese en kontemporêre eredienste
- uitreik na buite
- gespesialiseerde jeugbediening
- toerusting
- kleingroepe
- gebed.

As jy die gemeente se verslag: “Doornpoort as gestuurde gemeente” lees sien jy iets van die dinamika wat reeds bestaan en van die planne en drome met betrekking tot bogenoemde vir die toekoms.



c. Oor leierleraarskap

Die pos van leierleraar is eers amptelik in 2005 bevestig. Soos met baie ander dinge, was die ontstaan daarvan ook baie uniek in Doornpoort. Die respondent het in 2004 toevallig op die gemeente se webblad gelees dat hy die leierleraar genoem word. Die respondent was egter in werklikheid ‘de facto’ die leierleraar in baie opsigte – hy is tot ’n sekere mate die *founding pastor* as die storie dat die gemeente eintlik eers in 1998 met die bou van die kerkgebou begin het, in ag geneem word. Hy is die enigste 100% voltydse leraar. Sy persoonlikheidsprofiel lei daartoe dat hy akademies, visionêr en wat bestuursvaardighede aanbetref die natuurlike leier in die span is. Die ander leraars het ook almal hulle pad na die gemeente gevind deur die persoonlike kontak met die respondent. Hy sien dit as ’n manier waarop die *spankaptein* die geleentheid gehad het om sy span te help kies. Die ander lede van die span het eintlik die proses geïnisieer – op die webblad en in gesprekke daarna - en wou graag aan die respondent die mandaat verleen. Die aanwysing van die leierleraar was dus eintlik ’n logiese gevolg van die praktyk in die gemeente. Op ’n teoretiese vlak het die gemeente ook kennis geneem van die boek van Alice Mann (1998)<sup>15</sup> oor getalle oorgange en het hulle besef dat hulle ’n korporatiewe grootte gemeente is wat die fasette daarvan, naamlik erediens as hoogtepunt, ’n kleiner bestuurspan/kerkraad, ’n leier wat rigtinggewend en visiebepalend moet optree en ’n lidmaatgedrewe bediening, moet bereken. Die *size transition* in lidmaatgetalle en in die span predikante, tesame met die verskeidenheid in die span, het ook die noodsaaklikheid van die rol na vore gebring.


Alhoewel die respondent baie versigtig is daarvoor dat een leraar nie belangriker as ’n ander beskou moet word nie en ook glo in kollektiewe leierskap, het dit nie die spesialisasie van leierleraarskap in gedrang gebring nie. Die gemeente het gekies vir die benaming *leierleraar* omdat die respondent in werklikheid hierdie rol in die gemeente en veral in die leraarspan vervul het. Die respondent meen dat die benaming dalk eerder ’n suggestie is na die leier in die leraarspan.

---

<sup>15</sup> In hoofstuk drie sal vollediger na haar standpunte verwys word.

Wat die mandate van die leierleraar betref, is dit weereens 'n geval van dat die beskrywing of administrasie die werklike uitoefening van die rol hier gevolg het. Die rol wat die respondent vervul sluit onder andere die volgende in: Visionering, wat onder andere die belyning van bedieninge en kommunikasie van die visie insluit; die skakel tussen die leraars en die SKR en die SKR en gemeente; die kontakte en werk na buite; bestuurs- en koördinerings-funksie; spanleier wat onder andere beteken dat hy die idees, geleentheid, sorg, dissipline en 'n soort *wellness manager* vir die span is. Die mandate wat nou in proses is om met die SAVGG se *Staff covenanting* uitgeklaard te word, sal waarskynlik die volgende insluit:

- skep kultuur
- toerusting
- spanleier
- fasiliteer prosesse
- oorhoofse bestuur
- visiedraer
- leierskap ontwikkeling
- kommunikasie
- vertrouwe skep
- bekwaamheid.



Hierin kan die invloed van die gesprek van die groep leierleraars oor 'n standaardisering van die mandate (vergelyk hierbo) gesien word. Die respondent sien die fokus van die pos as die beliggaming van die visie en die rol van koördinerings in die span. Hy sien sy rol ook as die een wat die verantwoordelikheid het om *hoog te klim en vër te kyk*. Hy sien dit ook as 'n kernfunksie om as mentor vir ander leiers op te tree en toerusting te gee. Daar is reeds hierbo verwys na die feit dat die respondent 'n baie groot rol van bestuur en administrasie in die gemeente vervul.

Die pos van leierleraar is nie alleen in die gemeente en leraarspan gelykmatig, maklik en sonder struikelblokke aanvaar nie, maar eerder verwelkom as 'n bevestiging van 'n rol wat reeds baie sterk vervul is. Dis soos die respondent sê: Ons doen eers die werk en dan skryf ons die kontrakte later.

Die leierskapsbeginsels in die gemeente het deur die proses wat hierbo beskryf is, die tradisionele rol van die predikant grootliks verander. Waar die predikant hoofsaaklik as herder gesien is wat huisbesoek doen, is die predikant in die korporatiewe gemeente nou iemand wat in sy gawe-veld in 'n bediening spesialiseer. Die aanpassings wat daarom aan die predikante se opleiding gedoen moet word, sal meer moet maak van informele leierskap, spesialisasie en om te werk volgens jou gawes. Daar sal ook wyer gekyk moet word as die NG Kerk en 'n spesifieke struktuur of model van bediening.

d. Oor leierskap as spanwerk

Die samestelling van die leraarspan in die gemeente is nogmaals baie uniek. Daar is reeds verwys na die eerste twee leraars wat die gemeente verlaat het. Die huidige span en hulle mandate is die volgende:

- Dr Marius Nel, die respondent, wat sedert 1994 in die gemeente dien en wie se take hierbo volledig uiteengesit is.
- Ds Jampie Nel, wat in 1996 as tentmaker in die gemeente begin werk. Sy het sedert 1998 'n voltydse pos, maar is slegs 'n 70% finansiële las. Sy's verantwoordelik vir die junior jeug en omgegroepe.
- Ds Stefan Botha is 50% in die gemeente en is verantwoordelik vir gespesialiseerde pastoraat, huweliksverryking en Engelstalige dienste.
- Ds Etienne Piek is 33% in die gemeente en word vir 17% ondersteun vir sy werk by Jerigo mure. Hy is verantwoordelik vir senior jeug, gebedsbediening en uitreikaksies
- Ds Riaan Steyn is 25% aan die gemeente gekoppel en is verantwoordelik vir die pionersbediening en die kommissies vir eiendomme en elektroniese bediening.
- Ettienne Trollip, 'n jeugwerker wat besig is met opleiding as pastoor in die AGS, is die jongste toevoeging tot die span.

Hierdie is 'n span waarin daar baie verskeidenheid is. Die spanlede verskil in terme van MBTI persoonlikheidsprofile, agtergronde, uitlewing van spiritualiteit (van evangelies tot charismaties), belangstellings in die bediening en hulle verbintenis tot

die gemeente. Die respondent bring byvoorbeeld goeie lering, sy vrou 'n emosionele element, 'n kollega is 'n *energizer*, 'n ander kollega bring die rustigheid van 'n berader en nog een die ervaring van 'n gewone beroepslewe na die gemeente. Die benadering in die span is egter juis om die verskeidenheid te omarm en elkeen te laat blom in sy / haar besondere bydrae tot die span en gemeente. Hier word verskeidenheid gevier. Dit vorm waarskynlik ook 'n belangrike beliggaming van die visie dat die gemeente *'n nuwe tuiste vir al God se kinders* wil wees, alhoewel die leesverslag van SAVGG tog toon dat die keuse rondom 'n aanbiddingstyl en kultuur tog 'n rol kan speel waarom “almal” nie tuis sal wees nie. Wat die span aanbetref, werk die verskeidenheid egter goed en is die respondent en sy vrou se benadering van “As ons kollegas slaag, slaag ons saam met hulle!” 'n aanduiding van 'n oop benadering.

Die verhoudinge in die leraarspan is dus baie oop, maar tegelykertyd gebou op waardering vir mekaar se uniekheid en op wedersydse vertroue. Die hele span kom op Woensdae bymekaar om saam voor God te wees en werk te beplan. Die nuwe kompleks wat nou by die kerk in aanbou is, gaan ook kantore vir al die leraars hê en dit word voorsien dat hulle kontak en skakeling daardeur baie sal verbeter. Die respondent besef egter dat die leierleraarskap ook ander verantwoordelikhede in sy verhouding met die ander leraars na vore bring. Hy is allereers die spanleier. Verder is hy die een wat die span die heelyd met die visie belyn. Bogenoemde beteken ook dat hy as mentor vir die ander spanlede optree en dat hy dit ook al nodig moes ag om 'n sekere mate van dissipline te verskaf deur 'n spanlid oor 'n saak aan te spreek.

Die benadering tot leierskap in die gemeente beteken ook dat die leierspan baie groter as die leraarspan is. Die voorsitter van die kerkraad is byvoorbeeld 'n baie gerespekteerde leier in die gemeente. Die respondent het ook 'n baie noue verhouding met hom en sake sal byvoorbeeld voor 'n vergadering eers met hom uitgepraat word voor dit in die vergadering bespreek word. Dan is daar ook 'n uitgangspunt van bemagtiging na die ander leiers in die gemeente soos die kerkraad en veral dan die leiers van bedieninge. Die respondent meen dat die bemagtiging so vër strek dat hulle leiers byna te veel vertrou. Bedieninge en verantwoordelikheid word werklik in die hande van die lidmate en leiers gelaat.

'n Belangrike aspek van die groter leierspan is dat hulle deur middel van die SAVGG 'n styl van geestelike leierskap gekweek het, wat nou praktyk in die hele gemeente word. Die “wandel in die Woord” styl word nie net in die Bybelskool nie, maar in alle vergaderings en praktyke van die gemeente nagevolg.

→ Bevindinge en kommentaar (Navorsers)

- *Transformasie*

Doornpoort is 'n baie jong gemeente met 'n jonger generasie lidmate wat al die tekens toon van die nuwe Suid-Afrika. Alhoewel dit 'n redelik homogene gemeenskap is, is die gemeente gereed om kerklos en Engelsprekendes in hulle *tuiste* te verwelkom. Dis 'n gemeente wat oop is om pragmaties te eksperimenteer, aan te pas en te vernuwe met betrekking tot aanbiddingstyl, bedieningsmodel en leierskap. Bediening en aksie kom hier voor formele strukture en daar is 'n baie meer lidmaat-gedrewe bediening as 'n tradisionele pastor-model.

- *Leierleraarskap en leierskap*

Strukture en formele beskrywing volg hier die spontane vloei en ontwikkeling van die bediening. Leierleraarskap was hier 'n baie natuurlike ontwikkeling. Die natuurlike leierskap van die respondent, sy rol in die storie van die gemeente en in die uitbreiding van die leierskorps, het alles daartoe bygedra. .

Die groter doelgerigtheid met betrekking tot die proses om 'n gestuurde gemeente te word, lei die gemeente egter tot meer intensionele visionering, strategiese beplanning en leierskap. So ontstaan leierleraarskap ook in die gemeente. Die wees-, spanleier-, visionering- en bestuur-funksies staan hier voorop in die leierskap en 'n proses van spontane, energerende en bemagtigende leierskap is belangrik.

Die feit dat hier net twee voltydse leraars en vier deeltydse leraars is en dat die jeugwerker uit die AGS kom, beteken dat hier 'n ontwikkeling is na meer bekostigbaarheid en na 'n aanwending van 'n predikant om 'n sekere funksie te vervul, eerder as 'n amptelike aanstelling vir 'n tradisionele predikantsrol. Die spontane en informele ontginning van leierskap, sonder om mense noodwendig in

poste te kies, speel hier 'n rol. Verder is bemagtiging van leiers op verskeie vlakke van bediening belangrik.

### **2.2.3 Fontainebleau gemeenskapskerk – Ds Jannie Swart**

Die navorser het op 9 Junie 2005 met ds Jannie Swart, tans leierleeraar van die gemeente, 'n semi-gestruktureerde onderhoud gehad. Die onderhoud is ook op band opgeneem ter wille van kontrole van gegewensovoorts. Die respondent het ook sekere inligting op skrif verskaf.

Fontainebleau is een van die grootste makrogemeentes in die land met 1406 doop- en 3876 belydende lidmate – dus 'n totaal van 5282 lidmate (vergelyk die 2005 jaarboek van die NG Kerke).

#### **a. Oor die area / gemeenskap**

Die verhaal van die gemeente-area is interessant. Die gebied is geleë aan die Noordweste van Gauteng. Vyftig jaar gelede is daar pas begin met uitbreidings vanaf Linden na hierdie gebiede toe. Die gebied was toe hoofsaaklik platte waar armer mense gebly het. Die gebied het intussen gegroei tot 'n plek waar van die rykste mense in die land woon. Aanvanklik was dit hoofsaaklik 'n welvarende wit voorstedelike gebied. Dit is steeds 'n gebied van middelklas en bo-middelklas, met baie entrepreneurs. Nou is die gebied meer genormaliseer ten opsigte van die landsbevolking, met heelwat meer swartes wat in die gebied ingetrek het – selfs Nigeriërs in gebiede soos Windsor. Daar is ook ryker swartes wat in welvarende gebiede ingetrek het. Die klasse-verskeidenheid het ook verander. 'n Gebied soos Windsor het 'n baie armer gemeenskap geword, met baie mense in woonstelle en met baie maatskaplike probleme. Daar word selfs na hierdie gebied as 'n tweede Hillbrow verwys. Meer welvarende mense het al meer Wes beweeg waar daar geweldige groot ontwikkelende gebiede is. Daar is ook nou baie meer Engelsprekende mense in die area.


Die mense in die area is baie duidelik deel van 'n transformasie-kultuur. Die gemeenskap en die samestelling is baie oop vir die veranderinge wat in die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap plaasvind. Tog is daar fasette van die kultuur, soos materialisme en 'n sterk verbruikersmentaliteit wat hier 'n groot rol speel. Veral die welvarende deel van die gemeenskap is deel van die *rat-race* met baie lang werksure. Die generasie gapings is hier ook baie sigbaar, veral met dinge soos lewensstyl en musiek en 'n baie swak verbintenis teenoor die kerk – vergelyk statistieke hieronder.

EGON (Eenheid vir Godsdienst en Ontwikkelings Navorsing – vergelyk p.36) het ook inligting in verband met die area (ongelukkig net van die area naaste aan Fontainebleau) uit die 1991 en 1996 syfers en gegewens verskaf. Daaruit word net die volgende hier genoem:

- Bevolking: 75% blank, 22% swart, 2% Indiërs en 1% Kleurlinge
- Taalvoorkeur: 61% Engels, 15% Afrikaans, 5% Zulu en 4% Setswana
- Ouderdom: 24% is 0-20, 41% is 20-40, 25% is 40-60 en 9% is ouer 60
- Werk: 88% werk, 4% werkloos – 13% bestuurders, 18% professioneel, 13% tegniese en ambagte, 11% klerke en 16% in elementêre werke
- Inkomste: 10% onder R500 pm, 19% R500-R1500 pm, 26% R1500-R4500 pm, 28% R4500-R11000 pm, 11% meer as R11000 pm.
- Onderwyspeil: 5% ongeskoold, 11% Laerskool, 51% Hoërskool, 13% matriek+, 5% onder 6 jaar.
- Behuising: 94% in huis, woonstel of dorps huis, 1% in plakkershut, 3% in kamers.
- Godsdienst: 71% Christene, 1% Moslem, 1% Joods, 11% geen geloof.
- Kerkverband: 11% NGK, 6% Anglikane, 8% Metodiste, 12% Katolieke, 7% AIC

Met betrekking tot generasies in die gemeente is die volgende gegewens van die gemeente beskikbaar:

## Generasies in FGK



### Skets 2-3 Generasies in Fontainebleau

#### b. Oor die gemeente

Fontainebleau het in 1955 van Linden afgestig en het dus pas sy 50ste verjaarsdag gevier. As daar gekyk word na veranderings en transformasie, dan moet dit allereers gelees word saam met die veranderinge wat hierbo beskryf is. Die gemeente het in 'n armer gemeenskap begin en het daarom van die begin af 'n deernis vir mense in nood en 'n karakter van barmhartigheid en sorg gehad. Daar word vertel dat die eerste predikant, ds Cronje, mense se karre herstel het en sodoende met mense in nood geïdentifiseer het.

Die statistieke hierbo gee ook 'n prentjie van die bevolking, taal, inkomste en generasie-skuive wat in die gemeenskap plaasvind. Die feit daar net 17% Afrikaanssprekendes teenoor 61% Engelssprekendes hier woon, het daartoe gelei dat daar met Engelse eredienste, selgroepe en bedieninge begin is. Die feit dat armer mense vermeerder en die area 'n meer multikulturele gemeenskap word, het aanleiding daartoe gegee dat die gemeente sterk gerig is op gemeenskapsprojekte. Daar is byvoorbeeld werkskeppingsprojekte saam met MES (Middestad Evangeliese Sorg) en korporatiewe organisasies en die Tswelopele (*Progress*) projek waar arm mense industrieel aktief is. Dan is daar verskeie HIV en VIGS projekte soos dat die gemeente die CABSA (Christian Aids Buro for Southern Africa) se hoofkantore huisves, projekte in Sandspruit plakkerskamp saam met ander kerke en gemeentes en vele meer.



Die predikante wat die gemeente bedien het, het byna almal 'n baie pastorale en barmhartigheid aanslag gehad. Di. Hannes Cronje met sy onortodokse styl, Chris Brand wat die informele leier onder predikante was en 'n baie akkommoderende styl gehad het en dr Arnold Smit met sy gawes met betrekking tot leierskap en strategiese beplanning kan hier kortliks uitgesonder word. Dit het daartoe gelei dat die styl in die gemeente nog altyd een was van 'n oop kultuur, informeel en spontaan, met min beheer en kontrole en waar diversiteit omhels word.

Een van die groot veranderinge in die gemeente was toe daar in 1999 weggedoen is met die wykstelsel. Dit was voorheen eintlik 'n gemeente van vyf parogieë. Daar is besef dat dit nie meer werk nie. Die verandering het maklik gebeur. Selgroepe was al goed gevestig, leraar-lidmaat ratio was net te groot en vrywillige assosiasie met leraars was al praktyk. Dit het die deur vir spesialisasie geopen.

Die volgende groot transformasie was die besluit in 2000 om die naam van die gemeente te verander na *Fontainebleau Gemeenskapskerk*. Die gemeente is voorheen deur verskeie fases van visionering. Bogenoemde gegewens oor die area en die visioneringsprosesse en identiteit en storie van die gemeente het byna vanselfsprekend daartoe gelei dat die gemeente 'n kerk vir die gemeenskap wou wees. Dis nie 'n amptelike naamsverandering nie, maar eerder 'n soort *branding* om te sê dat die NG Kerk Fontainebleau voortaan bekend staan as Fontainebleau Gemeenskapskerk. Dit kommunikeer wel iets van die visie van die gemeente en van sy intensie. Die gemeente het die verandering met baie min weerstand aanvaar en daar was selfs 'n opwaartse kurwe met betrekking tot lidmaattal en finansies. Die missie en visie van die gemeente is soos volg geformuleer:


**ONS MISSIE IS:**

*om saam met God te leef en werk waar Hy besig is om die wêreld nuut te maak.*

**ONS VISIE IS:**

*'n eietydse, multikulturele en veeltalige gemeenskapskerk wat die breë samelewing bedien, met 'n fokus op Gauteng en Suidelike Afrika.*

Die feit dat daar baie entrepreneurs is wat in die korporatiewe omgewing werk, het daartoe aanleiding gegee dat leiers toe ook besluit het om die bedieningsmodel te wysig. Die groot kerkraad het plek gemaak vir 'n klein gemeenteraad, wat nie meer operasionele besluite neem nie, maar wat oorhoofs verantwoordelikheid neem met betrekking tot visie, strategiese prosesse, beleid, waardes en bestuur (onder andere finansies en personeelsake) van die gemeente. Die bediening en operasionele sake word gedelegeer aan lidmate en bemaagte leiers. Die Gemeenteraad vra net dat bedienings-besluite nie bots met die gemeentevisie nie, maar hoe dit die visie bevorder. Dit beteken ook dat daar nie hiërargiese vlakke is nie, maar 'n plat struktuur waar elke bediening besluite neem wat daardie bediening raak. Dit is iets van *management-in-chaos*. Die gemeenteraad het net drie kommissies, naamlik finansies, DVK en interne oudit, terwyl die bedieninge onafhanklik funksioneer. Daar is wel vier bedieningsforums wat bedieninge help koördineer. Hieronder 'n voorstelling:




Skets 2-4 FGK Bedieningsmodel

c. Oor leierleraarskap

Die pos van 'n leierleraar in die gemeente het natuurlik uit bogenoemde transformasie-prosesse na vore gekom. Die besluit om 'n leierleraar aan te stel was ook in 1999-2000 geneem en het dus saamgeval met die besluite oor die naamsverandering,

bedieningsmodel en visie en missies van die gemeente. Dit was veral vir die leiers en entrepreneurs wat in korporatiewe omgewings werk net 'n logiese stap. Daar is besef dat daar in 'n groot span 'n leier nodig is en dat daar doelgerig iets aan effektiwiteit gedoen moet word. Dit was as sodanig ook al voorafgegaan deur 'n proses waarin Frederick Marais in 1996 as spanleier na die gemeente beroep is. Toe hy bedank, is daar besluit om eers nie met die proses verder te gaan nie. Die respondent word toe in 1998 met opdrag gesins- en jeug-bediening na die gemeente beroep. Toe die span egter groter word, het die behoefte aan 'n leier in die span ook groter geword. Daarom het die kerkraad die leraars gevra om dit in die span uit te klaar en met 'n voorstel na die raad te kom. Daar is aanvanklik met al die leraars onderhoude gevoer, waar dit duidelik geword het dat twee leraars naby aftrede is en nie vir die pos sou instem nie. Die leraars het die respondent toe eenparig aangewys en die kerkraad het ook 'n konsensus besluit daarvoor geneem.

Daar is doelbewus besluit op die benaming *leierleraar*. Daar is gesê dat dit allereers oor leierskap gaan en dat die *power-issue* nie vermy moet word nie. Dit gaan hier nie allereers oor koördinerende of bestuur nie, maar oor teologiese en rigtinggewende leierskap. Die praktyk en verwagtings van mense lê egter eerder na die kant van CEO en operasionele bestuur.



Die gemeente is waarskynlik nie alleen die eerste gemeente om die pos van 'n leierleraar in die NG Kerk te skep nie, maar het die mandate van die pos ook die duidelikste omskryf. Hieronder volg die gemeente se eie formulerings hieroor:<sup>16</sup>

Die Leierleraar (LL) van FGK staan in “die amp of bediening van die bedienaar van die Woord” (Kerkorde Artikel 9) met spesiale opdrag om leierskap in die gemeente en gemeenskap te beoefen, sowel as oorhoofse uitvoerende verantwoordelikheid te neem vir die beleids- en besluitnemings-raamwerke van die Gemeenteraad.

Die LL vervul sy/haar rol soos volg:

1. Verantwoordelikheid te neem vir en finale besluitneming te neem oor die **rooster vir liturgiese (ingesluit bediening van sakramente) en/of predikingsverantwoordelikheid** (dit wil sê wie van die uitvoerende span en van buite die gemeente, wanneer en waar optree) by eredienste van die gemeente (sien Kerkorde

---

<sup>16</sup> Die dokument van die gemeente word hier eintlik as bylaag in hulle eie skrif geplaas, sodat dit as afsonderlike dokument duidelik is vir die leser.

Artikel 9.1 tot 9.4). Dit word gedoen na oorlegpleging met die uitvoerende span en met die veronderstelling dat die LL se primêre leierskapsverantwoordelikheid as visiedraer en -vertolker in die gemeente hiermee blootstelling sal geniet deurdat hy/sy oorwegend die meeste van hierdie verantwoordelikheid self sal dra in 'n gegewe jaar.

2. Verantwoordelikheid te neem vir 'n jaarlikse rooster van **kursusse** wat die onderrig en toerusting van die gemeente dien en aan die gemeenskap 'n diens in die verband verskaf vanuit 'n christelike geloofsperspektief. Die rooster word opgestel in oorleg met die ander lede van die uitvoerende span en sluit kursusse in wat in gelyke mate in die behoeftes van die ander lede van die uitvoerende span se terreine van spesialiteit voorsien, sowel as deur hulle (en spesialiste van buite) behartig word. Die LL se spesifieke verantwoordelikheid in die verband is een van koördinerende, aftekening in terme van kriteria waaraan dit moet voldoen gegewe die gemeente se missie, visie, waardes en beleid, sowel as om self verantwoordelikheid te neem vir algemene kursusse wat die gemeente se missie, visie en waardes dien (sien Kerkorde Artikel 9.5).
3. Verantwoordelikheid te neem vir proses in die gemeente waar **eienaarskap en inkoop** kan plaasvind ten opsigte van FGK se **missie, visie, waardes, beleid, strategiese prioriteite en bedieningsfilosofie**. Die LL neem dit as 'n spesifieke verantwoordelikheid ten opsigte van "herderlike sorg" deur middel van soveel moontlike gespreksvoering met gemeentelede op so 'n breë moontlike basis in die gemeente. Die LL doen dit sover moontlik in samewerking met GR-lede (sien Kerkorde Artikel 9.6). Dit is deel van die LL se primêre leierskapsverantwoordelikheid as visiedraer en -vertolker binne gemeenteverband.
4. Verantwoordelikheid te neem vir die **bou van netwerke en verhoudinge** in die breër gemeenskap (met organisasies op soveel moontlike terreine van die burgerlike samelewing) ter bevordering van FGK se missie, visie en waardes en met die oog op die ontginning van vennootskappe, geleenthede en bronne vir die uitleef van FGK se missie, visie en waardes (sien Kerkorde Artikel 9.7). Dit is deel van die LL se primêre leierskapsverantwoordelikheid as visiedraer en -vertolker binne gemeenskapsverband.
5. Verantwoordelikheid te neem vir die **uitvoering van die GR se besluite** ten opsigte van missie, visie, waardes, beleid en strategiese prioriteite (sien Kerkorde Artikel 9.8). Die LL doen dit met behulp van 'n uitvoerende span wat elkeen op sy/haar terrein van spesialiteit uitvoering gee aan algemene en meer spesifieke beleid, doelwitte en aksies soos bepaal deur die GR asook op elke terrein van spesialiteit self. Die LL is daarom saam met die DVK verantwoordelik vir die posbeskrywings van die uitvoerende spanlede (en indirek alle ander personeel) om die missie, visie, waardes, beleid en strategiese prioriteite te laat realiseer. Die LL is ook saam met die DVK verantwoordelik vir metings- en beoordelingsinstrumente waarmee vordering van elkeen se behaling van doelwitte en uitvoering van aksies geëvalueer kan word. Die LL dien ook op die GR se FINKOM ten opsigte van finansiële prioriteite met die doel om die missie, visie, beleid, waardes en strategiese prioriteite te dien. Hiermee vervul die LL sy/haar uitvoerende verantwoordelikheid in die gemeente.
6. Verantwoordelikheid te neem as lid van die GR, en saam met die GR-lede, vir **opsig en tug** oor die gemeente (sien Kerkorde Artikel 9.9).
7. Verantwoordelikheid te neem vir **leiding aan die GR** ten opsigte van teologiese, maar ook ander fundamentele kwessies ten opsigte van die lewe en die samelewing (sien Kerkorde Artikel 9.10).
8. Verantwoordelikheid te neem vir die bou van verhoudinge en netwerke, sowel as 'n betrokkenheid by sake, binne **die breër kerkverband** (sien Kerkorde Artikel 9.11).

Die respondent verstaan die fokus van leierleraarskap as visie-draer, wat veral beteken dat hy die vertolker en kommunikeerder sal wees. Daarby is ingesluit teologiese

inisiatief na die span, gemeenteraad en gemeente toe. Die tweede hoofsaak is die oorhoofse bestuur van die gemeente. In die verband is daar 'n finale aanspreeklikheid by die leierleraar vir die totale gemeentelike bediening.

Fontainebleau was een van die eerste gemeentes wat leierleraarskap ingestel het. Volgens die respondent was een van die grootste struikelblokke in die implementering geleë in die persoon van die leierleraar self. Dit was 'n nuwe veld vir die gemeente en die NG Kerk wat deur hom ontdek moes word. Afgesien van onsekerheid was dit ook in baie opsigte 'n eensame werk met niemand met wie jy daarvoor kan praat nie. 'n Verdere struikelblok was geleë in die verwagtings van lidmate, wat soms maar vasklou aan of terugval in tradisionele verwagtings van die predikant. Dan was dit ook 'n aanpassing dat net een leraar leierleraar is en aanpassings ten opsigte van die gesag van die ander leraars en die leraars met betrekking tot gemeenteraadslede. Die *power issues* moes duidelik uitgesorteer word. Dan is die saak van verwisseling van gemeenteraadslede en om nuwe lede weer op dieselfde bladsy te kry, ook telkens 'n uitdaging.

Die vraag na die termyn van 'n leierleraar is nog nie beantwoord nie. Dit sal nie maklik wees om 'n leierleraar met 'n ander leraar in dieselfde gemeente te vervang nie. Daar sal moontlik eerder gekyk moet word na 'n beroepstelsel waar 'n leierleraar met een van 'n ander gemeente vervang word.

Die nuwe ontwikkelings in makrogemeentes stel 'n uitdaging aan die opleiding van predikante in die sin dat daar moontlik vorentoe meer gedink kan word aan opleiding wat nie net kweekskool-gebonde is nie, maar meer in samewerking met gemeentes geskied. Dit kan dalk ook moontlik wees om vroeër gawes vir spesialisering te identifiseer en dan meer moeite te doen om studente daarvoor op te lei.

#### d. Oor leierskap as spanwerk

Fontainebleau se span predikante (Jannie Swart, Johan Pieters, Ronel Bezuidenhout en Waldemar Stumpfe) is, soos wat die tradisie in die gemeente is, 'n onortodokse span waarin elkeen 'n unieke rol vervul. Meneer J Nyati, gemeenskapsdienste, is eintlik ook deel van die span. Die respondent se persoonlikheidsprofiel voeg 'n besondere faset tot die span toe. Hy meen dat sy profiel hom help om maklik te cope

met *management-in-chaos*, dat hy in sy styl tot kollegas gemaklik oorkom, terwyl hy die groot prentjie kan raaksien. Dis 'n span waarin die twee lede wat langer in die gemeente is kontinuïteit en stabiliteit verleen en die twee jonger toevoegings baie kreatiwiteit en vernuwing bring.

Die predikante se werk is so verdeel dat dit grootliks aanpas by die persoonlikheids- en gawe-profiel van die predikant. Drie predikante (W Stumpfe, R Bezuidenhout en Jannie Swart – wie s'n later verander is met sy aanstelling as leierleraar) is met spesifieke opdragte beroep en die raad het aan Johan Pieters spesifieke mandate gegee. Daar is dus doelgerig besluit op spesialisasie van die predikante. Elke predikant is bemaagtig om met 'n eie bestuurspan sy/haar losse netwerk van bedieninge – bedieningsforums genoem - te lei. Daardie bedienings stel hulle eie jaarlikse doelwitte en begrotings op en lewer by die volgende rondte hulle eie evaluering daarvan aan die uitvoerende span. Die predikante is ook nie bedieningsleiers nie, maar begelei die bedieninge waaraan hulle gekoppel is. Die leierleraar is in die bedieningsmodel die verbinding tussen die gemeenteraad en leraars en ook die verbinding na verskillende bedienings.

Die leraarspan en hulle onderlinge verhoudinge is uiteraard baie diep geraak met die diensbeëindiging van een leraar. Alhoewel die leierleraar die probleem op die tafel geplaas het, was die probleem baie meer kompleks as 'n persoonlike of leierleraar saak. Dinge soos 'n botsing met die visie van die gemeente, 'n uit pas wees met die styl van die gemeente se bediening, 'n onvermoë om as spanspeler te funksioneer en verhoudings-probleme, het onder andere ook 'n rol gespeel. Alhoewel die leraar se diens deur die gemeenteraad, in die afwesigheid van die leierleraar, beëindig is, is hy egter tot 'n groot mate aanspreeklik gehou. Die verhaal laat baie vrae ontstaan oor hoe konflik in 'n span benader moet word en op watter vlak, deur wie, op watter manier en met watter meganismes dit gehanteer moet word. Daarmee saam moet nie alleen gevra word hoe leraars beskerm kan word nie, maar ook hoe leierleraars beskerm kan word. Konflik kan organisatoriese-, regs- en godsdienstige vrae na vore roep waarvoor oplossings in die nuwe ontwikkelings gevind moet word.

Andersins funksioneer die leraarspan nou baie goed. Afgesien van hulle verhoudings in werkverband, ruim die span een geleentheid per jaar in vir spanbou waar hulle net

as mense mekaar kan vind. Daarnaas is daar 'n jaarlikse geleentheid waar hulle saam jaarbeplanning gaan doen.

Die leraars vorm saam met deeltydse leraars, die bedryfshoof, die pastorale hulp en jeugkoördineerder die uitvoerende bestuur wat ook weekliks bymekaar kom om hulle werk te beplan. Daarby vorm die leierleraar 'n hegte span met die gemeenteraad en die ander leraars met hulle bedieningsfokusse se bestuurspanne. Hierdie groter spanne funksioneer met uitgangspunte van bemagtiging van lidmaat-leiers waar energering van lidmate bevorder word. Hierdeur het daar meer gefokusde leierskap ontwikkel en verder is terreine van leierskap, rolle en mandate duideliker afgebaken. Daar moet egter realisties en eerlik gesê word dat die transformasie ook beteken het dat daar lidmate was wat in die vorige bedieningsmodel betrokke was by diens en leiersrolle vertolk het, wat energie en betrokkenheid verloor het. Die keuse met betrekking tot 'n nuwe model hou egter verband met die gemeentevisie en het baie meer voordele, ook met betrekking tot leierskap, as nadele meegebring.

→ Bevindings en kommentaar (Navorser)

- *Transformasie*

Demografiese verskuiwings in die gemeenskap het 'n baie groot invloed in hierdie gemeente. Voortvloeiend is veranderinge met betrekking tot 'n multikulturele omgewing, taal- verskuiwings en generasie-skuiwe hier baie duidelik aan die orde van die dag. Dis 'n transformasie-gemeenskap!

Transformasie in die gemeente is nie net op strukturele vlak deur middel van 'n nuwe bedieningsmodel, met nuwe gemeenteraad en bedieninge aangespreek nie, maar is op identiteitsvlak aangespreek deur middel van die naamsverandering en doelgerigte strategieë om die visie te realiseer. Dis waarskynlik die NG gemeente wat die vêrste gevorder het op die reis om van 'n tradisionele pastor-model te beweeg na 'n transformasie-model om 'n gestuurde gemeente te word.




- *Leierleraarskap en leierskap*

Weereens kan gesê word dat die transformasie in die gemeenskap en gemeente sodanig was dat ander vorme van leierskap nodig geword het. Die spesialiteit van leierleraarskap is hier duidelik omskryf en die implikasies daarvan met betrekking tot sake soos die visionering en bestuur van die gemeente word doelgerig beplan. Sake soos konflikhantering en die kwessie van mag in die gemeente is na die oppervlak gebring.

'n Doelgerigte beleid van bemagtiging van lidmate en van ander leiers in die gemeente word nagestreef. Die *management-in-chaos* styl beteken dat groter informaliteit en spontane aktiwiteit en dienste nagestreef word. Funksies van leierskap soos visionering, begeleiding, bestuur, lering en kommunikasie blyk duidelik.

#### **2.2.4 NG gemeente Paarlberg – Dr Pieter van der Walt**

Die navorser het op 6 Junie 2005 met dr Pieter van der Walt, tans die leierleerleer van die gemeente, 'n semi-gestruktureerde onderhoud gehad. Die onderhoud is per telefoon gevoer, op band opgeneem en die beskrywing daarvan is op 20-22 Junie 2005 met hom bevestig.



Paarlberg is 'n gemeente met 958 doop- en 2676 belydende lidmate – dus 'n totaal van 3634 lidmate.

##### **a. Oor die area / gemeenskap**


Paarl is 'n baie historiese dorp met 'n lang geskiedenis. Die taalkeuse van die mense is 75% Afrikaans, 20% Xhosa en 5% Engels. Die invloed van Xhosa mense in die dorp en die ontstaan van die woonbuurt Mbekweni het 'n groot invloed in die dorp. Die gemeente is geleë aan die Noordekant van Paarl, wat veral deur die Kleurlinge “onner-Paarl” genoem is. Dit was hoofsaaklik 'n bruin woonbuurt. Die grootste gedeelte van die gemeente lê onderkant die hoofstraat – en in die dorp is die boonste gedeelte die meer gegoede, ware Paarliete en in die onderste gedeelte 'n baie groter verskeidenheid met betrekking tot inkomstegroepe.



- *’n Stukkie apartheid-geskiedenis: St. Stephen’s Anglikaanse kerk*

Noorder Paarl, oftewel “onner Paarl” soos dit algemeen bekend was, was die tuiste van ’n lewendige en unieke “bruin” gemeenskap voor die groepsgebiedewet van 1956. Daar het ’n ryk verskeidenheid van ambagsmanne, werkers, onderwysers, plaaswerkers en professionele mense (waaronder dokters, rekenmeesters, ’n direkteur van onderwys, skool-inspekteurs) gebly. Dit was ’n hegte gemeenskap met sy eie sportklubs, sosiale organisasies en jeugklubs. Die NG Sendingkerk Immanuel en die St. Stephen’s Anglikaanse kerk was die spits waarom die gemeenskap gedraai het. Dit was veral St. Stephen’s wat ’n kerkgebou in 1877 ingewy het en later ook ’n kerksaal, pastorie, skool en begraafplaas gehad het, wat ’n baie groot rol in die gemeenskap gespeel het.

Noorder Paarl was aanvanklik deur die groepsgebiedewet as kleurling gebied geklassifiseer. Die blankes het aangevoer dat dit as wit area verklaar moes word omdat die gebied ’n *coloured pocket* in ’n blanke gebied gevorm het, waar blank en bruin deur middel van Jan van Riebeeck straat geskei was. Die gebied is toe as blanke gebied verklaar. Die bruin mense in dié gebied moes toe gedwonge verskuif na huise en grond by New Orleans, Charlestone Hill en na die sub-ekonomiese woonstelle in Klein New Orleans.



Die St. Stephen’s gemeente is ook ten nouste hierdeur geraak. Hulle moes hulle geboue ontruim nadat die gemeenskapsraad hulle kerk vir R50000 gekoop het. Paarlberg het hulle geboue toe by die raad oorgeneem vir R20000 en die kerk as saal gebruik. Sodoende hou St. Stephen’s op 25 Januarie 1981 hulle laaste diens op die plek waar baie gedoop, getrou en later begrawe is.

Die verhaal begin egter op 27 April 2003 ’n nuwe hoofstuk van hoop en versoening. Nadat daar onder die nuwe wette op herstel van grondregte aansoek gedoen is vir herstel en verskeie positiewe onderhandelings tussen Paarlberg en St. Stephen’s plaasgevind het, besluit die Paarlberg gemeente om die kerkgeboue aan St. Stephen’s terug te gee, weliswaar met ’n vergoeding van R780 000 deur die staat. Dié oorhandiging het op bogenoemde datum in ’n ware gees van vergifnis, versoening en broederskap plaasgevind. (Vergelyk artikels in Die Burger, 24 April 2004; Cape Argus, April 25, 2003 en Paarl Post 30 April 2003)

- *Verskillende groepe:*

Daar is 'n groot verskeidenheid groeperings van mense binne die gemeente se grense. Hulle kan hoofsaaklik in vier groepe ingedeel word, naamlik:

- *Sub-ekonomiese groep*

Hierdie gedeelte bevat heelwat munisipale woonstelle en wooneenhede en daar is 'n sowat 50-50 verspreiding tussen blankes en kleurlinge. Hier is heelwat meer maatskaplike probleme, gesinsprobleme, disfunksionele gesinne, werklike fisiese nood soos armoede en siektes, 'n gebrek aan lewens-vaardighede en ook 'n bese kringloop van negatiewe omstandighede.

- *Middel-ekonomiese-groep*

Die grootste deel van die gemeente is egter in die middel-inkomste-groep. Hier is kleiner wooneenhede waar baie eerste kopers hulle huise kom bou of koop het. Dit is dus 'n baie jonger garde wie se kinders hoofsaaklik nou op skool is. Die kultuur is hier anders. Dis mense wat met TV, internet en 'n *global world* grootgeword het. Dis 'n uitbreidende gedeelte, waar mense meer mobiel is en ouers nie noodwendig 'n verbintenis met die kerk het nie. Dit lyk wel asof die feit dat daar nou meer kinders op skool is die ouers laat *settle* en dan ook meer kerklik betrokke maak. Dis ook hierdie groep wat 'n minder gestruktureerde bediening, informele erediensstyl en positiewer houding oor transformasie voorstaan.

- *Hoër inkomste-groep*

Daar is 'n kleiner groep “witkraag” beroepsmense, mense in bestuurs- en professionele beroepe. Hulle is egter so min dat dit nie aan die gemeente 'n beduidende groep leiers verskaf nie. Daar het oor die afgelope aantal jare ook 'n aftree-oord, Groenleegte, ontstaan waar daar ouer en meer konserwatiewe lidmate ingetrek het, wat ook 'n sekere invloed in die gemeente gehad het.

- *Boerdery-groep (Plase)*

Daar is maar sowat 5-6 plase in die gemeentegrense, maar dit is wel plase wat ekonomies baie sterk is. Dit is ook uit die verkoop van dele van die plase waar daar grond vir verdere dorpstigting gekom het.

- *Klasse en rasse-skeiding – hoe nou gemaak?*

Die kerkgebou is bokant die hoofstraat – wat in die dorp ’n ekonomiese-klasse-skeiding en tegelyk ook ’n rasse-skeiding was. Mense aan die onderkant was die armer mense en was veral vroeër meer mense van kleur. Mense aan die onderkant het gesê: “Ons gaan nie na die rykes se kerk toe nie.”

Deesdae is daar veral in die sub-ekonomiese deel byna ’n gelyke deel blankes en kleurlinge. Die gemeente het egter steeds nie in hierdie deel ’n beduidende invloed onder die armes of kleurlinge nie. Daar word nou ’n “Projek 2006” hier geloods waar daar etnografiese navorsing gedoen is en waar die verskillende kerke, soos die VGK en AGS, saamwerk. Die gemeente het ook ’n sop-projek waarmee kinders en mense in die sub-ekonomiese deel bedien word.

Op die plase word weer hande gevat met ’n bedieningspunt van die VGK, naamlik Nuwedrif, waar ’n evangelis die plaaswerkers bedien.

- *Transformasies*

Die gemeente is dus van die begin af eintlik onderwerp aan transformasie. Die verskuiwings, stigting van nuwe dorpsgebiede en uiteindelik die sekuriteits-aftrekoord het elkeen sy inset tot kultuurveranderinge gemaak. Daar is ’n groep mense in die gemeente wat behoudend teruggryp na die verlede en laer wil trek. Dan is daar ook ander wat oop is vir transformasie en ander wat die realiteit van die saamleef van rasse moet aanvaar.

Die kern van die gemeente was rondom die nuwe blanke woongebied wat ontwikkel het. Die kerk het aanvanklik die fasiliteite van Laerskool Noordeind gebruik en ’n noue band en samewerking tussen skool en kerk het ontstaan. Die persepsie was dat die skool en kerk nie sosiaal, maatskaplik en ekonomies sterk is nie. Dit het aanleiding daartoe gegee dat die selfbeeld van die mense nie regtig goed was nie. Die skool het egter al meer goeie prestasies begin lewer en die kerk het ook sukses in die gemeenskap behaal.

b. Oor die gemeente

Die gemeente stig in 1973 af van Paarlvallei, ook ’n kleiner gemeente aan die

Noorder-Paarl. Ander gemeentes in die ring, soos Strooidakkerk en Toringkerk, het nie regtig hoop op sukses vir die gemeente gehad nie. Die eerste agt jaar stabiliseer die gemeente eintlik net onder die sterk outoritêre en pastorale leierskap van ds Struwig as eerste leraar. Predikante sluit daarna soos volg by die gemeente aan: ds NJ Marais in 1979; ds JCM Smit in 1984; ds Hugo Bierman in 1989 en dr Pieter van der Walt in 1992. Die bedieningsbenadering was lank geskoei op die pastorale model met parogieë waarin elke dominee as pastor dien. Hierdie Herder-kudde model het baie diep in die verwagting van leraars en lidmate bly lê totdat dit deur transformasie-prosesse tot verandering gedwing is. Volgens 'n identiteitsanalise wat deur een van die leraars, ds Bierman, in 1994 gedoen is, kan die gemeente se storie in drie fases, naamlik: Afstigting en oorlewingsjare (1973-1985), die begin van meer doelgerigte gemeentebou (1986-1991), en die era van strategiese teologiese beplanning (vanaf 1992) ingedeel word.


In die laat tagtigs groei die gemeente skielik. Die lank uitstaande skuld op die kerkgebou word teen die einde van die tagtigerjare na 'n dankofferveldtog afbetaal, tot verbasing vir almal in die dorp. En skielik is die gemeente 'n makrogemeente, maar steeds met 'n ou bedieningsmodel wat net nie meer wil werk nie. In 1991-1993 word Strategiese Teologiese Beplanning onder leiding van Hendriks en van der Merwe gedoen, maar met min sukses. Redes daarvoor is waarskynlik dat die krisis nie groot genoeg was nie, die dominees nog te algemeen wou werk en daar nie leierskap was om prosesse verder te neem nie.

In 1999 kom daar 'n botsing tussen die musiekbediening en die leraars. Hulle gaan saam, onder leiding van Frederick Marais as fasiliteerder, weg om dinge uit te klaar. Almal besef egter daar dat daar groter transformasie is wat aangespreek sal moet word. Die kerkraad en breër leierskap word toe betrek, meningspeilings is gedoen en lidmaatlere kom na vore om die proses te lei. In besonder was daar 'n jong bestuurder van maatskappye wat 'n soort *barrier-buster* is en graag met *turn-around-strategies* werk, wat as leier na vore tree. Die kerkraad wys toe 'n strategiese beplanningsgroep aan, bestaande uit twee leraars en vier lidmate, om die proses te lei. Hulle het soms van ander lidmate en van die kerkraad gebruik gemaak in die prosesse. Uiteindelik was dit hierdie groep wat die opdrag tot die aanwys van 'n leierleraar gegee het.

In Julie 2000 word 'n Bedieningsplan deur die kerkraad goedgekeur en by 'n gemeente-vergadering aan die gemeente bekend gestel. Dit het die totstandkoming van 'n Bestuurskomitee, die aanwys van 'n leierleraar met sy bestuursassistent en sewe funksionele strategieë (prioriteitsareas) ingesluit. Die strategieë was die volgende:

- leierskap en bestuur
- bereidheid tot deelname van lidmate
- rol van die leraars
- eredienste en prediking
- kommunikasie
- kleingroepe
- die bediening van die jeug, gesinne en kleingroepe.

Die kerkraad het aan die bestuurskomitee die opdrag tot implementering gegee. Die komitee, onder leiding van die leierleraar (uitvoerende hoof), het toe die fokusareas een vir een gevat en strategiese planne en aksies daarvoor uitgewerk. Na vyf jaar kan gesê word dat daar werklik 'n ander kultuur, atmosfeer en styl in die gemeente bestaan. Daar is natuurlik nou al weer nuwe uitdagings, soos die veranderende jeugkultuur (van Gen X-generasie na 'n millenium generasie), die multikulturele en armoede omgewing, hoe om kerkvervreemdes te bereik en 'n kwynende erediensbywoning.



Die bestuurskomitee, wat eintlik die rigtinggewende of strategiese werkgroep van die gemeente is, word saamgestel uit die leierleraar (ook "uitvoerende hoof" genoem) as die voorsitter, 'n onder-voorsitter, die voorsitters van die kerkraad (nie 'n leraar nie), Finansies, Kommunikasie en ander lede soos die kerkraad besluit. Die komitee is verantwoordelik om die gemeente te bestuur in lyn met die gemeentevisie en moet verseker dat alle bedieninge effektief funksioneer. Bedieningsgroepe, insluitende die leraarsgroep, rapporteer aan die bestuurskomitee, wat dan weer aan die kerkraad rapporteer. Verder berus die gemeente se bediening hoofsaaklik op 'n blokstelsel en bedieningsgroepe.

Die gemeente sluit by die SAVGG (Suid-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes) aan. Die volgende visie vir die gemeente was al vroeër geformuleer, maar kry met die vennootskap nuwe impetus:

*“Elkeen ’n medewerker in God se wingerd”*

Daarmee wil die gemeente skuif van die instandhouding van strukture na groter lidmaatbetrokkenheid en meelewing. Die gemeente voel veral dat God hulle stuur na kerkvervreemdes en gesinne in krisis en wil hulle veral deur middel van kleingroepbyeenkomste, dissipelskaptoerusting en verwelkomende eredienste bereik. In die verdere proses saam met SAVGG is die gemeente tans besig om deeglik oor haar missie of roeping na te dink. Tydens Pinkster ’05 is daar reeds 15 kategorieë gelys en in verdere prosesse sal daar duidelike roepings en fokusse hieruit ontwikkel.

c. Oor leierleraarskap

Daar is reeds hierbo verwys na die werkgroep vir strategiese beplanning wat in Julie 2000 tydens die transformasie proses op ’n punt gekom het waar hulle gesê het dat daar ’n leierleraar aangewys moet word om die proses verder te neem. Hulle het die leraars versoek om uit hulle geledere iemand aan te wys. Die leraars het besef dat hier iemand met die gawes van “transformasie-leierskap” benodig word. Alhoewel twee leraars toe 55 jaar oud was en een 45 jaar, het hulle die respondent, toe 35 jaar, aangewys. Die transformasie-leierskap moes in hierdie konteks help om strategieë uit te werk, te sorg dat die eredienste vernuwe en dat lidmate as leiers bemaagtig word. Dit sou beteken dat daar wegbeweg word van ’n dominees-kerk, na ’n lidmaat-kerk met deelname en betrokkenheid van lidmate op alle vlakke – dit was die hoogste prioriteit.

Die term *leierleraar* is deur die kernleierskap gebruik, maar dit is nie sterk gedruk nie. Daar was eerder na die respondent verwys as die “uitvoerende hoof” of voorsitter van die bestuurskomitee. Daar was groot aanvaarding in die gemeente en daar was baie eerder gefokus op die belangrikheid van die prosesse en die leierleraar se rol daarin as sy pos of persoon.

Die mandate en pligte het grootliks gepaard gegaan met die taak van die bestuurskomitee wat die strategiese prosesse en uitvoerende bestuur in die gemeente behels. Die rol van die leierleraar as “uitvoerende hoof” en voorsitter van die bestuurskomitee het hier saamgeval. Dit sluit dan ’n volle spektrum van bestuurstake

in, waaronder organisering, leiding en beheer van die bestuursorganogram en die bedieningsorganogram van die gemeente. Die leierleraar moet ook doeltreffende bestuur, die implementering van beleid en die effektiewe funksionering van alle bedieningsgroepe verseker. Sodoende moet hy verseker dat die bedieninge toenemend in lyn kom met die sentrale visie van die gemeente. Volgens die respondent is die fokus van die leierleraar om die leierskap en gemeente te hou by die sentrale proses in die gemeente wat 'n geestelike onderskeidings-proses met betrekking tot die visie van die gemeente is. Daarmee saam moet hy ook die implementerings-prosesse begelei of toesien dat dit geïmplementeer word.

Die respondent meen dat hy self te veel by operasionele bestuur soos administrasie, finansies, eiendomme, ensovoorts betrokke was. Die gemeente oorweeg dit nou om 'n bestuurshoof aan te stel wat baie verantwoordelikheid en operasionele take van die leierleraar moet afneem. Die bestuurskomitee is uiteindelik die aanspreeklike instansie in die gemeente.

Struikelblokke met betrekking tot die implementering van die rol as leierleraar is allereers dat medeleraars sukkel om dit te aanvaar, veral vanweë 'n tradisionele teorie rondom bediening en amp wat beteken dat 'n paradigmaskuif gemaak moes word. Verder was 'n *reluctancy* of terughoudendheid en versigtigheid by die respondent self 'n struikelblok. Die gemeente en leierskap het eintlik meer na die respondent opgesien om leiding te neem.

Die ontwikkelings rondom leierskap beteken dat die rol van leraars nou anders gesien moet word. Insig in die roeping van die kerk as missionêre liggaam wat in die gemeenskap 'n verskil moet maak, moet die rol van die predikant ook bepaal. 'n Punt van groot kritiek teen dominees is dat hulle nie die wêreld waarin mense leef, ken nie. Daarom moet die opleiding ook aandag gee aan dinge soos die bestuur van transformasie en geestelike leierskap.

#### d. Oor leierskap as spanwerk

Die styl van die respondent was eerder *de-centered-leadership* as *centered-leadership* waar ander leiers, insluitende die ander leraars, ook in verskillende leiersrolle



belangrike bydraes lewer. Dit beteken dat 'n mens moet onderskei in watter situasies en groepe jy ander leiers moet bemagtig om verantwoordelikheid te neem. Die oudste leraar is byvoorbeeld die voorsitter van die leraarsgroep en het ook verantwoordelikheid gehad om sekere dinge met die gemeente te kommunikeer. In die groter leierspan is bemagtigende leierskap en die verantwoordelikheid van lidmate 'n belangrike uitgangspunt. Daarom is die rol van 'n lidmaat as voorsitter van die kerkraad belangrik en ook die bemagtiging van lidmate in verskeie leierposisies. Daar is ook formele leiers wat in poste verkies word, soos die blokleiers en bedieningsleiers, maar daar is ook informele leiers wat nie poste beklee nie, maar wel invloed het of bediening lei. Hulle word dan veral by besinningsprosesse ook betrek. Daar word baie gevra: Is almal hier wat hier moet wees? Daar word ook van werkgroepe en fokusgroepe gebruik gemaak wanneer daar oor 'n sekere bedieningsterrein besin word.

In die besluite rondom die heraanwending van die predikante is die volgende uitgangspunte geneem: die leraars word aangewend volgens hulle sterkpunte, lidmate word meer betrokke, daar word 'n kultuur van “ons bedien mekaar” in plaas van “hoe kan die kerk my bedien” gevestig en huisbesoek berus nou op aanvraag. Daar is sekere take wat al die leraars vervul, soos Woordverkondiging, pastoraat, toerusting en persoonlike bedieningsontwikkeling. Verder spesialiseer die leraars en word hulle aangewend waar hulle gawes en passie lê.

Die verhouding in die leraarspan was voor die aanwysing van die leierleraar *easy* omdat niemand regtig leiding wou neem nie. Die verantwoordelikheid van die leierleraar met betrekking tot die implementering van transformasie het egter wel tot spanning gelei en daar moes voortdurend oor die filosofie en paradigmaskuiwe van die transformasie gepraat word. Meganismes om verhoudinge te bou is dat daar maandeliks vergader word met betrekking tot die werk (spanpraatjie), maar daar word ook maandeliks vergader net ter wille van spanbou. Die gesinne kom ook kwartaalliks saam om te kuier en saam te eet. Een keer per jaar gaan die leraars weg om net *real* met mekaar te wees en jaarbeplanning te doen. Daar is ook nou 'n polisiekapelaan en sendeling van Kingfisher wat deel van die span word.

Die diensverhoudinge kommissie is tans besig met evaluering van die poste. Die



respondent is nou vir vyf jaar leierleraar en die voorsitter van die kerkraad het hom pas informeel gevra om vir 'n verdere vyf jaar in die rol aan te bly. Dit sê iets van die vertroue wat daar tans in die proses en styl van leierskap is.

→ Bevindings en kommentaar (Navorsers)

- *Transformasie*

In die gemeenskap het die unieke rasse- en klasse-situasie van die gemeente en die transformasie sedert die apartheidsdae hier besondere uitdagings gebied. Die verskeidenheid in die groeperings, die demografiese skuiwe wat plaasvind en selfs die generasie-skuiwe bied besondere uitdagings. Die St. Stephen's aangeleentheid het natuurlik ook 'n inpak gehad op die gemeente se persepsies van versoening en ten opsigte van vernuwing om 'n gestuurde gemeente te word.

In die gemeente kon die herder-kudde model nie meer aan die eise met betrekking tot die verskuiwings in kerk- kultuur- en generasie-behoefte beantwoord nie en 'n nuwe model moes doelbewus gesoek word. Baie moeite is gedoen om paradigma-skuiwe by predikante en lidmate te bewerkstellig.

- *Leierleraarskap en leierskap*

Die sterk gevoel oor transformasie-begeleiding het leierskap vereis en meegebring dat die rolle van die predikante geherinterpreteer is. Daar was gesoek na 'n predikant wat op 'n rigtinggewende en visionêre manier die gemeente verder kon lei en so het die pos van die “uitvoerende hoof” of leierleraar met heelwat bestuurverantwoordelikhede ontstaan. Die funksies van visionering, strategiese beplanning, kultuurskepping, bestuur, spanleier en die wees-funksie kom alles hier voor. Spontane en bemagtigende leierskap en leierskap breër as die leraarspan het in die gemeente ontwikkel.

## 2.2.5 NG gemeente Roodekrans – Ds Gerrie van Deventer

Aangesien die navorser self van hierdie gemeente is, sal die gegewens van die gemeente meer volledig gegee word. Die gemeente het tans 'n lidmaattal van 4245 lidmate waarvan 3064 belydende, 1137 dooplidmate en 44 “ander” (byvoorbeeld ongedoop en nie-lidmate).


### a. Oor die area / gemeenskap

Roodekrans gemeente is geleë aan die Wesrand. Die grense van die gemeente strek vir die grootste gedeelte oor woonbuurte van Roodepoort (Roodekrans en Wilropark – redelik goeie gedeelte), maar daar is ook 'n gedeelte van Krugersdorp (Breananda – 'n middel-inkomste-gedeelte) ingesluit. Sowat 'n kwart van die lidmate kom tans uit gedeeltes aangrensend aan die gemeente, veral vanaf nuwe uitbreidings in Krugersdorp (Rangeview en Noordheuwel) en baie snel ontwikkelings in Roodepoort (Poortview en Ruimsig). Vergelyk die kaart hieronder wat verskaf is deur EGON<sup>17</sup> (Eenheid vir Godsdienste en Ontwikkelingsnavorsing).




---

<sup>17</sup> Vergelyk voetnota 10 op bladsy 37 in verband met EGON.



Skets 2-5 Roodekrans area

In die eerste demografiese verslag, gebaseer op die sensus van 1996, wat die gemeente in 2002 ontvang het, het die volgende geblyk (Skets hieronder):



Skets 2-6 Demografie Roodekrans

Volgens die interpretasie van gegewens deur HJ Hendriks (2002)<sup>18</sup> is die profiel van Roodekrans se bedieningsgebied dus oorwegend blank (90%), dominant Afrikaans, redelik jonk, werkend, professioneel en gegoed, Gereformeerd (38.2%) en dus 'n hoogs bevoorregte groep mense met baie goeie fisiese huislike omstandighede. Die feit dat 68% werk, wys daarop dat baie getroude vroue ook werk. Dit is 'n besonder homogene gemeente in 'n besonder homogene gemeenskap.

In die tweede verslag, gebaseer op Sensus 2001, wat ons in 2004 van EGON ontvang het, is die voedingsgebied van die gemeente wyer getrek (soos in die kaart hierbo, met die omliggende gebiede met stippellyne aangedui) en toe het die volgende gegewens geblyk:

- Bevolking: Swart 12.7%, Kleurlinge 1.13%, Asiate 0.8%, Blankes 85.3%
- Ouderdom: 0-9 = 10.8%, 10-19 = 15.4%, 20-34 = 22.8%, 35-49 = 27.5%, 50+ = 23.7%
- Tale: Afrikaans – 55.4%, Engels – 33.4%, Tswana – 4.8%, Zulu – 1.6%

<sup>18</sup> Die gegewens hierbo uit die 1996 SA sensus en die interpretasie daarvan is vervat in 'n verslag wat Dr HJ Hendriks in 2002 aan die gemeente verskaf het.

- Kerke: NG – 34.2%, Apostolies – 5.2%, Charismaties – 5.6%, Ander christen – 11.5%
- Opleiding: Matriek – 37.3%, Matriek-plus – 35.4%

Die persepsie van die navorser is dat dit veral die 17-30 jariges in die omgewing 'n generasie is waar elemente van 'n veranderende kultuur 'n groot rol speel. Dit is 'n TV, video, film, klank, rekenaar en internet generasie wat daarvan hou om terug te sit en vermaak te word. Mobiliteit, verbruikersmentaliteit en postmoderne tendense soos groter informaliteit, groter klem op sosiale aanvaarbaarheid en groter openheid teenoor alle mense is ook tipies. Interkulturele kontak en openheid is ook meer algemeen. Dis jongmense wat hou van interaktiwiteit, affeksie en belewenis en dus operer is ten opsigte van die emosionele.

In die lig van bogenoemde gegewens was die gemeenteraad op 6 September 2004, as deel van die Gestuurde Gemeentes proses, daarvan oortuig dat God die gemeente stuur na:

- 'n Afrikaanssprekende gemeenskap in transformasie,
- gesinne onder stres,
- multigenerasies en
- 'n groeiende multikulturele samelewing




#### b. Oor die gemeente

Die NG gemeente Roodekrans is op 22 April 1981 met 'n lidmaattal van 700 van Wilgespruit afgestig. Oor die afgelope 24 jaar het die gemeente geleidelik gegroei na 'n makrogemeente wat op 17 November 2004 reeds 4024 lidmate gehad het, waarvan 2880 belydende lidmate en 1144 dooplidmate is. Daar is aanvanklik van die Lutherse kerk se fasiliteite gebruik gemaak, maar heel gou is Laerskool Roodekrans se saal en fasiliteite gebruik. Die kerkkompleks is op 14 November 1987 in gebruik geneem.

As daar na getalle gekyk word, is Roodekrans 'n groeiende gemeente. Die grafiek hieronder toon aan dat daar oor die afgelope paar jaar 'n sterk toename in getalle plaasgevind het. Net in die eerste kwartaal van 2005 het 60 gesinne by die gemeente aangesluit. Die getal lidmate binne die gemeentegrense het moontlik effens


verminder, maar meer as 'n duisend lidmate uit aangrensende areas het aangesluit, waarvan 'n groot komponent ook jonger getroude mense is. Daarom is daar tans ook weer heelwat meer babatjies wat gedoop word. 'n Beduidende getal lidmate kom uit ander tradisioneel Afrikaanse kerke. Daar is ook getuienis van kerklos en kerklose mense wat by die gemeente aansluit.



Skets 2-7 Aantal lidmate Roodekrans

Dit is 'n relatief jong gemeente wat eintlik nog altyd in 'n omgewing is waar daar dinamiese groei plaasvind. Tydens die ontstaansjare van die gemeente was heelwat huise binne die grense gebou, maar die area is al vir geruime tyd toegebou. Slegs 'n aftreoord is drie jaar gelede begin ontwikkel. Daar het egter in die afgelope tien jaar 'n sterk opwaartse kurwe in ontwikkelings in aangrensende gebiede gekom. Die demografiese ontwikkelings het ook 'n soort verwagting van lewenskragtigheid en dinamika by gemeentelede gebring.





Skets 2-8 Ouderdomsverspreiding Roodekrans

Die grafiek hierbo toon die ouderdomsprofiel van die gemeente. Dit is duidelik dat die gemeente 'n sterk jeugkomponent (3-25jr) het met die hoogste getalle tussen 16-25 jaar. Daarnaas is dié groep se ouers 'n sterk komponent (30-50 jaar) met die hoogste getalle tussen 43-50 jaar. Jeugbediening en gesinsbediening behoort dus vanselfsprekend hoë prioriteit in die gemeente te verkry.

Die predikante wat die gemeente voorheen bedien het, was di. Chris Koen ('81-'85), Meiring Oosthuizen ('85-'93) en Ewald van Rensburg ('90-'97). Die gemeente het tans 4 predikante. Ds Koos Uys word op 10 Mei 1985 hier bevestig en spesialiseer nou in lidmaatbegeleiding. Ds Roelof Minnaar sluit op 13 Maart 1998 by die gemeente aan en spesialiseer in gesinsbediening. Ds Manie Botha sluit op 1 Januarie 2001 as pastorale hulp aan, maar word op 22 April 2001 hier bevestig en spesialiseer in jeugbediening. Die navorser is op 2 September 1993 hier bevestig met spesifieke opdrag gemeentebou en kleingroepontwikkeling en is op 16 Oktober 2002 aangewys as die leierleraar.

Hoogtepunte was die sterk ontwikkeling van die jeugbediening sedert 1990, die aanpassing van die wykbediening na 'n al groter klem op kleingroepe sedert 1996, die

verkleining van die kerkraad na minder as twintig lede sedert 1996, die sterk klem op uitreike na lande soos Mosambiek, Botswana en vele meer. Die visioneringsprosesse in die gemeente het daartoe gelei dat die eerste visie “ROODEKRANS LEWE” in 1990 geformuleer is en telkens deur verdere strategiese prosesse beweeg het om doelgerig daaraan uiting te gee. Die gemeente het nog altyd ’n informele atmosfeer geniet en daar was altyd ’n bereidheid om met nuwe dinge te eksperimenteer. Blyspele, tonele en opvoerings is suksesvol gedoen en dinamiese eredienste is een van die hoogste waardes in die gemeente. Tans is die ontwikkeling van ’n gesinsbediening ’n belangrike uitdaging.

Na ’n kerkraadskamp in 2001 is daar besluit op ’n totale proses van hervisionering. Daar was werkgroepe aangewys wat besef het dat daar strategiese werk op drie terreine gedoen sal moet word, naamlik:

- hervisionering
- geestelike leierskap en
- bedieningsmodel.

Die kerkraad het in 2002 besluit om ’n konsultant, Dr Arnold Smit, aan te stel om die proses te begelei. Twee van die instrumente wat gebruik is, was EGON<sup>19</sup> se demografiese analise waarvan hierbo kennis geneem is en BUVTON se Bedieningsanalise waaraan 127 lidmate deelgeneem het. Die volgende resultate is verkry:

- Ten opsigte van die keuse van ’n kerkmodel:
  1. transformasiemodel (fokus op betrokkenheid by nood in die samelewing)
  2. liggaamsmodel (lidmaatbetrokkenheid – onderlinge liefde en gawebediening)
  3. verkondigingsmodel (fokus op ampswerk – prediking en huisbesoek)
  4. instituutmodel (fokus op tradisie en orde = keuse baie laag)
- Keuse ten opsigte van die rolle van leraars:
  1. prediker
  2. toeruster
  3. motiveerder
  4. vriend
  5. pastor
  6. bestuurder

---

<sup>19</sup> Vergelyk voetnota 10 in verband met EGON op bladsy 37.




- Bedieningsaspekte, gemeenteklimaat, erediens en betrokkenheidvoorkeure is ook getoets, maar word nie hier uiteengesit nie. Dr Smit se algemene kommentaar was soos volg:
  - daar is 'n beweging weg van wyke in die rigting van kleingroepe
  - spontane verhoudings speel 'n groter ondersteunende rol as georganiseerde inisiatiewe
  - dis 'n relatief gelukkige gemeente
  - dis 'n transformasie-vriendelike gemeente.

Dr Smit se interpretasies van die inligting vir die drie aspekte wat aangespreek moes word, naamlik hervisionering, geestelike leierskap en die bedieningsmodel was soos volg:

- Visie:

Die visie moet gerig wees op die nood in die samelewing, moet die identiteit en potensiaal van die gemeente ontwikkel, moet duideliker geformuleer word, deur die prediking ondersteun word, kreatief uitgebeeld word, deur uitvoerbare missies en implementeerbare aksieplanne ondersteun word en moet in mense se harte leef en deelname wek.



- Geestelike leierskap

Daar moet eenvormige leierskap gegee word. 'n Geestelike leier of vaandeldraer moet toesien dat die visie konsekwent uitgedra word. Die leierskap moet inspireer en energieer. Leiers moet aangewend word in rolle volgens hulle gawes en talente. Daar moet onderskeid gemaak word tussen geestelike leierskap en operasionele bestuur. Skrifgetroue prediking moet praktiese riglyne bied vir die hedendaagse lewe.

- Bedieningsmodel

Die gemeentestruktuur moet by die visie aanpas. Die kerkraad moet fokus op visiegedrewe aktiwiteite teenoor bedryfsaktiwiteite. Die bedieningstrukture moet aanpas by die diversiteit in die gemeente. Die bedieningsfokus moet na die nood buite die gemeente verskerp word. Die gemeente moet deur middel van konsultasie en

deelneming meer deelneem aan besluitnemingsprosesse. Die eredienste moet aanpas by die diversiteit en behoeftes van die gemeente en die beplanning, aanbieding en choreografie van die erediens moet van hoogstaande gehalte wees.

Deur middel van 'n deeglike strategiese proses is elkeen van die aspekte tydens 2002-2003 aangespreek:

- Gemeentevisie

Gemeentelede het op 18 November 2001 deelgeneem aan 'n visiegesprek en verskeie voorstelle gemaak. Op 27 Julie 2002 het die kerkraad onder leiding van die konsultant, besluit om die gemeente se visie te verander na:

*ROODEKRANS DEEL LEWE.*

Nadat gemeentelede op 10 November 2002 deelneem aan 'n werksessie (onder andere met kleimodelle) om die visie uit te brei met missies, besluit die kerkraad op 25 November 2002 op die volgende missies:

ROODEKRANS DEEL LEWE deur:

- *aanbiddend voor God te leef*
- *groei in geloof te bevorder*
- *in liefdevolle verhoudings met mekaar te leef en*
- *met woord en daad na ander uit te reik.*

- Geestelike leierskap

Die proses wat in Roodekrans in die verband gevolg is, sal hieronder bespreek word.

- Gemeentemodel

Gedurende 2003 het 'n nuwe bedieningsmodel in Roodekrans sy beslag gekry. Eerstens was daar hoogste waardes bepaal by 'n werksessie op 2 Maart 2003, wat gefinaliseer is op 16 Maart 2003. Tydens April is verskeie ander gemeentes en kerke besoek en is daar toe verskeie werksessies deur 'n werkgroep gehou waarin die bedieningsmodel ontwerp is. Nadat die gemeente-konsultant hieroor gepreek het, is die gemeente gevra om insette te lewer, voordat die bedieningsnetwerk op 26 Mei 2003 goedgekeur is (bylaag hieronder).

Dit is dus duidelik dat die hervisioneringsproses in die gemeente sake op alle terreine wou aanspreek. Allereers is gekyk na die gemeenskap en die roeping van die gemeente ten opsigte van hierdie gemeenskap. Daarna is gekyk na die dinge wat vir die gemeente sy grootste waardes is en toe is die bedieningsmodel daarop gebou. Die kwessie van geestelike leierskap word natuurlik intens geraak deur die soort skuiwe wat in die proses gemaak is. Daar het uitgangspunte ten opsigte van kerkmodel, strukture of kanale vir bediening en ten opsigte van van die rol van leiers in die proses plaasgevind.

## **NG ROODEKRANS BEDIENINGSNETWERK 2003...**

*’n Proses van byna 2 jaar (Sep ’01 – Jul ’03) se besinning en strategiese beplanning, ook met die insette van Dr Arnold Smit as konsultant, lê agter ons. Dit het gelei tot konteksanalise, gemeente-analise en daaruit die opstel van ’n nuwe **visie en missie**, deeglike besinning oor **leierskap** wat die toekenning van nuwe mandate aan die leraars en die aanwys van ’n leierleraar behels het en dan ook die opstel van ’n nuwe **bedieningsmodel**, wat ons ’n bedieningsnetwerk noem.*



### **VISIE ROODEKRANS DEEL LEWE**

Jh. 10:10; Ps. 85:7; Jh. 4:14;7:38

#### **CREDO:**

Ons glo

In een *lewende* God,

Die **Vader** van wie ons almal die *lewe* ontvang,

Die **Seun** wat deur *Sy lewe* die *nuwe lewe* moontlik maak,

Die **Heilige Gees** wat die *nuwe lewe* in ons sigbaar maak.

#### **MISSIE:**

#### **ROODEKRANS DEEL LEWE DEUR:**

- *aanbiddend voor God te leef*
- *groeï in geloof te bevorder*
- *in liefdevolle verhoudings met mekaar te leef*
- *met woord en daad na ander uit te reik*

#### **WAARDES:**

#### **IN ROODEKRANS HEG ONS DIE GROOTSTE WAARDE AAN:**

1. Prediking en woordbediening wat suiwer, dinamies en toepaslik is vir vandag
2. Dinamiese eredienste wat verskeie behoeftes en spiritualiteite akkommodeer
3. ’n Biddende lewenswyse met gebed-, lofprysing- en aanbiddingsgeleentehede
4. Geestelike groei en ontwikkeling van spiritualiteit van lidmate
5. Geloofsbegeleiding van die jeug tot Woordkennis, geloofsgroei en geloofsgemeenskap
6. Die prioriteit van gesinne en daarom ook die ontwikkeling van ’n gesinsbediening
7. Ondersteunende verhoudinge en netwerke waar ons vir mense omgee en sorg

8. Ware gemeenskap van geloof deur vir mense 'n tuiste in groeigroepe te vind
9. Die ontwikkeling van lidmate se gawes tot diens in verskeie bedieninge
10. Uitreik na die gemeenskap en wêreld
11. Doeltreffende operasionele bedryf om die bedienings te ondersteun

### BOUSTENE VIR ONS BEDIENINGSNETWERK

1. **BEDIENINGS:** Dit is die werk van gelowiges en groepe gelowiges in diens van die Here. Die karakter van kerklike prosesse en strukture is diens aan God, mekaar en alle mense. Daarom kies ons om van bedienings as die kanale/strukture te praat. Die aflewingskanale of bedieningstrukture is vir die missie belangrik, maar met so min as moontlik voorskrytelikheid.
2. **NETWERK:** Dit verwys veral na die verhoudingselement wat op alle vlakke van die sisteem funksioneer sodat spanwerk en koördineringsreëls van die spel is. Dit verwys meer na die manier as die struktuur, meer na die prosesse as die vaste vorme, meer na verhoudings as organisasie vir die bediening. Verdere beginsels van netwerke is dat hulle lidmate en leiers energieer, toerus, bemagtig en verantwoordbaar maak. Daar sal ook 'n groot verskeidenheid netwerke wees wat gedentraliseer funksioneer.
3. **NETWERKSTRUKTURE:** Dis kanale waardeur die netwerk van bedieninge vloei:
  - ❖ **Groepe en groepleiers:** Die lewe en bediening van die gemeente berus op groepe gelowiges wat saamleef en saamwerk. Vrywillige assosiasie in groepe van verskillende soorte soos vir gesinne, belange, bybelstudie of dienswerk, is die basis waarop groepe saamgestel word, alhoewel roeping en toewysing vir diens ook 'n rol speel vir diensgroepe. Goeie verhoudings, samewerking in en tussen groepe en spanwerk is deel van die netwerk. Aanbidding, geloofsgroei, verhoudings en uitreik is elemente van alle groepe, met meerdere of mindere klem. Groepleiers neem die leiding in die groepe
  - ❖ **Bedieningsfokusse en netwerkleiers:** Ons hoogste waardes het 9 fokusareas in ons bediening aangetoon. Die energering, bemagtiging, koördinerings en samewerking van groepe wat veral aan hierdie fokusarea werk, word deur 'n netwerkleier gedoen. Dit staan teenoor 'n formele struktuur van vergaderings, verslae en kontrole.
  - ❖ **Gespreksforums en werkswinkels:** Groepe en netwerkleiers kan gespreksforums en werkswinkels benut as maniere vir beplanning, toerusting en belyning van bedienings.
4. **PLAT STRUKTUUR:** Teenoor 'n diep, hiërargiese struktuur, word funksionering op gelyke basis, sonder onnodige kontrole en beheer bevorder. Gesag setel nie in strukture en posisies nie, maar word op verhoudings gebaseer.
5. **STRATEGIES EN OPERASIONEEL:** Onderskei bedienings wat direk die bevordering van die missie, visie en waardes (strategies) dien en die wat ondersteunend daartoe is (operasioneel/bedryf).
6. **NOG ELEMENTE VAN DIE BEDIENINGSNETWERK:**
  - ❖ **Spontaniteit:** Bedienings ontstaan spontaan vanweë die behoefte daarvoor of vanweë die visie van lidmate of leiers.
  - ❖ **Buigsaamheid:** Baie ruimte word gegee vir die unieke ontstaan, samestelling en funksionering van bedienings, solank dit in lyn met die gemeentevisie is.
  - ❖ **Besluitneming:** Besluite word in groepe en bedieningsfokusse geneem. Sake wat die gemeente as geheel raak, word na die gemeenteraad vir besluitneming verwys. Doeltreffende deelnemende besluitneming moet voortdurend bevorder word.
7. **DIE BASIS VAN DIE BEDIENINGNETWERK:**
  - ❖ **Gawegeoriënteerd:** Die basis vir bediening lê in die gawes van lidmate wat in diens van die gemeente en gemeenskap beoefen moet word en nie in ampte en amptelike pligte (wykstelsel) nie
  - ❖ **Lidmaatskap:** Gebaseer op verbintenis, verhoudings, vrye assosiasie en diens en nie slegs op formele lidmaatskap en geografiese begrensing in wyke nie.

8. **LEIERSKAP:**
- ❖ **Groepleiers en netwerkleiers:** Soos hierbo (by 3) genoem moet leiers die beginsels van netwerke nastreef en begelei hulle saam met die groep die bediening, teenoor kommissies en vergaderings as formele strukture soos in die verlede.
  - ❖ **Leraars:** Hulle word aangewend volgens hulle gawes, passie en persoonlikheid en ook volgens die behoeftes in die gemeente. Hulle is nie bedieningsleiers nie. Hulle skuif van 'n hoofsaaklike bediening van versorging, gekoppel aan wyke, na 'n bediening van bemagtiging.
9. **GEMEENTERAAD:** 'n Skuif van 'n verteenwoordigende na 'n rigtinggewende raad. Die raad se mandate sal hoofsaaklik visionering, strategiese beplanning, personeelsake en begroting wees.
10. **VISIE EN MISSIE:** *Roodekrans deel lewe* en ons missiestellings verskaf die rigting waarin die bedienings beweeg

## ROLLE EN INTERAKSIES IN ONS BEDIENINGSNETWERK

Die uitgangspunt was om die rolle en interaksies van die netwerkstrukture duideliker uit te klaar, ook ter wille van die doel om dit uiteindelik te kan bemark.

### 1. GROEPE EN GROEOPLEIERS

#### ➤ **Groep**

- ❖ Alle groepe in die gemeente kan as groeigroepe beskou word omdat die basis daarvan gemeenskap van geloof is en minimum vereistes soos dat die groep mekaar ondersteun, saam bid, die Woord deel, saam diens doen en gereeld bymekaarkom, deel van alle groepe (ook groepe vir dienswerk en selfs die gemeenteraad) kan wees. Kleingroepe bestaan gewoonlik uit sowat 12 lede, maar daar kan ook sekondêre groepe wees wat groter is en dan die erediens, 'n tersiêre groep, as die grootste groep
- ❖ Groepe bestaan dus uit verskeie soorte soos vir gesinne, wyke, bybelstudie, belange en diens
- ❖ Vrywillige assosiasie is die basis van inskakeling van die meeste groepe
- ❖ Diensgroepe word ook saamgestel uit mense wat vrywillig assosieer of saamkom vir diens, maar kan ook op grond van die visie van leiers bymekaar geroep word.
- ❖ Groepe werk saam, koördineer of netwerk met ander groepe en veral met groepe in dieselfde bedieningsfokus

#### ➤ **Groepleiers**

- ❖ Die groepleier neem leiding in die groep
- ❖ Sy/haar primêre taak is visionering en begeleiding van die groep
- ❖ Die groepleier is verantwoordbaar vir spesifieke dienswerk van 'n diensgroep.
- ❖ Die groepleier werk voortdurend aan ontwikkeling van ander leiers in die span.
- ❖ Hy/sy koördineer/netwerk met ander groepleiers en netwerkleiers.
- ❖ Hy/sy sorg dat die groep se diens bely is met die visie van die gemeente

### 2. BEDIENINGSFOKUS EN NETWERKLEIERS

#### ➤ **Bedieningsfokusse**

- ❖ Die bedieningsfokusse verteenwoordig die missies en hoogste waardes in die gemeente.
- ❖ Elke bedieningsfokus moet strategies beplan om daardie fokus uit te bou.
- ❖ Die koördinasie tussen verskillende diensgroepe wat met 'n bedieningsfokus te doen het, ander groepe en tussen verskillende bedieningsfokusse, kan deur middel van gespreksforums en werksinkels bewerkstellig word.

#### ➤ **Netwerkleier**

- ❖ Hy/sy moet die visie vir 'n bedieningsfokus uitbou.
- ❖ Hy moet toesien dat die bedieningsfokus bely is met die gemeentevisie.
- ❖ Hy moet voortdurend werk aan die begeleiding en ontwikkeling van groepleiers
- ❖ Hy werk aan die energering, bemagtiging, koördinasie en samewerking van groepe
- ❖ Aanwysing: Hy/sy kan vanuit die bedieningsfokus en samewerkende groepe na vore kom, maar kan ook deur die leierskap geïdentifiseer en aangewys word.

### 3. OPERASIONELE BEDRYF EN BEDRYFSLEIER

- **Operasionele bedryf**
  - ❖ Goeie administrasie
  - ❖ Goeie infrastruktuur en fasiliteite
  - ❖ Rentmeesterskap as verantwoordelikheid van alle lidmate en bestuur van gawes en fondse
  - ❖ Maksimale aanwending van Personeel
  - ❖ Bemarking en kommunikasie
- **Bedryfsleier en netwerkleier**
  - ❖ Die rolle van die netwerkleier hierbo is ook van toepassing
  - ❖ Koördinasie tussen groepe, netwerkleiers, leraars en gemeenteraad veral met betrekking tot operasionele sake
  - ❖ Verantwoordbaar met betrekking tot die bedryf van die gemeente
  - ❖ Sitting op die gemeenteraad

### 4. LERAARSPAN EN LERAARS

- **Leraarspan**
  - ❖ Beginsels vir groepe geld ook vir die leraarspan as uitgangspunt
  - ❖ Agenda meer teologies as bestuur
  - ❖ Wedersydse aanmoediging en evaluering met betrekking tot bedieningsfokusse
  - ❖ Koördinasie as span en gesamentlike bydrae tot totale bediening.
  - ❖ Leierleraar is die skakel tussen geheelbediening, gemeenteraad en leraars. Kommunikasie en deelnemende besluitneming is belangrik.
  - ❖ Insluiting van gesinne soos relevant
- **Leraars**
  - ❖ Profiel (gawes, passie en persoonlikheid) en die behoeftes van die gemeente moet gebalanseer word.
  - ❖ Gerig vanuit die visie: (Jh 10:10 ensovoorts en 1 Kor 3:1)  
Die leraars se unieke bydrae vind veral daarin uitdrukking dat hulle naby God leef as die bron van LEWE vir hulleself, hul bediening en vir die gemeente. Die leraars moet in hulle harte (Bybelse verstaan en lewe voor God) en hande (bedienings) die visie, “Roodekrans deel lewe”, voorleef en help uitleef en so die gemeente hou by die geheim van sy bestaan. Die visie: *Roodekrans deel lewe* gee die rigting waarin al die leraars se bedienings beweeg. Dit is ook vanuit die Woord en visie dat hulle teologiese insette moet lewer. Hier lewer hulle as span en individueel dus ook ’n bydrae tot die visie en strategie van die gemeente as geheel.
  - ❖ Aanwending met betrekking tot bedieningsfokusse (Hd 13:1-3)
    - ✓ Skuif van hoofsaaklik ’n bediening van versorging gekoppel aan wyke, na ’n bediening van bemagtiging vir bedienings. Dit sluit in dat hulle by lidmate, leiers en bedienings teenwoordig is (presensie), visioneer, engeer en fasiliteer. Dit sluit dus ook begeleiding van strategiese prosesse by die bediening in.
    - ✓ Hulle is nie bedieningsleiers nie, maar lewer insette tot bedienings wat bemagtiging – dit wil sê visionering, , toerusting, ontwikkeling en ondersteuning insluit. Navorsing, prosesbegeleiding en betrokkenheid by byeenkomste vorm deel van hulle bydrae.
    - ✓ Hulle belê dus veral in die ontwikkeling van leiers
    - ✓ Hulle sorg vir belyning van bedienings met die gemeentevisie en missie
    - ✓ Hulle kan ook begeleiding verskaf met betrekking tot die oorgange van lidmaatinskakeling
  - ❖ Pastorale sorg:
    - ✓ Lidmate se onderlinge sorg vir mekaar as gelowiges en versorging in groepe vorm die basis vir lidmaatversorging (“...gelyke sorg vir mekaar dra...1Kor 12:25b-26 )
    - ✓ Pastorale versorging deur leraars berus op vrye assosiasie, dit wil sê lidmate kan kies wie hulle wil nader vir pastorale sorg.
    - ✓ Leraars sal pastoraal primêr in hulle bedieningsaanwending betrokke wees.
    - ✓ Geografiese toewysing van leraars sal net as ondersteuning dien waar lidmate nie deur bogenoemde ondervang word nie.
  - ❖ Prediking in lyn met hulle gawes en hulle bedieningsaanwending



- ❖ Leraarsmandate: Bogenoemde vorm die uitgangspunte vir die mandate van elke leraar. Slegs die spesialisasie of bedieningsfokus van elke leraar kan hierby gevoeg word. Verdere uitgangspunte is:
  - ✓ Mandate in plaas van pligtestate en mandate gebou op bedieningsfokusse
  - ✓ Dit vorm eerder 'n vertrekpunt as eindpunt
  - ✓ Die mandate vorm die raamwerk vir evaluering en ontwikkeling in plaas van prestasie-meting.

Die volgende spesialisasie as mandate word aan die leraars toegeken:

- ❑ Ds Gerrie van Deventer: Leierleraar – mandate deur kerkraad toegeken op 16 September
- ❑ Ds Koos Uys: Bedieningsfokus = lidmaatbegeleiding
- ❑ Ds Roelof Minnaar: Bedieningsfokus = gesinne
- ❑ Ds Manie Botha: Bedieningsfokus = jeug

## 5. GEMEENTERAAD

### ➤ **Mandate**

- ❖ Visionering, strategiese beplanning en rigtinggewing
- ❖ Personeelsake
- ❖ Begroting
- ❖ Verantwoordbaarheid vir die gemeente as geheel

### ➤ **Samestelling**

- ❖ Ampshalwe: Leierleraar + bedryfsleier (netwerkleier vir bedryf) en diaken vir finansies
- ❖ Nege lede met kundigheid van strategiese beplanning en wat die gemeente rigtinggewend kan lei.
- ❖ Die gemeenteraad kan te enige tyd netwerkleiers vra om hulle byeenkomste by te woon en mag ook nuwe lede tot die gemeenteraad koöpteer. Daar sal ook weë – soos gereelde gespreksforums – gevind moet word om in kontak met die netwerkleiers te bly. Die opstel van die begroting veronderstel samewerking van die gemeenteraad en die netwerkleiers.
- ❖ Leraars:  
Die uitgangspunt is dat die ander leraars nie die vergaderings van die gemeenteraad hoef by te woon nie. Hulle word losgemaak om hulle aandag aan hulle bedieningsfokusse te wy. Hulle lewer wel hulle bydrae tot die strategiese proses deur middel van die leraarspan (A-team) en op allerlei ander punte soos by die bedieningsfokusse en by werkwinkels en gespreksforums.

Kerkordelik is dit net op twee maniere moontlik:

- ✓ Kerkorde 1998 (Die kerkraad bestaan uit die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens)

Die leraars se betrokkenheid en bydrae tot die gemeenteraad kan soos volg wees:

- Die leraarspan vorm 'n groep wat deur die leierleraar hulle gesamentlike insette tot die gemeenteraad lewer.
- Leraars woon op uitnodiging vergaderings by wanneer hulle bedieningsfokus intensief bespreek word.
- Leraars woon vergaderings by waar groot besluite oor personeel en begroting geneem word

Kerkorde 2002 (Die kerkraad bestaan uit bedienaars van die Woord asook ouderlinge en diakens wat as kerkraadslede verkies is. Daar kan ook bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens wees wat nie in die kerkraad dien nie)

### ❖ Voorsitterskap:


Die uitgangspunt is dat die nuwe gemeenteraad hulle eie voorsitter aanwys. Die werkgroep beveel eger aan dat die leierleraar vir die eerste 6 maande as voorsitter sal dien. Die redes daarvoor is dat daar eers 'n kultuur vir die gemeenteraad gevestig moet word en dit nie nou al duidelik is wie die lede van die gemeenteraad sal wees nie.

### ➤ **Verkiesing**

- ❖ Gemeente en kerkraad: Die gemeente kan lede nomineer en die kerkraad verkies die gemeenteraad.

- ❖ Nominasie: Daar sal 'n nominasiebrief voorberei word wat lidmate moet gebruik om lede te nomineer. Inligting soos persoonlike besonderhede, geloofslewe, kerklike betrokkenheid en bekwaamheid met betrekking tot rigtinggewende denke en strategiese beplanning sal gegee moet word.

Na konsultasie met die leraars is daar 'n bedieningsmatriks wat die bedieningsnetwerk voorstel, opgestel. (Bedieningsmatriks hieronder)



Skets 2-9 Bedieningsnetwerk Roodekrans

Dit moet genoem word dat die bedieningsnetwerk intussen in November 2004 weer aangepas is sodat al die leraars ook op die gemeenteraad dien en dat die netwerkleiers ook as diakens op die raad dien. Na evaluasie is gedink dat dit beter kommunikasie tussen die raad en die bedieninge sal bewerkstellig.

c. Oor leierleraarskap

Daar is reeds hierbo daarna verwys dat die hervisioneringswerkgroep reeds in 2002 vir Dr Arnold Smit gevra het om aan die saak van geestelike leierskap aandag te gee.



Daarna is die BUVTON vraelys gedoen en hierbo is sekere terugvoer en interpretasies gegee na aanleiding van die resultate.

As daar gevra word na die motiverings in Roodekrans vir die totstandkoming van die pos van leierleraar, dan moet die hele hervisioneringsproses, die behoefte daarmee saam aan visionering, geestelike leiding en rigtinggewende leierskap en die terugvoer van die gemeente wat getoon het dat daar 'n definitiewe behoefte daaraan is, die agtergrond daarvoor vorm. Daarom besluit die kerkraad op 27 Julie 2002 op die aanwys van 'n leierleraar. Die proses in Roodekrans het soos volg geloop:

- *Bepaling van mandate*

Die gemeentekonsultant fasiliteer op 16 September 2003 by 'n spesiale kerkraadsvergadering 'n proses waarin die mandate bepaal word. Die terugvoer van die BUVTON vraelys, die paradigmaskuiwe en die skuiwe in gemeentegrootte (Mann 1998 – waarna later verwys word), word as agtergrond gegee. Die raad besluit dan om die volgende mandate aan die leierleraar toe te ken


- bevorder geestelike verdieping in die gemeente
- sorg dat die Woord dinamies, lewensveranderend en relevant verkondig word
- verseker gekoördineerde kommunikasie tussen al die rolspelers in die gemeente
- begelei strategiese beplanningsprosesse met betrekking tot die bediening
- motiveer die gemeente en leierskorps ten opsigte van die gemeentevisie
- verseker gekoördineerde bestuur van toerustingseleenthede vir die leierskorps
- verseker dat die verskillende behoeftes van gemeentelede vervul word (diversiteit)
- sorg dat daar verantwoordbaarheid (“accountability”) in die sisteem is.

- *'n Spanproses onder leiding van die konsultant*

Die gemeentekonsultant fasiliteer die leraars in 'n werksessie van drie dae (17-19 Sep) waarin die leraars hulle eie profiele, bedieningsdrome en die aanwys van 'n leierleraar deurgewerk het. Daar is gekyk na die mandate. 'n Situasië-analise gedoen na aanleiding van BUVTON se vraelys waarin daarop gewys is dat daar gapings bestaan met betrekking tot die volgende:

- Visie → bedieningsmodel
- Bedieningsmodel → leraarsrolle
- Leraarsrolle → rigtinggewende leierskap

In die spanprofiel is die MBTI persoonlikheidsprofiel (Vergelyk voetnota - bladsy 40) gebruik om inligting te verkry oor die bydrae wat elke leraar tot die span kan maak. Een leraar is 'n ekstrovert, saaklik, en aanpasbaar, twee leraars soek veral na harmonie en goeie verhoudings en die respondent se bydrae lê veral by organisering en beplanning. Volgens die Belbin Team Role analise<sup>20</sup> het dit na vore gekom dat die respondent die enigste een in die span is wat sterk as 'n *shaper* meet. Dit het na vore gekom dat die leraars kreatief en idealisties is, strukture problematies vind, probleme ervaar met afhandeling en te veel kere almal betrokke is. Die gevolgtrekking was dat daar behoefte aan leierskap is wat kan sorg dat besluite deurgevoer word en dat daar fokus in die bediening is. Die leraars het ook verskeie voorbehoude en vrese uitgespreek, maar tegelykertyd ook saamgestem oor die voordele wat dit vir die bediening kan inhou.



Die leierleraar se verhouding tot die ander leraars is deeglik bespreek en die volgende voorbehoude en voordele is genoem:

- Voorbehoude:

Die moontlikheid dat die leierleraar die res van die span kan oordonder of oorheers deur inmenging, eie idees voorop te stel of sy eie ding te doen. Die moontlikheid dat die harmonie in die verhouding versteur kan word, onder andere deur professionele jaloesie, onderskeid, vrees vir konflik en 'n gebrek aan openhartigheid. Die betwyfeling van die vermoë of bevoegdheid van die leierleraar kan ook lei tot 'n gebrek aan lojaliteit, vertroue en aanvaarding.

- Voordele:

Die leraar kan die span help om beter gerig te wees op die visie. Die leierleraar neem inisiatief om die span te help om meer effektief en gekoördineerd te werk. Hy kan die span help om beter op hulle rolle te fokus. Hy kan die span help om as 'n eenheid

---

<sup>20</sup> Die Belbin Team Role is 'n verdere instrument waarmee die tipiese optrede van spanlede binne spanverband gemeet word.

te funksioneer. Hy moet ook eenvormige kommunikasie tussen die gemeente en die leraarspan bevorder.

Verder is daar ook ooreengekom dat daar 'n behoefte aan leierleraarskap is op grond van


- die grootte van die gemeente, naamlik korporatief (Mann 1998)
- die aard van die gemeentebediening in 'n oorgangstyd
- die leraarsprofiel dui daarop dat 'n leierleraar nodig is.

- *Aanwysing deur die kerkraad (16 Oktober 2002)*

Die gemeenteraad het eerstens die volgende beginselbesluite geneem:

- die aanwysing van 'n leierleraar is 'n integrale deel van die gemeente se toekoms
- die leierleraar het die mandaat om rigtinggewende leiding te neem op 'n dienende wyse
- die leraars is bewus daarvan die leierleraar een van hulle sal wees
- die kerkraad is die volwaardige party/licgaam wat die leierleraar aanwys.

Na al bogenoemde prosesse het twee leraars hulleself vir die pos beskikbaar gestel. Die navorser is toe as leierleraar aangewys.



- *Implementering van die pos*

Die leierleraar ontvang die mandaat vanaf Oktober 2002. Dit word ook ooreengekom dat die leierleraar se dienskontrak voortdurend ondersoek en aangepas sal word.

Die eerste taak was om rigtinggewende leiding te neem in die ontwerp van die bedieningsnetwerk wat hierbo beskryf was. Op 26 Mei 2003 is die bedieningsmodel goedgekeur, op 20 Julie word die nuwe gemeenteraadslede bevestig en op 28 Julie konstitueer die raad vir die eerste keer. Die uitdaging was nou om die bedieningsnetwerk te implementeer, leiers in alle bedieninge te vestig en doelgerig die visie uit te leef.

Die implementering van die pos het dus saamgeval met die implementering van die bedieningsnetwerk. In albei gevalle was daar wel suksesverhale. Die implementering van een bedieningsmodel na die ander het relatief glad verloop. Dit was in sekere

opsigte besigheid soos voorheen! Die leierleraar was in elk geval visie-draer en organisasie-leier as begeleier van gemeentebou en as voorsitter van die kerkraad. In die nuwe model het dit net voortgegaan. Sowat 85% van die bedieninge het in elk geval bestaan, bekend as aksies en hier en daar met ander benaminge. Die nuwe bedieninge, soos gesinsbediening en lidmaatbegeleiding, het eintlik ook aangesluit by dienswerk wat net minder georganiseerd gedoen is.

Daar was egter in die implementeringsfase verskeie tekortkominge. Eerstens was daar in die oorgang van een bedieningsmodel na die volgende verskeie misverstande oor rolle van leiers en oor wat nou werklik anders is en wat verwag word. Onsekerhede is waarskynlik nie genoegsaam uitgeskakel nie en daar is te min gedoen om leiers te begelei. Sekere bedieninge is ook nie maklik gevestig nie. Tweedens het die gemeente tydens die derde kwartaal 2004 'n veldtog rondom “Doelgerigte Lewe” oftewel *The Purpose Driven Life* (R Warren 2002) gehad. Dit het 'n groot impak op die gemeente gehad. Die gemeente was sedert 2003 by die SAVGG (Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes) betrokke. Daar het menings ontstaan dat die SAVGG (as vyf jaar strategiese proses met eie taal en styl) die moontlikhede van die Doelgerigte Lewe veldtog (as korter termyn program, maar met langer termyn strategiese moontlikhede) nie aanvullend nie, maar teenwerkend funksioneer. Die verskil van mening hieroor (met die leierleraar 'n voorstander van SAVGG) veroorsaak verskille en selfs konflik in die leraarspan. Derdens was die leierleraar vir langer as twee jaar steeds die voorsitter van die gemeenteraad (Vergelyk ooreenkoms - ses maande as oorbrugging voorsitter) en is hy baie betrek by bedryfstake en operasionele rompslomp.

#### d. Oor leierskap as spanwerk

Leierskap in makrogemeentes is leierskap in spanverband. Die volgende primêre spanne is uit die oogpunt van die leierleraar van groot belang.

- *Die leraarspan*

Die leraars in Roodekrans het daarop geroem dat hulle 'n besondere goeie span is. Dit kom veral na vore in die feit dat dit 'n span is wat meer as kollegas is en wat ook in baie opsigte vriende is. Die gesinne kom bymekaar tydens verjaardae van gesinslede,

kuier soms somer net saam, eet saam en gaan jaarliks vir 'n naweek saam weg vir 'n spanbou geleentheid.

Die leraars as kollegas kom weekliks vir 'n oggend bymekaar waar daar saam beplan word met betrekking tot die eredienste en werksaamhede van die week. Verder word daar kwartaalliks vir drie dae weggegaan waar daar saam voor God verkeer word, die volgende kwartaal se werksaamhede en eredienste beplan word en waar noue bande gesmee word. Baie inisiatiewe vir die gemeente vloei voort uit hierdie geleentheid. Goeie verhoudinge in die span is as basis vir kollegaskap beskou.

Uit die persoonlikheidsprofile van die leraars self en vanuit die evaluasie van die gemeente, soos hierbo genoem, was daar behoefte aan rigtinggewing en deurvoering van besluite in hierdie span. Daar was voorsien dat leierleraarskap hierin 'n bydrae sou kon lewer. Soos reeds genoem, het daar egter konflik in die span gekom en die respondent se mening is dat die volgende sake daartoe bygedra het:

- die struikelblokke in die implementeringsfase wat hierbo genoem is
- die botsings met betrekking tot die Vennootskap van Gestuurde Gemeentes en ander programme wat die rigting en visie van die gemeente bepaal
- 'n gevoel van marginalisering by die ander leraars

Die feit dat daar nie van die ander leraars verwag was om die gemeenteraad se vergaderings by te woon nie, het hulle laat voel dat hulle nie genoegsaam by besluitnemingsprosesse betrokke is nie.

- onkundigheid en foute van die leierleraar self, waaronder:
  - 'n aanvanklike oorwig van besluitnemingsbevoegdheid as voorsitter van die raad, dagbestuur en betrokkenheid by al die bedryfsgroepe
  - 'n aanvanklike fokus op te veel bestuurstake in plaas van die primêre fokus op visionering en strategiese prosesse
  - oorhoofse verantwoordelikheid het 'n indruk van beheer en kontrole geskep.
- besware teen die term 'leierleraar' en betwyfeling van die filosofie daaragter:
  - 'leierleraar' kan die indruk skep dat een leraar belangriker as die ander is en dat dit 'n hiërargiese sisteem bevorder.

- daar is beweer dat dit 'n filosofie is wat uit ander oorde, soos charismatiese kerke en groot makrogemeentes (byvoorbeeld Willow Creek CC) kom, en dat dit vreemd aan die Gereformeerde tradisie is.

- o die noodwendige paradigmaskuif met betrekking tot leierleraarskap

Dit is die indruk van die navorser dat NG Kerk leraars moeiliker as gemeentede by die paradigma-skuif van leierleraarskap mag aanpas. Dis 'n skuif van die tradisionele rol van 'n predikant in 'n pastormodel, waar almal byna gelyke take en verantwoordelikhede het, na vollediger spesialisasie in bediening tot by leierleraarskap.<sup>21</sup> Leraars kan veiliger voel in 'n tradisionele sisteem waarin almal op gelyke basis as leiers optree, waar daar 'n korporatiewe leierskap van die leraarspan is en waar die gemeenteraad finale verantwoordelikheid vir besluite het.

→ Dit blyk dat besware oor leierleraarskap kan voorkom en dat begrip en takt nodig sal wees in die hantering daarvan. Inklusiwiteit van al die leraars, 'n gevoel van deelwees van die leierspan en betrokkenheid by deelnemende besluitnemingsprosesse word as belangrik geag. Die rol van 'n leierspan, korporatiewe leierskap en die finale besluitnemingsmag van die raad kan steeds in die leierleraarskap-model geld en is nie noodwendig uitsluitend nie. Leierleraars kan egter wel 'n rol ter koördinerende, rigtinggewing en uitvoering binne dié groepe speel.

Daar was 'n konstruktiewe proses om 'n aanvaarbare oplossing vir die leraars te bereik. Die botsings en konflik wat na twee jaar van leierleraarskap wel in die span was, is in verskeie sessies openhartig en deeglik hanteer. Die leier van die Personeelbediening het gesprekke oor die mandate gefasiliteer. Die bedieningsmodel is aangepas sodat al die predikante weer deel van die raad sou wees en sake, soos die SAVGG, wat die rigting van die gemeente raak, is in die gemeenteraad uitgepraat. Daar is ooreengekom dat die belangrikste funksies /mandate van 'leierleraarskap' steeds uitgevoer sal word. Die funksies behels die volgende:

---

<sup>21</sup> Volgens Alice Mann (1998) se model (familie-, pastor-, program- en korporatiewe-grootte gemeentes) beteken dit dat daar 'n terugval gekom het na beginsels vir 'n kombinasie van pastor- en program-grootte modelle.

- visionering en strategiese beplanning
- transformasie begeleiding
- leierskapsontwikkeling
- kommunikasie.

Die gemeenteraad besluit om die benaming van leierleraar na *visieleraar* te verander en om bogenoemde mandate vir 'n verdere drie jaar aan die respondent toe te ken. Funksies met betrekking tot prediking, spiritualiteit en aanspreeklikheid word as gesamentlike verantwoordelikheid van al die leraars gesien en die bedieninge in die gemeente is onder die leraars herverdeel om 'n gelyker verspreiding van verantwoordelikheid te bewerkstellig.

Die navorser beskryf hierdie prosesse as voorbeeld daarvan dat konflik en implementeringsprobleme nie op onversoerbare breuke hoef uit te loop nie, maar wel deur middel van konflikhanteringsmeganismes uitgewerk kan word.

- *Die leierspan*

Hier verwys die navorser/respondent na die groter leierspanne soos die ander personeel, die gemeenteraad en bedieningsleiers. 'n Kontemporêre ontwikkelings in makrogemeentes is juis dat leierskap breër as die leraarspan verstaan word.

Die ander personeel vorm daarin 'n eerste belangrike kring. Saam met leierleraarskap in Roodekrans het ook die totstandkoming van die “Bedryfsleier” pos gekom. Die behoefte aan iemand wat bedryfsake soos finansies, administrasie, eiendomme en kommunikasie kan bestuur, het veral tot die pos gelei. Verder moet die bedryfsleier ondersteuning bied in die prosesse waar daar van die rigtinggewende besluite na die implementering op bedieningsvlak beweeg moet word, waar die visie en missies in praktiese aksieplanne moet realiseer, waar strategie na praktyk vertaal moet word. Die implementering van die pos het egter ook sy eie aanpassings- en fokus-probleme. In Roodekrans kom al die personeel weekliks saam voor God bymekaar waar hulle vir mekaar en die werksaamhede bid. Daar word werk gepraat en beplan. 'n Nuwe verhouding van begeleiding, ondersteuning en energering tussen die leierleraar en ander leraars en die personeel is van groot belang.

Dan sluit die leierspan natuurlik ook die gemeenteraad in. Toe die gemeenteraad 'n klein span van net 10 lede was, was dit deel van die taak van die leierleeraar om 'n verhouding van vertroue met die groep te bou. Nou dat die span uitgebrei is met die ander leraars en bedieningsleiers, is die aspek van verhoudinge steeds belangrik, maar nie die alleen-taak van die leierleeraar nie. Sake soos visionering, begeleiding met betrekking tot strategiese denke en bemagtiging is egter steeds van groot belang. 'n Nuwe verhouding tussen die leierleeraar, leraars en voorsitter van die gemeenteraad is belangrik.

- *Die bedieningspan*

Die bedieningsmodel sê dat die leraars skuif van 'n bediening van versorging in wyke na 'n bediening van bemagtiging, asook dat hulle nie bedieningsleiers is nie. Lidmate aanvaar verantwoordelikheid vir mekaar se pastorale versorging, veral deur middel van groeigroepe. Die leraars is wel op verskeie maniere pastoraal beskikbaar maar sal veral konsentreer op die begeleiding van leiers en lidmate met betrekking tot die bedieningsfokus aan hulle toegeken. Die praktyk het egter getoon dat daar steeds baie behoefte aan pastoraat van leraars is, veral waar mense nie in groeigroepe ingeskakel is nie. Verder is daar met betrekking tot leraar-betrokkenheid in bedieninge gevind dat die matriks (hierbo) nie voldoende is nie en dat leraars wel aan meer bedieninge as net hulle primêre fokusarea gekoppel moet word. Hulle is weliswaar nie bedieningsleiers nie, maar word steeds as baie belangrik gesien in die begeleiding van die bedienings (Vergelyk A.Smit, 1995 – presensie, visionering, fasilitering en energering)

Dit is ook tans vir die gemeente duidelik dat daar nie net tyd en energie belê sal moet word in hierdie bedienings- of netwerkleiers nie, maar dat daar meer doelgerig aandag gegee sal moet word aan die ontwikkeling en begeleiding van die groepleiers en lidmate vir spesifieke bedieninge.



→ Bevindings en kommentaar


- *Transformasie*

Roodekrans lê in 'n snel uitbreidende groter omgewing. Die transformasie in die land as geheel, die demografiese verskuiwings in die omgewing en die generasie-skuiwe word in hierdie gemeenskap sterk beleef.

In die gemeente was daar 'n gevoel dat die visie nie die behoeftes van die gemeenskap aanspreek nie, dat die bedieningsmodel herontwerp moes word en dat nuwe vorme van leierskap benodig word.

- *Leierleraarskap en leierskap*

Leierleraarskap het ontstaan as deel van 'n transformasie- en hervisioneringsproses. 'n Deeglike begeleidingsproses het die pos daargestel. Funksies soos visionering, strategiese beplanning, leierskapsontwikkeling, lering en toerusting, bestuur/verantwoordbaarheid en die wees-funksie in terme van spiritualiteit word ook hier opgetel. Dit blyk dat leierleraarskap 'n paradigmaskuif verg wat soms vir die leierleer self en vir sy kollegas moeilik is om te maak. Daar sal voortdurend besin moet word oor die kern funksies van leierskap wat wel in tye van transformasie vir gemeentes nodig is.



## **2.3 ENKELE VOORLOPIGE BEVINDINGS:**

### **2.3.1 Transformasie**

#### a. Transformasie in die gemeenskap

Dis duidelik dat transformasie in baie opsigte 'n groot rol gespeel het in die herontwerp van bedieningsmodelle en leierskaprolle in elk van die gemeentes. Transformasie met betrekking tot die Suid-Afrikaanse konteks wat te doen het met politieke, ekonomiese, demografiese, kulturele en generasie verandering is 'n deurlopende goue draad deur al die verhale.

b. Transformasie in gemeentes

In elke gemeente is iets daarvan beskryf dat daar 'n bewustheid gekom het dat vorige modelle van gemeente-wees – veral die wykstelsel en herder-kudde-model – nie meer aan die behoeftes voldoen het nie. Prosesse van herbesinning oor basiese vertrekpunte het die gemeentes gebring by 'n doelbewuste keuse waarin die rol van begaafde lidmate eerder as uitgangspunt geneem sal word eerder as die ampte. Visionering, strategiese beplanning, 'n soeke na 'n nuwe identiteit en nuwe roepingsbewustheid het in al die gemeentes 'n al groter rol begin speel.

### **2.3.2 Leierleraars en leierskap**

Die ontstaan van die spesialiteit rondom leierleraars hou in elke geval direk verband met die transformasie wat in die gemeenskap en gemeentes plaasgevind het. 'n Sterk behoefte aan visionêre leierskap en strategiese rigting is in elke geval as deel van die mandate van die leierleeraar beskryf. Transformasie-begeleiding is miskien in die verband 'n meer omvattende beskrywing. Byna al die funksies wat die leierleraars by hulle gesprekke genoem het, naamlik: visie-dra, kultuurskepping, fasilitering van strategiese prosesse, kommunikasie, toerusting, leierskapsbemagtiging, spanleierskap en oorhoofse verantwoordelikheid was in elke gemeentes, miskien met verskillende benamings aan die leierleraars toegeken.

Bogenoemde kan 'n mens miskien laat vra of die leierskapsmodel – *Missional Leadership* - van Roxburgh (1998:183-220) - nie 'n belangrike bril kan vorm waardeur ons na die ontwikkeling in makrogemeentes moet kyk nie. Dit sal in die volgende hoofstuk aandag kry, terwyl daar ook verskeie ander lense gebruik sal word om na transformasie en leierskap te kyk


**ADDENDUM****Lys van leierleraars - 2005**

Die lys van leierleraars hieronder is saamgestel na byeenkomste van leierleraars in September 2004 te Lama Lama wildsplaas naby Pretoria en in April 2005 te Zikomo in die Strand. Die lys is nie volledig nie, maar gee wel 'n aanduiding van gemeentes in die NG Kerk wat reeds leierleraars aangewys het. Daar is hierbo in hoofstuk twee aandag gegee aan inhoude van gesprekke in hierdie groep.

Naam	Gemeente	Werk nr.	Huis tel	Sel nr.	E-pos
Gerrie van Deventer	Roodekrans	011 768 1398	011 764 3586	083 453 6896	<a href="mailto:gerrievd@webmail.co.za">gerrievd@webmail.co.za</a>
Herman Breytenbach	Krugersdorp Oos	011 955 4667	011 955 3226	082 883 3612	<a href="mailto:hbreyten@lantic.net">hbreyten@lantic.net</a>
Pieter vd Walt	Paarl	021 872 4112	021 872 2167	082 839 1076	<a href="mailto:wingerd@new.co.za">wingerd@new.co.za</a>
Hennie du Pisanie	Kuilsrivier-Suid		021 903 4361	082 968 2062	<a href="mailto:hennie@suidkerk.org.za">hennie@suidkerk.org.za</a>
Anton Fick	Pierre v Ryneveld	012 662 1708	012 662 1490	083 967 2275	<a href="mailto:anton@pvr.co.za">anton@pvr.co.za</a>
Theo Marais	Constantiakruin	011 475 1440	011 679 3655	082 570 0769	<a href="mailto:theomngk@iafrica.com">theomngk@iafrica.com</a>
Jannie Swart	Fontainebleau	011 796 6800	011 791 6897	083 301 8730	<a href="mailto:jannies@iafrica.com">jannies@iafrica.com</a>
André van Niekerk	Skuilkrans		012 803 8945	082 807 4528	<a href="mailto:anvan@absamail.co.za">anvan@absamail.co.za</a>
Hannes Theron	Helderberg	021 851 5582		083 375 8443	<a href="mailto:hannes@nghelder.co.za">hannes@nghelder.co.za</a>
Danie van Tonder	Pellissier (Bfn)		051 442 4917	083 411 6966	<a href="mailto:javu@mweb.co.za">javu@mweb.co.za</a>
Willie Coetzee	Pioniers Park (WHK)	09264 64 243434	09264 812 565389		<a href="mailto:whjc@iway.na">whjc@iway.na</a>
Marius Nel	Doornpoot		012 547 1041	083 973 1428	<a href="mailto:marius-nel@lantic.net">marius-nel@lantic.net</a>
Quintus Smit	Lynnwood			082 821 8094	<a href="mailto:qcml@mweb.co.za">qcml@mweb.co.za</a>
Lourens Bosman	Garsfonteinpark		012 998 9433	082 839 8841	<a href="mailto:lbosman@garspark.org.za">lbosman@garspark.org.za</a>
Ferdie Clasen	Tygerpoort		012 807 0535	082 379 2458	<a href="mailto:fclasen@ngtygerpoort.org.za">fclasen@ngtygerpoort.org.za</a>
Leon Westhof	Elarduspark	012 345 1144			<a href="mailto:leonwesthof@ngelarduspark.org.za">leonwesthof@ngelarduspark.org.za</a>

### 3. VERANDERDE KONTEKS EN LEIERSKAP

In die vorige hoofstuk is daar lokale analises en interpretasies (Hendriks 2004:24 – vierde punt van sy metodologie van teologie) van kontemporêre ontwikkelings in makro- gemeentes gedoen. In hierdie hoofstuk wil die navorser in ’n breër konteks kyk na tendense wat lig op transformasie en leierskap kan werp. In aansluiting by Hendriks (2004:19-24) se metodologie van die “doen van teologie”, word hier aangesluit by sy derde faset, naamlik dat teologie oor ’n spesifieke tyd en plek binne ’n geglobaliseerde wêreld gaan. In sy skets (vergelyk hoofstuk een) verteenwoordig dié hoofstuk dus die linkerkant van die kruis waar geloofsgemeenskappe binne die groter en huidige konteks van die wêreld getoon word. Hendriks (2004:27) sluit aan by Hall wat sê dat *contextual theology* eintlik ’n tautologie is omdat Christelike teologie volgens definisie kontekstueel is. In hierdie verband kan verwys word na wat Eddie Gibbs<sup>22</sup> *the skill to exegete our culture* noem. Hier kan ook aangesluit word by teologie as interpretasie waar vrae soos “Wat gaan hier aan? Hoe moet ons reageer op dinge wat ons konfronteer?” gevra word.



Die navorser wil na die makrokonteks<sup>23</sup> kyk, naamlik dit wat tans in die wêreld as geheel en in Suid-Afrika spesifiek aan die gebeur is. Daar moet ook gekyk word na tendense wat in die mikrokonteks, dit wil sê in kerklike en gemeentelike verband aan die gebeur is. Die tendense waarna gekyk word kan uiteraard nie geskei word nie, maar hou ten nouste met mekaar verband. Dit hou verband met die ‘ekologie’ van die elemente met ander woorde na die interafhanklikheid waarin die elemente in verbinding tot mekaar bestaan. Hendriks (2004:27) sluit aan by Schreiter wat wys op die *increasingly interconnected character of all human, political, economic and social life on earth*.

<sup>22</sup> Gibbs het tydens die NG Kerk se Predikantebyeenkoms op 21 Junie 2005 onder die titel *Listening to our world* ’n aanbieding gedoen wat oor kontekstualisering, die kulturele konteks, kulturele skuiwe en leierskap gehandel het. Hierin sê hy dat ons nie net die vaardigheid moet hê om ’n eksegeese van die Skrif te doen nie, maar dat ’n eksegeese van die konteks en kultuur waarin bedien word, net so belangrik is. Sy toespraak is beskikbaar by [www.kerkweb.org](http://www.kerkweb.org) > 25 Oktober 2005

<sup>23</sup> Wanneer Hendriks (2004:69-104) kontekstuele analise bespreek, maak hy ’n ander onderskeid met betrekking tot die makro-, meso- en mikro-vlakke van die omgewing wat ’n invloed op die gemeente het.

Hier gaan onderwerpe hanteer word wat baie wyd en algemeen is en waaroor daar al baie navorsing gedoen is. Die bedoeling van die navorser is dus nie om enigsins 'n volledige bespreking van onderwerpe te gee nie, maar slegs noodsaaklike teoretiese raamwerke te beskryf wat ons kan help om die konteks van transformasie / veranderinge en die invloed daarvan op leierskap beter te verstaan. Die hipotese van hierdie studie is immers dat *transformasie eietydse en kontekstuele ontwikkelings in leierskap vereis*. Hendriks (2004:21) sien teologie as een dissipline en is daarom baie omvattend. Tegelykertyd is sy klem 'gemeente teologie' en beskryf hy omvattend die konteks en verskeie fasette van gemeenteweese. Baie van die elemente van sy studie (*Types, models and systems, contextual-, identity-, process-, resource- analysis and change and leadership*) beskryf elemente wat ook vir die doel van hierdie studie van groot belang is.

### 3.1 TRANSFORMASIE IN DIE MAKROKONTEKS

*On the morning of December 26, 2004 a magnitude 9.3 earthquake struck off the Northwest coast of the Indonesian island of Sumatra. The earthquake resulted from complex slip on the fault where the oceanic portion of the Indian Plate slides under Sumatra, part of the Eurasian Plate. The earthquake deformed the ocean floor, pushing the overlying water up into a tsunami wave. The tsunami wave devastated nearby areas where the wave may have been as high as 25 meters (80 feet) tall and killed nearly 300,000 people from nations in the region and tourists from around the world. The tsunami wave itself also traveled the globe, and was measured in the Pacific and many other places by tide gauges.*<sup>24</sup>

Sweet (1999b:16-17) vergelyk die transformasie waarin die christendom haar tans bevind met 'n tsunami (gety- of vloedgolf). Hy het 'n boek *FaithQuakes* as oorlewingsgids vir die seismiese veranderinge, wat ten minste 9.0 op die kulturele Richterskaal meet, geskryf. Hy sê egter dat hy toe nie besef het hoe gevaarlik die postmoderne golf kan wees nie. Hy sê dat aardbewings, vulkane en asteroïde soms

---

<sup>24</sup> Inligting is by <http://www.ess.washington.edu/tsunami/Sumatra.htm> > 25 Oktober 2005, bekom.

tsunami's veroorsaak Daar was 17 *killer tsunamis* sedert 1975. Toe 'n 9.2 skudding Alaska op 'Goeie Vrydag' in 1964 tref het dit die krag van 25 000 Hirosjima atoombomme vrygestel en tsunami golwe van 100 voet hoog veroorsaak<sup>25</sup>. En wie sal die tsunami van 26 Desember 2004 oor Suid-Oos Asië wat hierbo beskryf is, vergeet asook die verwoesting wat die orkaan Katrina met sy 244 km p.u. en 7m hoë golwe in New Orleans veroorsaak het? Sweet (1999b) sê dat postmodernisme so 'n vloedgolf veroorsaak wat 'n hele nuwe wêreld skep. 'n Mens sou miskien selfs kon sê dat die talle aardbewings, orkane en tsunami's wat ons wêreld tref, simbolies is van die verskeie fasette van transformasie wat ook ons sosiale, kulturele en godsdienstige wêreld tref. Hierdie omvangryke verandering of transformasie sou ook as paradigmaskuiwe<sup>26</sup> beskryf kon word. Hieronder net 'n baie kort voëlvlug oor enkele fasette.

### 3.1.1 Christendom vs. Post-Christendom

Dit is veral vanuit die sendingwetenskap dat die transformasie in die Christendom-era raakgesien is. Newbigin (1957) het na sy terugkeer uit Indië nuut na die kerk in Europa gekyk en beskryf hoe die hele sisteem van die Christendom-paradigma opbreek. Mead (1991) skryf oor verlore paradigmas en hoe die kerk herontwerp moet word vir 'n nuwe sendingveld. David Bosch (1991) skryf, kort voor sy dood, sy epiiese werk: *Transforming mission. Paradigm shifts in theology of mission*. Mead (1991:8-29) beskryf drie paradigma-fases:

#### a. Die Apostoliese paradigma

Die eerste drie eeue was die fase waarin die kerk die roeping van Christus gehoor het om as gestuurdes in die wêreld uit te gaan om te dien, te bekeer, siekes te versorg en die uitgestote mense te ondersteun. Gelowiges het hulle identiteit in hul missie gevind, Die plaaslike gemeente was die sentrale realiteit. Die wêreld was vyandig teenoor gelowiges, maar die geloofsgemeenskap het met passie in die wêreld getuig.

---

<sup>25</sup> Bogenoemde inligting is by [www.gksa.org.za/kerkblad.htm](http://www.gksa.org.za/kerkblad.htm) - 56k > 25 Oktober 2005, bekom.

<sup>26</sup> Hendriks (2004:19) definieer paradigma as: *a mindset; a philosophical and theoretical framework of a scientific school or discipline within which theories, laws, and generalizations and the experiments performed in support of them are formulated.*

b. Die Christendom paradigma

In die vierde eeu begin 'n nuwe paradigma met die bekering van keiser Konstantyn in 313 n.C. Daarna word die Christendom in naam en wetlik die amptelike godsdiens van die staat. Die kerk en staat word geïdentifiseer. Guder (1998:6) beskryf die Christendom as *the system of church-state partnership and cultural hegemony in which the Christian religion was the protected and privileged religion of society and of the church in its legally established institutional form*. Mead (1991:14-22) bespreek verskeie implikasies van hierdie era, naamlik: die vermenging van heilige en sekulêre, die sending wat veraf is en imperialisme en sending wat saamgaan, die gemeente as parogie, die dryf na eenheid, die leek se rol in die kerk is dat hy/sy deur geboorte deel word van die kerk en dan net die kerk en predikante moet ondersteun deur gehoorsaamheid en lojaliteit. Hy toon hoe die laaste generasies van Christendom hierdie fasette toepas. Onder andere is die rol van pastors binne die grense van gemeentes gesien as 'n soort kapelaan wat alle mense, maar veral vir die wat tot die gemeente behoort, versorg. Die bediening is gedoen en beheer deur die geestelikes (*clergy*) en hulle het daarvoor opleiding ontvang.

c. Die tyd tussen paradigmas (Post-Christendom)

Mead (1991:30) vergelyk die veranderinge wat plaasvind met die val van die Berlynse muur, die broodbom wat uit sy ou blare groei of die skuiwe met betrekking tot aardbewings. Hy kon veertien jaar gelede nog net van 'n tussentyd praat, waar die bediening van leke (gelowiges) na vore kom, die wêreld en kerk onderskei en geskei is en almal nie meer as christene beskou is nie, die gemeenskap nie 'n deel van die religieuse wêreld is nie en die voorkeur van die kerk die deur na die sendingveld geword het. Hy toon die volgende krake wat in die Christendom na vore gekom het:

- *Die rol van die kerklike personeel / predikante (Clergy)*

In die Christendom was die bediening in die hande van die geestelikes - *clergy were the ministry*. Hulle was die kapelane en bewaarders van die gemeenskap. Dit is besig om op te breek, terwyl klerikalisme (*clericalism*) die verandering bemoeilik. Predikante soek na nuwe rolle as sosiale aktiviste, geestelike direkteure, bemagtigers, gemeenskaps-organiseerders, opvoeders of beraders. Soms word dit net by die tradisionele prediker, pastor en administrateur bygevoeg.



- *Die rol van die leke*

Die rol van die gelowige is nou nie net om die gemeente te ondersteun nie, maar lidmate is as gelowiges dienend in die wêreld besig, moet komplekse etiese kwessies hanteer en word dienswerkers in die gemeente.

d. Uitdagings in die Post-Christendom

Die uitdagings vir die kerk in die na-Christendom word deur Mead (1996) in 'n volgende boek beskryf (*Five challenges for the once and future church*). Hy noem die volgende:

- *To transfer the ownership of the church*
- *To find new structures to carry our faith*
- *To discover a passionate spirituality*
- *To feed the world's need for community*
- *To become an apostolic people*

Dis veral die eerste uitdaging wat hier van groot belang is. Mead wys daarop dat klerikalisme<sup>27</sup> 'n groot gevaar vir die kerk is. Tekens daarvan word gesien in dinge soos dat gemeentes hulle geld op predikante spandeer, dat besluite hoofsaaklik deur predikante gemaak word, dat standarde deur predikante bepaal word, dat breër kerklike besluite predikante se stemme vertoon, dat predikante-taal gehoor word, dat opleiding van predikante baie duur is dat predikante die reëls bepaal. Die eienaarskap van die kerk moet aan lidmate oorgedra word.<sup>28</sup>

→ Sekerlik sien mens heelwat elemente van die betrokkenheid van kerk en kultuur, van vaste struktuur en van die rolle van predikante en lidmate van die Christendom-paradigma, wat hierbo beskryf is, in Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Tegelykertyd sien mens krape en die beweging na 'n Post-Christendom paradigma. Die invloed daarvan op die rolle van lidmate en predikante is duidelik geïllustreer in die gemeente-praktyke wat in hoofstuk twee beskryf is.

---

<sup>27</sup> *Clergy* verwys na geestelikes of predikante en *clericalism* verwys dan na 'n sisteem waarin die geestelikes of predikante oorheersend funksioneer teenoor die lidmate van die kerk.

<sup>28</sup> Vergelyk hier die bedieningsnetwerk van die NGK Roodekrans waar die uitgangspunt vir die bediening die begaafde lidmate en nie die bediening van die ampte is nie – hoofstuk 2.



Die opbreek van die Christendom-paradigma het eintlik al tot 'n groot mate met die Verligting en Modernisme begin wat hieronder ter sprake sal kom.

### 3.1.2 Modernisme vs. Post-Modernisme

Die onderskeiding hierbo tussen modernisme en post-modernisme verwys eintlik na filosofiese en kulturele tydperke in die wêreldgeskiedenis. McLaren (2000:160) haal vir Fryling aan wat die tydperke soos volg uitbeeld:

- Tradisionele kultuur – die priester gekleed in sy toga  
'n Kultuur waarin die priesterlike goddelike gesag, geopenbaarde waarheid, gesanksioneerde gewoontes, absolute reëls en aanvaarde rituele gevestig is.

- Modernistiese kultuur – die wetenskaplike met sy wit laboratorium jas

Die wetenskaplike het volle vertroue in individualisme, rasionalisme (navorsing en rede kan die waarheid vind), tegnologie en vooruitgang.

- Postmodernisme – die 'rock' musikant geklee in byna enigiets.

Die musikant is teleurgesteld, ontugter en skepties teenoor priester en wetenskaplike.

McLaren (2000:160-162) vergelyk dit met Crichton se dramas van *Jurassic Park* (wat die moderne wêreld se droom na kontrole voorstel) en *The Lost World* (wat die ontugterde oorlewendes wat oop is vir realiteit en fantasie, voorstel).

#### a. Modernisme

Die terme modernisme en post-modernisme is ingewikkeld en omvattend en nie so maklik te definieer nie. Cahoon (1995:1-33) beskryf die kompleksiteit van die begrippe. Hy sê as 'n mens die etimologie van 'modern' na die Latynse *modernes* terugvat, dan verwys dit na "nou" en dus die huidige tyd, met dien verstande dat dit verskil van vorige en daar 'n diskontinuiteit met die vorige bestaan. Hy stel dit soos volg:

*To believe that there is such a thing as modernity is to believe that there is a cluster of different kinds of social phenomena (political, intellectual, cultural, economic, technological, industrial, artistic) that are relatively coherent, exhibiting common traits or exemplifying common principles, and that is the cumulative product of an historical process occupying the 'modern' era.*

Rossouw (1995:3-10b) sê dat modernisme veral verwys na die Westerse wêreld soos dit na die Middeleeue en vanaf die tydperk van die Verligting tot vandag ontwikkel het.<sup>29</sup> 'Modern' verwys dus veral na die Europese kultuur soos dit sedert die 19de eeu se Verligting in politieke en ekonomiese oorheersing van die Europese en Europees-ontstaande gemeenskappe gevestig en veralgemeen is. Daarom word van 'n 'Eurosentryse modernisme' gepraat. Dit verwys na tegnologie, wetenskaplike praktyke, industriële produksie en lewenstandaard wat veral in Europa verrys het.

Modernisme kan nie sonder die Verligting, wat hoofsaaklik vanaf die 17de eeu begin opbloeï het, verstaan word nie. Bosch (1991:262-267) noem die volgende kenmerke van die Verligting: *It is the age of reason; subject-object scheme; elimination of purpose; progress; knowledge as factual, value-free and neutral; all problems are solvable and emancipated, autonomous individuals.* Descartes se *Cogito, ergo sum* (Ek dink, daarom is ek) vat sekerlik die kern hiervan saam.

Die kenmerke van die Verligting vorm die ruggraat van die modernisme. Cahoon (1995:8-13) wys op die dinamiese verandering, vooruitgang van kennis en tegnologie, integrasie (interafhanklikheid, sentralisasie), disintegrasie (spesialisasie, fragmentasie, pluralisasie en dekontekstualisasie (verwysend na die verloor van tradisie, gemeenskap, 'n publieke sfeer en 'n oorkoepelende ideologie as metanarratiewe/ 'meesterverhale' konteks vir denke), die rasonale, vervreemding en die funksionele as kenmerke van die modernisme. In aansluiting hierby noem Rossouw (1995b:3-8) die volgende vyf eienskappe van die modernisme: vertroue op verstandelike; 'n dinamiese en steeds veranderende wêreld; individualisme (byvoorbeeld in die politiek die liberale demokrasie en in die ekonomie die mark-ekonomie); integrasie (politie – burokrasie, ekonomie – industrieë en massaproduksie); spesialisasie.

#### b. Postmodernisme

Postmodern verwys na 'n 'na-die-nou', na die toekoms en na 'n nuwe diskontinuiteit, waar daar 'n onderskeid van die samelewing, kultuur en intellektuele kultuur van die moderne tyd is.

---

<sup>29</sup> McLaren (2000:191-192) sê dat ons die geboorte van die modernisme ongeveer op 1500 n.C. kan aanteken toe wêreld-veranderende ontdekkings, tendense en uitvindings begin het. Dis toe Columbus (1492) die era van oorwinning begin het met die Westerse verowering van die wêreld met sy kultuur, taal, ekonomie en godsdiens en toe dit wat oorwin was, beheer moes word.

- *Postmodernisme as reaksie teen modernisme*

Cahoone (1995:13-33) en Rossouw (1995b:7-8) wys op die verskeidenheid reaksies op die modernisme waarvan postmodernisme nou die sterkste vergestaltung van 'n reaksie teen modernisme is. Lötter (1995:42) wys daarop dat daar nou 'n beter verstaan van modernisme kom en dat aan die een kant besef word dat baie van 'n vorige wêreld verloor is (byvoorbeeld ryk tradisies, sekuriteit, gevestigde moraliteit, spiritualiteit, respek vir die natuur) en dat daar in die plek daarvan dinge soos burokrasie, nasionalisme, verbruikerskultuur en 'n gekommersialiseerde wêreld gekom het. Die positivisme is geskud met realiteite soos die Tweede Wêreldoorlog, kernbedreiging, baie oorloë, verlies van waardes, identiteit en betekenis, omgewingsrampe. Lötter (1995:45) haal vir Lyotard aan wat sê dat die meesterverhale (metanarratiewe) van die modernisme – soos dat onbeperkte wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang ons sal help om 'n ideale goeie lewe te bereik, dat 'n klaslose, harmonieuse en voorspoedige gemeenskap van gelykes daargestel sal word – hulle geloofwaardigheid in die postmodernisme verloor het. Die negatiewe kante wat hierbo beskryf is, het mense eerder in reaksie teen modernisme gelaat.

Die feit dat postmodernisme 'n sterk reaksie teen die modernisme is, kom duidelik na vore. McLaren (2000:189-198) sluit by Sweet aan as hy sê dat ons in die postmodernisme – in rekenaarterme - die virusse van modernisme moet *de-bug*. Hy wys op die rasionalisme, empirisisme, naturalisme en sekularisme van die Verligting wat die ruggraat van die modernisme is en sê dat die volgende virusse wat daaruit ontstaan het, uitgewis moet word en met positiewer postmodernistiese elemente vervang word:

- Die oorwin en beheer virus

Na vyf eeue van Europese imperialisme moet oorwinning nou vervang word met gesprek en onderhandeling en beheer vervang word met bemagtiging.

- Die meganistiese virus

Die Christelike groei wat 'n meganistiese, liniêre, vervaardigingslyn geword het, moet vervang word met spiritualiteit en 'n liefdevolle sisteem.

- Die objektiewe / analitiese / reduksionistiese virus

Die soewereine, onbevooroordeelde, outonome, kennende subjekte wat alles tot

objekte gereduseer het, moet met iets meer holisties en misterieus vervang word.

- Die sekulêr / wetenskaplike virus

Die vermyding van spiritualiteit deur die wetenskaplike, objektiewe, redelike en rasionele fasette, roep in die postmodernisme na waardes, doel, betekenis, missie, passie, wysheid, geloof en 'n dieper spiritualiteit.

- Die individualisme virus

Die individualisme wat ook in die kerk die *me and Jesus, me and my Bible, me and my spiritual growth, me and my salvation* met sy *me-oriented evangelism and consumer spirituality of self-interest* geword het, moet vervang word 'n 'ons' evangelie.

- Die organisatoriese virus

Die virus van individualisme en meganisasie vorm saam 'n hibried in die organisatoriese virus. Individue word klein masjiene in die groter organisatoriese masjien en so word georganiseerde godsdiens sleg. Dit moet vervang word met 'n *spiritual community*.

- Die verbruikers virus

Die kerk het in laat-modernisme hervorm om 'n onderneming te word – *a purveyor of religious goods and services*.<sup>30</sup>



- *Maar wat is postmodernisme dan?*

Die vraag is of postmodernisme ook nuwe wêrelde na 'n tyd van modernisme oopsluit? Wat is dan die beginsels en uitgangspunte van die postmodernisme? McLaren (2000:163-169) wys op die kernwaardes in die postmodernisme:

- 'n Skeptisisme met betrekking tot sekerhede

Hy verwerp egter die mite dat postmodernisme nie in absolute waarhede glo nie. Hy meen dat dit wel absolute kennis verwerp omdat die mens nie die vermoë het om alles met absolute akkuraatheid te verstaan of oor te dra nie. Daar word egter aanvaar dat daar wel absolute waarhede bestaan.

- Sensitiwiteit vir konteks

McLaren (2000:163) haal vir Baljeu aan wat sê: *Every point of view is a view from a point*.

---

<sup>30</sup> McLaren (2000:197) leen die term by Darrell Guder.

- 'n Neiging tot die humoristiese

In postmodernisme word niks te ernstig opgevat nie.

- 'n Waardering vir subjektiewe ervaring

Die realiteite van die lewe en die subjektiewe ervaring wat daarmee saamgaan, maak die lewe mooi.

- Saamwees is 'n rare, kosbare en ontwykende ervaring

McLaren (200:166) sê: *Postmoderns don't want truth without equal doses of love.*

Daarom wil McLaren (2000:172-188) graag sien dat die christelike geloofsgemeenskap die geleentheid in postmodernisme aangryp. Hy meen dat daar nou geleentheid is tot 'n ware christenskap, dat ons waarheid en goedheid kan aansien (byvoorbeeld in gepaste nederigheid, gesonde skeptisisme, 'n dors na spiritualiteit, 'n openheid vir geloof, 'n groter verdraagsaamheid en 'n beperkte relatiwiteit), dat die belangrikheid van geloof na vore tree, dat meer regverdigheid ontstaan, dat ons meer eksperimenteel kan wees, dat die eksistensiële vrae aangespreek kan word, dat na postmoderniste se stories geluister moet word, dat christene ook hulle stories kan vertel, dat nuwe sake (*issues*) na vore tree, dat manipulasie uitgeskakel kan word, dat kunste, literatuur, musiek en drama ontgin kan word in die kommunikasie van die evangelie, dat ons oop moet wees vir die Gees se werk daarbuite, dat ons self soekers moet word en dat ons die waarde van gemeenskap hoog moet ag.

Die positiewe geleentheid wat postmodernisme aan die christelike geloofsgemeenskap bied, word in 'n uitstekende artikel van Rossouw (1995a:75-93) oopgemaak waar hy sê dat die postmoderne kultuur nie die moderne kultuur wil vernietig nie, maar sy kritiese metgesel wil wees. Hy wys dan op die volgende vier fasette en tien uitdagings vir die teologie in 'n postmoderne tyd:

- 'n Breër rasionaliteit

Die subjek-objek paradigma met sy bewyse, logika en sy ontwikkeling in wetenskap en tegnologie is in sy beperktheid deur die quantum fisika oopgebreek na moontlikhede, kans en chaos. Die behoefte aan waardes en doel het ook na vore getree. Dit lei tot die volgende uitdagings:

- Kritiese selfrefleksie
- Betrokkenheid by gesprekke oor moraliteit

- 'n Spiritualiteit van heelheid / holisme
- Narratiewe teologie

○ 'n Breër antropologie<sup>31</sup>

Menslike gedrag word nie alleenlik deur onafhanklike rasonale denke gemotiveer nie, maar die rol van sosialisering, kultuur, ideologie, geloof, mag, emosies en ingesteldheid speel 'n groot rol. Dit stel die volgende uitdagings aan die teologie:

- Styl van kommunikasie: nie net aflaaierig van inligting nie, maar interaktiwiteit.
- Identiteitsvorming: 'n skuif van “Wat glo ons?” na “Wie is ons?”

○ Kundigheid en ervaring

Dis nie net die kundige mening nie, maar ook die wat die realiteit beleef en ervaar wat insette te lewer het. Daarom moet die gemarginaliseerde (arme, huislose, gestremde, derde wêreld, VIGS pasiënt, gays en lesbiërs) se stemme ook gehoor word. Dit stel die teologie voor die volgende uitdagings:

- Om vir die gemarginaliseerde om te gee
- Om van “reg wees” na “reg doen” te beweeg.

○ Die globale wêreld / *Global village*

Die moderne tegnologie en kommunikasie het die wêreld klein gemaak. Dit maak dat interne probleme gou wêreldbekend word en dit bring die verskeidenheid na vore. Dit bring die volgende uitdagings na die teologie:

- Om godsdiens persoonlik, maar nie privaat nie, te maak
- Om die religieuse verskeidenheid te respekteer.

→ Wat hierbo na vore gekom het, was nie alleen 'n verdere aanduiding van die paradigmatiese skuif van modernisme na postmodernisme nie, maar ook van die ingrypende uitdagings en geleenthede wat dit aan die kerk en geloofsgemeenskap bied. Daar is verskeie skrywers wat die soort leierskap bespreek wat nodig is in hierdie besondere transformasietyd. Dit sal hieronder onder “leierskap-skuif” bespreek word.

---

<sup>31</sup> Bosch (1991:267) sê dat radikale antroposentrisme die dominante kenmerk van die modernisme was.

### 3.1.3 Globalisasie en inligtingstegnologie

*Toward the end of the second millennium of the Christian era several events of historical significance transformed the social landscape of human life. A technological revolution, centered around information technologies, began to reshape, at accelerated pace, the material basis of society. (Castells 2000:1)*

Die laaste punt hierbo met betrekking tot postmodernisme verwys na die globale wêreld (*global village*). Die invloed daarvan is egter so omvattend dat dit eerder as 'n verdere massiewe tsunami gesien kan word. Hierbo is verwys na Castells (2000:1-76) wat dit 'n revolusie noem. Hy noem dat die internet sedert die 1960's in die VSA weermag ontwikkel het, maar dat die ontwikkelinge wat vanaf die laaste twee dekades van die vorige eeu plaasgevind het, baie meer behels. Onder inligtingstegnologie verstaan hy onder andere die sameloop van tegnologie in mikro-elektronika, rekenaars (masjien en sagteware), telekommunikasie / uitsending, opto-elektronika, genetiese ingenieurswese sodat ons wêreld 'n digitale wêreld geword het. Castells, 'n Spaansgebore professor in sosiologie, het 'n trilogie oor die informasie-eeu, sy ekonomie, gemeenskap en kultuur geskryf. Hierdie werke karteer die kontoere van 'n nuwe wêreld en word as *seminal* beskryf. Die navorser gaan hier kortliks by Castells, se eerste volume (2000), *The rise of the network society*, en tweede volume (1997), naamlik *The power of identity*, aansluit.

#### a. Oorsig oor die veranderende wêreld (Castells 2000)

Die wêreld is aan die verander as gevolg van 'n kombinasie van globalisasie, informasionalisasie en tegnologie (*globalization, informationalisation and technology*.) Die tegnologiese revolusie het ons wêreld radikaal verander en dit 'n *global village* gemaak waar alles op ons voordeur is. Die wyse waarop die ekonomie, politiek en kultuur funksioneer is deur die verbinding van alles voortdurend verander. Invloed het verskuif van wat Duitsers *macht* noem na *mind*. Plek het verander na kuberruimte (*cyberspace*) waar gemeenskappe tyd saam spandeer en saam dinge doen. Die konsep van tyd het ook totaal verander, waar daar nou van *clock time* (24-uur tyd), *glacial time* (langtermyn en evolusionêre tyd van die natuur) en *timeless time* (waar bogenoemde ingetrek en selfs geïgnoreer word in die kuberruimte waar 'n




virtuele realiteit in die ekonomie, politiek en kultuur geskep word en waar alles op 'n manier onmiddellik is. Die mag van inligting word gebruik deur *globapolitans* wat met die druk van 'n knoppie miljoene mense se lewens kan beïnvloed.

b. Die konstruksie van identiteit en nuwe vorme van identiteitsvorming

Die volgende aanhaling uit Castells (1997:68-69) vat die kern van die veranderende omgewing saam:

*“Globalization and informationalization, enacted by networks of wealth, technology and power are transforming our world. They are enhancing our productive capacity, cultural creativity and communication potential. At the same time, they are disenfranchising societies. ...With the exception of a small elite of globapolitans (half beings, half flows), people all over the world resent the loss of control over their lives, over their environment, over their jobs, over their economies, over their governments, over their countries, and ultimately, over the fate of the earth. Thus, following an old law of evolution, resistance confronts domination, empowering reacts against powerlessness, and alternative projects challenge the logic embedded in the new global order, increasingly sensed as disorder by people around the planet.”*



Hy beskryf dan hoe die netwerk-gemeenskap as identiteit tot stand kom, maar ook hoe legitimasië-, weerstand- en projek-identiteite ontstaan. So is religieuse fundamentalisme, plaaslike nasionalisme, etnisiteit en plaaslike gemeenskappe voorbeelde van weerstand-identiteit en die omgewingsbeweging 'n voorbeeld van projek-identiteit. Die volgende twee aspekte word vollediger bespreek:

- *Die einde van patriargalisme – gesin en seksualiteit* (Castells 1997:134-142)

Patriargalisme word gedefinieer as geïnstitutionaliseerde gesag van alle mans oor vrouens en kinders in die gesinsisteem en die deursuring van die beginsel in hele organisasie van die gemeenskap, van produksie en verbruik tot die politiek, wetgewing en kultuur. Die identiteit van die tipiese patriargale gesin kon nie die paradigmatische verandering ontvlug nie. Dit gebeur in die inligtingseeu as gevolg van die transformasie van die ekonomie, tegnologiese verandering (byvoorbeeld in

biologie en farmakologie), werkende vrouens, sosiale bewegings (byvoorbeeld feminisme, gay en lesbiese groepe) en die vinnige verspreiding van inligting en ander alternatiewe oor die aardbol. Die gevolglike krisis vir gesinne word volledig bespreek.

- *Die aftakeling van die nasionale staat en krisis vir demokrasie* (Castells 1997:243-253)

Disintegrasië en heroriëntasie van die nasionale staat is ook 'n gevolg van die netwerk-gemeenskap. Die nasionale staat word ondermyn en ontmagtig deur die transnasionale kern van nasionale ekonomieë, die feit dat kontrole oor globale kommunikasie netwerke moeilik is, misdaad vergroot, die reaksie-identiteit van plaaslike regerings en die krag van informasie- en vermaaklikheids-politiek. Dit bring 'n krisis vir die demokrasie. Die nasionale staat word irrelevant as gevolg van multilaterale samewerking wat na globale regering en 'n super nasionale staat lei. Dink byvoorbeeld aan militêre organisasies (NATO), omgewingsorganisasies, Verenigde nasies, Europese unie, WTO, G8 en die Wêreldbank.

c. Opmerkings uit 'n teologiese oogpunt

Die gegewens hierbo maak dit duidelik dat daar 'n massiewe golf van versnelde veranderinge oor alle fasette van die samelewing spoel, veroorsaak deur die kraak of aardbewing van die inligtingstechnologie. Dit volg vir die kerk kort na die einde van die post-Christendom en vorm vanuit die postmodernisme eintlik 'n verdere groot revolusie. Hendriks (2005b:127-129) maak die volgende teologiese opmerkings hieroor:

- *Sosiale bewegings*

Die reaksies op die netwerkgemeenskap laat sosiale bewegings soos fundamentalisme, ideologies-gedrewe uitdrukkings tot ekumenies gebaseerde netwerke ontstaan. Die ekumeniese paradigma is al deur Bosch (1991:368-510) vooruitgesien.

- *Identiteit van die kerk*

Die kerk se identiteit sal ook gherdefinieer word, veral in die rigting van die

gemeente as missionêre geloofsgemeenskap.

- *Denomiasionalisme*

Die vermindering in lidmaatgetalle van hoofstroomkerke toon dieselfde tendens as die afbreek van die invloed van die nasionale staat.

- *Plaaslike gemeentes*

Die gemeentes gaan op die voorpunt van ontdekking van identiteit wees en gaan plaaslik moet netwerk met ander bewegings en organisasies.

- *Seksualiteit*

Sosiale reaksie en bewegings met betrekking tot feminisme, gay en lesbiese oriëntasie is reeds in gesprek in Suid-Afrika.

- *Afrika*

Die sentrum of kern van die christendom skuif Suid en Suid-Afrika kan 'n groot rol speel omdat ander lense as die Westerse lense nuwe insigte kan gee.

- *Die globale kapitalistiese ekonomie*

Die probleem van rykes wat ryker word en armes armer, sal aangespreek moet word.

→ Dis duidelik uit bogenoemde dat inligtingstechnologie geweldige transformasie impliseer wat die kerk in die algemeen en plaaslike gemeentes al meer gaan beïnvloed. Gegewens uit sensusse in Suid-Afrika toon reeds 'n bevestiging van tendense wat ook elders in die wêreld gebeur. Die eise wat dit aan die leierskap in gemeentes sal stel met betrekking tot dinge soos die identiteit van die kerk, sosiale en etiese sake en die paradigmaskuiwe wat dit van hoofstroomkerke gaan verg, is omvangryk en enorm.

### **3.1.4 Suid-Afrikaanse konteks**

Suid-Afrikaners kan eie verhale en verskillende verhale van transformasie vertel. Die geskiedenis van Suid-Afrika word vandag baie verder as 1652, toe Jan van Riebeeck voet aan wal gesit het, teruggeneem. Die NG Kerk se verhaal loop egter vanaf daardie datum, oor die groot trek (1836), verby die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), die eerste en tweede wêreldoorloë, die oornam van die Nasionale Party in 1948 en die apartheidswetgewing, die stigting van die Republiek (1961), uiteindelik die vrylating van Mandela (1990) en die begin van 'n regering van Nasionale eenheid

(1994). Die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling in SA sou geen sektor van die lewe onaangeraak laat nie. Daarna is twee beginsels toegepas:

- omvattende transformasie van alle samelewingsektore met die oog daarop om die negatiewe erfenis van apartheid uit te roei en 'n demokratiese, nie-rassige en nie-seksistiese staat en samelewing tot stand te bring; en
- die skepping van 'n liberale demokrasie met 'n grondwet wat meerderheidsregering en 'n handves vir menseregte sou insluit (Durand 2002:9-11).

Durand (2002:10) sê dat hy nie die sinonieme *verandering* of *hervorming* wil gebruik nie, maar *transformasie* omdat dit 'n woord moet wees wat al die emosie daaragter en omvattendheid daarvan moet verwoord. *Trans*-formasie verwys ook na dit wat anderkant lê – die nuwe wat uit die ou vorm na vore kom en het daarom nie net met die verlede nie, maar ook met die toekoms te doen. Burger (1995) het gepraat van oorgangstye, maar toe ook gesê dat dit langer, moeiliker en ingrypender sal wees as wat die meeste besef.

Die fasette van transformasie in Suid-Afrika was net te omvattend om hier enigins eers na alles te verwys, wat nog te sê, volledig bespreek. Die navorser wil slegs na twee fasette verwys, naamlik kerklike interpretasies en aanduidings uit sensus 2001.



a. Aanduidings uit Sensus 2001

EGON, waarvan besonderhede hierbo gegee is, kan volledige besonderhede en interpretasies van sensus 2001 en vorige sensusse verskaf. Hier word daar uiters kursories by enkele gegewens aangesluit.

- *Algemene demografiese data* (Hendriks, Erasmus & Mans 2005:16-26)

- Totale bevolking

Die totale bevolking van 44.8 miljoen Suid-Afrikaners bestaan uit 79% Swartes (vs. 76.7% in 1996), Blankes 9.6% (vs. 10.9% in 1996), Asiërs 2.5% (vs. 2.6% in 1996) en Kleurlinge 8.9% (dieselfde as in 1996).

○ Verstedeliking

Vir die totale bevolking leef 47% stedelik en 53% landelik, terwyl Gauteng 81% verstedelik het.

○ Ouderdom

Suid-Afrika het 'n jong bevolking met 32.1% onder 15 jaar en 43.2 % onder 20jr

○ Behuising

Daar leef 56.8% in formele behuising, 18.7% in tradisionele wonings en 20.5% in informele behuising of plakkerskampe.

○ Taal

Afgesien van IsiZulu (10.7%) en IsiXhosa (7.9%) lê Afrikaans derde met 6.0%, terwyl Engels maar 3.7% se huistaal is.

○ Werk en werkloosheid

Werkend (wat verwys na 'n werk vir salaris, profyt of gesinsvoordeel) is 33.7%, werkloos (ekonomies aktiewe persoon sonder werk) is 24% en ekonomies onaktief (mense buite die arbeidsmark – byvoorbeeld studente, skoliere ens) is 42,9%

→ As jy dié gegewens vergelyk met die gegewens van gemeentes in hoofstuk twee hierbo, dan weerspieël die meeste makrogemeentes nie die Suid-Afrikaanse gemeenskap nie. Dis meestal nog baie homogeen blank en ekonomies baie bevoorregte persone. Baie skuur egter daagliks skouer met 'n breër Suid-Afrikaanse gemeenskap en ervaar transformasie by die werkplek.<sup>32</sup>

• *Godsdienste in Suid-Afrika - denominasionele tendense* (Hendriks 2005a:27-86)

Sensus 2001 het die byna 5000 name van kerke op die vorms in 66 groepe geklassifiseer. Daar het 'n fout ingesluit met betrekking tot aanduiding van die Apostoliese kerke en 'Other Apostolic Churches' wat as Afrika onafhanklike kerke (AIC) geklassifiseer is, wat beteken het dat 'n groot aantal blanke Pinkster mense onder die AIC geplaas is. Desnieteenstaande kan die volgende kern tendense genoem word.

---

<sup>32</sup> Die BEE (Black Empowerment Equity) en regstellende program raak mense se sekuriteit by die werkplek en asook persepsies oor Suid-Afrika en transformasie.

○ Christene in Suid-Afrika

Getalle groei van 74.1% in 1996 tot 79.8% in 2001. Die groei is veral by die Swart en Asiër gemeenskappe, terwyl die blanke- en kleurling-getalle effens verminder. Ontstellend is tog ook die 10.7% wat hulleself as *No Religion/refused/not stated* benoem

○ Denominasionele tendense

Terwyl die hoofstroomkerke (Gereformeerd, Metodis, Congregational, Luthers, Baptiste en Anglikaans) gesamentlik - maar veral die Gereformeerdes - sterk afname in getalle toon, wys die AIC voortdurende sterk groei. Die Gereformeerdes se aandeel aan die blanke mark verminder vanaf 48.2% in 1996 tot 42.8% in 2001. Die Gereformeerde kleurling markaandeel verminder nog meer vanaf meer as 30% voor 1980 tot 14% in 2001. Die NG Kerk se aandeel aan die totale Christelike mark is 8.4% en 38.9% van die blanke aandeel. Wat die Swartes aanbetref verminder getalle ook by die hoofstroomkerke, maar groei sterk by die Africa Independent Churches (AIC), Pinksterkerke en 'Other churches'. Die meeste Asiërs en Indiërs is Hindoes (49.4%), terwyl die getalle van 1996-2001 groei met betrekking tot Moslems en Christene (22.6%-24.6% en 18.6%-24.4% onderskeidelik).

○ Gevolgtrekkings (Hendriks 2005a:82-83)

Die groei in Swart Christene is verblydend, terwyl die afname by blankes moontlik ook aan negatiewe geboortegroei en emigrasie toegeskryf kan word. Gevestigde kerke verloor mense terwyl die AIC, Pinkster en nuwe Onafhanklike kerke groei. Die Gereformeerde kerke is skynbaar onbewus van die grootte van die probleem. Die kern van hul getalle-afname kan die wêreldwye kultuurskuif, die nadraai van apartheid, die interne stryd om eenheid, ander etiese kwessies en die onvermoë van ouer lidmate om by 'n nuwe situasie aan te pas, wees. Hendriks (2005a:83) wys daarop dat die kerk 'n reuse taak in Suid-Afrika het, veral omdat 'n groeiende getal mense hulle assosieer met die Christendom.

b. Kerkspieël en kommentaar

Schoeman en Bisschoff (2005) toon in Kerkspieël 2004<sup>33</sup> dat daar sedert 1996 'n

---

<sup>33</sup> Kerkspieël 2004 is die 7de landswye wetenskaplike opname van die NG Kerk. Dit is in Januarie 2005 gepubliseer.

konstante daling in lidmate van die NG Kerk is. Sedert 2000 na 2004 daal die lidmaatgetal met 84 000. Daar is 'n verouderingsproses aan die gang (in 1981 was 34.6% doop- en ongedoopte lidmate en in 2004 net 24.2%). Dit is volgens die staatsensus toe te skryf aan 'n daling in die blanke geboortesifer en blanke veroudering. Daar is ook nog 'n aanduiding dat die kerk se sensus van 2000 nog 100 000 minder lidmate aantoon as die staatsensus van 2001. Wat migrasie van lidmate betref, is daar aangedui dat die NG Kerk groei van ander Gereformeerde kerke en net 'n verlies van 'n paar honderd lidmate na Charismatiese kerke beleef het – 'n netto wins van 4300 lidmate uit denominasionele migrasie. Die gemeentelike migrasie binne die NG Kerk self beloop reeds 11% - vergelyk aanduidings in hoofstuk twee dat dit in makrogemeentes nog baie hoër is.

Bogenoemde syfers is in die pers met groot berigte beskryf. Onder die opskrif: *NGK: Is dit ja of amen* berig van Zyl in *Huisgenoot* (28 Julie 2005:11) hoe die dooplidmate van 2000 tot 2004 met 10.75% daal, en die betrokkenheid van kinders by jeugaksies met meer as 50% afneem. *Kerkbode* (11 Februarie 2005) berig dat gemeentes met minder as 600 lidmate in 'n stryd om oorlewing gewikkel is, terwyl sommige gemeentes groter as 1200 lidmate dinamies groei. In die artikel word Hendriks aangehaal wat sê: “Die NG gemeentes wat groei, is gemeentes wat...uitbeweeg en missionêre kerke word.”



→ Bogenoemde gegewens is nogmaals 'n aanduiding dat die hoofstroomkerke en in besonder die NG Kerk in 'n baie sterk oorgangsfase en tyd van transformasie is.

### c. Kerklike interpretasies van die transformasie

Die sensusgegewens is 'n tasbare aanduiding van transformasie, maar wat lê daaragter? Wat is die kwalitatiewe beoordeling van transformasie-gegewens? Hoekom gebeur dit? Johann Rossouw (*Die Vrye Afrikaan: 19 Augustus 2005*) stel selfs 'n dossier op waarin verskeie kritiese artikels oor die NG verskyn en hy self onder die opskrif: *Opstand in die NG Kerk* sê dat die rooi ligte vir die NG Kerk brand en hy wys dan op kwessies soos homoseksualisme, Skrifgesag en kerkeenheid wat tekens is van dieper vrae wat gevra moet word. Jackson sê in *Beeld* (2 September 2005) dat die NG Kerk hom klaarblyklik in die middel van verskillende gelyktydige



storms bevind. Hy verwys ook na die getalle-afname, die kwessies van Gereformeerde, gesag van die Bybel, homoseksualisme en kerkeenheid. Hy haal vir Hendriks aan wat sê dat 'n paradigmaskuif onderliggend hieraan lê en vir Burger wat die krisis aan die geestelike vraag oor die roeping van die kerk en die oorgang na 'n dienende kerk toeskryf. Hieronder is 'n verwysing na twee aspekte van die transformasietyd waarin die kerk haarself bevind:

- *Die Afrikaner en sy kerk*

Transformasie en die paradigmaskuif wat hierbo beskryf is, het in die Suid-Afrika en in besonder met betrekking tot die NG Kerk en die Afrikaner as sy hoofsaaklike lidmaatbron, 'n baie spesifieke kontekstualisering gehad. Durand (2002) beskryf hierdie transformasieproses uitstekend en die navorser sluit kortliks by enkele opmerkings aan. Hy sê dat modernisme en sekularisasie<sup>34</sup> en daarmee saam ook die postmodernisme en liberale demokrasie eers sedert 1994 regtig oor die Afrikaner en die NG Kerk gespoel het omdat dit baie effektief teengestaan is. Dis teengestaan deur middel van 'n kollektiewe selfafsondering wat die teelaarde vir 'n burgerlike godsdiens geword het. Die teenstand is ook ondersteun deur die Piëtisme wat as erfenis van die Engelse Puritanisme ingekom het. Die *Nadere Reformasie* het ook 'n Piëtistiese herlewing in Nederland beïnvloed en met die Calvinistiese konserwatisme groot invloed in Suid-Afrika gehad. Hierdie teologie, tesame met Afrikanernasionalisme, het as 'n bolwerk teen die sekularisasieproses gedien. So het 'n burgerlike godsdiens gekom waarmee ook die sekulêre Westerse lewenstyl, wat die Engelsprekende gemeenskap in Suid-Afrika baie dieper geïnfiltreer het, teengestaan is.

Die politieke omwenteling en die ontstaan van 'n sekulêre staat en Liberale Demokrasie in 1994, het egter skielik godsdiensvryheid en sekularisering van alle terreine gebring. Die verleentheid waarin die NG Kerk haarself bevind het oor haar ondersteuning van apartheid en die spoed waarmee alles verander het, het verskillende reaksies ontlok. Die vinnige institusionalisering van moderniteit (met sy sekulêre

---

<sup>34</sup> Durand (2002:22-23) sê dat die woord *sekularisasie* van die Latynse *saeculum* kom wat met *generasie* of *leeftyd* vertaal en met *tydsgees* aangedui kan word. Dit het later in die Christelike literatuur na die teenwoordige wêreld en *verwêreldliking* verwys. Later is na *sekularisasie* verwys wanneer lewensterreine soos wetenskap, kuns, handel en bedryf, opvoeding en politiek ens, van die invloed van die kerk of Christelike godsdiens onttrek is om selfstandig te bestaan.

grondwet, menseregte, vryheid van die pers en godsdiens en liberale ekonomie, het 'n identiteitskrisis vir die NG Kerk en Afrikaner meegebring. Die eerste geslag Afrikaners was ontnugter; die tweede geslag (wat nou na hulle middeljare op pad is) het die *bevryde Afrikaners* geword wat aan die modernisering en globalisering deelneem en min omgee vir Afrikaner tradisies. Hulle is geïnteresseerd in privaatheid, loopbane, familie en vriende. Dan is daar die derde geslag Afrikaners, die jeug, wat hulleself vry voel van die las van die Afrikaner verlede en van vroeg af blootgestel is aan die moderne sekulêre samelewing. Tendense wat nou voorkom is 'n gemak om by die sekulêre openbare lewe aan te pas, 'n bewussyn van individuele vryheid en 'n emigrasie na binne.

Daar kan met Durand saamgestem word dat die NG Kerk deur 'n suiweringsproses sal gaan. Daar sal 'n tweeledige transformasie moet plaasvind. Eerstens sal transformasie na binne rondom die belydenis en Woord moet plaasvind. Durand (2002:65-70) verwys hier na dinge soos die Belhar belydenis, die erediens as ontmoeting met God, struktuurvernuwing waar kleingroepbediening belangriker word en ook die belang van kerkverband en ekumene. Die transformasie na buite sal 'n beweging in die rigting van missionêre diens moet wees.

→ Die voorlopige bevindings uit punt 3.1 hierbo is dat daar geen twyfel is oor diepgrondige transformasie in die globale wêreld en in die Suid-Afrikaanse konteks op nasionale en kerklike vlak nie.

## **3.2 TRANSFORMASIE IN DIE GEMEENTEKONTEKS**

Daar was reeds heelwat verwysings hierbo na die impak van transformasie in die kerklike en gemeentelike konteks. In hierdie deel word die aspekte en invloede van transformasie nou meer spesifiek toegespits op hierdie konteks.

### **3.2.1 Paradigma-skuiwe**

Daar is reeds hierbo na Hendriks (2004:19) se definisie van paradigma verwys. Bosch (1991:185) verwys na Küng se definisie van paradigma:

*Paradigm is...the entire constellation of beliefs, values, techniques, and so on shared by the members of a given community.*

Dit het dus te doen met wat ook *models of interpretation of frames of knowledge / frames of reference of belief systems* genoem kan word.

Dit wat hierbo beskryf is met betrekking tot Christendom – Post-Christendom, Modernisme – Postmodernisme en Informasietegnologie val eintlik alles onder die kategorie van paradigmaskuiwe. In die verband is daar eintlik ook al heelwat hierbo gesê in terme van die invloed wat die paradigmaskuiwe op die kerk en gemeente gehad het en met betrekking tot die paradigmatische transformasie wat dit vandag van die kerk vra. Daarom wil die navorser net baie kursories na enkele aspekte verwys wat in die literatuur na vore kom.

Dit was Newbigin (1957) wat 'n groot rol gespeel het om die paradigmaskuif met betrekking tot die einde van die Christendom era en die aanbreek van die Post-Christendom tydperk uit te wys. Hy het veral gewys op die implikasies wat dit sou hê vir die verstaan van kerkwees (ekklesiologie) en veral met betrekking tot die sending of evangelisasietoekoms van die kerk. Hy wys ook op die belang van die ekumeniese beweging as uitvloeisel van die nuwe situasie. Daar is reeds verwys na David Bosch (1991) se epiese werk: *Transforming mission. Paradigm shifts in theology of mission*. Hy het daarin nie alleen die filosofiese paradigmaskuiwe deeglik beskryf nie, maar veral Skriftuurlik uit die Ou en Nuwe Testament 'n ekklesiologiese begroning van die missie van die kerk gegee. Die wyse waarop die kerk volgens Bosch uit die vasgeloopte situasie van paradigmaskuiwe kan kom, is om sy wese as missionêre kerk te herontdek – *the Christian Church is missionary by its very nature* (1991:365). Daarvolgens is die kerk nie die stuurder van sendelinge nie, maar self gestuurde van God. Daarom die stelling: *Mission<sup>35</sup> is Missio Dei*. Dit impliseer ook die herontdekking van die plaaslike gemeente as gestuurde. Bosch (1991:181-345) beskryf ses eras (*epochs*) wat kerklik en missionêr as paradigmas na vore kom, naamlik:

---


<sup>35</sup> Guder (1998:4) sê *mission* beteken *sending* en sê dat dit die sentrale Bybelse tema is om die doel van God se aksie in die menslike geskiedenis te beskryf.

- Die apokaliptiese paradigma van die vroeë Christendom
- Die Hellenistiese paradigma van die patristiese (kerkvaders) tyd
- Die Middeleeuse Rooms Katolieke paradigma
- Die Protestantse / Reformatoriese paradigma
- Die moderne Verligtings paradigma
- Die opkomende ekumeniese paradigma

In sy beskrywing van elemente van die opkoms van 'n Ekumenies Missionêre paradigma kan reeds die omvattendheid daarvan gehoor word. Hy sien *Mission as*:

*“Church-with-others, Missio Dei, mediating salvation, quest for justice, evangelism, contextualization, liberation, enculturation, common witness, ministry by the whole people of God, witness to people of other living faiths, theology, action in hope.”*

Dit het groot implikasies vir kerkbegrip en vir leierskap in die tye waarin ons leef. Dis juis hierdie uitdagings wat 'n mens anders laat kyk na die identiteit en roeping van die kerk vandag. In hierdie verband kan kortliks verwys word na Mead (1991 en 1996) se bydrae wat reeds hierbo genoem is.



Die quantum veranderinge<sup>36</sup> wat die kerk sal moet ondergaan om in 'n nuwe millenium te oorleef, word deur Gibbs en Coffey (2001) in *Church Next* beskryf. Hulle identifiseer kern areas waarin kerke *transforming transitions* sal moet ondergaan in die lig van die seismiese skuive wat in die kulturele konteks plaasvind (2001:11). Hier word die afname in lidmate van hoofstroomkerke in Amerika en Engeland en die groei in *new-paradigm churches* beskryf. Hulle deel die paradigmas (*worldviews*) in as tradisioneel, modern en postmodern. Die skrywers gebruik Grove se term *strategic inflection point – a time in the life of a church when its fundamentals are about to change*. Bybels gesproke kan van die *kairos* oomblik gepraat word – 'n spesiale Goddelike oomblik waar verskeie betekenisvolle faktore saamwerk om die behoefte aan beslissende aksie te bewerk. Die volgende paragraaf vat belangrike konsepte met betrekking tot transformasie en leierskap saam:

---

<sup>36</sup> Die skrywers sluit aan by Easum se aanduiding van 'n kulturele skuif van die Industriële era na die Quantum era.

*“Moving a church through the stormy waters of change requires an understanding of different ways in which systems work in both modern and postmodern contexts. It requires a team-building ability to group people according to vision, and the gifts and competencies to express the vision in the many pieces of the fractured postmodern world. It requires skills in confidence-building and mentoring. It requires strong faith in the guiding and protecting presence of the Lord in the midst of the storm. It requires gaining freedom to fail with dignity by ensuring that lessons are learned and lives are put back together again after defeat and disappointment. In a culture of chaos, experimentation and risk-taking are the order of the day.”*

Dis maklik om in die huidige krisis van die kerk en in die soeke na nuwe vorme van kerkwees na ’n markgedrewe model te gryp. Gibbs en Coffey (2001:41-68) wys egter nie net op die voordele daarvan nie, maar ook op die wesenlike gevare daaraan verbonde – byvoorbeeld ons onderliggende sondigheid, die ombuiging van die evangelie na persoonlike behoefte-ervulling en dat die evangelie in diens van relevansie omgebuig kan word. Die kerk soek allereers God se wil en God kan behoeftes uitwys waarvan ons nie eers bewus is nie. Wat in hierdie quantum era nodig is, is om God se roeping tot missionêre kerkwees deur middel van kritiese kontekstualisasie te hoor. Hulle drie hoofstukke oor kerklike leierskap sal hieronder ter sprake kom.

In aansluiting by wat reeds hierbo gesê is, is die navorser oortuig dat die uitgesproke en doelbewuste paradigma-skuif wat in die kerk gemaak moet word, dié een is om ’n missionêre kerk te word. Afgesien van die voorlopers in Newbigin en Bosch wat hierbo genoem is, is een van die omvattendste werke om hierdie nuwe uitgangspunt / paradigma / ekklesiologie te beskryf, die werk onder redaksie van Guder (1998). Dit is gebore uit die studie en navorsing van GOCN (Gospel and Our Culture Network)<sup>37</sup>. Die werkgroep se oortuiging is dat die vertrekpunt vir die verstaan van kerk, verby Christendom – Post-Chrsitendom, modernisme, post-modernisme, die *missio Dei*, naamlik die kerk as gestuurde van God is. Die hele teologie en leierskap moet

---

<sup>37</sup> Die GOCN (Gospel and Our Culture Network) bestaan uit verskeie kerke – soos die skrywers van die boek – wat saam besin oor die evangelie in die Noord-Amerikaanse kultuur. GOCN kan besoek word by <http://www.gocn.org> > 4 November 2005

geheroriënteer word onder die missie / sending van God. Die evangelie moet nuut in die spesifieke kultuur<sup>38</sup> gehoor word. Guder (1998:11-12) noem dan die volgende essensiële kenmerke van 'n missionêre ekklesiologie: Bybels, histories, kontekstueel, eskatologies en prakties.

Die geweldige invloed van die kultuur, konteks en paradigma (Christendom, modern, postmodern) op die ekklesiologie word duidelik wanneer 'n mens Van Gelder (1998:18-76) se bydrae in genoemde boek van Guder (1998) lees. Die historiese ontwikkeling van denominasies<sup>39</sup> in vyf fases<sup>40</sup> het moontlik heelwat parallelle in die Suid-Afrikaanse konteks. Die laaste klomp jare het kerkvernuwing, kerkgroei bewegings en die ontstaan van para-kerklike organisasies (meer as 800 in die VSA) ook die kerklike lewe verander. 'n Soeke na aanpassing in 'n nuwe paradigma is duidelik.

Die teologiese begroning van die *missio Dei* of die kerk as gestuurde van God, is afgesien van Newbigin en Bosch se werk, deur Hunsberger (1998:77-109) vanuit 'n *Koninkryksperspektief* gedoen. Die kerk is God se geroepenes en uitgestuurdes. Die regering van God as missionêre perspektief beteken dat God se koningskap nie uitgebou of uitgebrei word nie. Nee, die Koningskap van God is 'n *gawe* wat ons ontvang en 'n *ruimte* waarin ons intree. Die kerk *verteenvoordig* die Koninkryk van God as teken en voorsmaak en as agent en instrument. Dit doen die kerk as gemeenskap, as dienskneg en as boodskapper. Sodoende het die kerk drie prioriteite om sy missionêre hart terug te kry:

- In die *vrye wêreld* met sy outonome en *decentered self*, kan die kerk - met die versoening in Christus - 'n teken wees van wat dit beteken om *gemeenskappe* onder die regering van Christus te wees.
- In die *sekulêre wêreld* van geprivatiseerde geloof, kan 'n kerk – met die evangelie van Christus se heerskappy oor alles – toon wat dit beteken om in die publieke lewe van die gemeenskap getrou te handel ter wille van die regering van Christus.

---

<sup>38</sup> Guder (1998:9) gee die volgende definisie van kultuur: *The sum total of ways of living built up by a human community and transmitted from one generation to another.*

<sup>39</sup> Van Gelder (2000:15-17) noem dat daar meer as 300 000 gemeentes in die VSA is wat verbind is aan honderde denominasies, maar dat denominasies eintlik eers die laaste 200 jaar ontwikkel het.

<sup>40</sup> Een – die etnies-vrywillige denominasies (etnies-landelike gemeentes); twee – die doelbewuste-missionêre denominasies (doelbewuste-landelike gemeente); drie – kerklike denominasies (institusionele gemeentes); vier – korporatiewe denominasies (organisasoriese gemeentes) en regulerende denominasies (lewenstyl gemeentes)

- In 'n *plurale wêreld* van gerelativeerde perspektiewe en lojaliteite, kan die kerk – met die evangelie van die kennis van God in Christus – leer om in post-christendom aksente, nederig maar met vertroue, as boodskappers van die regering van Christus op te tree.

Hunsberger het hiermee werklik belangrike grond oopgebreek vir kerk-wees in 'n postmoderne kultuur. Daar is ook belangrike implikasies vir leierskap uit hierdie perspektiewe, waarop later ingegaan sal word. Daar sal ook binne die kultuur *geloofsgemeenskappe van die Heilige Gees gekweek moet word* (Dietterich 1998:142-182). Dis gemeenskappe waarin die *koinonia* van die Gees in die tekens van genade, in versoening, in Geesvervulde onderskeiding, in gasvryheid en in gesamentlike getuienis gesien sal word.

Lois Barrett (1998:110-141) wys daarop dat die missionêre kerk as *Apostel* in die wêreld sal moet optree. Die kerk leef binne 'n bepaalde kultuur.<sup>41</sup> Sy sê dat die kerk in die huidige wêreld as *alternatiewe kultuur* sal moet leef, terwyl die werk van Christus in lering, prediking en heling voortgesit moet word.

→ Hierbo is nie alleen paradigmatische skuiwe beskryf nie, maar ook hoe dit in die wedersydse spel van kultuur, evangelie en kerk uitgespeel het. Daar is reeds belangrike aanduidings gegee van die paradigma-skuiwe wat dit in die kerk self veroorsaak. Dit moet lei tot 'n totale nuwe verstaan van ons identiteit in God-drie-enig, as God se geroepenes en gestuurdes in die wêreld. Dit het noodwendige gevolge vir al die funksies en praktyke en leierskap van die kerk – intendeel, al die funksies en praktyke word juis vanaf die nuwe missionêre verstaan van die kerk geherdefinieer. Die implikasies van bogenoemde uitgangspunte met betrekking tot leierskap gaan hieronder veral saam met Roxburgh (2000) bekyk word.

Dit ontbreek aan tyd om verskeie ander skrywers, wat ook die paradigmaskuiwe in die gemeentekonteks beskryf het, te bespreek. Daar is reeds hierbo enkele opmerkings oor McLaren (2000) gemaak.

---

<sup>41</sup> Barrett (1998:115) wys op Niebuhr se standpunt dat daar vyf verhoudinge tussen kerk en kultuur kan bestaan: *Christ and culture, Christ against culture, Christ of culture, Christ above culture, Christ and culture in paradox and Christ the transformer of culture.*



### 3.2.2 Sisteem-skuiwe

*We found the systems theory to be one of the most helpful ways for ministers to understand diversity and conflict in their congregations and communities (Hendriks 2004:55)*

Die navorser kan hier net kursories raak aan aspekte van die gemeente as sisteem. Daar kan by Rendle (1998) aangesluit word wat sy uitgangspunt by die algemene sisteem-teorie<sup>42</sup> neem en waar 'n gemeente as 'n *organisme* gesien word:

- *with interrelated and interconnected parts,*
- *whose behavior is less casual than connected,*
- *that naturally seeks balance or equilibrium, and*
- *in which the parts and the whole interacts*

Dit staan teenoor die meganistiese wêreldbeeld van die Verligting. Hieronder gaan daar slegs aan twee aspekte van sisteme aandag gegee word, naamlik denksisteme en leierskap en transformasie in sisteme.

#### a. Denksisteme en leierskap

Die werk van Armour en Browning (2000) begin deur te wys op die *Four Big C's of our day: change, complexity, confusion and conflict*. Hulle wys daarop dat die konflik oor style in gemeentes berus op verskeidenheid en dat hierdie verskeidenheid eintlik berus op verskeie maniere waarop mense na die lewe en wêreld kyk (*worldview*). Hulle bydrae tot die gesprek in die kerk is 'n aanpassing van die werk van Graves, 'n ontwikkeling-sielkundige, wat agt waardesisteme ontwikkel het. Armour laat die klem egter val op denksisteme, alhoewel hulle nie affektiewe en gedrags-kante minder belangrik as die kognitiewe kant sien nie. Die volgende stellings vat die kern van hulle sienings van denksisteme saam:

---

<sup>42</sup> Hendriks (2004:55) definieer 'n sisteem as *a regularly interacting or independent group of items forming a unified whole* en sisteemteorie as verwysend na *a form of social, economic, or political organization or practice based on a shared worldview and mindset. It is always based on values shared by individuals and groups.*

*“Thinking systems are the mind’s defense-in-depth against the complexity of our existence.*

*Higher-numbered systems are not a measure of greater intelligence, maturity, or moral superiority. They are merely a more complex way of looking at the world and the realities it unfolds.*

*Thinking systems govern the affective domain as much as the cognitive one. They mold our values, our motivations, our sense of self, even our highest emotions.*

(Armour en Browning 2000:7-44)

*A thinking system or worldview defines our sense of self, organizes our lives, groups our priorities, structures our relationships, analyses our ideas, influences our spirituality and dictates our way of thinking. As such it is a coping mechanism that helps one to deal with life’s complexities and also creates a corporate culture.”* (Hendriks 2004:56)

<b>System</b>	<b>Worldview</b>	<b>Compelling drive</b>
<b>1</b>	The world is capricious and uncertain, threatening my existence at any moment	Physical survival
<b>2</b>	The world is ruled by unseen forces of good and evil that control our well-being	Safety from the unseen
<b>3</b>	The world is a dog-eat-dog place, where only the tough survive	Power over the adversary
<b>4</b>	The world is governed by timeless principles and eternal absolutes	Transcendent truth and principles
<b>5</b>	The world is teeming with unlimited potential for personal success and fulfillment	Personal achievement
<b>6</b>	The world is so interdependent that every life-form and individual is a cherished treasure	Egalitarianism and ecology
<b>7</b>	The world is a vast network of complex, often paradoxical relationships, where ever-changing realities demand holistic approaches to life	Systemic health
<b>8</b>	The world is a single planetary organism, an integrated whole in which boundaries between mind, matter and energy are elusive	Holistic identity and convergence

(Hendriks 2004:58)

In die bepreking van die sisteme hieronder beperk die navorser hom om net iets oor die organisasie, Godsbeeld en leierskapstyl binne elke sisteem te sê – Vergelyk hier ook Hendriks (2004:58-64) se samevatting en toepassing op die Afrika-situasie.

- *Sisteem 1 – Fisiese oorlewing*

Basiese lewensnood soos honger, dors, koue en vrees (VIGS in Afrika) maak lewe 'n oorlewingstryd. In rou individualisme is sosiale en organisatoriese lewe onmoontlik.

- *Sisteem 2 – Persoonlike veiligheid teen onsigbare magte*

Mense vrees die wraak van gode en natuurkragte. Die organisasie is stam-groepe en sentreer rondom 'n patriarg of matriarg. Die organisasie is teen individualisme, deel alles, is verbind tot tradisie en tradisionele maniere en verander daarom moeilik. Leierskap is in die patriargale vaderfiguur, ouderlinge, hoofmanne en priesters. Die priester het 'n bemiddelende rol en simbole, rituele, seremonies en storievertelling kan voorkom. God is die Allerhoogste, Hemelse en Misterieuse.

- *Sisteem 3 – Mag oor die teenstander*

Hier gaan dit oor veiligheid teen vyandige menslike magte. Die leier is die sterkste, uitgeslape en kragtige persoon – soos die koning in Israel. Die organisasie is sterk hiërargies – vergelyk patriarg en ondergeskiktheid van die vrou in die gesin. God is die Kragtige en Almagtige, die Here van die here.

- *Sisteem 4 – Transendente waarheid en beginsels*

Teenoor die vergrype van sisteem drie word 'n morele en sosiale stabiliteit hier gesoek in tydlose waarhede en beginsels. Die leier hier is iemand met morele integriteit, beginsels en betroubaarheid. 'n Outoritêre organisasie met lyne van gesag en beginsels, reëls en regulasies is kenmerke. Die huis is die plek waar karakter gevorm word. God is die transendente Wetgewer en Regter, Outeur van die waarheid, Skepper en Voorsiener van lewe. Mense het respek vir die Woord en Bybelgesag. Gereformeerdes het sisteem 4 in hulle sisteem.

- *Sisteem 5 – Persoonlike prestasie*

Persoonlike sukses en prestasie is belangrik. Die modernisme en Verligting met sy individualisme, kapitalisme en wetenskaplike metodes het onbeperkte potensiaal vir

elkeen gebring. In die organisasie is bekwaamheid, effektiwiteit en sukses kernwaardes wat met strategiese planne en doelwitstelling bereik kan word. In die godsdiens is persoonlike verlossing voorop. Die koms van die *Megachurch* met sy markgerigte benadering, professionalisme en verskeidenheid is kenmerkend van die sisteem. Leierskap word verleen aan hulle wat kan produseer en spesialisasie en gawes is belangrik. Die leierskapstyl is minder formeel as by sisteem vier, minder rigied, uitdagend, met mentorskap en visionering belangrike begrippe. Die gesin het 'n nukleus geword. God is Vriend, Leidsman en Mentor wat ons tot volle potensiaal-verwesenliking roep.

- *Sisteem 6 – Gelykheid en ekologie*

Hier word verbindings van intimiteit en wedersydse ondersteuning teenoor 'n wêreld van onsensitiwiteit, vervreemding en uitbuiting gesluit. In die organisasie is kleingroepe vir 'n saak of projek en plat strukture met konsensus, dialoog en geleenthede vir almal die kenmerke. Dis die plek vir spanne, kleingroepe en huiskerke. Die gesin is 'n huishouding van gelykes. God is die Geneesheer en Versoener.

- *Sisteem 7 – Sistemiese gesondheid*

In sisteem sewe gaan dit oor gesondheid in die sisteem. Die wêreld is 'n komplekse, interafhanklike netwerk wat soms paradoksaal en altyd veranderend is. Buigsame, modulêre organisasie, waarin inligting 'n kernwoord is, kom na vore. Dis 'n wêreld van internet, selfoon en inligtingstegnologie. 'n Holistiese benadering tot die lewe en spiritualiteit sal gevolg word. Geestelike inspirasie sal in kuns, digkuns, literatuur en formele teologiese werke gesoek word. Geestelikes leiers sal mentors wees.

- *Sisteem 8 – Holistiese identiteit en samevoeging*

Die plekgebonde sake van ras, etnisiteit, nasionalisme en grense is verby – die aarde is almal se tuiste in die sogenaamde *global village*. Die aarde is 'n lewensboot waarop almal verenig is. Teologie, metafisika en *God-talk* word weer heropen.

Armour en Browning (2000:100-232) wy 'n hele afdeling aan die praktiese toepassing van bogenoemde beginsels vir leiers wat sisteem-sensitief wil optree – vergelyk ook Hendriks (2004:64-67) se opsomming daarvan. Van die belangrikste aspekte is dat

daar in die sisteem sinergisme nagestreef word, sisteme geakkommodeer word en hulle sterkpunte tot voordeel van die hele sisteem benut word. Sisteem konflikte sal 'n realiteit wees en kan in 'n wen-wen benadering bestuur word. Die hoofstroomkerke dra baie swaar aan die erfenis van sisteem vier, maar kan leer om nuwe sisteme te akkommodeer. 'n Multi-sisteem gemeente sal 'n atmosfeer van verdraagsaamheid skep, sal terugvoer van lidmate verkry, deur daadwerklik akkommoderend te leef, deur 'n visie te ontwikkel wat almal rigtinggewend kan verenig en deur aanbiddingsgeleenthede te skep waarin die taal van elke sisteem gehoor sal word. Die sisteemteorie kan help om weerstand teen verandering te verstaan. Dis ook interessant om van Graves se verdere ondersoek na die invloed van persoonlikheid (regter- en linker-brein en MBTI profiele) op die indeling in denksisteme te lees.

→ Die ontwikkeling van denksisteme in 'n kerk soos die NG Kerk behoort nagevors te word. Die verandering van wêreldbeeld onder Afrikaanse mense na aanleiding van die transformasie in Suid-Afrika kan in die studie van (Durand 2002) nagegaan word. In die Afrikaanse gemeenskap en by NG Kerk lidmate is daar sekerlik nog tekens van sisteem een en twee (boerdery-gemeenskap), terwyl sisteem drie en vier in die vorige apartheidsbedeling byna oorheersend was. Sterk weerstand teen verandering – ook teen gemeentelike vernuwing - kom waarskynlik vandag nog vanuit oorblyfsels daarvan. Sisteem vyf het waarskynlik 'n groot inslag gehad in makrogemeentes, terwyl tendense van sisteem ses nou baie duidelik uit die empiriese gegewens van hoofstuk twee is.

#### b. Transformasie in sisteme

Daar is drie dinamiese beginsels in lewende sisteme (Stevens en Collins 1993:4-5):

- heeldheid / geheel (*wholeness*) – die verskillende dele wat die sisteem uitmaak, vorm 'n enkele organiese geheel en die geheel het eie kenmerke,
- sinergie – die kragtige interaksie van lede waarin hulle saam meer bereik as die som van hulle onderskeie bydraes,
- isomorfisme – wat verwys na ooreenkomste tussen sisteme en binne sisteme en na 'n ooreenstemming met betrekking tot doel, visie en styl. Daar is isomorfeiese passing (*isomorphic fit*) - inpas in 'n sisteem, en komplementêre passing (*complementary fit*).

Hierdie drie beginsels word uiters belangrik wanneer daar gekyk word na hoe transformasie in die samelewing ook die gemeente beïnvloed, terwyl bogenoemde skrywers dit veral toepas op die inpas van 'n predikant in die gemeentelike sisteem.

Wanneer dit gaan oor veranderingsprosesse in gemeentes is daar veral drie aspekte van leierskap wat ter sprake is (Stevens en Collins 1993:40-74), naamlik visionering, ontwikkeling van 'n kultuur en om veranderinge sistemies aan te bring. Daarby wys hulle daarop dat die leierskapstyl buigsaam moet wees om by die sisteem aan te pas. Hulle maak dan veral van die *situasie-leierskap-styl*<sup>43</sup> van Blake en Mouton gebruik om transformasie prosesse te begelei.

Daar is reeds hierbo gesê dat Rendle (1998) verandering of transformasie en leierskap vanuit 'n algemene sisteem-benadering aanpak. Hy wys daarop dat groot verskeidenheid die huidige transformasie ten grondslag lê en dat daar nou leiers (wat vanaf die hoogste boom die bos raaksien) eerder as bestuurders nodig is. Hy maak twee belangrike stellings met betrekking tot visionêre leierskap as hy sê dat visie nie net toekomsvisie (*foresight*) is nie, maar ook waarneming (*perception*) van die huidige situasie. Sy definisie is:

*“Vision is a continuous conversation to define clearly the results a group of people want to create.”*

Hy wys ook daarop dat daar 'n geestelike dimensie van onderskeiding in leierskap is, waar 'n liniêre probleem-oplossings-benadering nie alleen sal werk nie. Hiervoor kan die sisteemteorie aangewend word, waar die gemeente as organisme ten volle in berekening gebring word. Hiervoor wend hy verskeie praktiese lense aan waarmee verandering sistemies benader kan word.<sup>44 45</sup>

---

<sup>43</sup> Vergelyk hiervoor ook Nel (1994:74-77) en Breytenbach (1992:87-100) se besprekings van situasie-leierskap

<sup>44</sup> CFN (Church and community Facilitation Network) stel hulleself ten doel om predikante met hierdie soort instrumente, en nog baie meer, toe te rus. Kontak hulle by [www.cfn.org.za](http://www.cfn.org.za) > 9 November 2005

<sup>45</sup> Smit (2003:37) beskryf drie lense, naamlik storielyn, vasgelooptheid en die wipwaentjie van verandering wanneer hy praktiese raad gee oor hoe veranderinge hanteer kan word.

- *Chaos-teorie*

Rendle (1998:83) haal vir Scherer aan wat die volgende oor chaos sê:

*No significant change can take place in individuals, groups or larger organizations, regardless of the pain and possibility present, without a passage through chaos, the world's "birthing center" where fundamental change and innovation come into being.*

Chaos bring 'n mens by 'n leë ruimte (*empty space*), soos 'n wildernis, waar 'n mens oop raak vir wat kan gebeur, vir die moontlike. Chaos word so die kreatiewe ruimte waar self-vernuwing en self-transendensie kan plaasvind.


- *Die wipwaentjie van verandering / Roller coaster of change (Emosionele siklusse)*

Die *wipwaentjie van verandering* is 'n model wat die natuurlike opvolging van gevoelens en verhoudinge wat deel van 'n veranderingsproses is, identifiseer. Gewoonlik is daar vier reaksies, naamlik: ontkenning, weerstand, verkenning en verbintenis. Die grafiese voorstelling daarvan ('n golwende kurwe) het aan die linkerkant die afwaartse tendens van negatiewe gevoelens, met 'n draaipunt waarna die grafiek opwaarts beweeg. By die begin en eindpunte is daar opwinding. Aan die linkerkant is daar verskeie gevoelens wat veral met *loslating* te doen het (skok, rou, disoriëntasie, deurmekaarheid, skuldgevoelens, depressie) Die emosies vra vir baie begrip van leiers deur werklik te luister. Die verkeerde reaksie is om vanaf die regterkant die verandering te probeer motiveer. Die onderpunt is die *beslissingspunt*. Daarna volg die regterkant wat meer konstruktief is en waar tyd vir *visionering*, vir die soeke na nuwe opsies en verbintenis tot aksie aanbreek.

- *Lewensiklus van gemeentes*

Die model van Dale wat die lewensiklus van ons menslike lewe aanpas vir gemeentes, word ook deur Rendle (1998:135-142) as 'n lens gebruik





Skets 3-1 Lewensiklus van gemeentes – Rendle (1998:139)

Die eerste helfte stel die groei-fases van die gemeente voor. Dis wanneer drome verander na 'n geloofsisteem, na doelwitte en struktuur en na praktiese bediening. Maar dan is daar 'n kritiese tyd waarin die gemeente net terugverlang na die verlede en van nostalgie na bevraagtekening, na polarisasie en uitval beweeg of waar die ander keuse dié is van hervisioneer en waar die positiewe proses dan weer begin (droom – geloof – doelwitte...).



→ Moontlik is baie NG gemeentes nou by die kritiese beslissingstyd waar die risiko is om terug te verlang na vroeëre dae of waar met 'n nuwe droom begin kan word. Moontlik is die aanwysing van leierleraars ook 'n teken hiervan.

- *Kragveld-analise*

Die laaste lens wat Rendle (1998:143-157) gebruik is die kragveld-analise. Dit help leiers om drywer- en weerstand-kragte te analiseer. Weereens moet leiers met hierdie instrument werklik luister na die weerstand-kragte en eers daarna inligting verskaf met betrekking tot die verandering wat beoog word.

→ Die lense wat hierbo gegee is herinner mens daaraan dat verandering 'n proses is wat mense en organisasies omvattend raak. Dit raak mense se diepste emosie, geloofsisteme, oortuigings, handeling en wil deur 'n leier verstaan en bestuur word.


### 3.2.3 Getalle-skuiwe

Al vyf die gemeentes wat beskryf is, is sogenaamde makrogemeentes – met ander woorde gemeentes met ten minste 2100 lidmate en vier of meer leraars, of gemeentes met 2700 lidmate en ten minste drie leraars. Dit was ook opvallend dat hierdie gemeentes almal groeiende gemeentes is met betrekking tot getalle in vergelyking met die algemene afname in getalle wat die denominasie betref. Die vraag is egter of daar enigiets met betrekking tot getalle in die gemeentes is wat die transformasie en leierskap beïnvloed het? Dalk het die geweldige skuiwe in statistiese gegewens wat in die hoofstroomkerke en in die NG Kerk plaasvind, die mobiliteit en migrasie van lidmate en die verbruikersmentaliteit by lidmate die aandag ook op getalle-skuiwe gevestig.

In hierdie verband is daar kennis geneem van die bydrae van Mann (1998) en heelwat ander in die verband. Haar standpunt begin by die volgende stelling oor organismes en menslike sisteme:

*When organisms change significantly in size, they must also change in form.*

Sy sluit by Blanchard aan wat gewys het hoe die maontlike interaksies eksponensieel vermenigvuldig met een getal wat bygevoeg word ( $2 = 2$ ;  $3 = 11$ ;  $4 = 54$ ).




#### a. Vier gemeentegroottes en leierskapstyle

Die teorie wat Mann (1998:3-6) en baie ander gebruik het, berus eintlik op Rothauge se model<sup>46</sup> van vier gemeentegroottes, naamlik familie-, Pastor-, Program- en Korporatiewe grootte. Dit kan soos trappe voorgestel word. Getalle in hakies is 'n skatting van lidmate vir Suid-Afrika en dié in kursief is Hendriks (2004:37-43) s'n met betrekking tot erediensbywoning in Afrika


---

<sup>46</sup> Rothauge het in 1983 *Sizing up a congregation for new member ministry* geskryf waarin hy gemeentes in Familie-, Pastor-, Program-, en Korporatiewe groottes ingedeel het. Daarna het hy heelwat ander boeke geskryf, meestal ongedateer en sonder kopiereg omdat dit deur die Episkopale kerk, eintlik net vir eie doeleindes, gepubliseer is. (Vergelyk Gaede 2001:9)



Skets 3-2 Rothauge se gemeentegroottes (Vergelyk Mann 1998:3)

Alhoewel Rothauge oorspronklik die model ontwerp het met betrekking tot die verwelkoming van nuwe lidmate in 'n gemeente, het dit uiteindelik baie meer waarde gehad. Gaede (2001:4) wys daarop die sosiologiese grondstelling onderliggend hieraan is dat die grootte van 'n versameling die organisasie sal bepaal. Sy wys ook daarop dat baie skrywers na Rothauge beseft het dat die grootte van die organisasie sy verhouding-struktuur en sy leierskapstyl bepaal. Sy sê dat haar doel met die aanwending van die model is:



*to demonstrate how one important factor, the size of congregations, prevents us from using one program and one style of leadership for all church situations*

Hier kan kortliks na die basiese kenmerk van elke gemeentegrootte en gepaardgaande leierskapstyl verwys word, met die klem op die laaste een. Die beskrywing van die leierskapstyl is veral in aansluiting by Oswald (1998:77-91) se uiteensetting daarvan.

- *Familie-grootte (0-50 = betrokke lidmate)*

Families met patriarge of matriarge beheer die programme en organisasie en die organisasie funksioneer soos 'n uitgebreide gesin. Die gemeente verwag pastorale sorg van die predikant – hy/sy is soos die *kapelaan* van die familie.

- *Pastor-grootte (50-150 = betrokke lidmate)*

Hier ken almal vir almal, maar die opgeleide predikant is die sentrum van alles en die samebindende faktor. Die predikant is die *pastor* wat in almal se geestelike behoeftes voorsien en hy/sy moet veral oor interpersoonlike vaardighede beskik. Hendriks (2004:41) sê die predikant is soos 'n *tribal chief* van die *clan*.

- *Program-grootte (150-350 = betrokke lidmate)*

Hier word baie programme aangebied en bestaan verskeie selle van aktiwiteit wat deur lidmate gelei word. Programme vir kinders, musiek, studie, diens, opleiding, ondersteuning en geloofsgemeenskap trek nuwe lidmate. Die predikant word hier die *beplanner en bestuurder* wat strategies beplan vir die verskeidenheid programme en wat dit koördineer. Vaardighede wat benodig word het te doen met strategie om die missie en die visie van die gemeente te help ontwerp.

Hendriks (2004:41) verwys daarna dat die byvoeging van ander predikante en personeel benodig word, maar dat 'n leierskap probleem kan ontstaan.

*“Reformed churches in Africa often contend that all pastors are equal and should share the congregational leadership. From an organizational point of view, this is disastrous. The theology behind such a stance has its origin in confrontations with the Roman Catholic system and the influence of the pope. It is truly outdated and theologically one-sided.”*

Hierdie stelling is natuurlik te meer waar met betrekking tot die volgende grootte.


- *Korporatiewe grootte (350-500+ betrokke lidmate)*

By hierdie groot gemeentes is die Sondag eredienste met sy talentvolle insette en hoë kwaliteit uiters belangrik. Lidmaat- en leierskap-bronne is uitgebreid. Hier is baie kompleksiteit en diversiteit en verskeie soorte kleiner en groter groepe wat funksioneer.

In die groter gemeente tree 'n *senior pastor* na vore, wat veral 'n goeie kommunikeerder by eredienste is en oor sterk leierskapgawes beskik. Hy koördineer

die leierskap van lidmate op verskeie vlakke, en sal veral saam met 'n span ander predikante kollegiaal lei. Dit is beter as die personeel 'n diversiteit van persoonlikhede en gawes beskik.

Mann (1998:19-29) toon deur middel van 'n N-kurwe aan dat leierskap binne elke grootte minder of meer met 'n enkele leier identifiseer.



Skets 3-3 Grotes - N-kurwe

By die korporatiewe grootte is daar steeds 'n komplekse netwerk van koördinasie, maar die *central pastor* sal 'n groot genoeg simboliese teenwoordigheid deur middel van prediking, voorgang, leiding in die raad en leierskap in die span van personeel hê (Mann 1998:23).

→ Enigiemand wat kennis het van Gereformeerde kerke in Suid-Afrika kan aandui dat gemeentes tot 'n groot mate uit 'n agtergrond van landelike en kleiner stedelike gebiede kom. Die verhoudinge en leierskapstyl is grootliks georden vanuit die pastor-model. Groei het meegebring dat voorstedelike gemeentes geskuif het na program-grootte en verskeie programme is ontwikkel. 'n Kombinasie van die pastor- en program-model het diep gewortel geraak in die verwagtings van lidmate asook in die styl van predikante. Die paradigma bly voortbestaan, selfs al het die gemeente reeds ontwikkel na 'n korporatiewe grootte – soos in die geval van makrogemeentes.

Die navorser meen dat baie lidmate en leiers in makrogemeentes in die korporatiewe wêreld staan en dat hulle dit as natuurlik sien dat een van die predikante as 'n leier na

vore tree. Toe gemeentes begin kennis neem van die navorsing van Mann, Gaede en ander en besef het dat makrogemeentes sosiologies die kenmerke van 'n korporatiewe organisasie vertoon, het dit die behoefte aan 'n gemeenteleier bevestig.

b. Meer as getalle

Daar is van verskeie kante besef dat getalle wel belangrik is, maar saam met ander faktore met betrekking tot die gemeente as sisteem gelees moet word. Gaede (2001) lewer saam met ander heelwat aanvulling met betrekking tot Rothauge se model. Johnson (2001:3-30) brei onder Gaede se redaksie, die getalle uit met *building blocks* van verskeie kleingroepe wat as deel van die dinamika van gemeentes verstaan moet word. Hy praat van 'n kleingroep (12-15 mense), 'n primêre groep (tot 50) en gemeenskapsgroep (tot 150) as boublokke in gemeentes. Verder sê hy dat die korporatiewe groep waarskynlik as heelwat groter as 350 (vanaf 1000) gereken kan word en dalk 'n bron / *resource* gemeente genoem kan word. Verder sê hy dat die *megachurches* eintlik buite die kategorieë val.

Hendriks (2004:37-39) wys ook op verskeie faktore wat saam met gemeentegroottes in ag geneem moet word. Dan kan Mead (1993) se *More than numbers* in ag geneem word. Hy wys daarop dat groei in getalle, volwassenheid, organies en inkarnasioneel kan plaasvind. Dit alles in ag genome is gegewens oor gemeentegetalle 'n belangrike aanduiding van verhoudinge en leierskapstyl in gemeentes.

### **3.2.4 Generasie-skuiwe**

In die empiriese navorsing (hfst.2) het gemeentes wel na die generasies verwys en selfs 'n ouderdoms-indeling gemaak, terwyl Fontainebleau 'n deeglike ontleding van generasies in hulle gemeente gemaak het. Die statistiese gegewens hierbo toon dat 'n kerk soos die NG Kerk blykbaar nie sy jeug- en jongmens-komponent effektief bereik nie. Wat lê daaragter? Is daar transformasie wat besonders is met betrekking tot spesifieke generasies in die gemeente.

a. Algemene opmerkings en indeling

Die Suid-Afrikaanse gesetelde organisasie TomorrowToday.biz<sup>47</sup> en in besonder die publikasie van Codrington en Grant-Marshall (2004) maak 'n hele wêreld oop met betrekking tot die generasie-skuiwe oor die afgelope honderd jaar. Hulle indeling van generasies<sup>48</sup> volgens geboortedatums is soos volg:

Generasie	Afgerond	VSA	Suid-Afrika
GI's	1900s – 1920s	1900 - 1923	1900 – 1929
Silents	1920s – 1940s	1923 - 1942	1930 – 1949
Boomers	1940s – 1960s	1943 - 1962	1950 – 1969
Xers	1960s – 1980s	1963 - 1983	1970 – 1989
Millenials	1980s – 2000s	1984 – 2001...	1990 – 2005...

In vorige eeue was daar nie so 'n behoefte aan 'n beskrywing van generasies nie, want tyd het stadig verloop in die sin dat min dinge werklik van geslag na geslag verander het. Nou is 'n formele generasie teorie nodig omdat geweldige transformasie binne kort tydperke verloop en ons daarmee 'n greep op die denkraamwerke, persepsies, waardesisteme, houdings en menings in 'n era moet verkry. Codrington en Grant-Marshall beskryf die geweldige unieke uitvindings, gebeure en omwentelinge wat binne elke tydperk plaasgevind het. Daarby moet 'n mens daaraan dink dat waardesisteme grootliks die eerste tien jaar van 'n kind se lewe deur sy ouers, vriende en gebeure van dié tydperk vasgelê is. Die skrywers erken dat dit veralgemenings is, maar dat dit tog algemene tendense binne tydperke aandui.

b. Tendense, kerk en leierskap binne generasies

Hier kan slegs 'n hoofkenmerk binne elke generasie genoem word met 'n verwysing na Codrington en Grant-Marshall se bespreking van die kerk en leierskap met betrekking tot generasies.

<sup>47</sup> Inligting met betrekking tot TomorrowToday.biz kan op hulle webtuiste by [www.tomorrowtoday.biz](http://www.tomorrowtoday.biz) > 10 November 2005 verkry word.

<sup>48</sup> Codrington & Grant-Marshall (2004:10) gee die volgende definisies: *generation: whole body of persons born about the same time; generation gap: difference of opinion between those different generations.*



- *GI generasie (1900s - 1920s)*

Hulle word die GIs genoem na aanleiding van die *general issue* of *government issue* van klere of uniform wat sinoniem was met die oorloë, maar ook met die houding van gemeenskap en regulasies wat kenmerkend is. Hulle sien God as 'n Vader, maar dan vêraf. Hulle verkies 'n formele kerk waar alles ordelik geskied. Hulle is gewoonlik sterk, visionêre en beginselvaste leiers.

- *Silent generasie (1920s – 1940s)*

Dis 'n generasie waar kinders stil moes wees (kinders is gesien, maar nie gehoor nie), maar eintlik stil as gevolg van hulle teruggetrokkenheid, versigtigheid en verbeeldingloosheid. Die stil-generasie is gebore in die donker geskiedenis van 2de wêreldoorlog, depressie en armoede. Die kerk moet 'n stil en kalm plek wees teenoor die chaotiese wêreld. *Be still and know that I am God* teken hulle verhouding met God. Dis 'n lojale, spaarsamige generasie waar struktuur en deeglikheid belangrik is. Leierskap is delegering, spanwerk en determinasie.

- *Boomer generasie (1940s – 1960s)*

Die generasie het soos 'n Concorde vliegtuig met 'n 'bang' – in hulle massas na die tweede wêreldoorlog - in die wêreld gekom. Sedertdien is hulle raserig, aandagsoekers, kompeteerdere en rigting bepalers. Dis die generasie wat met groot veldtogte in/deur die kerk grootgeword het. Soos in besigheid, moet die kerk groei deur visionering, advertensie, effektiwiteit en professionaliteit en in mense se behoeftes voorsien. Boomer pastore neem die CEO as model. *Megachurches* is tekenend van sukses. Leierskap is hier droomverwesening, visionêr, deur strategiese prosesse, vergaderings en konferensies.

- *Xer generasie (1960s – 1980s)*

Dis die huilerige, klaerige, verlore generasie. Hulle is die uitkoms van dit wat met die boomers verkeerd gegaan het – hulle materialisme, sukses, hoë egskeidingsyfer ensovoorts. Die huis-rekenaar het ontstaan. Daar is baie Xers wat nie meer kerk toe gaan nie, maar steeds spiritualiteit wil hê. Hulle is ontnugter deur konflik en slegte verhoudinge in die kerk. Hulle verkies 'n individuele benadering en genoeg ruimte vir persoonlike ervaring. Kleingroepe, eerder as groot byeenkomste, is waar hulle kontak

wil maak. God is die Geneesheer en aanbidding kan elemente van misterie en simboliek insluit. Hulle is met betrekking tot leierskap in botsing met die boomer-generasie. Hulle is individualisties en innoveerders waar openheid, buigsaamheid en gelykheid belangrik is.

- *Millenium generasie (1980s – 2000s)*

Dis kinders wat nou versorg, vertroetel en bederf is. Hulle leef met SMS en internet. Die generasie sal geloof wil ‘doen’ en sal prakties by bedieninge betrokke wil wees. Dis die “hoekom generasie” wat moeilike vrae vra en inligting wil hê. Tegnologie moet ingespan word om met hulle te kommunikeer. Hulle is te jonk vir leierskap, maar sal moontlik in die rigting van die GIs ontwikkel in burgerlike, gemeenskapsgeoriënteerde, visionêre leiers. By hulle sal diversiteit, tegnologie en balans egter belangrik wees.

’n Multi-generasie-kerk sal volgens Codrington en Grant-Marshall (2004:249-251) nie alleen die taal en behoeftes van elke generasie in ag moet neem nie, maar daadwerklik ruimte vir al die generasies saam moet skep.

### 3.2.5 Proses-skuiwe




Hierbo is die agtergrond en fasette van transformasie wat die Suid-Afrikaanse gemeenskap en daarom ook die NG Kerk tans ondervind, beskryf. Burger (1995) gee vir ons lense om die prosesse waardeur hierdie transformasie verloop<sup>49</sup> beter te verstaan en pas dit dan uitstekend toe op die Suid-Afrikaanse en NG Kerk konteks. Hy sluit veral aan by die model van Turner<sup>50</sup>, en Arbuckle<sup>51</sup> se verwerkings daarvan. Die model werk met twee soorte gemeenskappe – die *societas* (’n goed gestruktureerde, geordende groeifase) en die *communitas* (die meer informeler en lossere samelewingsvorm – met kenmerke van onsekerheid en oorgang). Opsommend sou ’n mens dit soos volg kan onderskei:

---

<sup>49</sup> Hierdie model van Burger sluit natuurlik ook aan by die sisteem-lense van Rendle (1998) wat hierbo beskryf is.


<sup>50</sup> Turner het aanvanklik sy teorie en die begrippe *communitas* en *societas* gemunt tydens sy werk onder die Ndembu-stam in Zambië.

<sup>51</sup> Gerald Arbuckle is ’n Katolieke teoloog wat in die kulturele antropologie opgelei is en wat die model van Turner aangepas en verwerk het met die oog op Christelike gemeenskappe wat deur ’n oorgangstyd gaan.



Turner onderskei vier fases in hierdie oorgangsproses, naamlik:

- Die afbreekpunt (*breach*)
- Die werklike krisis (*crisis*)
- Die lang herrangskikkingsfase (*redressive action*)
- Die herintegrasiefase (*reintegration*)




Skets 3-4 Turner se voorstelling van 'n sosiale drama – (Burger 1995:29)

Arbuckle het die model aangepas om net drie fases in te sluit, naamlik 'n *skeidingsfase* (net na die *societas*-fase met sy stabiele samelewing, vaste strukture en formele rolle), *werklike communitas-tyd* ('n samelewing met informele rolle en strukture. Mense staan slegs as mense in verhouding met mekaar) en *herintegrasie* ('n nuwe samelewing gekleur deur die ervarings opgedoen in die *communitas*-fase). Hy

gebruik soms die term *liminality* in verband met hierdie fase. Dit is van die Griekse woord *limen* wat “drempel” beteken. Die woord wil aandui dat hierdie fase ook die *oorsteek van ’n drempel na ’n ander nuwe wêreld behels*. Dit word hieronder in skets drie voorgestel.

Die interessante, en onverwagte, van ’n communitastyd is dat daar – saam met die negatiewe ervaring van verlies en ontwrigting – ook ’n klomp positiewe faktore of *energiepunte* verbonde is. As hierdie positiewe moontlikhede raakgesien en benut kan word, kan dit lei tot vernuwing van geloofsgemeenskappe. Hieronder is ’n voorstelling van die energiepunte soos Burger (1995) dit dan in sy boek behandel.



Skets 3-5 Vier energiepunte (Burger 1995:31)

Wat in hierdie navorsing ter sprake is, is die feit dat hierdie soort energiepunte in die gemeente ontgin kan word. Wanneer Burger elke energiepunt bespreek, dan wys hy by elke punt ook op die uitdaging wat dit aan die leierskap stel. Kortliks die volgende:

○ Verdiepte verhoudings

'n Leierskapstyl waarin daar 'n diepe belangstelling in mense, diens en die versorging en energering van mense plaasvind. Die styl van beheer, mag en kontrole kan vervang word met 'n sterker mens- en verhoudingsbediening.<sup>52</sup>

○ Verdiepte spiritualiteit


Burger verwys nie net na die belang van 'n coram Deo lewe nie, maar dat dit in leierskap in geestelike integriteit en menslike egtheid na vore kan kom. Dit gaan meer oor die wees-vlak (*being functions*) as die doen-vlak (*doing functions*).<sup>53</sup> Hy wys daarop dat dit ons verder kan neem as die professionalisering van die predikantsamp.

○ Kreatiewe grenserving

Burger wys daarop dat juis in hierdie fase is dat 'n versorgingskultuur gevestig kan word waarin mense hulle negatiewe ervarings kan artikuleer. Die styl van leierskap sal hier meer konsentreer op bemagtiging, betrokkenheid by dienswerk en 'n bereidheid om eie pyn meer openlik te dra.

○ 'n Nuwe verstaan.

Hier kan mense gehelp word om te re-visioneer, om die Bybel nuut te lees in 'n uitgebreide reVISIONERINGSproses.<sup>54</sup>



Hieronder sal daar na 'n verdere model van transformasie gekyk word wanneer Roxburgh (2000) se voorstel behandel word.

### 3.2.6 Leierskap-skuiwe

Die transformasie wat ook in die kerk beleef word, is hierbo as verskillende paradigma-skuiwe, oorgange of quantum veranderinge beskryf. Dis juis in so 'n tyd dat God mense roep om sy kerk te lei na 'n nuwe kerk (*Church next – The Once and Future Church*). Maar watter soort skuiwe sal in die leierskap self moet plaasvind om die uitdagings van die nuwe wêreld te hanteer?

---

<sup>52</sup> Die belang van die mense, menslikheid en verhoudings word ook vanuit die postmodernisme teenoor modernisme beklemtoon.

<sup>53</sup> Miskien gaan dit ook saam met die kultuurskepping wat as 'n mandaat van leierleraars uitgewys is.

<sup>54</sup> Hierdie is een van die kernfunksies wat vir leierleraars uitgewys is.

a. Leierskap implikasies vir 'n quantum era

Die implikasies vir die kerk se leierskap word uitstekend deur Gibbs en Coffey (2001:69-142) uiteengesit. Hulle noem die volgende groot uitdagings:

- *Nuwe netwerk-strukture vir bediening*

Die onderliggende beskouing van kerk en gemeente – die kerkmodel, ekklesiologie of kerkbegrip – het 'n baie groot invloed op die beskouing oor leierskap. Hieronder sal heelwat aspekte bygevoeg word met betrekking tot ekklesiologiese uitgangspunte (byvoorbeeld die gemeente as *span* of die *missionêre* gerigtheid van die gemeente). Hier kan net kortliks by enkele uitgangspunte aangesluit word.

Gibbs en Coffey (2001:76-77) haal vir Wagner aan wat sê dat daar vir 'n *new-emerging-church-paradigm* 'n oorgang van burokratiese na persoonlike gesag/otoriteit, van wetlike- na verhouding-strukture, van kontrole na koördinasie en van rasonele na charismatiese leierskap sal moet plaasvind. Hulle sluit dan veral by Easum<sup>55</sup> aan wat die volgende aspekte van netwerk leierskap uitwys:

- Leierskap in 'n plat struktuur,
- die verhoudingsdinamiek waar gesag in verhoudings eerder as status of posisie gesetel is en waar daar met ondersteunende spanne gewerk word.
- Toestemming verlening in plaas van kontrolering – vanuit 'n persoonlike vertroue en rondom 'n verenigende visie
- Toerusting – *on the job training*
- Bemagtiging

Slocum word aangehaal wat sê dat die kerklike professionele persone 2% van die kerklidmaatskap is, wat bygestaan word deur 18% vrywilligers in hulle dienswerk. Die 20% moet bronne verskaf vir hulle dienswerk in die wêreld.

- Diversifisering – netwerke bestaan uit 'n reeks self-organiserende diensspanne, bestaande uit vrywilligers met spesifieke vaardighede en ervaring.
- Desentralisasie – met leiers wat 'n sterk verbintenis aan die visie en waardes van die gemeente het en in noue kontak met 'n bestuurskomitee is.
- Aanspreeklikheid

---

<sup>55</sup> Gibbs & Coffey maak gebruik van opmerkings in William Easum se boek: *Sacred cow makes gourmet burgers: Ministry anytime, anywhere by anyone.*

→ Heelwat van bogenoemde terme en beginsels is reeds in hoofstuk 2 genoem in die ontwerp van gemeentes se bedieningsmodelle en in die mandate van leierleraars.

Die metafoor van die *Redwood*<sup>56</sup> as 'n groot boom in 'n hele ekologiese sisteem van diverse en interafhanklike lewe word deur Easum en Bandy (1997) gebruik om perspektiewe op 'n postchristendom<sup>57</sup> kerkmodel te beskryf. Die gemeente self het 'n sellulêre struktuur waarin verhoudinge en netwerke die basis vorm. Daar is 'n DNA of genetiese kode wat in leke teenwoordig moet wees en wat bestaan uit geloof, leer, missie en sorg. Hierdie selle manifesteer in kleingroepe. Gemeentelik beteken dit elke lidmaat dieselfde toerusting tot diens het en dat daar bedieningspanne gevorm word. Hier is begaafde en geroepe lidmate die uitgangspunt vir die bediening en nie geordende predikante nie. Personeel ondersteun net hierdie bedieninge deur visionering, motivering en sintetisering. Die leiers word dan soos *vroedvrouens* om lewe te begelei – meer daaroor hieronder. Smit (1995:22) beklemtoon ook dat die gemeente die subjek van die bediening is en dat leierskap daarom as *begeleiding* gesien moet word.



In die volgende hoofstuk sal daar heelwat meer verwys word na Bybelse metafore wat ook lig kan werp op 'n gemeentemodel of ekklesiologie.

- *Nuwe styl van leierskap*

Daar is baie populêre boeke oor leierskap op die mark. Dink aan Maxwell (2000) wat leierskap as *invloed* sien en wat so véer gaan as om te sê: *Alles berus op leierskap*. Hy beklemtoon dinge soos integriteit, 'n positiewe ingesteldheid, verhoudinge, visie en dan gee hy verder (Maxwell 1995) aandag aan die ontwikkeling van ander leiers en die bou van 'n ideale span / *dream team*. Blackaby en Blackaby (2001) stel weer, in 'n snel veranderende wêreld, die *geestelike* model teenoor 'n sekulêre model. Hulle definisie is:

*“Spiritual leadership is moving people on to God’s agenda.”*

---

<sup>56</sup> Die *Redwood* is 'n groot boom wat in woude in die VSA groei.

<sup>57</sup> Easum & Bandy verkies om eerder van pre-christendom te praat.



God berei leiers voor en verskaf die agenda. Visionêre leierskap is volgens hulle nie 'n vermoë van mense/leiers nie, maar 'n openbaring van God. Karakter, deur God gevorm, is 'n vereiste van leiers. Geestelike leierskap behels ook 'n geestelike onderskeidings-vermoë vir besluitneming. Dieselfde skrywers kyk in *Geroep as God se leier* (2004) hoe hierdie beginsels in die lewe van Josua gestalte kry. Dinge soos groei in oorgangstye, bou op die verlede, lering, gebruik van simbole, fokus, passie, beslistheid, aanbidding en die seën van ander, is hier ter sprake. Burger (2005) beskryf ook op 'n besondere manier, na aanleiding van God se roeping van Moses, oor hoe omvangryk *roeping* in die Bybel voorkom. Hy sê: “*Die Bybel is 'n roepingsboek vol roepingsverhale.*” Daar is 'n Christelike-, menslike- en persoonlike roeping. Leierskap kan ook vanuit die laaste hoek gesien word as God se unieke roeping waarin Hy jou gawes vir Sy doel wil gebruik. 'n Mens kan dink aan suksesvolle leiers van groot makrogemeentes in die VSA soos Rick Warren (1995, 2002) en Bill Hybels (2002). Hybels praat van die strategiese belang van die gawe van leierskap en toon uit hulle verhaal by Willow Creek Community Church hoe visionering (*a picture of the future that produces passion*), strategiese beplanning (*getting-it-done-leadership*), die bou van 'n span (*building a Kingdom Dream Team*), die ontginning van bronne, die ontwikkeling van ander leiers, die keuse van 'n leierskapstyl<sup>58</sup>, besluitneming en die kuns van self-leierskap en biddende afhanklikheid van God belangrik is met betrekking tot leierskap.

In al bogenoemde literatuur kom die belangrikste temas met betrekking tot leierskap wel na vore. Tog is dit dalk nog nie al wat gesê moet word oor leierskap in transformasietye nie – veral nie as 'n mens byvoorbeeld dink aan die kritiese opmerkings teenoor dié *megachurches* in verband met die soeker-sensitiewe benadering, markgerigtheid en elemente van modernisme nie (Gibbs & Coffey 2001).

In hoofstuk vier van Gibbs en Coffey (2001:93-119) word die problematiek van akademies-opgeleide teoloë, weg van gemeentes, uitgewys. Daar is verskeie uitdagings vir leiers in 'n quantum era. In die opleiding moet gekyk word na die self-identiteit en gawes van leiers. Teenoor 'n sisteem waar predikante in modernisme hoë waarde aan individualisme, self-vertroue en individuele prestasie geheg het, staan

---

<sup>58</sup> Hybels (2002:139-159) praat van die volgende style: *visionary, directional, strategic, managing, motivational, shepherding, team-building, entrepreneurial, reengineering, bridge-building*.

spanbou met ander begaafde leiers. Soms sal leraars verskillende hoede moet opsit. Die skrywers haal vir De Pree aan wat sê dat leierskap in die ou paradigma 'n *one-man-band* of 'n dirigent van 'n orkes was, maar dat die leier van die nuwe era soos 'n *jazz-band-leader* moet wees wat die musiek en die regte musikante moet kies, waar die optrede afhanklik is van die omgewing, die gawes van die vrywilligers en die interafhanklikheid.<sup>59</sup> Hier sal konflik ook openlik hanteer moet word. Leiers sal ook fasiliteerders van prosesse, lewenslange leerders, goeie leermeesters en bestuurders moet wees. Die nuwe paradigma leier is gewoonlik jonger, inisiatief-nemers, innerlik gemotiveerd, kreatief, omring van soortgelyke mense en besig om nuwe leiers te werf en te mentor.

Die karakter, integriteit en spiritualiteit van die nuwe-paradigma-leiers is baie belangrik. Dit is nie beroemde mense nie, maar eerder nederige mense<sup>60</sup>. In besonder met die oog op GenXers sê die skrywers dat daar 'n egte spiritualiteit nodig is by hierdie nuwe leiers. Hier word 'n diepe verhouding met God gevoed uit die tradisies van die Katolieke en Ortodokse spiritualiteit, uit die *Lectio Divina*, uit respiratoriese gebed, word geleer van Taizé en Keltiese spiritualiteit en 'n ware vroomheid en heiligheid nagestreef.

→ Daar is weereens heelwat ooreenstemming met die soort leierskap wat aan leierleraars gekoppel is. Dink maar aan kultuurskepping, visionering, toerusting, spanleierskap en die beklemtoning van die wees-funksies en spiritualiteit in die hele styl. Dink ook aan aspekte van geestelike onderskeiding wat na vore gekom het.

Die bydrae wat Sweet (1999a, 1999b, 2004) gelewer het om nie net die geweldige paradigmaskuiwe vir die kerk te interpreteer nie, maar ook op 'n nuwe styl van leierskap te wys, kan nie onderskat word nie. In *SoulTsunami* (1999b) vergelyk hy transformasie met 'n tsunami en toon maniere aan waarop die kerk in hierdie vloed

---

<sup>59</sup> Bandy (2000:11-26) gebruik die beeld van *afrigting* as kern-beeld om leierskap te beskryf en sê dat iets daarvan ook in beelde van 'n persoonlike *taalonderwyser*, 'n *jazz-leier* en *vroedvrou* gesien kan word.

<sup>60</sup> Collins (2001:17-40) het saam met 'n span die elf maatskappye beskryf wat oor 'n lang tydperk buitengewone groei getoon het. Die eerste aspek wat hy beskryf is die sogenaamde vlak 5 leierskap wat bestaan uit 'n mengsel van persoonlike nederigheid (dis nie beroemde leiers van buite nie, maar leiers van binne wat deur medewerkers beskryf word met woorde soos *quiet*, *humble*, *modest*, *reserved*, *shy*, *gracious*, *mild-mannered*, *self-effacing*, *understated*, *did not believe his own clippings*) en 'n professionele wil ('n vasbeslote wil om die maatskappy te laat slaag)

van verandering kan swem. In *Aquachurch* (1999a) gebruik hy die metafoer van water om die voortdurende verandering en vloeibaarheid van die postmodernisme uit te druk. Hy toon nie alleen die tendense van verandering in die postmodernisme en inligtingstydperk aan nie, maar wys op die totale herinterpretasie van kerkwees en leierskapstyl in die 21ste eeu. Leiers sal *seevaarders*<sup>61</sup> moet wees wat nie net met kaarte navigeer nie, maar die *kuns* van seevaart bemeester. Hy sê (1999a:19) die kaptein van die skip is in Grieks die *kubernetes* (1 Korintiërs 12 – leierskap) genoem. Die kaptein was by uitstek ’n navigeerder. Hy moes deur ervaring die see ken, diverse pligte op die skip uitvoer, rigting hou en verantwoordelikheid vir die passasiers en vrag aanvaar. Die kuns wat die kerklike leier as seevaarder moet bemeester is soos met die instrumente van die kaptein van die skip: oriënteer aan die Noorderster (Jesus Christus); bepaal rigting met die kompas (Bybel); gooi die anker (tradisie); loop oor die loopplank (risiko’s neem); luister na die sonar (vibrasies); kyk deur die teleskope (visie); neem landverlof (Sabbatsrus); sein die vlag en seintoestel (kommunikasie); waardeer die bemanning (samerwerking en spanwerk); gebruik die giroskoop (kreatiwiteit); leer van die skip se logboek en biblioteek (intellektuele kapitaal) en voel met die nat vinger (intuïsie). Met woordkuns beskryf hy sodoende die kuns van leierskap vir die postmoderne kerk.

Sekere aspekte vir leierskap word nog verder uitgewerk in Sweet se *Summoned to lead* (2004) waarin hy die voorbeeld van Ernest Shackleton<sup>62</sup> gebruik om die kuns van leierskap te verduidelik. Hy beskryf Shackleton se karakter (optimisme, integriteit en uithouvermoë), sy gebruik van musiek (wat verwys na die vermoë om te luister), sy spankeuse (insig in spanlede, neem van risiko’s, seën gee en spanbou) sy doelgerigte missie (aangepas volgens omstandighede), sy leerbare gees (hy’t geleer van die tekste, mense, kommunikasie en uit die verlede), sy intuïsie (aanvoeling en ook openheid vir God), sy kreatiwiteit (en onderskeidingsvermoë) en sy improvisasie en liefde vir sy span. Dit bevestig heelwat aspekte wat hierbo genoem is. Besonders is Sweet se beklemtoning dat die fyn luister, die aanvoeling van omstandighede, van leierskap as akoestiese kuns voorrang het bo die *visioning thing*. Hy wys daarop dat visionering


<sup>61</sup> Niemandt (2005) verwys na ’n verwante term waar Sweet na leiers as *Pneumanauts* verwys wat deur die leiding van die Gees die kerk moet begelei. Hulle moet onder andere die *semiotiek* beoefen om die tekens van die tyd reg te lees.

<sup>62</sup> Sir Ernest Shackleton het van 1914-1917 in die grootste oorlewingsverhaal ooit, besondere leierskap uitgeoefen om in Antarktika te oorleef (*I never lost a man*) en sy bemanning tot veiligheid te lei.

en strategiese beplanning nog baie maklik vasgevang kan sit in modernistiese tendense en dat dit dan 'n manier van uitoefening van dominansie kan wees waarmee met jou idees rondgestoot kan word Sweet (2004:17). Daarom kom die kuns van luister voor visionering – wat wel belangrik is – en is intuïsie, kreatiwiteit en spanwerk aspekte wat dit in 'n postmoderne tyd balanseer. Bandy (2000:27-45) bespreek die belang van kreatiwiteit en sê dan:

*“It means that identity will replace planning as the key to building enduring organizations. The more chaotic the human condition becomes, the less strategically it can be organized.”*

Dieselfde soort temas met betrekking tot tot leierskap in na-Christendom en na-modernisme hoor 'n mens by verskeie ander skrywers. Easum (2000) vergelyk transformasie met 'n wurmgat (*wormhole*) in die uitpansel waardeur die kerk ook moet beweeg na 'n nuwe wêreld toe. Hy beklemtoon roeping en passie – vir God se missie - as die basiese boustene van leierskap. Aan die ‘ander kant’, in die nuwe wêreld, sal daar leiers wees wat intuïtief deur die Gees gelei word, dissipelmaking as DNA van kerkwees beskou, geestelike leiers in 'n organisme en spanspelers sal wees. Hy sê dat leiers hulle lewensmetafore sal moet verander om gereed te wees vir hierdie bediening.



Die gemeente as *span*, die bediening as *spanwerk* en leiers as *afrigters* is die metafoor waarmee Bandy (2000) na die veranderde styl van leierskap kyk. Dit is nou nie eintlik 'n Bybelse beeld van leierskap nie, maar dit het wel die voordeel om die transformasie wat in tydsges, kerkmodel en styl van leierskap plaasgevind het, goed te verduidelik. Bandy (2000: 62) verduidelik die transformasie in kerkmodel en leierskap soos volg:

*“The premodern paradigm requires a guardian, an educator, a shepherd, and an occasional prophet.*

*The modern paradigm requires a teacher, an administrator, a chief executive officer, and an occasional priest.*

*The postmodern paradigm requires a coach.”*

Die gemeente as *span* het drie fondasies naamlik verbintenis, vaardigheidsontwikkeling en aanspreeklikheid; drie doelwitte, naamlik missie-resultate, gesamentlike getuienis en geestelike groei; drie netwerke, naamlik lerende dissiplines, vennote in die gemeenskap en die gemeentelike aanbidding. Hierdie siening van die gemeente verander die perspektief op leierskap. Die *afrigter* bring 4 dinge na so 'n span toe:

- 'n doelgerigte houding
- 'n werksetiek
- 'n veranderbare wedstrydplan
- 'n wen-geloof

→ Binne hierdie metafoor word dit dus moontlik om leierskap as deel van 'n organisme te sien. Miskien sou Bybelse metafore soos *liggaam van Christus* en *huisgesin van God* die aanwending van so 'n metafoor net nog kon verdiep. Die metafoor van 'n *afrigter van 'n span* bring egter wel waardevolle perspektiewe tot die gesprek by.

Die metafoor van *afrigter* en *span* word meestal in enkelvoud by Bandy gebruik en verwys eintlik na die styl van leierskap. Hy verwys net soms na 'n hulpafrigter en ander afrigters. By groter spanne is daar egter meestal 'n *afrigtingspan* waarin verskeie afrigters met spesialis bydraes onder leiding van die *hoofafrigter* die afrigting strategies bedink, beplan en uitvoer. Klubs het ook verskeie spanne net soos daar ook in groter gemeentes verskeie bedieninge en groepe ontstaan waarin daar ook 'n spanbenadering gevolg kan word. Wat die gemeente betref verwys verskeie skrywers dan na die samewerking in die leierskapspan as *spanwerk*.

→ Samevattend kan daar gesê word dat daar miskien nie net gekyk moet word na die woorde wat die funksies en mandate van leierleraars uitspel nie, maar ook na die teologie, wêreldbeeld en tydsgees wat daaraan inhoud gee. Dalk kan daar nog baie modernistiese aspekte aan funksies soos visionering en strategiese beplanning, bestuur en verantwoordelikheid daaraan kleef. Is die aanduiding dat daar heelwat – en in sommige gevalle selfs te veel – bestuursverantwoordelikheid aan leierleraars gegee word (byvoorbeeld voorsitter van die bestuurskomitee) nie 'n aanduiding van so 'n tendens nie?

b. Missionêre leierskap


Die navorser meen dat die teorie en model wat deur Roxburgh (1998:183-220) as *Missional Leadership* voorgestel word, nie net vir ons help om iets van die soort leierskap wat in transformasietye nodig is, te verstaan nie, maar dit word gedra deur 'n grondige teologiese besinning oor die *missio Dei* en oor die wese van die kerk

- *Die begroning van missionêre leierskap*

Die begroning van missionêre leierskap binne God se werk, die vorming van 'n verlosde geloofsgemeenskap met die oog op die realisering van Sy Koninkryk, is die basis van missionêre leierskap. Missionêre leierskap word gevorm deur:

- die openbaring van Jesus Christus
- die Gees se vorming van 'n na-Pinkster-geloofsgemeenskap
- die herontdekking van eskatologie
- en vorm self 'n gemeenskap wat God se bedoeling met die skepping demonstreer en aankondig.

Missionêre leierskap word dus verstaan as deel van die heilshistoriese werk van God-drie-enig, deur die geloofsgemeenskap, in die hele skepping en met die oog op die toekoms wat Hy sal laat aanbreek.



In die reeks van *Gospel and our culture* sê Van Kooten en Barrett (2004:138-148) dat missionêre gemeentes en die leierskap se gesag volledig van God kom. Die kerk is God s'n en alle gesag waaroor beskik word, is wat Hy aan die kerk verleen het.

- *Die konteks van missionêre leierskap*

Roxburgh (1998:190) sê dat die vorm van leierskap in 'n spesifieke konteks 'n saak is van historiese voorlopers en diep kulturele waardes! Hy toon aan hoe die verskillende paradigmas wat hierbo beskryf was, die kerklike leierskap dramaties beïnvloed het.

- Leierskap in Christendom: Van Apostels na Priesters

Na Konstantyn se vorming van die staatskerk het die kerk beskik oor die verlossende genade van God en die uitdeler daarvan geword. Eers vanaf die tweede eeu is die term

*priester* vir Christelike personeel gebruik. Rang en rol het die plek van gawe en charisma ingeneem. Christendom het 'n gevestigde, statiese Christelike wêreld daargestel waarin die kerkamp te as afsonderlike orde van die gemeenskap gefunksioneer het. Die priester was herder wat 'n volk moes versorg deur die reëling en verspreiding van genademiddele in 'n geografiese gebied. Leierskap het 'n gevestigde pastorale identiteit ontvang.

○ Leierskap in die Reformasie: Van Priesters na Leermeesters/Leraars

Die Reformasie het nie die rol van die predikant of kerkamp te naar wesenlik verander nie, want die kerk was steeds basies as statiese verspreider van genade gesien. Dit het net nou 'n pedagogiese / lerende / opvoedkundige identiteit daaraan gegee, sodat leiers die beskermers van die Woord geword het. Sodoende het prediking en lering, toesig oor die regte leer en die regte administrasie van sakramente die normatiewe vorme van leierskap geword. Die Radikale Reformasie het tog verder probeer gaan.

○ Leierskap na die Verligting: Van Leermeesters na Professionaliteit

Roxburgh (1998:194-198) beskryf hoe die modernisme deur middel van die opleiding van predikante volgens die Europese opvoedkundige model, die kerklike amp as 'n professionele beroep naas ander professionele beroepe gevorm het. Die opvoedkundige paradigma met sy teologiese opleiding aan 'n Universiteit, kategorieë van bekwaamheid (*competency*) het ook die ampte bepaal en gevorm in die rigting van gespesialiseerde professie. Die individualisme van die modernisme met sy klem op persoonlike behoefte het nie alleen baie professionele professies en dienste gevra nie, maar ook die kerklike amp in drie rigtings laat spesialiseer:

- Die leier as berader

Die reduksie van die evangelie om die potensiaal en behoefte van die individu te dien, het daartoe gelei dat die pastorale opleiding ook in die rigting van kliniese en terapeutiese modelle gaan soek het na die pastorale leier as berader.

- Die leier as bestuurder

Die voorveronderstelling van modernisme van effektiwiteit het kerklike leiers gelewer wat die prosesse van die kerklike lewe tot spesifieke doelwitte moes bestuur. Die kerkvernuwing- en kerkgroei-bewegings het al meer aangeleen aan



organisasie-bestuur en markgedrewe uitgangspunte.

- Die leier as tegnikus

Die tegniese toepassing van wetenskaplike rasionalisme aanvaar dat dit moontlik is die lewe te beheer deur ons omgewing tot ons eie doel te manipuleer. So is daar 'n tegniek om die kerk se missie te vervul of strategiese doelwitte te bereik.<sup>63</sup>

→ Die navorser meen dat daar ongelukkig baie ooreenstemming met hierdie paradigmas in die sienings en praktyk van leierskap in die NG Kerk en ander hoofstroomkerke in Suid-Afrika te vind is. Tot 'n groot mate is die kerklike leierskap nog vasgevang in ou paradigmas wat nie meer in 'n nuwe konteks werk nie. Selfs die kontemporêre ontwikkelings rondom leierleraarskap en spesialisasie sal versigtig moet wees om nie maar net hierdie paradigmas voort te sit nie.

- *Missionêre leierskap vir 'n nuwe konteks*

Die ontwerp van 'n model vir missionêre leierskap (Roxburgh 1998:199-220) bied moontlikhede vir die verstaan van die kontemporêre ontwikkelings in makrogemeentes in Suid-Afrika, maar bied ook meer – dit bied 'n teologiese uitgangspunt en praktiese model vir kerk-wees en leierskap wat ook in Suid-Afrika met groot vrug gebruik kan word. Die model toon parallels met die verbondsgemeenskappe waarvan ons tydens die ballingskap en diaspora lees.


Die model beteken dat, op grond van die roeping van God, missionêre gemeenskappe in 'n konteks van transformasie gevestig word. Dit wil die kerk uit die vasgeloopte model van 'n klein toegewyde kern, binne 'n passiewe gemeente in 'n konteks van nie-kerklikes en soekers na 'n meer dinamiese model neem. Daar is leierskap nodig wat erns sal maak met die vorming van 'n verbondsgemeenskap as teken en voorsmaak, agent en instrument van die regering van God. Dit moet uiting gee aan die missionêre en eskatologiese perspektiewe en leierskap wat 'n weg wys weg van die behoefte-gedrewe perspektief. Die eerste perspektief wat hier ingebou word, is dus die eskatologiese oriëntasie na die Koninkryk van God wat reeds in Christus gekom het,

---

<sup>63</sup> Bogenoemde verbuigings van die predikant se rol word ook deur Roxburgh (1997:15-22) bespreek, maar daar wys hy baie duidelik daarop dat dit eintlik die gevolg is van die marginalisering van die kerk na die private lewe van die individu. Die private lewe word die ruimte vir pastorale leierskap.

maar nog in die toekoms volkome moet realiseer. Roxburgh maak ook gebruik van die begrippe *bounded sets* en *centered sets* in die voorstelling van drie groepe binne die konteks waarin ons lewe. Die begrensde ordening (*bounded set*) is soos die membraan om 'n biologiese sel wat struktuur en vorm aan die sel gee en wat beheer wat ingelaat en gekeer word. In gemeentes en denominasies is begrensde ordening die geestelike, sosiale en kulturele grense wat daargestel word. By gefokusde ordening (*centered sets*) daarenteen is die grense nie so streng nie, maar meer deurdringbaar. Hier word lidmaatskap en identiteit by die intree-punte nie gedefinieer nie en mense op 'n reis na 'n stel waardes en verbintenisse gelei. In die skets hieronder is die *missionêre gemeente die pelgrimsvolk van God* wat al meer ingeskakel word in die ontvangs van Sy koningskap en realisering van Sy regering. Dis 'n gefokusde ordening. Die *verbondsgemeenskap* is egter waar die geestelike dissiplines soos 'n Christelike lewe, lering en sending grense skep as 'n begrensde ordening. Missionêre leiers fokus hulle tyd, energie en denke op die vorming van hierdie verbondsgemeenskap. Die missionêre gemeente is op 'n kontinuum – 'n pelgrimsreis - van die gefokusde ordening na die begrensde ordening.

Leiers het dus vaardighede nodig om mense van buite (soekers en nie-kerklikes) in te nooi en die gemeente te versorg en toe te rus op hulle pelgrimstog, maar sal self ook voorgaan op die pad na volle verbintenis en lewe onder die heerskappy van Christus. Die omringende ellips stel die konteks voor wat die konstante doel van die missionêre gemeenskap is om te bereik. In hierdie model is die oriëntasie van leierskap getransformeer. Waar die professionele leier die verskeidenheid in die gemeente na binne wou bedien en na buite strategieë sou uitwerk om die religieuse mark te bereik, is die missionêre leier geroep om eerstens 'n geloofsgemeenskap te vorm en tweedens sy aandag aan die konteks te gee, maar as apostel wat op die voorpunt van die proses is om die hele gemeente daarheen te beweeg.



*Skets 3-6 Missionêre leierskap. Roxburgh (1998:213)*

- *Die vorming van missionêre leiers*

Hoe kan sulke missionêre leiers gevorm word?

- Vereistes vir die vorming van leiers:<sup>64</sup>

Roxburgh (1998:212-220) sê dat hierdie missionêre leiers mense sal moet wees met:

- 'n diepe roepingsbesef,
- 'n duidelike Christelike karakter,
- 'n akademiese en intellektuele bekwaamheid en
- vaardighede in geestelike- en gemeenskapsvorming

- Meervoudige leierskap

Die missionêre gemeente is 'n geloofsgemeenskap en die eerste taak van missionêre leiers is juis die vorming en lewe in so 'n gemeenskap. Van Kooten en Barrett (2004:142-145) gee talle voorbeelde uit die gemeentes waar leierskap as deel van die

<sup>64</sup> Hunsberger (2004:32-33) gee die volgende agt eienskappe van 'n goeie missionêre leier – dis leiers wat: die tyd ken; goed lees; wat eienaarskap vir 'n gedeelde verantwoordelikheid vir die gemeente se roeping neem; visie het; wat visioneer; vol geesdrif, genade, wysheid, kennis en krag is; 'n diepewortelde kurrikulum het en wat glo. In sy resensie op die artikel voeg Baron dan by dat dit ook leiers met nederigheid moet wees.

gemeente, span en in kollegialiteit beoefen is. Dit is Roxburgh (1998:214) se mening dat die missionêre leierskap nie in een persoon te vind is nie, maar in 'n span van meervoudige leierskap gesoek sal moet word. Die klem in die vorige paradigma op die opleiding en bevestiging van een persoon as *pastor-leraar* het aanleiding gegee tot die *solus pastor*. Missionêre leierskap sal egter van leierskap spanne gebruik maak, waar die doel en rigting van die kerk as missionêre gemeenskap 'n apostoliese leierskap vorm. Hy maak dan gebruik van Efesiërs 4 om daarop te wys dat daar in die missionêre gemeente ruimte is vir *profete, evangeliste* (in die gemeentelike konteks), die *pastor-leraar en apostel* wat as span funksioneer. So bring elkeen sy gawes na die gemeente om haar op te lei tot haar missionêre roeping. Hy sê dan die volgende:

*“A leader among the leaders with overall apostolic gifts could provide the oversight within the team of leaders.”*

Hy dink hier selfs aan die samewerking van predikante van verskillende gemeentes in 'n dorp in so 'n span. In 'n makrogemeente bring die grootte van die gemeente uiteraard dieselfde moontlikhede, soos reeds in die ontwikkelings hierbo gesien is.

o Identifisering en opleiding van leiers

Hy wys daarop dat bogenoemde model grondige transformasie met betrekking tot die identifisering, opleiding en bevestiging van leiers sal moet lei. Praktiese Teologie sal vanuit 'n missionêre kerkbegrip verstaan moet word en opleiding sal in samewerking met sulke gemeentes moet geskied. Die model vir opleiding is – en so ook in Suid-Afrika – te veel geskoei op die *solus pastor* wat as professionele leermeester die private geestelike behoeftes van gemeentelede bedien. Die doel van missionêre leierskap is tog: (Roxburgh 1998:219 se aanhaling van Newbigin)

*“to lead the congregation as a whole in a mission to the community as a whole, to claim its whole public life, as well as the lives of all its people, for God's rule.”*

c. Transformasie op pad na missionêre leierskap

Hierbo is verskillende modelle bespreek waarmee 'n mens na die proses van

transformasie kan kyk. Met spesifieke verwysing na Roxburgh se standpunte rondom die ontwikkeling van missionêre leierskap kan sy model nou ter sprake kom. Daar is hierbo aangetoon wat die betekenis van missionêre leierskap is. Die vraag is egter: hoe kom 'n mens by die ideaal van 'n nuwe ontwerp van leierskap as daar nog soveel elemente van die ouer paradigmas aan ons kerkgeliefte en leierskapsmodelle kleef? Daar is diep gewortelde praktyke, gewoontes en raamwerke wat moet verander.

Turner se model dien vir Roxburgh (1997, 2000) as instrument om die transformasie waardeur die kerk en sy leierskap beweeg te verduidelik. Hy wys op *liminality* (limen = drempel) as die grenservaring waardeur uiterlik en innerlik gewerk moet word.<sup>65</sup> In *The missionary congregation, leadership en liminality* (1997:23-57) bespreek hy die drie fases van liminaliteit, naamlik: *separation, liminal, reagggregation*. Die fase van liminaliteit waarin die kerk haar bevind, bring geweldige onsekerheid met betrekking tot die rol en identiteit van die predikant.

*“This is a liminal, betwixt-and-between time for pastors, their roles no longer fit the classifications of society. Questions are legitimately asked: What is a pastor? What do pastors do? Where do they fit? What kind of social function do they have?”* (Roxburgh (1997:43))



Hy wys ook op die feit dat die *communitastyd* 'n tyd is waarin die professionele onderskeiding en gespesialiseerde gesag gelyk gemaak word en titels nie meer geld nie. Dit bring geleentheid vir herbesinning met betrekking tot die spesialisering en professionalisering van die kerklike ampte. Roxburgh (2000:95-108) wys daarop dat transformasie in organisasies eintlik 'n diep kulturele skuif meebring.<sup>66</sup> Hy stel egter eers 'n model voor waarvolgens ons die fases en prosesse van transformasie beter kan verstaan.

---


<sup>65</sup> Roxburgh (2000:75) gebruik ook John Kotter se model wat toon hoe verskillende mense en groepe 'n eie pas van verandering kan hê – *innovative leaders* (2%), *opinion leaders* (14%), *early majority* (34%), *late majority* (34%) and *last adopters* (16%). Daarvolgens het 'n leier ten minste die eerste 16% nodig om 'n idee te versprei. Hy wys ook daarop dat dit nie 'n liniêre proses is nie, maar 'n veelkantige sistemiese proses.

<sup>66</sup> Roxburgh (2000:95-108) maak gebruik van Hiebert se model oor kultuur waarin daar oppervlakte kenmerke en kern kenmerke (wêreldbeeld) is en waar daar met ontworteling aan die kern kenmerke verander word.

Hy gebruik ook Schein se model waar die kerklike sisteem as organisatoriese kultuur gesien word en wys op die prosesse waarmee 'n groep sal probeer om sy interne integrasie en behoud van sy identiteit sal bestuur.

- *Transformasie-prosesse in fases*

Die model wat Roxburgh (2000:23-46) voorstel help ons om ingrypende transformasie in vyf fases te sien gebeur. Hieronder is 'n diagrammatiese voorstelling daarvan.



Skets 3-7 Afrikaanse weergawe van Roxburgh (2000:145) se model.

Die proses kan hier net baie kortliks bespreek word met verwysing na die soort leierskap wat in elke fase voorkom.

- **Stabiliteit**

Alle menslike sisteme soek na stabiliteit en 'n ewilibrum. Dis 'n behoefte aan beheer oor die omgewing. In hierdie fase is daar stabiliteit en tradisie en gedefinieerde rolle. Daar is hekwagters om dinge te hou soos dit was. As daar verandering is, is dit evolusionêr of ontwikkelend. Die rol van die leier in hierdie fase is *bestuur* en respek vir tradisie, waardes en simbole. Die predikant is hier die kapelaan wat die gemeente bestuur en vir die behoeftes sorg. Ander leiers sorg net vir die instandhouding van die sisteem.

○ Diskontinuiteit

In hierdie fase kom daar ontevredenheid, ander optrede en in kerklike verband, byvoorbeeld die ontstaan van verskeie para-kerklike organisasies. Die rol van die leier hier is steeds die van *bestuurder*, alhoewel dit nou met meer stres gepaard gaan om die sisteem in plek te hou.

○ Ontworteling

Nou is stres oral, verhoudinge is gestrek, sisteme begin opbreek, magstryde kom voor en konflik en blamering is algemeen. In Suid-Afrika kan mens dit tans baie duidelik in die NG Kerk sien – kyk byvoorbeeld na die verwysings wat hierbo gemaak is oor gesprekke in die media en getalle-skuiwe. Gesprekke oor naamsveranderinge, etiese uitsprake, fundamentele sake soos Bybelgesag ensovoorts is nou algemeen. Die tradisionele rol van die leier as *bestuurder* van rolle, gewoontes en tradisies sal hier nie voldoende wees nie. Ook nie leierskap as *kapelaan, terapeut of berader nie*. Hierdie is pogings uit die modernisme om leierskap aan te pas by die kultuur, maar die ontworteling is sodanig dat dit nie bevredig nie.

○ Oorgang

Fase vier is soos die *communitastyd* wat hierbo beskryf is. Dis die moeilikste tyd. Die tradisies en raamwerke van die vorige tyd is ontwortel en verwarring en verlorenheid word beleef. Dis soos Robinson Crusoe wat skipbreuk lei op die eiland. Hy probeer weer 'n boot bou om terug te keer na sy vorige lewe, maar dit werk nie. So is die natuurlike reaksie in hierdie fase of om weer kontrole te herwin of die ontstaan van fundamentalisme. Dis waarskynlik ook in Suid-Afrika baie duidelik. Sommige leiers en lidmate soek nou klinkklare antwoorde en uitsprake. Die tweede opsie is om die geleenthede raak te sien en 'n nuwe toekoms te ontdek (vergelyk Robinson Crusoe)

○ Reformasie


Reformasie beskryf die fase waarin daar deur die oorgang gewerk is en 'n nuwe identiteit ontdek is. Nou word nuwe raamwerke in nuwe strukture, rolle en verwagtings gevind. 'n Nuwe taal, rolle en reëls geld hier.

• *Lewensiklusse van organisasies*

Die lens van organisatoriese lewensiklus wat Roxburgh (2000:113-120) van Miller



oorneem, word 'n belangrike instrument om te kyk na die soort leierskap wat nodig is in die huidige transformasieproses. Dit kom daarop neer dat daar twee dinamieke of spanninge is wat in organisasies aan die werk is. Die een is die uitgaande dryf rondom 'n motiverende bewustheid van identiteit en visie – die idee, die gees, die passievolle visie het voorrang. Wanneer sukses bereik word, raak die organisasie na binne gekeer en begin net fokus op regulasie en identiteit. So ontwikkel leierskap wat dan op 'n kontinuum hiermee saamgaan. Die proses en leierskap kan soos volg voorgestel word.



Skets 3-8 Korporatiewe lewensiklus - Miller se model volgens Roxburgh (2000:119)

Die model hierbo is deur die navorser in Afrikaans weergegee. Die leierskap wat saamgaan met die lewensiklus van die organisasie lyk volgens die model soos volg: Die *profet (prophet)* is die visionêr wat nuwe toekomste sien. Detail, implementering en langtermyn organisasie is nie sy vaardighede nie; die *drywer (barbarian)*<sup>67</sup> neem die visie en oorkom alle hindernisse in die proses van implementering van die visie. Die *bouer en ontdekker (builder and explorer)* is die persoon(e) wat die infrastrukture, etos en waardes ontwikkel wat nodig is wanneer die organisasie groei. Konsensus en konsultasie is hier belangrik. Die *administrateur (administrator)* tree na vore

<sup>67</sup> Die woord *barbaar* het waarskynlik te veel negatiewe konnotasies in Afrikaans en om dit met *drywer* te vertaal gee waarskynlik die betekenis beter weer.

wanneer die organisasie gevorm word deur reëls, regulasies en tradisies. Die *burokraat (bureaucrat)* neem 'n vaste greep van kontrole oor die organisasie en simbole van gesag soos posisie en titels word belangrik en weerstand teen verandering is sterk. Die *aristokraat (aristocrat)* leef van die organisasie deur die voortsetting van sy rituele lewe en huidige funksionering.

Organisasies sal leiers kies wat pas by die plek in die lewensiklus. Daarom sal die natuurlike prosesse in organisasies die spesifieke leierskapstyl in 'n spesifieke plek in die lewensiklus dikteer. Predikante is meestal administrateurs en burokrate en reguleerders van die Christendom-era. Die krisis wat transformasie veroorsaak, bring egter die noodsaaklikheid van profete en drywers (barbare) na vore. Roxburgh wys daarop dat nie-denominasionele gemeentes wat tans groei, waarskynlik daarmee te doen het dat daar profete is wat visie en missie-gefokus is.


Die laaste kategorie van leierskap is egter die *sinergis (synergist)*. Organisasies hoef nie deur die hele siklus na uitsterwing te beweeg nie. Wat benodig word, is leierskap wat die organisasie sal help om in enige stadium gedefinieer, gedomineer of gelei te word deur enige van die sewe leierskapstyle. Daarvoor benodig die organisasie die sinergis. Dis leierskap wat die kapasiteit het om die verskeidenheid leierskapstipes van profet, drywer (barbaar), bouer, uitbreider, administrateur en burokraat te verenig. Die sinergis sal die verskeie style in 'n span verenig en ruimte en prioriteit op verskillende tye verleen.

→ Die navorser is van mening dat ons in die kontemporêre ontwikkelings wat in hoofstuk twee beskryf is, heelwat kan leer van hierdie lewensiklus model. 'n Denominasie soos die NG Kerk is waarskynlik nog baie vasgevang in die Christendom en modernisme en vertoon veral style van administrateur, burokraat en aristokraat. Die gemeentes begin sê dat hulle egter nou profete, drywers (barbare) en bouers benodig. Dit blyk dat die definiëring van funksies en mandate van leierleraars 'n aanduiding in daardie rigting is. Die vraag is egter of die rol van 'n sinergis nie die primêre taak van 'n leierleeraar sou kon wees nie? Dan sou dit impliseer dat die mandate van leierleraars maklik te eensydig in terme van visionering verstaan word en op die ander uiterste te veel met administrasie en bestuur te doen kan hê. Veral die feit dat heelwat leierleraars baie bestuur-verantwoordelikheid gegee is, kan dalk in die

huidige konteks van transformasie te veel instandhouding van die sisteem beteken. Sou die feit dat sommige leierleraars “koördinerende leraars” genoem is, nie ’n aanduiding in die rigting van die belang van sinergisme wees nie?

- *Hoe lyk kerklike leierskap in transformasietye?*

Die samevoeging van die fases van transformasie en die lewensiklus by Roxburgh (2000:121-153) lewer baie insiggewende resultate met betrekking tot leierskap. Sy eerste opmerking is dat leierskap as *spanwerk* verstaan moet word. Tereg sê hy dat die vereistes met betrekking tot transformasie en die lewensiklus waardeur die kerk gaan, net te omvattend is vir een persoon. Daarom is meervoudige leierskap nodig. Die model van *solus pastor* of selfs *multiple pastor* waar die enkel-pastor-model net vermeerder word in medeleraarskap, kan nie bevredig nie. Hy voorsien ’n span leiers wat saamwerk. Hy meen dat so ’n span ’n “oorhoofse leier” benodig wat die energie en gawes van die hele span ten beste kan benut. Uit die lewensiklus-model kan dit die *sinergis* wees wat hierdie rol vervul. Hy stel verder ’n model vir missionêre leierskap voor waar vier kante van leierskap saam kan funksioneer. Hiervoor kombineer hy beelde van leierskap uit die Ou Testament en Nuwe Testament (byvoorbeeld Ef 4). Die volgende vier tipes leiers is dus volgens hom noodsaaklik in ’n transformasie-proses.



- *Leier as Digter*

Die digter tree veral op in die oorgang van diskontinuiteit- na ontwortelingsfase. Dis leierskap wat allereers luister en in musiek, storie en verbeelding die diepste gevoelens van die kultuur weergee. Dis ’n fokus op mense en om onder die oppervlak te sien en te onderskei. Die digter kyk dieper as die oppervlakkige lae van die kulturele mites en stories. Hulle sien byvoorbeeld die leegheid van individualisme, tegniek, materialisme en outonomie. Hulle is ook gewortel in die tradisie, veral van die Christelike verhaal. Digtors is beeldskeppers (*image framers*), entrepreneurs, veranderingsagente, skeppers van toekoms-geloof-kerke. Hulle gebruik metafore en simbole.

*“Poets listen, enabling people to express and see the worlds that unconsciously live inside and drive them everyday so that they might begin to re-discover that Gospel story and rhythm of life that has been lost.”*

○ Leier as *Profeet*

Die profeet tree veral in die oorgang van ontworteling- na oorgangsfase op. Die profeet se rol is die herstel van 'n wêreld, die hervorming van die gemeenskap rondom die Goddelike verhaal. Die profeet leef binne-in die tradisie. Die profeet moet mense verbind aan hulle kernwaardes. Dit kan byvoorbeeld beteken dat die individualisme, soos wat dit in individuele verlossing uitgewerk word en die beginsel van vrywillige organisasies in vandag se kultuur, gekritiseer word en dat op meer Bybelse beginsels gewys word. Jeremia is 'n voorbeeld van iemand wat onder die verhaal van die ballingskap God se verhaal vir die volk interpreteer.

*“Prophets lead God’s people into recovering God’s story and re-forming the community as a distinct people.”*

○ Leier as *Apostel*

Dis die leierskap wat in die hervormingsfase nodig is. 'n Apostoliese leier is iemand met 'n duidelike roeping, missie, krag en dringendheid om 'n nuwe toekoms te skep. Die apostel is soos die drywer (*barbarian*) waarvan hierbo gepraat is. Hy wil die kerk hervorm rondom kernwaardes en het die vaardighede om te visioneer en te implementeer. Hy's soos 'n generaal met 'n plan en rigting. Nehemia en Paulus is goeie Bybelse voorbeelde. Roxburgh (2000:141) sê dat dit dalk 'n korreksie aanbring met betrekking tot sisteem-leierskap en diens-leierskap as dit eensydig verstaan word. Apostels word baiekeer nie binne 'n gemeente gewaardeer nie en hulle stig dan onafhanklike gemeentes, terwyl hulle eintlik baie belangrik binne die organisasie is.


*“Apostles lead God’s people into the new missional future.  
...A missional church will have at its center an apostolic identity and an apostolic leadership.”*

○ Leier as *Pastor*

Die pastor was vir byna twee millennia die primêre identiteit van kerklike leierskap. Na die Verligting het dit net verander in professionalisering in byvoorbeeld beraad, bestuur en leierskapsontwikkeling. Dis steeds belangrik, maar dan veral met betrekking tot die stabiele fase.

Die tipes leierskap word deur Roxburgh (2000:145-153) in die fases van transformasie geplaas (vergelyk die skets). Die pastor funksioneer dus ten beste in die stabiele fase, die digter in die diskontinuiteit- en ontwortelingsfase, die profeet in die ontwortelings- en oorgangsfases en die apostel veral in die reformasiefase. Dit beteken dat daar in 'n sekere fase 'n spesifieke tipe leierskap aangewese is om die sisteem dan te vorm. Hy beklemtoon egter dat dit onder leiding van 'n sinergistiese leier moet plaasvind wat uit die sterkte van die span sal funksioneer.

*“The team typology, combining a mixture of leadership qualities, allows the energies and skills of people to be appropriately released and empowered for the transition and transformation of churches.”*



*Skets 3-9 Sinergistiese leierskap in 'n leierskapsan. Roxburgh (2000:146)*

Roxburgh (2000:147-153) het 'n baie spesifieke voorstel met betrekking tot die Amerikaanse konteks waarin hierdie spanbenadering in 'n missionêre leierspan, onder leiding van 'n uitvoerende of sinergistiese leier, 'n rol kan speel. Hy beklemtoon dat dit as 'n vennootskap in dorpe en streke kan ontstaan.

→ In Suid-Afrika het die Vennootskap van Gestuurde Gemeentes al 'n vennootskap gevorm, maar nog nie met betrekking tot leierskap in so 'n geografiese verband nie. Die kontemporêre ontwikkelings in makrogemeentes wat in hoofstuk twee beskryf is, toon egter op verskeie maniere ooreenkoms met Roxburgh se voorstel. Allereers is die meervoudige leierskap veral in spanverband duidelik te sien. Verder is die

aanwys van leierleraars sekerlik iets van die sinergistiese leier en is rigtinggewende leierskap ook belangrik.

Miskien kan perspektiewe op alle leierskap in die 21ste eeu en veral met betrekking tot die sinergistiese leier<sup>68</sup> verryk word met Easum en Bandy (1997:173-203) se metafoor van die leier as *vroedvrou*. Hy sê:

*“Spiritual redwoods (sy beeld van die kerk) require leaders who are spiritual giants. They are visionaries, synthesizers and motivators. If the spiritual redwood is a synergy of life, then leaders who are spiritual giants must be “synergists” who build synergies for life.”*

Die metafoor van die vroedvrou beskryf iets van hierdie visionêre, motiverende en sintetiserende leierskap. Hulle beskryf hoe die vroedvrou, as deel van ’n sisteem van interafhanklike mense, instrumente en aspekte die geboorte van nuwe lewe, as potensiaal wat God gee, begelei. Die geestelike vroedvrou het die volgende drie sleutels:

- hulle kommunikeer die onmiddellikheid van God
- hulle integreer die geestelike lewe met die geestelike roeping, en
- hulle verenig lidmate en leiers in ’n heelheid van wedersydse ondersteuning

Hierdie drie dinge wat van hulle waar is, moet ook die genetiese kode van elke gelowige wees.

Hiermee is ’n mens naby aan die uitgangspunte van Smit (1995) en medewerkers wat leierskap primêr as *begeleiding* sien en waarin *presensie, visionering, fasilitering en energering* fasette van die begeleidingsproses is.

Die belangrikheid van die totale heroriëntasie van die NG Kerk van instandhouding na missionêre gemeente in ’n postmoderne konteks word ook deur Dreyer (2003) beklemtoon. Hy sê dat ’n missionêre teologie ’n eerste kenmerk moet wees van missionêre leierskap. Dit moet dan lei tot visionering, veranderings-begeleiding en

---

<sup>68</sup> Easum & Bandy (1997:185) beskryf sinergie as *the combined or cooperative action of two or more agents that together increases each other’s effectiveness. The results of synergy will always be more than merely the sum of the parts.*

verwerking van die visie. Die take van missionêre leierskap is om mense te help om sin te ontdek in *individualiteit* (ontginning van elkeen se potensiaal), *gemeenskap* (verhoudinge, veral in kleingroepe), *geloofswaarhede* (herontdekking van Bybelse waarhede), en te midde van fragmentering en spesialisasie, in *hoop*. Hy wys na aanleiding van Wagner daarop dat die akademiese opleiding van predikante berus op die professionele paradigma van die modernisme en wys op sewe grafstene daarvan onder die opskrif: *Why seminaries are sometimes called cemeteries*. Dringende aanpassing is nodig om dit nader aan gemeentes en 'n missionêre model te bring.

### 3.3 VOORLOPIGE BEVINDINGS

#### 3.3.1 Transformasie

Die gegewens hierbo bevestig oorweldigend dat die hele samelewing en die kerk daarmee saam in 'n geweldige diep, omvangryke en ingrypende transformasietyd is waarin wêreldbeeld, paradigmas en diepgewortelde beskouings oor die lewe, kultuur, kerk en Christenskap besig is om te verander. Die besondere konteks van Suider Afrika is nie net deur die globale transformasie geraak nie, maar het ook unieke fasette met betrekking tot transformasie beleef, veral na die politieke veranderinge wat na 1994 plaasgevind het. Die Afrikaanssprekendes en 'n kerk soos die NG Kerk is dus inderdaad gelyktydig met verskillende storms of tsunami's van verandering getref. Dit was ook duidelik hierbo dat die kerklike konteks sy eiesoortige veranderings beleef het en dat daar tans diepgrondige veranderinge gesien word met betrekking tot die identiteit, bedieningsmodelle en leierskap in gemeentes.


#### 3.3.2 Leierskap

Dit was deurlopend uit die literatuur duidelik dat die transformasie in die makro- en gemeentekonteks 'n beduidende invloed op leierskap het. Aan die een kant het die tydsges, sisteem, paradigmas, getalle van gemeentes en generasie-era telkens sekere style en modelle van leierskap na vore gebring. Aan die ander kant het leierskapstyle en modelle na sekere tydperke en sisteme byna vasgeval en versteen. Dit impliseer dat daardie modelle en style dan in volgende fases nie meer aan die vereistes vir die



tyd voldoen nie. Die transformasietyd waarin ons tans verkeer maak dat leierskapsmodelle en style van die Christendom, modernisme, vorige denksisteme en generasies net nie meer beantwoord aan die eise van die tyd nie.

Daar is verskeie riglyne met betrekking tot leierskap uitgestippel. Dit lyk egter vir die navorser of die missionêre model teologies en vir die praktiese situasie van 'n kerk soos die NG Kerk in Suid-Afrika die beste moontlikhede bied.



## 4. BYBELSE PERSPEKTIEWE OP GEMEENTELIKE LEIERSKAP

*“Maar jy, man van God... streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde,  
volharding en minsaamheid”*

(1 Tm 6:11)

*“n Ouderling is immers n bestuurder van die huishouding van God”  
(Tt 1:7)*

*“The questions raised by the faith community should be answered by means of a  
process of discernment in which Scripture plays a normative role. In the endeavor to  
interpret normative sources, several actions and role-players are involved – this is  
where history, memory, story or tradition is at stake”*

(Hendriks 2004:29)


In hierdie hoofstuk word gedoen wat vir die teologie onontbeerlik is: daar word teruggegaan na die bronne van Skrif en tradisie om die moeilike taak van geestelike onderskeiding op grond van hierdie bronne te vervul. Die basiese probleem van leierskap in veranderende tye sal in hierdie bronne ondersoek word. Daar sal veral gekyk word na Skrifgedeeltes waarin transformasie aan die orde van die dag was en na die soort leierskap wat dit vereis het.

Burger en Wepener (2004c:16) se opmerkings oor die gebrek aan duidelike en onomwonde antwoorde in die Bybel oor die predikantsamp kan in ag geneem word. Hulle noem dat indien jy n klinkklare omskrywing soek van watter tipe leiers daar in gemeentes behoort te wees en presies wat elkeen se taak is, jy redelik bedroë daarvan sal afkom. Dit in ag genome, moet daar wel teruggegaan word na die gesagsbronne en in die Skrif gesoek word na riglyne met betrekking tot leierskap en spesifiek in transformasietye.

→ Dit is veral in hierdie hoofstuk waar die navorser telkens die pyltjie (→ ) sal gebruik as aanduiding waar die korrelasie-hermeneutiese benadering (Hendriks 2004) gebruik word om die bevindinge uit die Skrif en tradisie met die kontemporêre perspektiewe (hoofstuk twee) en die groter veranderende konteks (hoofstuk drie) in gesprek te bring, op soek na die onderskeiding van God se wil vir die toekoms. Dit sal 'n misverstand wees as dit sou lei tot 'n afleiding dat daar reglynige toepassings van die Skrif na die huidige konteks gemaak kan word. Die navorser is bewus daarvan dat versigtigheid aan die dag gelê moet word en wil met die → slegs 'n voorlopige hermeneutiese gesprek aanknoop waarin daar op verbande, ooreenkomste en verskille (kontinuuïteit en diskontinuuïteit) gewys word.

a. Metodologiese benadering

Die hipotese dat *transformasie eietydse en kontekstuele ontwikkelings in leierskap vereis* is wat hier getoets gaan word. Die navorser meen dat Bybelse leierskap verband hou met die vraag na die charismata en/of “ampte” in die Bybel. Verder sal die historiese pad van transformasie en die gevolglike verandering in bedieningstrukture en leierskap nagegaan word. Laastens sal meer toegespits aan 1 Timoteus aandag gegee word.



Die onderwerp van leierskap in transformasietye kan tot 'n baie wye ondersoek in die hele Skrif lei. Die navorser gaan poog om 'n oorsigtelike beeld van die onderwerp in die Skrif te kry en gaan daarom van artikels en skrywers gebruik maak wat so 'n voëlvlug oor die onderwerp gedoen het. Daar gaan nie intensief van Ou- en Nuwe Testamentiese teoloë gebruik gemaak word nie, terwyl dit tog moontlik is om uit daardie oorde goeie ondersteuning te vind.

b. Eksegetiese metode

Die eerste twee afdelings (oor charisma en amp en oor transformasie en leierskap) werk met die Skrif en veral die Nuwe Testament as geheel. Dit ondersoek telkens 'n tema of onderwerp en probeer om historiese verbande te lê. By 1 Timoteus word daar meer toegespits en eksegeties gewerk.


Die verskeidenheid metodologiese benaderings het in die vorige eeu tot nou toe so toegeneem, dat Punt (1998:135) met betrekking tot die Nuwe Testamentici in Suid Afrika van 'n *methodolomania* en van paradigmaskuiwe praat - van *prooftexting*, *historical-critical to hermeneutical* (Punt 1998:141, met verwysing na Lategan en Spangenberg). Snyman (2000:76-91) beskryf hoe die histories-kritiese benadering (met sy *vormkritiek*, *tradisiekritiek*, *redaksiekritiek en tekskritiek*), teksgerigte benaderings (*sinkronies*), lesergerigte benaderings, hermeneutiese benaderings (met onder andere die *feministiese en bevrydings-teologiese benaderings*) en die ontwikkelings van postmodernisme (met *kontekstualiteit en verbeelding/ imagination*) met betrekking tot die Ou Testament gevolg is. Van Zyl (2000:169-208) gee weer 'n oorsig oor Suid Afrikaanse bydraes tot die Nuwe Testamentiese studie. By die metodes wat hierbo van Snyman aangehaal is, wys hy ook op die gewildheid van die sosiaal-wetenskaplike-<sup>69</sup>, hermeneutiese-, narratiewe- en retoriese benaderings in die Nuwe Testamentiese studies in Suid Afrika. Hy wys op die voordele van 'n multidimensionele benadering.

Die navorser sal hieronder aansluit by die multidimensionele benadering. Die oorsigtelike dele sluit by artikels aan waar die histories-kritiese benadering gebruik word, terwyl die navorser veral by die sosiaal-wetenskaplike, hermeneutiese en retoriese benaderings aansluit. Dit sal uit die studie van 1 Timoteus duideliker blyk.

Die hermeneutiese benadering is, in aansluiting by Hendriks (2004) se metodologie vir die doen van teologie, veral by 1 Timoteus deuslaggewend. In die hermeneutiese proses om die huidige veranderinge in leierskap in makrogemeentes te verstaan, sal die dinamiese en komplekse proses van verskeie elemente van verstaan in ag geneem word. Kommunikasie-teorieë uit die twintigste eeu, soos deur Mouton (2005:3-27) op voetspoor van Lategan beskryf, vervul hierin 'n belangrike rol. Sy stel dit soos volg:

*“It is at the epicentre of these interrelated and interdependent dimensions (‘spirals’) of textual communication (God as the ultimate ‘sender’, the NT texts as ‘message and medium’, and ‘receivers’ in various contexts)...that the primary functions of New Testament scholarship have to be defined and nuanced.”*

<sup>69</sup> Van Zyl (2000:169-236) wys op verskeie Nuwe Testamentiese werke wat die gewildheid van die metode illustreer. Joubert (1987) was waarskynlik die eerste wat die sosiologiese metode op Suid Afrikaanse bodem volledig ingespan het in sy ondersoek na die armoedeprobleem in Jerusalem.



*Skets 4-1 Kommunikasieteorie - Elna Mouton (2005:8)*

Die Nuwe Testament self het tot stand gekom deur 'n proses om ervarings van verandering op grond van die paradoksale teenwoordigheid van Jesus van Nasaret te *verstaan en te interpreteer* (Mouton 2005:8-10). Daarby moet verskeie aspekte van kommunikasie in die teks, soos die sintaktiese, semantiese en pragmatiese, verreken word.<sup>70</sup> Hierdie hermeneutiese- en interpretasie-proses, wat in die Skrif self plaasgevind het, moet nou verder in kontemporêre omstandighede voortgesit word. In hierdie studie moet die kontemporêre ontwikkelings van leierskap met die sender, medium en ontvangers van die Bybel, asook met die huidige geloofsgemeenskap, tot nuwe interpretasie gebring word. Dis met hierdie hermeneutiese benadering waarmee dié hoofstuk aangepak sal word.<sup>71</sup>

<sup>70</sup> Mouton (2005:7) haal vir Robbins aan wat praat van die *multilayered 'texture' of these texts*. Sy sê dan: *As products of human interpretation from within specific historical and language contexts, these writings are necessarily 'multidimensional' in nature – representing syntactic (linguistic-literary), semantic (socio-cultural), and pragmatic (theological-rhetorical) aspects of communication.*

<sup>71</sup> Vir 'n volledige uiteensetting oor die problematiek en ontwikkeling van die hermeneutiek van die Nuwe Testament kan Stuhlmacher (1979) nagegaan word. Deist en Burden (1980) werk in hulle benadering tot Bybeluitleg inklusief met die teks, konteks en spreker. Kommunikasieteorie en hermeneutiek word baie goed uiteengesit deur Tate (1991) en Smit (1987) en die kommunikasieteorie van Mouton wat hierbo genoem is, sluit goed daarby aan.

## 4.1 CHARISMA, AMP EN LEIERSKAP

Leierskap in die Skrif en kerklike tradisie na die totstandkoming van die Skrif hou verband met verskeie aspekte. Die veld wat ten nouste daarmee verband hou is hoe die Skrif die bediening in en deur die gemeente sien. Dit raak die mense deur wie God hierdie bediening doen en hou verband met die gawes van alle lidmate en van mense in besondere funksies of ampte. Sodoende kom die velde van die ekklesiologie en die ampte ter sprake. Uiteraard kan die navorser nie volledig op een van hierdie aspekte ingaan nie, maar wil veral kyk na hoe die veranderinge in gemeentemodelle die ampte en leierskap in die algemeen beïnvloed.

### 4.1.1 Veranderinge met betrekking tot ampsteologie

Besprekings rondom leierskap is in die teologie veral vanuit die ampsteologie gedoen. Deesdae het daar egter allerlei vrae begin ontstaan rondom sekere aspekte wat lank as basiese uitgangspunte beskou is. Louis Heyns (1993:354-362) sê reeds meer as tien jaar gelede dat die amp in 'n krisis is en wys dan op verskeie vrae rondom die ampsbeskouing. Hy wys daarop dat alle ampsteorieë vanuit die twee wortels van teologie en die geskiedenis groei. In Rooms-Katolieke en Protestantse kringe is 'n noue verband tussen Christus en die ampsdraers, as verteenwoordigers van Christus, gelê. Soos Christus in die drieërlei amp van profeet, priester en koning gestaan het, so is daar ook onder die ampsdraers mense wat die profetiese, priesterlike en koninklike ampte bekleë. Binne Gereformeerde kringe staan die leraar in die profetiese amp (verkondiger van die Woord), die ouderling in die koninklike amp (die regeerders van die gemeente) en die diakens in die priesterlike amp (aan wie onder andere die diens van barmhartigheid toevertrou is). Ook lidmate staan in hierdie drieërlei amp met profetiese, priesterlike en koninklike funksies. In die ampsteologie word daar met die ampte van profeet, priester en koning 'n beroep op die Ou Testament gemaak, en met die terme van oudste, ouderling, apostel, evangelis, herder en ander, op die Nuwe Testament. Heyns wys daarop dat die tweede wortel van die ampsteorie histories van aard en samelewingsgebonde is. Heyns (1993:355) haal vir Küng aan wat sê:

*“The real essence of the real church is expressed in historical form”.*

Heyns (1993) wys dan op die veranderinge met betrekking tot die ampsteologie. Dit word redelik volledig hieronder weergegee omdat dit baie betrekking het op afleidings wat later ter sprake kom. Heyns wys op die volgende veranderinge:

a. Gemeenteteologie i.p.v. ampsteologie

Die Praktiese Teologie is hoofsaaklik vanuit die perspektief van die handeling van die pastor gedoen. Tans word die handeling van alle gelowiges in die onderskeie handelingsvelde bespreek en is die gemeente in die brandpunt. In die plek van die tradisionele ampsteologie het 'n gemeenteteologie gekom.

b. Bybelse begroning vir ampsmodelle word bevraagteken.

Heyns (1993:356) haal vir Pelser soos volg aan: “Ontwikkelinge in die Bybelwetenskappe het meegebring dat die Bybel al meer verstaan word as 'n bundel geskrifte wat verskillende teologiese denkrigtings, tye, plekke en situasies verteenwoordig. Daar is ook 'n verskeidenheid bedieningsbenaminge en bedieningsstrukture in die verskillende gemeentes en wat nie tot een sisteem gereduseer kan word nie.” Dit wil voorkom asof die vroeë christene vanweë die nabye verwagting van die wederkoms (“*Näherwartung*”) nie 'n behoefte aan besondere bediening of ampte gehad het nie. Heyns (1993:356) haal vir Henau aan wat sê dat daar 'n konsensus onder Protestantse en Rooms-Katolieke eksegete is dat die Nuwe Testament nie 'n normatiewe model of teorie oor die kerklike ampte het nie.

c. Charismatiese beweging

Met die beklemtoning van die gemeente as charismatiese gemeenskap waarin alle lede van die liggaam van Christus 'n bepaalde dienswerk ontvang het en deur die Gees met 'n genadegawe daarvoor toegerus is, het die vraag ontstaan of daar 'n duidelike onderskeid tussen die dienste van ampsdraers en dienste van ander gelowiges gemaak kan word. Hulle het daarmee aan die institusionele kerke met hul tradisionele ampsbeskouing indringende vrae gestel.

d. Amp of diens

Die benaming “amp” kom nie in die Bybel voor nie en is eers deur die tweede geslag christene gebruik, terwyl die term “diens” veelvuldig deur die Bybelskrywers gebruik word. Die charismatiese beweging het 'n nuwe belangstelling in die term “diakonia”



gebring. In teologiese diskussies word gevra of die term amp nie met diens vervang moet word nie.

e. Herwaardering van die amp van die gelowige

Deur die eeue is daar in kerklike praktyk en teologiese literatuur onderskeid gemaak tussen die ampsdraers en lidmate of, Reformatories geformuleer, tussen die besondere ampte en die amp van die gelowige of, uit Rooms katolieke perspektief, tussen die geestelikes en die leke. Tydens die Middeleeue het die kloof tussen die amptenary en die gemeentede groter geword en is die lidmate met die term “leke” beskryf, wat op onbevoegdheid, oningeligtheid en onwetendheid gedui het. Tydens die Hervorming het veral Luther hom sterk uitgespreek teen die minderwaardige posisie van gemeentede en na die algemene priesterskap van alle gelowiges verwys. Tans is die praktiese implikasies van daardie perspektief weer van groot belang.

f. Ampsdraers se gesag word bevraagteken

Voorheen was die gesag van ampsdraers algemeen aanvaar. Predikante, biskoppe en priesters was die geestelike leiers wat op grond van hulle opleiding, kennis, roeping, ordening en posisie as God se verteenwoordigers en as deskundiges en gesagsfigure aanvaar is. Die proses van demokratisering van die samelewing het beteken dat die eksklusiewe gesag van die ampsdraers verwerp is.

g. Die amp funksioneel

In die ampsteologie, waar die pastor tot 'n groot mate subjek van geloofshandeling was, is aan die amp 'n sekere mate van selfstandigheid gegee teenoor die gemeente. Uit die gemeente-teologiese perspektief gaan dit nie eerstens om die gemeente nie, maar om bepaalde funksies wat in die gemeente uitgevoer moet word, waarop die kerk in die samelewing gestalte kry. Die begrippe waarmee die funksies van die gemeente beskryf is, is *kerugma*, *leitourgia*, *koinonia*, *diakonia*, *marturia*, *didache* en *paraklesis*. Nie die ampsdraer nie, maar die funksie is primêr.

Heyns (1993) wys verder daarop dat daar ingrypende veranderinge in die samelewing gekom het wat 'n merkbare verskil op die ampsbeskouing gehad het. Hy verwys na dinge soos die mondigheid van die mens wat onder andere na vore kom in dinge soos demokratisering en deelnemende bestuur. Verder wys hy daarop dat dit veral

verstedeliking is wat anonimiteit, onpersoonlikheid en vereensaming gebring het, met 'n klem op funksionaliteit in verhoudinge.

→ Die uiteensetting hierbo bevestig die navorsingsprobleem dat tradisionele vorme van leierskap nie voldoende in transformasietye is nie. Dieper vrae oor leierskap word derhalwe gestel.

#### **4.1.2 Die drie-ampteleer (*munus triplex*)**

Dit is die moeite werd om ook indringend te kyk na die laaste artikel (Deel vyf) in die reeks van Burger en Wepener waarin Burger (2004b) meer fokus en duidelikheid oor die predikantsamp wil verkry. Dit kan ook help in die verstaan van leierskap in die algemeen.

Burger toon aan dat die drie-ampteleer sedert die Reformasie hoofsaaklik op die Christologie toegepas is, maar in verband met die roeping van elke gelowige gebring is (Heidelbergse Kategismus – Sondag 12, vraag 32). Hy sluit veral by Wainwright (*For our salvation* – 1997) aan wat die drie-ampteleer op die ekklesiologie, kerklike amp en dienswerk toepas. Burger wys self probleme met toepassing op die ampte uit, soos dat die amp van die koning in spanning met nederige dienswerk kan staan en dat die ampte nie altyd en oral in die Skrif so helder gefokus en afgebaken word nie. Die navorser meen dat die grootste kritiek moontlik kan wees dat die Nuwe Testament self nie hierdie soort toepassing maak nie, en dat die driedeling dus verder kan strek as wat die Skrif dit wil doen. Dit kan meebring dat daar gesistematiseer word, terwyl die Nuwe Testament die dinamiese en kontekstuele ontwikkeling van dienste juis oper wil laat. Nogtans is dit die moeite werd om te kyk na die beginsels wat Burger in hierdie artikel na vore bring.


##### **a. Beginnels oor die drie ampte uit die Ou Testament**

- *Die Profeet*
  - Die Woord of boodskap staan in die kern van die profeet se werk
  - Profete het baie naby aan God gestaan en was in besonder “*profete van God*”
  - Hulle het baie keer die tradisie en vorige woorde van God herinterpreteer.

Hulle gee 'n kreatiewe herinterpretasie van die oorgelewerde boodskap en was draers van nuwe visie en hoop (Burger 2004b:540 haal vir W Brueggeman aan wat met die term “*prophetic imagination*” ’n naam probeer gee aan hierdie kreatiewe herinterpretasie wat die profete aan die oorgelewerde boodskap gegee het.)

- *Die Priester*

- Priesters was 'n integrale deel van die institusionele godsdiensoefening van Israel en verantwoordelik vir die uitbou van die erediens en kultus. Hulle moes bou aan die gemeenskap en was die bewaarders van die tradisie en identiteit van die Godsvolk.
- Hulle het, met baie voorskiftelikheid, diens verrig by die kultus en erediens
- Hulle het ook 'n pastorale funksie verrig, mense in nood bygestaan en God met die tummin en urim om Sy wil geraadpleeg.
- Hulle het 'n lerende funksie gehad en was bewakers van die tradisie (Dt 33:10).
- God speel 'n sterk rol in die institusionalisering van Israel se geloof en gebruik die priesters hierin met betrekking tot die wetskrywing en werk in die kultus.



- *Die Koning*

Die koningsamp is heelwat kompleks as wat dalk 'n mens dink. 'n Paar fasette is:

- Die instelling van die amp het baie te doen met kontekstuele oorwegings. Getallegroei en die feit dat daar vanuit politieke, militêre en ekonomiese redes behoefte was aan sterker sentrale leierskap vorm onder andere redes. Dit sou die eenheid as volk beter na vore bring.
- Die koning moes in Israel nie 'n magsfiguur wees nie, maar was 'n dienskneg wat in die Here se naam die volk moes lei, bestuur en organiseer – op so 'n manier dat God se heerskappy duideliker sou word. Hmagy was 'n soort bestuurder, organiseerder of strateeg. Burger haal vir Fackre aan wat sê die koning se taak was “to get things done”
- Die ideaal was nie dat die koning rykdom, mag en 'n lang lewe vir homself sou verkry nie, maar dat hy 'n dienskneg van God sou wees wat die volk met billikheid, reg en wysheid sou regeer. (Vergelyk Salomo se droom – 1 Kon 3)

- Bogenoemde ideaal kom veral na vore in die Messiasverwagtings van 'n koning wat 'n nuwe vrederyk met reg, liefde en trou sal vestig.
- Die koning was dus 'n bestuurder, organiseerder, administrateur, strateeg, wat die groterwordende geloofsgemeenskap só moes lei dat meer van God se heil en genade in en deur hulle lewens sigbaar sou word.

b. Die benutting van die drie-ampteleer vir die leraarsamp

In die benutting van die drie-ampteleer vir predikantswerk noem Burger dat dit die volgende vir die predikant se werk behels:

- *Priesters wat met groot deernis naby mense leef.*

Die offerkultus het na die Ou Testamentiese tyd weggeval. In plek daarvan kom die pastorale sorg en die instandhouding van die erediens. Burger noem die volgende toepassings:

- Priesters wat mense raaksien en hul lief en leed ernstig neem.

Dit beteken dat hulle tyd met mense spandeer, hul pyn en seer raaksien, dat hul liefde veranker is in die hart van die evangelie en dat hulle bou aan die geloofsgemeenskap.

- Die sentrale plek waaruit hulle werk – is in ons tyd – die erediens.

Die priester spandeer baie tyd om na te dink oor die erediens – die belewenis van God se teenwoordigheid en die sinvolle en geseënde deelname van mense, spandeer tyd aan die gebed as sentrale aktiwiteit in die erediens, neem die institusionele kant van die geloof ernstig en kom naby aan mense waar hulle werklik leef – byvoorbeeld. in huisbesoek.

- *Profete wat naby God leef en herinner aan die hoopvolle evangelie-beloftes*

Die profeet word in die Protestantse geloof baie sterk met die predikant of prediker geassosieer, vandaar die term predikant of leraar, teenoor die Rooms Katolieke priester. Die volgende toepassings word gemaak:

- Die profeet leef naby aan God, spandeer tyd met Hom en Sy Woord en lei die gemeente terug na die geheim van sy bestaan. Dit het te doen met die teenwoordigheid van die Lewende in die midde van die gemeente en wêreld, met die verstaan van Sy wil vir die gemeente en met die hoop wat die

evangelie bring.

- Profetewerk is werk met die Bybel, wat 'n meerkantige proses is, wat impliseer dat oor God se wil en aktiwiteit in die wêreld nagedink word in die lig van die Skrif, wat die prediking van die Woord en lering, tydig en ontydig, insluit.
- *Gemeenteleiers (konings) wat “naby die gemeente leef” en met wysheid die gemeentelike lewe so begelei en bestuur dat die heil van God (liefde, reg en vrede) konkreet gestalte kry in die gesamentlike lewe van die gemeente.*

Die kern is dat die predikant as leier van die gemeente strategies en prosesmatig oor gemeentelike prosesse moet leer dink sodat die gemeente begelei kan word om haar geloofspotensiaal te verwesenlik. Dit impliseer:

- Kennis van gemeentes en hulle eie werking, prosesse, planne en strukture.
- Die predikant moet as begeleier planne maak om drome waar te maak.
- Dit gaan veral oor 'n verstaan van die logika van die Gees en Sy werking.
- Konings is diensknegte van God wat moet help om “goed gedoen te kry.” Die woorde leier, begeleier, bestuurder of administrateur kan eerder as “koning” hiervoor gebruik word.
- Die doel hiervan is dat die heil van God beliggaam kan word. Dit impliseer dat God se bedoeling dat die geloofsgemeenskap sout en lig vir die wêreld sal wees, verwesenlik word deurdat die gewes van Sy koningsheerskappy soos reg, liefde en vrede sigbaar word. Daarvoor is bemiddelde programme, prosesse en strukture, wat 'n tydelike diensfunksie vervul, altyd nodig.

→ Die laaste deel se interpretasie van die koningsamp met betrekking tot die predikant laat 'n mens vandag baie van die mandate hoor waarvan in hoofstuk twee kennis geneem is. En tog lyk dit nie vir die navorser of die drie-ampte-leer vir die doel van die navorsing aangewese is nie. In die beoordeling van die munus triplex en sy aanwending met betrekking tot die predikantsamp wil die navorser allereers aansluit by kritiek wat Hendriks (1990:29) lankal reeds gelewer het. Hy wys daarop dat die skema in 'n bepaalde historiese konteks ontstaan het; dat dit op 'n vereenvoudigende wyse terugslaan op die drie dienswerke in die Ou Testament; dat dit beperkend inwerk op die bedieninge van die leraar (profetiese klem), ouderling (koninklike), en diaken (priesterlike); dat dit 'n afgeslote ampstruktuur is wat die

Skrifbeginsels geweld aandoen; dat Christus se werk ook nie in kompartemente ingedeel kan word nie, maar dat dit veel meer omvattend is.

Hierbo is ook reeds kritiese opmerkings oor sodanige gebruik van die drie-ampteleer gemaak. Dit is die navorser se mening dat bogenoemde uiteensetting 'n aanduiding is dat daar uit die praktyk van gemeentebediening 'n sterk behoefte is, veral vanweë omvattende transformasie, om begroning te soek vir nuwe ontwikkelings. Alhoewel die uitwerk van die drie-ampteleer hierbo interessante resultate lewer – veral met betrekking tot die visionering en strategiese werk as uitvloeisel van die koningsamp – sou die navorsing eerder in ander rigtings wil soek na antwoorde vir die praktiese ontwikkelings. Dit is wel interessant om te sien dat die nuwe ontwikkelings nie vreemd is met betrekking tot Ou Testamentiese leierskap nie. Dalk is die belangrikste om raak te sien dat die Ou Testament in die drie ampte verskillende antwoorde gee op unieke kontekstuele uitdagings, dat herinterpretasie reeds in die Ou en Nuwe Testament plaasgevind het, en dat soortgelyke nuwe ontwikkelings van bedienings vanweë ons eietydse konteks vandag steeds moontlik is.

#### **4.1.3 Bedieninge in die Nuwe Testament - charisma en amp**

Die vraag na bedieningsmodelle en leierskap na die beeld wat die Nuwe Testament van die vestigingsjare van die Christelike kerk skets, moet nou nog meer spesifiek beantwoord word.

##### a. Historiese wordingsproses

Om 'n oorsig oor die historiese wording van bedieninge in die Nuwe Testament te verkry, word daar by Pelser (1990:1-18) se ondersoek aangesluit. Weereens sou ander bronne aangehaal kon word, maar ter wille van 'n kort samevatting word Pelser uitgebreid gebruik. Hy beskryf dit onder die volgende perspektiewe.

- *Jesus en bedieninge*

Hy sê saam met ander navorsers dat ons oor geen bewys beskik dat Jesus 'n kerk gestig of bedieninge ingestel het nie. In die begroning van bedieninge is die *diakonia* – ingesteldheid van Jesus (Mk 10:45; Lk 22:27) en wat hy van sy dissipels verwag, egter baie belangrik. Hy noem ook dat Käsemann gesê het dat Jesus “*der erste und*

*wahre Apostel, Prophet, Bischof, Diakon, Lehrer, Hirte, Evangelist, Wundertäter*” is en bevestig dat sekere titels aan Jesus toegedig is, maar dat dit niks sê oor Jesus se selfbewussyn nie.

- *Die twaalftal en sewetal*

Het Jesus ’n bediening in die vooruitsig gestel met die roeping van die twaalftal dissipels? Volgens 1 Korintiërs 15:3-7 het die opgestane Jesus aan hulle verskyn en was hulle oor- en oog-getuies van die opgestane Here (Hd 1:21). Daar word egter baie min oor hulle werksaamhede berig en daarom gee Pelser vir Schweizer gelyk as hy sê: *“das es sehr fraglich ist ob die Zwölf überhaupt je Leiter der Urgemeinde waren”* Daar word egter in Galasiërs 2 na “leiers” in die gemeente verwys (waarskynlik die apostels) en dan word Jakobus, Sefas en Johannes die *stuloi* (pilare) van die gemeente genoem (Gl 2:9).

In Handeling 6:1-7 word ook berig dat die *“twaalf apostels”* leiding geneem het in Antiogië om *“sewe mans”* te verkies om die Griekssprekende weduwees te versorg sodat hulle al hulle *“aandag aan gebed en die bediening van die woord kan gee.”* Pelser sê dat dit nie meer denkbaar is dat iemand die ontstaan of legitimering van die diakenbediening hierop kan terugvoer nie. Agter hierdie berig lê wel ’n aanduiding van die spanning en ‘skeuring’ tussen die Hellenisties-Joodse en Palestyns-Joodse groeperings in die Jesusbeweging. Hulle het almal Griekse name en was waarskynlik leiers uit daardie gemeenskap wat vir die versorging van die Griekssprekende weduwees verantwoordelikheid moes neem. Stefanus en Fillipus het later ook die evangelie verkondig en was nie net vir armsorg verantwoordelik nie.

- *Antiogië en die Siries-Palestynse omgewing*

- *Antiogië - Handeling*

Handeling gee ’n beeld van die gemeente in Antiogië. Handeling 11:9-19 noem dat die gemeente ontstaan het nadat die Helleniste uit Jerusalem verdryf is. Volgens Handeling 13:1-3 was daar *“profete en leraars”* van verskeie dele van die wêreld bymekaar – soos Simeon, wat Niger genoem is (moontlik uit Afrika?) en Lucius van Sirene. Paulus en Barnabas word afgevaardig as rondreisende evangeliste. Ons sien



dus nou die uitbreiding van die evangelie en mense wat daarvoor afgesonder word.

- Matteus

Pelser (1990:7) haal vir Dunn aan wat sê dat die gemeente gesien moet word as 'n broerskap “*striving to develop a form of outgoing life and all-member-ministry*”. Matteus ken blykbaar geen ouderlinge en diakens nie, terwyl die term apostel net een keer gebruik word (10:2). Die gemeente is blykbaar bekend met rondtrekkende charismatici. Uit 23:34 kan ons aflei dat die gemeente leraars (*didaskali*) geken het, hoewel daar in 23:8-10 gewaarsku word dat niemand homself ‘rabbi’ moet noem en sodoende hiërargies bo ander moet verhef nie.

- Die Johannese geskrifte

Individualisme is een van die opvallende kenmerke van die geskrifte. Pelser (1990:7) haal vir Dunn aan wat sê: “*throughout these writings there is no real concept of ministry, let alone of office*”. Johannes ken geen ouderlinge, opsieners of diakens nie en hy vermy die aposteltitel. As hy die term *presbuteros* in 3 Johannes gebruik, het dit niks te make met die ouderlingsbediening wat later teëgekome word nie. Daar is wel sprake van die dissipels van Jesus en van die Twaalfal.

- Openbaring

Hier is 'n opmerklieke afwesigheid van hiërargie of amp. Alle gemeentelede is konings en priesters (1:6; 5:10), almal is dienaars van God (7:3) en heiliges. Geen melding word gemaak van opsieners, diakens, herders of leraars nie. Die profete (2:20; 10:7; 11:10,18), getuie of martelaar (2:13; 11:3; 17:6) en apostels (21:14) word genoem. Die ouderlinge rondom die troon (4:4) is verteenwoordigers van die gelowiges en nie teenhangers van die *presbuteroi* nie. Die *angeloi* wat by die sewe gemeentes aangespreek word, kan of 'n hemelse verteenwoordiger of 'n aardse leiersfiguur wees.

- *Paulus en sy invloedssfeer*

Hier word daarvan uitgegaan dat daar egte Paulus-briewe is en dat ander briewe vanuit sy invloedssfeer ontstaan het.

○ Paulus self

Pelser (1990) noem dat daar tradisioneel daarvan uitgegaan word dat die grondliggende begrip of sleutelterm vir die verstaan van die Pauliniese bedieningsopvatting *diakonia* is. Alhoewel die belangrikheid van die begrip by Paulus toegegee word, verkies hy egter die begrip *charisma* en sê dat Paulus se bedieningsbeskouing as charismaties getipeer kan word. Of daar meer 'amptelike' bedieninge by Paulus sou wees, sal hieronder in meer besonderhede aandag kry. Paulus maak wel melding van apostels, profete en leraars (1 Kor 12:28), maar in ander lyste (1 Kor 12:8-10 en Rm 12:6-8) word dit weggelaat en/of in ander volgorde gegee, wat daarop dui dat dit moontlik nie vaste bedienings was nie, en dat 'n volgorde van belangrikheid minstens nie bestaan het nie. Galasiërs 6:6 en 1 Tessalonisense 5:12 verwys ook na voorgangers of leiers en in Filippense 1:1 word *episkopoi* en *diakonoi* genoem. Die *diakonoi* het egter nie verwys na wat later onder diakens verstaan is nie, want wanneer Paulus *diakonos* of *diakonia* gebruik word daar nie na armeerversorging verwys nie, maar na evangelieverkondiging (Rm 12:6 1 Kor 3:5; 2 Kor 3:8; 5:18; 6:4). Alhoewel die bestaan van gereelde bedieninge nie ontken kan word nie, word daar beslis nie van hulle ordening gepraat nie en is daar nie sprake van leiersgroepe of 'n vergadering van 'amptdraers' nie. Daar kan tog aanvaar word dat die bedieninge *episkopos* (Flp 1:1), *prohistamenos* (Rm 12:8; 1 Ts 5:12) en *kubernesis* (1 Kor 12:28) op een of ander wyse die uitoefening van leiding of regering behels het, alhoewel ons nog nie weet presies watter vorm dit aangeneem het nie.

○ Efesiërbrief

Hierdie deuteropauliniese geskrif ken apostels en profete nog slegs as gestaltes van die verlede en wel as fundamente waarop die kerk se bouwerk opgerig is (2:20). Die lys van bedieninge volgens Efesiërs 4:11 skep 'n sterker indruk van gereelde bedieninge of ampte. Naas apostels en profete word evangeliste, herders en leraars genoem. Hierdie bedieninge se groot taak is om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk (4:12).

○ Handeling

Die beeld van bedieninge in Handeling is meer gevorderd. *Presbuteroi* duik hier op en hulle funksioneer saam met die apostels prominent, as onderskeibare groep, by die apostelkonvent (Hd 15). Die *presbuteros*-instelling is sonder twyfel Joods.

Handelinge (14:23; 20:17) noem ook dat dit gebruiklik by Paulus was om in elke gemeente ouderlinge te orden, terwyl die *presbuteros* nie eers by Paulus voorkom nie. Paulus maak byvoorbeeld geen melding van die groep wanneer hy in Galasiërs 2:1-10 oor die apostelkonvent skryf nie. In Handeling 20:17-18 word *presbuteros* en *episkopos* klaarblyklik as sinonieme gebruik.

- Pastorale briewe

Daar word later meer aandag aan die Pastorale briewe verleen. Hier kan op voetspoor van Pelser (1990:13-14) net 'n paar opmerkings gemaak word. Hier is duidelike wegbeweeg van Paulus se bedieningskonsep. As *charisma* genoem word, is dit gereguleer en iets permanents wat saam met die ordening tot 'n bediening behoort (1 Tm 4:14; 2 Tm 1:6). Hier is 'n gevestigde raad van ouderlinge, 'n presbiterium en die gelykskakeling tussen *presbuteroi* en *episkopoi* is byna voltooi. Die geadresseerdes, Timoteus en Titus, is nie bloot gestuurdes van Paulus nie, maar neem iets van die rol aan van 'n monargiese biskop met gesag oor die gemeenskap en lede. Die *episkopos* se take behels onder andere dat hy/sy bestuurder (*oikonomos*) van die huisgesin van God is (Tt 1:7), moet sorg vir die gemeente van God (1 Tm 3:5), bekwaam moet wees om te onderrig, en teenstanders moet weerlê (Tt 1:9). Hulle het ook 'n regeerfunksie terwyl sommige veral bedrywig is met prediking en onderrig (1 Tm 5:17).



- 1 Petrus

Hier is wel verwantskap met Paulus. Die konsep van *charisma* is met betrekking tot die bediening nog belangrik, maar hier is slegs sprake van preek (*laleo*) en dien (*diakoneo*). Elkeen is geroep tot diens en die kerk as geheel is geroep tot priesterdiens (2:5,9). Herder (*poimen*) en opsiener (*episkopos*) word slegs van Christus gebruik, maar ouderlinge is reeds 'n vaste instelling.

- Prinsipiële oorwegings

Pelser (1990:14-16) noem twee belangrike prinsipiële oorwegings uit bogenoemde gegewens.

- Verskeidenheid

Die verskeidenheid van bedieninge in die Nuwe Testament is so groot dat dit onmoontlik is om 'n verteenwoordigende model of struktuur te identifiseer. Verloop

van tyd, andersheid van situasie, verskil in kerkbegrip was telkens verantwoordelik vir eiesoortige persepsies oor bediening. Sy afleiding daaruit is die volgende:

*“Persoonlik is ek van oortuiging dat die kerk, of dan elke denominasie, vry is om sy bediening te orden soos hy dit in verantwoordelikheid voor die Skrif goed vind. Die Bybel is so ryk dat dit die grondslae kan bied vir verskillende ekklesiologiese modelle en die daarvoor toepaslike bediening.”*

Hierdie is ’n veelseggende stelling met betrekking tot die veranderinge in bedieningsmodelle en bediening wat in hoofstuk twee van hierdie navorsing beskryf is.

Pelser (1990:15) stel egter wel een grondvereiste of kriterium naamlik die verkondiging van die evangelie en daarom instemming met Trilling se stelling:

*‘Eindeutig liegt allen Ausprägungen von ämptern und Funktionen aller Art eine Urfunktion der Kirche selbst zugrunde: die Verkündigung des Evangeliums.’*

o Die Pauliniese liggaamsmodel

Die liggaamsmodel van Paulus bly volgens Pelser (1990:15) steeds die klassieke illustrasie van die eenheid in verskeidenheid wat kenmerkend van die kerk is. Die gemeente is daarvolgens ’n *charismatiese* gemeenskap waarin die Gees aan elke lidmaat besondere gawes gee sodat elkeen sy / haar funksie in die liggaam kan vervul.

→ Die navorser is oortuig dat bogenoemde gegewens uit die Nuwe Testament wel sodanige verskeidenheid bied en dat die invloed van die ontwikkelings stadium en konteks sodanig medebepalend is, dat Pelser veral in sy eerste prinsipiële oorweging grootliks toegegee moet word. Dit maak ook die gesprek oor kontemporêre ontwikkelings met betrekking tot leierskap in makrogemeentes baie operasie as die prinsipiële basis soveel verskeidenheid toon.

’n Prakties-teologiese basisteorie is ook deur Hendriks (1990:41) vir die bediening in en deur die gemeente ontwerp. Hy bied daarin ’n teologiese skopus en fundeer die bediening trinitaries. Hy volg die voortgang in die openbaring vanaf Israel na die

eksodus-gebeure, die wet en kultus en die vestiging in die land tot by die vervulling in Christus. Wanneer hy die bediening uit die Ou Testament fundeer, noem hy dat leierskap 'n wesenlike aspek daarvan is en dat dit sigself openbaar op militêre, administratiewe, juridiese, godsdienstige en ander vlakke. Hendriks (1990:27) bevestig Pelser se afleiding hierbo as hy sê: “Presies hoe die struktuur van die leierskap organisatories georden is, is deur tyd en omstandighede bepaal, so ook die inhoud wat aan 'n bepaalde vorm van leierskap gegee is.”

Die vader van elke gesin in die Ou Testament het 'n wesenlike rol gespeel met betrekking tot al die diensfunksies in die breër verband en hy het sodoende die funksies binne die gesinsverband in hom saamgetrek. Die gesin het 'n groot rol in die kultus gespeel. Hy wys verder op bediening, wat Pelser ‘meer gereelde bediening’ noem, wat hy as ‘leidinggewende en lerend-toerustende bediening’ tipeer. Hy wys op Ridderbos se stelling dat daar eenstemmigheid is onder teoloë dat die *kubernesis* of gawe van leierskap (1 Kor 12:28) in verskillende verbande deur verskillende bediening vervul kon word. Hieronder noem hy veral die *apostels, profete, herders, leraars, ouderlinge, opsieners, evangeliste en diakens*. Hendriks noem dat die organisatoriese struktuur van die kerk nooit in die Skrif 'n vaste strukturele basis ontvang nie, maar dis wel duidelik dat strukture ontwikkel het en dat dit deur kultureel-sosiologiese tydsomstandighede bepaal is. Bepaalde tydperke soos met die rigters, konings en priesters kan aangetoon word. Die kerk in Jerusalem het 'n bepaalde vorm aangeneem en met die uitbeweeg na die Romeinse Ryk het die kerk vindingryk aangepas by ander omstandighede. Daar is geen bloudruk nie. Hy meld dat bediening 'n bepaalde konteks en 'n bepaalde oriëntasie en doelpunt het, dat metafore gefokusde aanwending het en dat enkeles nie verabsoluteer kan word nie.

→ Weereens bevestig die standpunte van Hendriks hierbo die aanduidings van verskeidenheid, kontekstualiteit en besondere toespitsing van bediening en leierskap. Die Skrifgegewens wys daarop dat daar binne bepaalde tye en kontekste bediening en leierskap ontwikkel het wat eietydse antwoorde vir daardie omstandighede gebied het. In daardie opsig dui die kontemporêre ontwikkelings waarvan in die empiriese navorsing (hoofstuk twee) kennis geneem is, op dieselfde soort tendens.

Die Nederduits Gereformeerde Kerk het by sy Algemene Sinode (1998:217-221) 'n verslag voorgelê wat ook gesoek het na 'n Nuwe Testamentiese basis vir die heraanpassing van bedieningstrukture in die kerk.<sup>72</sup> Hierin word vermeld dat daar onderskei moet word tussen:

- Bedieningsopdragte van die kerk

Dit is opdragte en roepings van die kerk vanweë sy/haar wese om God te verheerlik, haarself op te bou en 'n getuenis in die wêreld te wees. Dit moet sy/hy onder meer doen deur Woordverkondiging, onderrig, opsig en vermaning, onderlinge gemeenskapsbeoefening, dienslewering (byvoorbeeld barmhartigheidsdiens) en die uitdra van die evangelie deur woord en voorbeeld. Dit is dus permanente opdragte.

- Bedieningsbehoefes in veranderde situasies

Hier gaan dit om die konkrete en dikwels veranderende omstandighede. Die kerk se roeping moet so uitgevoer word dat dit die konkrete mens in eietydse omstandighede bereik.

In die verslag word die volgende kriteria vir die beoefening van die onderskeie bedieninge gemeld:

- Die verheerliking van God (1 Pt 4:11)
- Die belydenis van die kerk (1 Kor 12:3; Rm 12:6)
- Diens aan die liggaam van Christus (1 Kor 12:4-31)
- Die nut of voordeel van die gemeente (1 Kor 12:7; 14:6)
- Die opbou en uitbou van die kerk (1 Kor 14:3,4b,12,17,26; Ef 4:12,16)
- Ordelikheid (1 Kor 14:26-40)
- Toerusting van gelowiges tot diens (Ef 4:12)
- Groei van die gemeente na volwassenheid (Ef 4:13-16)

Alhoewel die verslag kritiek lewer teen die benaming “amp”<sup>73</sup>, gee dit nogtans (diskrepant met die kritiek) uit die Bybel 'n begroning van spesifieke “amp” as


---

<sup>72</sup> 'n Gerespekteerde Nuwe Testamentikus, Prof Andrie du Toit, het onder andere aan hierdie verslag meegewerk. Die verslag is natuurlik al lankal voorafgegaan deur verskeie gesprekke in die kerk oor aanpassings wat nodig is. Intussen het daar al weer sewe jaar verloop en het transformasie die kerklike terrein nog ernstiger geraak as voorheen.

<sup>73</sup> Daar word 'n sterk saak in die verslag uitgemaak vir die term “bediening” of “diens” eerder as ‘amp.’

gestaltegewing van die ampsidee as 'n antwoord op verskillende bedieningsbehoefte. Daar word verwys na die spektrum van bediening soos profete, priesters, rigters, konings en dat hulle in 'n stadium opgehou bestaan het. Daar word na die verskeidenheid in die Nuwe Testament verwys wat as “ampte” en “semi-ampte” beskryf word: *apostels, profete, herders, leraars, evangeliste, voorgangers, boodskaappers, ouderlinge, diakens, dienende weduwees, medewerkers en werkers*. Die verslag sê dat dit onmoontlik is om die bediening noukeurig te identifiseer, hulle aard te bepaal of hulle van mekaar te onderskei.

Die feit dat die verslag te kenne gee dat veral die ouderling en diaken mettertyd meer prominent geword het, kan moontlik toegegee word. Die verslag meen dat die ampte van ouderling, diaken en leraar 'n gestaltegewing is van die ampsidee, en 'n antwoord op verskillende bedieningsbehoefte gee. Weliswaar word toegegee dat die ‘amp’ van bedienaar van die Woord nie direk in die Skrif teruggevind word nie, maar dat dit as sinvolle ineenvloeiing van sekere Nuwe Testamentiese ampte gesien kan word. Dit is egter vir die navorser nie regverdigbaar om die bediening wat later in die kerk se geskiedenis ontwikkel het byna net daaraan te oriënteer nie, omdat die *dinamiese kontekstuele bedieningsmodel* wat in die Skrif aangetoon is, dan prysgegee word en net op veronderstellings van die laatste ontwikkelings vasgepen word.



Uiteindelik bring die verslag die drie “ampte” ook weer in verband met die *munus triplex* van die Ou Testament, en is mens terug by 'n verengde oriëntasie wat die hele Skrifgetuigenis met sy verskeidenheid en dinamiese ontwikkeling juis nie doen nie. Die verslag eindig deur voorstelle te maak met betrekking tot ampsuitbouing van die ouderling- en diaken-amp en 'n besinning oor die omvattendheid van die leraarsamp, stel addisionele ampte voor en ook aanvullings van die “ampte” met medewerkers of helpers. Alhoewel die versigtige beweging waardeer kan word, is die vertrekpunt van die verslag egter steeds by 'n gestolde “ampsidee” wat eintlik vreemd aan die kontekstuele ontwikkelingsmodel van die Skrif is. Laastens kan ook genoem word dat die verslag sê dat daar aandag gegee moet word aan die wyse waarop die kerk bestuur moet word – 'n faset wat baie duidelik uit hoofstuk twee van die tesis se empiriese navorsing as deel van die kontemporêre ontwikkelings blyk.



b. Charisma en amp

'n Opmerking oor die begrip “amp” is eers nodig. Daar is reeds hierbo (Heyns 1993:354-362) genoem dat die term ‘amp’ nie in die Bybel voorkom nie en dat daar heelwat kritiek teen die gebruik van die term is. Die verslag by die NG Kerk se Algemene Sinode (1998:218) meld dat die term se herkoms uit die burgerlike burokrasie is. Die feit dat dit nie die dienskarakter van Bybelse bediening reflekteer nie en selfs in 'n mate verduister, maak dit enigsins 'n ongelukkige keuse. Die verslag noem dat die benamings “bediening” of “diens” egter 'n sterk Nuwe Testamentiese analogie in die woorde *diakonia*, *diakoneo* en *diakonos* het en sou voorkeur wou gee aan “bediening”. Die verslag gaan voort om die woord amp te gebruik. Roberts (1976:4) sê: “...the fact that the New Testament authors scrupulously refrain from using available religious language concerning office, does not in itself relegate the term ‘office’ unusable for expressing the issue found in the New Testament. Ook Lombaard (1976:45) wys daarop dat die term nie in die Bybel voorkom nie, maar verdedig na aanleiding van Brockhaus se kriteria die term op grond van die analogiese inhoud wat in die Nuwe Testament daarmee ooreenstem. Nel (1994:49-83) verkies om eerder die term ‘diensleiers’ bo ampte te gebruik en praat van die ‘diens van leierskap’. Die navorser meen dat hierbo genoeg gesê is om te motiveer dat die meer Bybelse term van “bediening” eerder konsekwent gebruik sal word.

'n Publikasie van die Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika het byna drie dekades gelede vanuit die Pauliniese literatuur indringend aan die saak van charisma en amp aandag gegee.<sup>74</sup> Nuwe Testamentici het toe al Skriftuurlike inligting na vore gebring waarvan die praktiese implikasies vir die bedieningsmodelle en leierskap in die lig van moderne tendense nou eers goed verreken kan word. Die navorser wil hier kortliks aansluit by sommige artikels wat in dié publikasie verskyn het.

- *Die verhouding charisma – amp*

Lombaard (1976:31-52) wys daarop dat sekularisasie en die charismatiese beweging

<sup>74</sup> Neotestamentica 10 (1976) is volledig gewy aan “*Ministry in the Pauline letters*” Agt artikels deur toonaangewende Nuwe Testamentici in Suid-Afrika het in die publikasie verskyn en temas rondom charisma en amp, kerkregering, apostolaat, kerkregering in die Pastorale briewe, vroue en kerklike bediening en ampte in die vroeë kerkgeskiedenis het hierin aandag gekry.

’n hele diskussie rondom charisma en amp geopen het. Hy wys op die geweldige wye debat, veral in die Duitse teologie, oor die onderwerp.<sup>75</sup> Lombaard is oortuig dat die hermeneutiese *Sitz im Leben* van die betrokke tekste duidelik maak dat Paulus nie hier bedieningsmodelle of gemeentestrukture beskryf of voorskryf nie, maar dat sy doel etiese paranese is. Dit gaan oor praktiese gedragskodes van lidmate teenoor mekaar en die norme van liefde, opbou en toerusting behoort daarin die basis te vorm. Die funksies wat beskryf word is sodoende onbegryplik sonder die bemagtiging van die Gees en Sy gawes. Hy sê dat daar geen antitese tussen charisma en amp moet of kan wees nie, omdat elke funksie in die kerk, insluitende die amptelik ingestelde ‘ampte’, ’n charismatiese en pneumatiese aard vertoon - “*church offices being the method by which God triune works and acts; charismata being the qualifications and man’s competence which God autonomously grants to serve Him in His church*”

Lombaard (1976:50) maak die volgende stelling:

*“A true historical perspective reveals that in the course of time the church consolidated itself under the guidance of the Spirit and on the basis of the apostolic tradition (paradosis Eph 3:20). In the course of its development in the church another significant state of affairs came to the fore: more need was felt of those charismata which were indispensable for the offices (ministries) of presbuteroi, episkopoi and diakonoi (Flp 1:1). These charismata were: Ability to guide and supervise, ability and capability to teach, the proper discernment of spirits and sound truth..., correct conduct and attitude towards those outside the church, mutual rendering of services, sharing of goods, exercising of loving-kindness (Act 6) and the ability to help (antilempsis).”*

→ Die navorser meen dat Lombaard korrek is dat charisma en meer gevestigde diens nie teenoor mekaar gestel hoef te wees nie, maar dat hy miskien te oortuig is van die ‘amptelikheid’ van die dienswerk. Die aanhaling hierbo stel eerder die funksies as die

---

<sup>75</sup> Dit is veral Sohm, *Kirchenrecht 1*, 1892 en Harnack, *Entstehung und Entwicklung der Kirchenverfassung und des Kirchenrechts in den zwei ersten Jahrhunderten*, 1910, wat die debat ernstig aan die gang gekry het. Sohm glo dat die kerklike ampte vreemd (Fremdkörper) tot die wesenlike aard van die oorspronklike kerk is omdat die kerk fundamenteel en eksklusief ’n geestelike (pneumatiese) entiteit is. Dis die geestelike uitgangspunt. Harnack het gesê dat die kerk ook ’n sosiologiese entiteit is wat uit ’n tweevoudige struktuur, naamlik a) primêr charismaties en b) sekondêr uit administratiewe dienste bestaan.

‘ampte’ en dit is waarskynlik meer in lyn met die ontwikkelinge in die Nuwe Testament.

- *Amptelike bediening in die Pauliniese geskrifte*

Roberts (1976:1-19) gaan in bogenoemde publikasie van die Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap van SA nog ’n stap verder om aan te toon dat gevestigde bedieninge ’n logiese ontwikkeling uit Paulus se bediening self is. Dit sê hy teenoor teoloë wat hierbo genoem is, en in besonder teen Küng<sup>76</sup>. Hy gee die volgende vier motiverings daarvoor:

- Die nabootsing van Christus se gesag en diens

Hy toon aan dat Paulus vir diens in en deur die kerk sy begroning in die diens van Christus en die gesag wat Hy toeken, vind. 1 Ts 1:6-10; Rm 15:1-13; 1 Kor 10:23-11:1 word hiervoor aangevoer. Christus is die Gewer van die gawes aan Sy kerk, Hy het die oppergesag in die kerk, Hy is die hoof van die kerk en daaruit vloei die bedieninge.

- Die diens van die apostolaat en sy nabootsing

Die apostels van Christus is Sy gesagvolle verteenwoordigers in die sin van die Joodse *sheluchim*. So is hulle die spesiale getuies van Sy dood en opwekking. Hulle neem die verantwoordelikheid vir die evangelie en is die ‘pilare’ van die kerk (Ef 2:20). Hy sien homself in hierdie posisie met betrekking tot die heidene. Hierdie gesag sien ’n mens dan veral in drie sake: dat hy homself, saam met andere as “medewerkers van God” sien (byvoorbeeld 1 Kor 3:9). Hieruit is dit af te lei dat hulle ’n posisie oor en teenoor die gemeente inneem. Die briewe wemel van getuienis oor Paulus se verdediging van sy “gesag” in die verband. En tog geskied dit in ’n diensbare gesindheid. Iets van die gevestigde diens word ook gesien in die verdediging van die reg op betaling vir diens (1 Kor 9:1-12; 2 Kor 11:7-12).

---

<sup>76</sup> Küng (1967:413-417) sê dat daar twee basiese vorme van kerklike organisasie in die vroeë kerk bestaan het, naamlik ’n Joods-Christelike presbiteriale vorm, en ’n heiden-christen diakonale en episkopale vorm wat van die vrye charismatiese vorm in die Pauliniese gemeentes ontwikkel het. Die kerk moet volgens hom terug na die charismatiese oorsprong en dat die presbiteriaal amptelike struktuur ongeregverdig is.

- Charismata en die bediening van gelowiges

Die Gees maak dit moontlik vir elke gelowige om diensbaar te wees in en deur die kerk en daarom is die Gees en georganiseerde lewe van die kerk nie uitsluitend nie.

- Spesiale dienste/bedieninge deur dié wat vir dienste afgesonder is.

Dit is so dat Paulus eerder die funksies as die funksie-draers noem, maar daar is tog verwysings na bedieninge wat meer gevestig geraak het. Hieronder is onder andere *diakonoi* en *episkopoi* (1 Ts 3:1; Flp 1:1; Kol 1:7;4:7,12). Hy noem ook *apostoloi*, profete, leraars, evangeliste en herders. Dan is daar die besondere groep medewerkers van Paulus. 1 Ts 5:12-27 praat van hulle wat lei en onderrig en Efesiërs 4 van die lerende verantwoordelikheid van hierdie leiers.

→ Die navorser meen dat die gegewens hierbo nogmaals die dinamiese ontwikkeling in die vroeë kerk bevestig waarin charismata en meer gevestigde bedieninge in verskillende vorme en benaminge spontaan saamgewerk het tot die bediening in en deur die gemeente. Om van ‘amptelike’ bedieninge te praat en om afleidings oor die laatste ontwikkelings in die Nuwe Testament as norm te gebruik, sou moontlik nie geregverdig wees nie.

- *Die regering van Christus en van die kerk*

Du Plessis (1976:20-30) maak in sy artikel die aspek van leierskap in die kerk oop onder die bespreking van “*The rule of Christ and the rule in the church.*” Hy wys allereers op die Koninkryk van God in die Ou en Nuwe Testamente en wys dan op Christus as die *kurios* (Flp 2:6-11). Dan wys ook op die prinsipiële beginsel van Christus se heerskappy in die kerk en kosmos op grond van tekste in Efesiërs en Kolossense – Hy is die hoof van die kerk en van die hele skepping.

Hy wys egter op ’n paar begrippe wat reeds hierbo genoem is, waarin aspekte van leierskap in die vroeë gemeentes voorkom. Veral die *kuberneseis* (1 Kor 12:28), wat ’n hapax legomenon is, is belangrik en word waarskynlik voortgesit in bedieninge / funksies wat later genoem word. Hieronder dink hy aan die *proïstamenos* ‘leier’ van Romeine 12:8. In 1 Tessalonisense 5:12-14 kom die term ook voor waar gesê word dat hulle hard werk (*kopiontas*) en dat die gemeente hulle moet respekteer en gehoorsaam. Hulle is die mense wat die gemeente ‘lei’ en ‘teregwys’ – *nouthetountas*

– wat ook aansporing of onderrig kan beteken. Dit kan ook wees dat aspekte van die leierskap in die *episkopoi* en *diakonoi* van Filippense 1:1 na vore kom. Die *apostels*, *profete*, *evangeliste*, *herders en leraars* van Efesiërs 4:11vv verwys waarskynlik na die kanalisering van leierskap in die gemeente met die doel om die lidmate toe te rus. In die Pastorale briewe kom gevestigde bedieninge van die *episkopos* wat oor sy eie huis en huisgesin van God moet ‘regeer’ – *proïstamai* – saam met die *diakonoi* voor. Ook die *presbiteroi* word saam met *episkopoi* gebruik. Du Plessis vat soos volg saam:

*“The overseers – though called by different names – were the men who constituted the ruling power in the church. This ruling actually constituted the leadership and management of the church to the glory of God. The office grew from the gift to manage and lead and was facilitated by the existence of similar offices in the Jewish and Greek world. We may further assume that various duties in the church were performed from which specific offices appeared eventually.”*

Hy voeg daarby dat daar naas die aspekte van leierskap en bestuur ook dienste rondom die ‘*taking care*’ aspekte ontwikkel het.



→ Dit blyk dus uit die inligting wat hier onder die bedieninge in die Nuwe Testament na vore gekom het dat daar ’n baie groot verskeidenheid van bedieninge ontstaan het. Die Pneumatologiese basis van die bediening is daarin geleë dat die Gees aan hulle wat in Christus verlos is en deel van die gemeente is, gawes gee om mekaar op te bou en die liggaam uit te bou. Daar is aanduidings van die ontwikkeling van meer gevestigde bedienings wat uit hierdie gawes gegroei het, sodat spesifieke mense mettertyd spesifieke funksies vervul het. Die gawes van leierskap het mettertyd gestalte gekry in ’n verskeidenheid van funksies wat ontstaan het.

#### **4.1.4 Konstante Skriftuurlike aanduidings oor leierskap**

Die reeks artikels van Burger en Wepener (2004 - Deel 1-5) oor die predikantsamp bied baie waardevolle gegewens oor hoe die Skrif leierskap sien. Daar is reeds verwys na die feit dat daar nie duidelike en onomwonde antwoorde op spesifieke vrae

oor leierskap, die ampte en die predikantsamp in besonder is nie.

Wanneer Burger en Wepener (2004c:16-22) in Deel 2 van hulle artikels die Bybelse visie vir die amp nagaan, berus hulle sterk op die artikels van O’Kennedy (2003), wat hieronder bespreek sal word. Hulle verwys daarna dat nuwe sosiale situasies met hulle eie unieke uitdagings nuwe behoeftes rondom leierskap na vore roep. Hulle gaan die verskeidenheid en ontwikkelinge deur die Ou Testament en Nuwe Testament kortliks na en vat dan saam: “...’n finale klinkklare omskrywing van die taak van die predikant vanuit die Bybel is ’n lastige onderneming.”

Bogenoemde skrywers sê dat ’n mens egter moet raaksien dat daar wel ander aspekte van leierskap en amp is waaroor daar wel duidelik gepraat word. Die aspekte wat hulle noem is vir die doel van ons studie oor leierskap baie belangrik. Die volgende aspekte word genoem:

a. Die belangrikheid van leierskap

Die konstante is dat waar daar ’n krisissituasie opduik, gelowiges deur die eeue getuig dat God iemand roep om in die situasie op te tree. Die volgende aanhaling is betekenisvol vir hierdie tesis (Burger & Wepener 2004:20):

*“Gemeenskappe vereis na hulle wese leiers, en God gebruik telkens hierdie leiers om Sy volk op spesifieke wyses in spesifieke omstandighede voor te gaan”*

b. Roeping vir ’n spesifieke taak of situasie

Daar bestaan ’n ingrypende wisseling in die terme wat vir die dienste/amp gebruik word, asook vir die inhoud van die dienste. In die Ou Testament word daar byvoorbeeld verwys na regters, konings, priesters, profete, en in die Nuwe Testament onder andere na diakens, ouderlinge, herders, apostels, dissipels, evangeliste, profete en leraars. Die redes vir die uiteenlopende terminologie is moontlik omdat die konteks en situasie verander, omdat behoeftes van die volk skuif in byvoorbeeld grootte en kompleksiteit en elke nuwe situasie spesifieke soorte leiers benodig.

c. Verbintenis aan God en kwaliteit van lewe

Hier noem die skrywers dat die verbintenis aan en fokus op God uiters belangrik in

die diens van die amp is en deurgaans die sjibbolet vir ware Bybelse leierskap is. Leierskap is 'n verbintenis, 'n geloof wat invloed op die lewe het. Die wees-funksies van diensvaardige leiers is dus baie belangrik, naamlik hulle etiese gedrag en optrede. Voorbeelde is onder andere Timoteus (waarby die navorsers in meer besonderhede terugkom) en Hebreërs 11-13 waar hierdie wees-funksie van etiese gedrag vanuit die geloof op Jesus Christus as die dienskneg by uitnemendheid gemodelleer is. Hulle toon ook hoe die Reformatoriese *simul justus et peccator* in die lewe van leiers afspeel.

d. 'n Deurlopende diensmotief

Die skrywers wys op die “sterk-swak” paradoks wat 'n mens teëkom by Christus (opstanding via die kruis) en by Bybelse leiers. Leierskap vertoon in die Bybel deurgaans 'n dienskarakter as voortsetting van die diens van God en Christus. “*Diakonia*” is die term waarmee die bediening beskryf word en daarom is Christus se woorde hierin 'n sleutel tot verstaan van Christelike leierskap (Mk 10:43-44):

*“Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees”*



e. Gedeelde leierskap

Leierskap in die Bybel setel selde in een persoon. Dikwels en veral as die situasie meer kompleks raak, word meer as een leier vereis. Dink byvoorbeeld aan Moses se hulp in die woestyn en Paulus se assistente. Die belangrikheid van spanwerk vir Bybelse leierskap kom hierin na vore.

## 4.2 TRANSFORMASIE EN LEIERSKAP

Die hipotese wat in die eerste hoofstuk van die tesis gestel is, naamlik dat transformasie kontekstuele ontwikkelings in leierskap vereis, kom hier meer direk ter sprake. Die bedoeling is om te kyk of ons in die Skrif inligting en beginsels vind met betrekking tot leierskap in transformasietye. In hierdie opsig het die navorsing beslissende resultate opgelewer.



## 4.2.1 Transformasie-temas en transformasie-leierskap in die Skrif

### a. Transformasietemas


Die boek van Roxburgh (2000), *Crossing the bridge*, is reeds in hoofstuk drie bespreek. Hy bespreek die paradigmatiese transformasie wat in wêreld en kerk gekom het en toon hoe die vyf fases van transformasie in transformasietemas in die Skrif uitgewerk word. Hy wys veral die volgende vier sterk temas uit:

- *Uittog*

Die volk was in 'n stabiele fase in Egipte. Die reis weg van Egipte en in die woestyn in het hulle deur die fases van ongemak en ontworteling geneem, waarin die onsekerheid en weerstand teen verandering geweldig sterk was.

- *Ballingskap*

Die rustige lewe in Israel is aan flarde geskeur toe Nebukadneser in 587 v.C. Jerusalem inval, vernietig en die gevangenes na Babilon wegvoer. Psalm 137, Jeremia en Esra- Nehemia verwoord iets van ongemak, ontworteling en oorgang wat die volk in ballingskap beleef.



- *Paulus*

Saulus, as fanatiese Jood, se fase van stabiliteit word omgekeer met sy bekering en uiteindelijke oorgang na 'n wêreldsendeling onder heidene. Saulus, geskool in 'n *elite* skool te Tarsus, was 'n kruis-kulturele Jood wat tuis was in die kosmopolitaanse wêreld van die Roomse ryk. Hy is geskool in die raamwerke van na-eksiliese Judaïsme en was ingestel op die onderhouding van die sisteem van vroomheid, tradisie en liefde vir die Tora en daarom gereed om die nuwe Jesus-beweging uit te wis. Sy bekering tot Christus en sy ywer vir wêreldsending moes met 'n geweldige proses van transformasie in hom gepaard gegaan het. Sy skoling en persoonlike transformasie maak hom die ideale persoon vir wie God as leier kon kies om juis die evangelie uit die beperkings van die Judaïsme los te maak en tot goeie nuus vir alle mense te laat wees.

- *Petrus*

Petrus is selfs as Jood wat 'n Jesus-volgelings word, stabiel in die Joodse kultuur. Dis egter sy visioen (Hd 10) en ontmoeting en ervaring met Kornelius (Hd 11) wat sy hele wêreld transformeer. Sy persepsies van die Koninkryk van God wat net tot die rein Jode behoort, tot by die standpunt “*Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, maar in enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is*”, moes 'n geweldige paradigma-skuif gewees het. So kon Petrus egter die leier in Jerusalem word om die Jesus-volgelinge te help om die deure vir die evangelie na alle mense te open.

b. Transformasie-leierskap

Daar is reeds in hoofstuk drie van die tesis aan Roxburgh (2000) se beskrywing van leierskap in transformasietye aandag gegee. Hy beskryf die verskeidenheid vorme van leierskap in die Skrif, maar sit dan veral 'n leierskap-tipologie uiteen vir transformasie. Daarin sê hy dat daar in transformasietye 'n *sinergis-leier* nodig is wat 'n verskeidenheid van vaardighede nodig het en wat 'n effektiewe span bymekaar kan bring. In daardie span is veral die volgende leiers nodig: *digter, profeet, apostel en pastor*. Hy gee verskeie Skriftuurlike voorbeelde van hierdie tipes leierskap. Dit maak sin, maar is 'n seleksie uit die Ou en Nuwe Testament om by die teorie te pas.



Die keuse van net manlike figure sou aangevul kon word deur verskeie vroue wat in die Ou en Nuwe Testament belangrike rolle in transformasie gespeel het.

#### **4.2.2 Transformasie en leierskap in die Ou Testament**

Daar is reeds hierbo genoem dat daar nie van baie literatuur oor die Ou Testament gebruik gemaak gaan word nie omdat dit baie uitgebreid kan wees. Die navorser sluit eerder redelik volledig by 'n artikel van Danie O'Kennedy (2003) aan omdat hy in 'n kort oorsig 'n voëlvlug oor gegewens in verband met transformasie en die invloed daarvan op leierskap gee.<sup>77</sup> Die navorser is egter van mening dat sy gegewens tog deur

---

<sup>77</sup> *Vernuwing* is volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek 'n “handeling, proses, verskynsel om te vernuwe”, en *transformasie* 'n “gedaanteverwisseling, herskepping, vervorming.” In O'Kennedy (2003a:134) se artikel verwys vernuwing na 'n proses waardeur nuut gedink word oor die bediening in die gemeente en transformasie na grondliggende of diepgaande vernuwing.

heelwat literatuur oor die Ou Testament bevestig kan word.<sup>78</sup>

Bogenoemde skrywer noem dat die Skrif nie chronologies saamgestel is nie, maar hy orden nogtans die Ou Testament volgens sekere tydperke wat 'n sekere invloed gehad het op die strukture en leierskap.<sup>79</sup> Daar is nie net voortdurende verandering met betrekking tot strukture en aanbidding nie, maar in elke tyd was daar ook verskillende leiers wat na vore getree het. Leierskapspatrone wat in een fase goed gewerk het, was nie noodwendig geskik vir 'n volgende fase nie (Burger 1995:24). Hier volg 'n kort oorsig oor die tydperke.

a. Geboorte en groei van die volk van God (Aartsvaders)

- *Bedieningstrukture*

Hierdie tydperk is met reg eintlik die geboorte van die volk van God. Dis die tydperk waarin God 'n verbond met die aartsvaders – Abraham, Isak, Jakob, Josef en hul families – begin en die godsdienst gevestig raak. Sara, Rebekka, Ragel en ander vroue is belangrik om die vroulike perspektief op die verhale te vul. God het primêr 'n verhouding met families of die “clan” as uitgebreide familie. Daar is verskeie plekke van aanbidding en die oprig van 'n altaar vir God speel daarin 'n rol.



- *Leierskap*

God gebruik die aartsvaders in hierdie tydperk as Sy medewerkers. Hy vestig 'n intiem persoonlike verhouding met hulle en lei hulle deur middel van gesprekke, drome, visioene, gebede, beelde en engele. Dié leiers neem op verskillende terreine leiding en so word Abraham byvoorbeeld beskryf as militêre leier (Gn 14), priesterlike intersessor (Gn 18:16-33) en profeet (Gn 20:7).

---

<sup>78</sup> Hasel (1972) beskryf byvoorbeeld die metodologie van Ou Testament teologie en toon baie getuienis rondom die historiese en tematiesse metodes. Baie inligting rondom die tydperke en temas kan ook by Von Rad (1975, 1975) gekry word wat tradisie-histories te werk gaan. Die *charismata of leadership* van Moses en Josua, die rigters, konings, priesters, profete en wysheidsleraars word uitstekend deur Zimmerli (1978:59-108, 167-240) beskryf. Hy beskryf verder die rol van profesie om in krisistye hoop te gee. Op Suid-Afrikaanse bodem is dit veral die vierde boek in 'n reeks oor *Literatuur van die Ou Testament* Deist en Le Roux (1987) oor Israel in 'n tyd van verandering en die teologie in 'n krisis die historiese ontwikkeling en interpreterende proses van die Ou Testamentiese geskrifte bespreek.

<sup>79</sup> Die tydperke waarin fasette van God se beloftes aan Israel gegee is, word deur Kaiser (1978) beskryf en kom grootliks met O'Kennedy se indeling ooreen. Die tydperk-indeling en eise van elke fase word ook deur Burden en Deist (1991) en Burden, Deist en Klopper (1992) uiteengesit.

b. God se volk in Egiptiese slawerny

- *Bedieningstrukture*

Eksodus beskryf hierdie tydperk. Die openbaring van God se Naam en die viering van die Pasga is twee belangrike godsdienstige gebeure in die eerste deel. Tydens die tydperk van slawerny word groter klem op die volk en politieke bevryding gelê.

- *Leierskap*

Twee sterk leiers, naamlik Moses en Aäron, word deur God gestuur om die volk te bevry. Die beskrywing van Moses as leier is sterk op die voorgrond en daar word selfs gesê dat dit die boeke Eksodus tot Deuteronomium domineer. Hy word wetgewer, regter, verrig priesterlike take, is profeet, leermeester, intreedder vir die volk se sonde, verlosser en beskermer. Kortom, Moses word voorgestel as 'n held – 'n leier by uitnemendheid. Die rol van Mirjam, die suster van Aäron, om die gemeente met musiekinstrumente en lofprijsing voor te gaan, kan nie onderskat word nie. Dis een van die eerste opgetekende liturgiese liedere van die volk van God (Eks 15)

c. God se woestynvolk met die Tora en tent van ontmoeting

- *Bedieningstrukture*

Eksodus 14-40, Levitikus, Numeri en Deuteronomium beskryf hierdie fase van uittrek uit Egipte en die pad na die beloofde land. Die volk kry die tent van ontmoeting of tabernakel as plek van ontmoeting met God. Die berg Sinäi waar God aan Moses verskyn, die wet gee en verbond beseël word, speel 'n belangrike rol in die lewe van Israel. Dis die tyd waarin Israel die geskrewe woord van God ontvang en 'n eindelose proses van wetsversameling en herinterpretasie van die Tora sou volg<sup>80</sup>.

- *Leierskap*

Moses kon naderhand nie meer al die werk self doen nie en op aanbeveling van sy skoonpa, Jetro (Eks 18), word nuwe leierskap vir die regspraak en onderlinge verhoudings gekweek. Later rus God mans (Besaleël en Oholiab – Eks 31) met Sy Gees en vakmanskap toe vir die bou van die tabernakel en word Aäron en sy seuns as

---

<sup>80</sup> Die term “Tora” het 'n breë semantiese veld maar verwys na instruksie, leiding en gebod asook na die wil van God waarop die verbond gegrond is.

eerste priesters aangestel om aanbidding te lei. Soos die openbaring verder ontvou, sou dit duidelik word dat God sy Gees op alle mense sou gee en aan almal Sy gawes tot diens verleen. Die beperkings van die patriargale sisteem sou in hierdie opsig reeds in die Nuwe Testament deurbreek word.

d. God se volk in 'n land (Rigtertyd)

- *Bedieningstrukture*

Die boeke Josua en Rigtters vertel hoe die beloofde land in besit geneem word. Die vestiging tussen ander volke en in verskillende stamme stel nuwe vereistes. Hier kom later verskeie aanbiddingsplekke, en praktyke soos offer, besnydenis en Pasga word gevestig.

- *Leierskap*

Na Moses se dood neem Josia oor as die belangrikste leier. Ander leiers soos die priesters en Leviete, verkenners (Jos 2) en leiers van die volksvergadering (Jos 9:15-27) word ook genoem. Die boek Rigtters beskryf hoe God 'n leier of rigter oproep, hom met Sy Gees vir 'n spesiale taak toerus en gebruik. Daar word van dertien rigtters vertel, met Debora as enigste vrou wat as godsdienstige en staatkundige leier vir die volk optree<sup>81</sup>.



e. God se volk met konings en 'n tempel

- *Bedieningstrukture*

Die Koningstyd word in verskeie boeke soos 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, en profete-boeke soos Amos, Hosea, Miga, Jesaja 1-39 en Sefanja bespreek, met 1 en 2 Kronieke as 'n later weergawe. Daar is 'n behoefte aan groter eenheid en staatstrukture en aan 'n permanente leier of koning. Die bou van die tempel vorm 'n kernelement in die sentralisering en eiesoortige godsdiensovoorts Die tempel en simbole daarbinne herinner die volk aan God se teenwoordigheid, heiligheid, krag en standvastigheid. Die meeste handelings verwys na die versoening tussen God en mensovoorts

---

<sup>81</sup> O'Kennedy haal vir Bird aan wat daarop wys dat Mirjam (die suster van Aäron) voor die tyd van Debora optree en die Israeliete in 'n oorwinningslied lei (Eks 15:20 ev.) en 'n profetes genoem word. In Num 12:2-8 tree sy saam met Moses en Aäron as een van die leiers van die volk op.

- *Leierskap*

Die leiers in die tydperk was die konings, profete en leiers wat by die tempel diens doen. Die Leviete en priesters tree nou sterk na vore. Dis egter veral die konings wie se godsdienstige uitgangspunte 'n groot rol in die volk se wel en weë speel. Daar was twintig konings van die Noordryk tot en met die val van Samaria in 722 v.C. en 21 konings van die Suidryk tot die val van Jerusalem in 586/587 v.C. Hiskia en Josia was bekend vir hulle godsdienstige hervormings en leierskap om die volk te laat terugkeer tot vorige waardes. Verskeie profete – soos Elia en Elisa en Hosea en Amos (Noordryk) en Jesaja, Miga, Nahum, Sefanja, Habakuk, Esegïel en Obadja (Suidryk) – tree in hierdie tyd op. Verskillende teologiese tradisies soos die Eksodus- of uittogtradisie (Noordryk) en die Sions- en Dawidiese tradisie (Suidryk) kom voor en dit word herinterpreteer en geaktualiseer.

f. God se volk in ballingskap

- *Bedieningstrukture*

Die Babiloniese ballingskap het 'n groot invloed in die godsdienstige lewe van die volk. Dis die vrugbaarste tyd vir die ontstaan van Bybelse literatuur. Boeke wat waarskynlik toe ontstaan het, is Jeremia, Klaagliedere, Nahum, Habakuk, Esegïel, Jesaja 40-55 en enkele psalms. Daar is min inligting oor hoe God aanbid is sonder tempel en offerkultus, maar die voorlees van geskrifte en die rol van gebed tree waarskynlik na vore en die eerste sinagoges ontstaan waarskynlik in hierdie periode.

- *Leierskap*

Leierskaprolle verander dramaties met die wegvoering van die Dawidiese monarg. In elke kolonie het “oudstes” na vore getree (Esg 8:1; 14:1; 20:1,3; Jr 29:1) en die profete word veral deur God gebruik om boodskappe en hoop te bring.

g. God se volk herstel na die ballingskap

- *Bedieningstrukture*

Na die edik van Kores (538 v.C.), die Persiese koning, keer die volk uit ballingskap terug. Die boeke Esra, Nehemia, Haggai en Sagaria vertel hoe die tempel en muur

van Jerusalem herstel is. Maleagi en Jesaja 56-66 het ook waarskynlik in die tyd ontstaan. 'n Nuwe vorm van Judaïsme ontstaan waar aanbidding in verskeie geografiese gebiede en sosiale omstandighede toegelaat word. Die profete skets verskeie prente vir die toekoms en voorsien 'n afstand tussen Israeliet en nie-Israeliet wat gaan ontstaan.<sup>82</sup> Die tempel en sinagoge bly saam voortbestaan.

- *Leierskap*

Afgesien van die profete en hulle rol wat hierbo beskryf is, het daar ook ander leiers na vore getree: Sesbasar, hoof van die stam Juda; Esra, vroeër staatsamptenaar in Babilon; Nehemia, skinker vir Ahasveros; Serubbabel, die goewerneur van Jerusalem en Jesua, die hoëpriester.

#### h. Wysheidsleraars – deel van God se volk

Die wysheidsleraars was “anonieme” intellektuele leiers. Belangrike geskrifte soos Job, Spreuke en Prediker word na die Wet en Profete geplaas. Hulle het kritiese vrae oor die lewe gevra.

→ Voorlopige gevolgtrekking: Die oorsig oor die Ou Testament toon aan dat die transformasie in konteks telkens nuwe bedieningsbehoefte na vore bring en dat dit weer telkens tot nuwe vorme en gestaltes van leierskap lei. Verskeie voorbeelde daarvan bevestig nogmaals die konstruktiewe replikasie van transformasie in konteks wat lei tot veranderinge in bedieningstrukture en gestaltes van leierskap.

---

<sup>82</sup> In Esegïel 40-48 hoor jy van Israel se priester-heerskappy, Haggai wil 'n Dawidiese koning sien en Sagaria propageer 'n diargiese model waarin die leierskap deur politieke en godsdienstige leiers gedeel word (O'Kennedy 2003a:142).



### 4.2.3 Transformasie en leierskap in die Nuwe Testament

Net soos by die gegewens oor transformasie in die Ou Testament gaan die navorser nie uitvoerig Nuwe Testamentiese literatuur oor hierdie tema nagaan nie.<sup>83</sup> Daar gaan weereens by die voëlvlug oor die Nuwe Testament met betrekking tot die tema van O’Kennedy se tweede artikel (2003:433-451. Deel 2: Nuwe Testament) aangesluit word omdat dit die kernsake met betrekking tot leierskap in transformasietye oorsigtelik aanspreek. Die artikel behandel die ontvouende geloofsgemeenskappe en hulle leierskap geografies, gedeeltelik chronologies en ook per skrywer. Dit sou volgens die navorser makliker gewees het om by sekere tydperke te bly en daarom gaan die volgorde en gegewens van O’Kennedy effens herrangskik word.

#### a. Jesus en sy twaalf apostels voor die eerste gemeente

- *Bedieningstruktuur*

Hier kyk ons veral na die gegewens vanuit die Evangelies oor hoe Jesus en sy twaalf apostels ’n heeltmal nuwe geloofsgemeenskap vorm te midde van die bestaande Joodse godsdiens met sy vaste strukture. In Jesus se tyd bestaan daar die volgende elemente: aanbiddingsplekke soos die tempel en sinagoges; godsdienstige praktyke en rituele soos die besnydenis en Pasga; godsdienstige leiers en groeperings soos rabbi’s, priesters, skrifgeleerdes en fariseërs. O’Kennedy haal vir Dunn aan wat 6 redes gee waarom hy meen dat Jesus inderdaad ’n nuwe geloofsgemeenskap vorm, naamlik dinge soos die gebruik van die term *ekklesia*, die verkiesing van die twaalf apostels, die verwysing na die twaalf as God se kudde en as ’n familie, die instel van die nuwe verbond en die vorming van ’n organisasie.

- *Leierskap*

Leierskap word in elk van die Evangelies op ’n unieke manier beskryf. Jesus stel die voorbeeld van dienende en charismatiese leierskap. Alhoewel daar verskil van mening is oor die amptelikheid van die twaalf apostels, is daar nie twyfel dat Jesus

<sup>83</sup> Du Toit (1980, 1984) gee in die reeks *Handleiding by die Nuwe Testament* heelwat inligting oor die ontstaan van die evangelies en Pauliniese literatuur. Die historiese, heilshistoriese en teologiese ontwikkeling van die Nuwe Testament kan by Goppelt (1976) nagegaan word. ’n Uitgebreide basis van die teologie en boodskap van die Nuwe Testament kan by skrywers soos Guthrie (1970), Jeremias (1971) en Kümmel (1975) nagegaan word. Op Suid-Afrikaanse bodem die bydraes in die werk van Roberts, Vorster, Vorster en Van der Watt (1991) uitstekende inligting oor *Teologie in konteks*.

hulle roep om 'n kardinale rol in die vestiging van die nuwe geloofsgemeenskap te vervul nie.

b. Die eerste gemeente in Jerusalem

- *Bedieningstruktuur*

O'Kennedy (2003:436) haal vir Roloff aan wat die eerste twee dekades van die kerk in Jerusalem as 'n eksperimentele fase beskryf. Die boek Handelingte getuig van die ontstaan van die eerste gemeente in Jerusalem. Volgens Handelingte 2:46 het die eerste gelowiges in die tempel saam met die Jode bymekaargekom, asook in kleingroepe by huise. Toe die gemeente geweldig groei en Griekssprekende mense (weduwees) versorg moes word, is daar sewe mans gekies om die taak te vervul, sodat die apostels hulle tyd aan die verkondiging van die Woord en gebed kon wy.

- *Leierskap*

Die 12 apostels was die gesagvolle getuies van wat hulle oor Jesus gesien en gehoor het. Petrus het onder die apostels waarskynlik 'n gesagposisie vervul. Handelingte toon dat die leiersrol van die apostels later deur die ouderlinge oorgeneem is, met die eerste verwysing na ouderlinge in Handelingte 11:30. Hulle het 'n administratiewe funksie vervul en Jakobus was moontlik die eerste “voorsitter” of “president” (Hd. 15:5vv; Gl. 2:9). Die ouderlinge het as groep 'n leiersrol vervul en saam met die apostels rigtinggewende besluite geneem (Hd. 15:22). Handelingte 21:17-18 beskryf hoe Paulus vir Jakobus besoek en dat al die ouderlinge teenwoordig is, maar niks word van die apostels gesê nie. Sou dit kon beteken dat die ouderlinge die leidende rol oorgeneem het?

Die sewe mans (Hd. 6:3) word verkies omdat hulle “vol van die Heilige Gees is en wysheid het.” Hulle word nie diakens genoem nie en die taak om geld te bestuur en behoeftiges te versorg was waarskynlik nie al wat hulle gedoen het nie. Stefanus en Filippus het duidelik ook ander leiersrolle vervul, soos dat hulle “brugfigure”<sup>84</sup> was wat ook 'n rol in die volgende fase van sending en getuienis gespeel het. Ons lees ook dat ouderlinge later die werk gedoen het wat vir die sewe mans gegee was, naamlik

---

<sup>84</sup> O'Kennedy (2003b: 438) haal vir Witherington in die verband aan.

om geld te bestuur en vir behoeftiges te sorg (Hd 11:30; 20:35).

Die feit dat die bediening van Griekssprekendes teenoor Hebreeussprekendes hier ter sprake kom, verteenwoordig 'n groot transformasie met betrekking tot kultuur en bediening. Dit het weer aanleiding gegee tot 'n verandering in leierskapstruktuur vir die vroeë kerk.<sup>85</sup> Die konteks van armoede en die teenwoordigheid van Griekssprekende weduwees het 'n hele groep nuwe leiers met eiesoortige vereistes en onderskeid van die apostels teweeg gebring.

c. Die gemeente in Antiogië

• *Bedieningstruktuur*

Handelinge 11:19-29 getuig dat die ontstaan van die gemeente in Antiogië die gevolg van die vervolging van die gelowiges na die dood van Stefanus was. Hier is die gelowiges die eerste keer “christene” genoem. 'n Gemeente van Jode en nie-Jode het hier ontstaan wat moontlik die model van die “nuwe kerk” in ander gebiede geword het. Antiogië as sentrum van politieke, militêre en ekonomiese kommunikasie tussen groot wêrelddele, word die wegspringplek vir die uitbreiding van die evangelie. Die skuif van die Christelike geloof na Antiogië verteenwoordig een van die grootste vroeë skuiwe – van dorpe na kosmopolitiese stad en van Joodse kultuur na multikulturele uitbreiding.<sup>86</sup>

• *Leierskap*

In Antiogië is dit nie die ouderlinge wat 'n prominente rol speel in die bediening soos in Jerusalem nie, maar is dit die profete en leraars wat leiding neem (Hd 13:1-3). Barnabas was aan die begin die belangrike leiersfiguur. Hy was 'n Hellenis, maar het die volle vertroue van die Jerusalemleiers geniet. Hy moes veral lering aan nie-Joodse bekeerlinge bied. Die werk vermeerder sodanig dat hy vir Paulus in Tarsus gaan haal. Hy en Paulus word later saam op twee missionêre uitreike gestuur (Hd 14:26) Onder die profete en leraars was daar ook die eerste leiers uit Afrika, naamlik

---


<sup>85</sup> Joubert (1987:197-207) bespreek die problematiek van armoede en die bediening van Griekssprekende weduwees en die veranderinge wat dit met betrekking tot leierskap wat dit veroorsaak het.

<sup>86</sup> Die belang van Antiogië as stad en sy multikulturele samestelling word onder andere deur Meeks (1983:10-11, 111-113), Stark (1996:147-162 – wat die sosiale chaos van Griekse, Siriese en Joodse kulture en fisiese bronne van kroniese stedelike ellende beskryf), terwyl Hendriks (2004:76) vir Walls oor die *cross-cultural process in Christian history* aanhaal.

Simeon, wat ook Niger genoem is, Lucius van Sirene en Manaen wat saam met die heerser Herodus grootgeword het (Hd 13:1). Daar was heelwat kontak tussen leiers van Antiogië en Jerusalem.

d. Die Pauliniese briewe - Klein-Asië en omliggende gebiede

Die Christelike geloof het deur middel van sendingreise en rondreisende predikers na verskeie gebiede soos Klein-Asië, Masedonië, Griekeland en Wes-Asië versprei. Paulus het meestal die sinagoge as wegspringplek gebruik waar hy as rabbi gepreek het. Na verloop van tyd het 'n aparte ekklesia van Joodse en nie-Joodse bekeerlinge met eie ouderlinge ontstaan. Die familie het 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die gemeentes gespeel. Die gemeentes het meestal bestaan uit families wat in die huise van sekere gelowiges bymekaar gekom het (Rm 16:3-5, 10-11; 1 Kor 16:15-16, 19; Kol 4:15 ens). Die byeenkomste was waarskynlik op 'n Sondagoggend. Volgens 1 Korintiërs 11-14 was die byeenkoms waarskynlik baie keer om 'n tafel met 'n gesamentlike maaltyd en of nagmaal gehou. Gebed, lofprysing en charismatiese aktiwiteite soos spreek in tale, en profetiese woorde met die doel om in die geloof op te bou was van die aktiwiteite by so 'n byeenkoms.



- *Bedieningstrukture*

Paulus gebruik verskillende metafore om die kerk mee te beskryf, maar sy tipiese manier is die kerk as “liggaam van Christus” (vergelyk Rm 12, 1 Kor 12-14, Ef 4). Die uitgangspunt hierin is dat elke lid genadegawes of charismata het en daarom toegerus is om 'n funksie in en vir die liggaam te vervul. O’Kennedy (2003:441) haal vir Ellis aan wat sê dat daar naas die “*free, charismatic ministry*” ook 'n “*appointed ministry*” was, op grond van die feit dat die Gees aan sommige lede sulke gawes gegee het.

- *Leierskap*

Die apostels het veral 'n belangrike rol vervul en dan ook Paulus self. Hy was deur Christus self aangestel, was 'n suksesvolle sendeling en kerkplanter en het 'n belangrike eskatologiese rol vervul. Verder was daar die “profete, evangeliste, herders en leraars” (Ef 4:11). Die rol van die profeet was moontlik veral met

betrekking tot nuwe openbarings en die leraars met betrekking tot die uitleg van die Woord. Daar is geen aanduiding dat hierdie formele “ampte” was nie.

Daar is ook beskrywings van ander medewerkers en hulpwerkers wat saam met Paulus by gemeentes rondgegaan het, soos Timoteus, Silvanus, Sostenes en andere. Sommige het gehelp met die skryf van briewe en ander take. Paulus erken verder die belangrikheid van die plaaslike leiers. Hieronder is mense soos Stefanus, waarskynlik die leier van ’n huiskerk (1 Kor 1:16; 16:15-18), Priscilla en Akwila (Rm 16:3-5; 1 Kor 16:19). Paulus moedig die gemeente aan om erkenning aan hierdie leiers te gee (1 Ts 5:12-13).

Filippense 1:1 verwys na *episkopoi* en *diakonoï*, maar daar is verder geen verwysing na hulle funksie of gesag nie. Die verwysing na *episkopoi* kom net hier in die Pauliniese geskrifte voor. In die meeste gevalle waar Paulus *diakonos* of *diakonoï* gebruik, handel dit nie oor arneversorging nie, maar oor dienswerk wat met evangelieverkondiging te make het.

Daar was waarskynlik naas die gawegestruktureerde bedieninge ook betaalde gemeenteleraars. Alhoewel Paulus nie hierdie reg gebruik nie, erken hy dit wel (1 Kor 9:11-15; 2 Ts 3:7-10; 1 Tm 5:18). Tog kan daar samevattend gesê word dat ons by Paulus kennis neem van ’n “charismatiese gemeenskap” waar lede wedersydse verantwoordelikheid neem om mekaar te onderrig, te vermaan, te versorg, te bemoedig, ensovoorts. Alle gelowiges moes by die bediening betrokke wees, alhoewel sommige by meer gevestigde bedienings betrokke was.

#### e. Die Pastorale briewe

1 Timoteus en die Pastorale briewe kom hieronder by 2.3 van die tesis ter sprake. Hier word kortliks by enkele opmerkings van O’Kennedy aangesluit.

- *Bedieningstruktuur*

Hier word die kerk meer gesien as ’n geïnstitusioneerde grootheid, die “*draer en beskermmer van die waarheid*” (1 Tm 3:15) teenoor die dwaalleer. Dit word beklemtoon dat ordereëls en bedieninge (ampte) nodig is vir die gemeente. Daar is

wel twee kort verwysings na charismata (1 Tm 1:18; 4:14)

- *Leierskap*

Dit lyk of vaster bedieninge hier gevorm is. Terme soos *presbuteros* en *episkopos* (wat as ouderling, opsiener, opsigter of biskop vertaal kan word) en *diakonos* verwys nou na vaste bedieninge. Etiese en morele vereistes word gestel, maar daar word byna niks oor die rol of funksie van sodanige leiers gesê nie. Die rol van leiers soos Timoteus en Titus sal later bespreek word.

f. Ander Nuwe Testamentiese boeke

- *Johannese geskrifte*

O’Kennedy (2003:444) haal vir Dunn aan wat sê dat dit blyk dat die Johannese geskrifte eintlik weerstand bied teen die institutionalisering van die kerk. Daar is ’n soort individualisme wat hier voorkom en daar is in die Evangelie byvoorbeeld geen verwysing na die ampte of bedieninge nie. In Openbaring is daar ’n afwesigheid van enige idee van hiërargie of amp. Gemeentelede word as konings en priesters gereken (Op 1:6; 5:10), almal is dienaars van God (Op 7:3) en heiliges (Op 5:8). Daar is geen verwysing na opsieners, diakens, leraars of herders nie. Bedieninge wat wel vermeld word is die van profeet (Op 2:20; 10:7; 11:10) en getuie of martelaar (Op 2:13; 11:3; 17:6). Daar word wel verwys na die ouderlinge rondom die hemelse troon (Op 4:4), maar het nie dieselfde betekenis as die ‘amp’ van *presbuteroi* nie. Openbaring 2-3 handel oor die briewe aan die sewe gemeentes, wat teen hierdie tyd leiersfigure moes gehad het. Dis egter opvallend dat hulle nie direk aangespreek word nie.<sup>87</sup>

- *Hebreërs*

Volgens Hebreërs is daar wel aktiewe leiers of “*voorgangers*” in die gemeente wat die Woord moet verkondig (13:7), moet voorleef (13:7), moet waghou oor die gemeente se lewe (13:17) en moet onderrig (5:11-6:8). Die gemeente as geheel moet verantwoordelikheid vir onderlinge diens en vermaning aanvaar (6:2; 10:25; 12:15). Die kenmerkende van Hebreërs is eintlik hoe die bediening fokus op Jesus Christus as

---

<sup>87</sup> O’Kennedy haal vir Dunn in die verband aan wat verwys na die *angelos* wat genoem word in die briewe. Die vraag is egter of hulle as aardse leiersfigure in die gemeente of as hemelse verteenwoordigers van die gemeente gesien moet word.

die enigste apostel (3:1) en priester (2:17; 3:1; 4:14-5:10 ens). Sy priesterskap is volmaak, finaal en verhewe.

- *Petrus*

In 1 Petrus vind 'n mens die Pauliniese konsep van charisma. Elke gelowige wat 'n genadegawe ontvang het, moet die ander daarmee dien (1 Pt 4:10). Hy som die charismata op met woorde en diens (1 Pt 4:11). Die titel “*priester*” word nie aan die individuele christen toegeken nie, maar aan die kerk as geheel en die totale kerklike bediening word sodoende as priesterlike diens beskryf (1 Pt 2:5,9). Die titel *episkopos* of herder en opsiener verwys slegs na Jesus. Profete word beskryf as persone uit die verlede (1 Pt 1:10-12). Volgens 1 Petrus 5:1-5 was die ouderlingsbediening (*presbuteroi*) wel 'n vaste bediening met bepaalde verantwoordelikhede. Die uitsluitlike verwysing na ouderlinge (nie ook diakens en opsieners nie) kan dui op 'n minder gevorderde kerklike organisasie as in die Pastorale briewe.

#### 4.2.4 Voorlopige gevolgtrekkings

*Konstruktiewe replikasie* is nogmaals aan die orde. Daar is uit die Ou Testament en Nuwe Testament byna 'n refrein wat telkens aangedui kon word, naamlik dat transformasie in die konteks aanleiding gee tot nuwe bedieningsbehoefte en bedieningstrukture en dat dit weer lei tot nuwe vorme en gestaltes van leierskap.

O’Kennedy (2003:143-145, 445-449) trek 11 riglyne oor transformasie en leierskap uit die Ou Testament en 19 uit die Nuwe Testament. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek gaan die navorser daarby aansluit, maar dan net 'n paar eie en voorlopige afleidings of gevolgtrekkings maak wat betrekking op hierdie studie het.

##### a. Voortdurende vernuwing en transformasie

In die meeste gevalle getuig die Skrif van grondliggende transformasie. Die geloofsgemeenskap moes telkens nuut dink oor hul rol, strukture en leierskapspatrone. Dis duidelik dat daar 'n voortdurende dinamiese proses was waarin nuwe omstandighede (konteks), Goddelike roeping, bedieningstrukture en leierskapspatrone in hermeneutiese prosesse betrokke was om dan tot 'n eietydse antwoord te kom.



b. Kontekstuele behoeftes van mense en gemeenskappe in bepaalde omstandighede  
Voortdurende krisis of veranderinge in die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede het die volk van God telkens genoodsaak om te vernuwe. Om een voorbeeld te noem: aanbiddingsplekke was in die woestyntyd die tabernakel, in die rigtertyd die heiligdomme, in die monargale tyd die sentrale tempel, in die ballingskap het sinagoge ontstaan en in die Nuwe Testamentiese tyd is van die tempel en sinagoge na die huise van gelowiges verskuif. So kan leierskapmodelle ook teruggevoer word na behoeftes in sekere tye – soos die rol van Moses in 'n sekere tyd, die rigters in die politieke vestiging van die volk, die konings t.w.v. die sentralisering, die profete in 'n tyd van afval of in ballingskap, die Nuwe Testamentiese apostels as getroue getuies oor Christus, die profete, evangeliste en herders in die vestigingstyd van gemeentes en die rol van ouderlinge as gevestigde bediening.

c. Eietyds en tydelik

Bepaalde bedieningstrukture en leierskapspatrone was in 'n sekere tyd effektief en het 'n belangrike rol gespeel, maar kon nie meer die volle antwoord aan die behoeftes van nuwe uitdagings en omstandighede gee nie. Die rol van die tabernakel, tempel, offerdiens en priesterskap moes in die ballingskap en in die Nuwe Testamentiese tye grondig geherinterpreteer word en nuwe strukture en leierskap moes na vore tree. Die rol van die monargie en konings het in 'n bepaalde tyd goed gewerk, maar het na die ballingskap onherroeplik verander. Die rol van die apostels net na Christus se opstanding in die vroeë kerk was onontbeerlik, maar nadat gemeentes gevestig is, moes daar nuwe rolle met betrekking tot leierskap in gemeentes ontwikkel word. Natuurlik het dit ook die implikasie dat daar nie bedieningsmodelle of selfs leierskapspatrone is wat net so as bloudruk vir alle tye geld nie.

Daar was nie 'n enkele beeld, metafoor, model of bedieningstruktuur wat vas gegiet was en net so gebly het nie. Nuwe tye en kontekste het nuwe beelde, modelle en patrone van leierskap geverg en daar is 'n openheid in die Skrif ten opsigte van die ontwikkeling daarvan.

d. Diversiteit

Dit volg uit die voorafgaande dat daar 'n baie groot verskeidenheid in die Skrif is ten opsigte van bedieningstrukture, modelle en leierskapspatrone. Byna elke tydperk en

elke boek of brief in die Bybel het vanweë sy eie konteks nuwe antwoorde op die bedieningstruktuur en leierskapspatrone gegee. Daar word weer later daarna verwys, maar daar kan byvoorbeeld net gedink word aan die groot verskeidenheid beelde of metafore vir die kerk soos geroepenes, volk van God, gebou/tempel van God, liggaam van Christus en bruid van Christus<sup>88</sup>. Die diversiteit bevestig dat daar in elke konteks op 'n unieke wyse antwoorde gesoek is op bedienings- en leierskapsvrae.

e. Verskeie leiers en leierskapspatrone

Daar is geen twyfel daaroor dat leiers in die Skrif 'n uiters belangrike rol in die begeleiding van die geloofsgemeenskappe nie gespeel het. 'n Verskeidenheid leiers, tipe persoonlikhede en patrone het in die Ou Testament na vore getree: onder andere het priesters, Leviete, rigters, konings, profete, wysheidsmanne- en vroue ensovoorts, 'n rol gespeel. In sommige gevalle kan daar gepraat word van amptelike of verkose leiers, terwyl dit in ander gevalle spontaan na vore getree het. In die Nuwe Testament is Jesus se dienende leierskap (Jh 13) natuurlik die uitnemende rolmodel. Ons lees verder van 'n groot verskeidenheid leiers in die Nuwe Testament: apostels, profete, herders, leraars, evangeliste, ouderlinge, diakens, medewerkers, ensovoorts.

O'Kennedy (2003:447) haal vir Swanepoel aan wat sê dat dit duidelik is dat daar nie net die bediening of 'amp' van leraar, ouderling en diaken was nie en dat daar geen omvattende ampsbeskouing in die Nuwe Testament is nie. Intendeel, die klem is in verskeie boeke en briewe eerder op die diens van al die gelowiges aan mekaar en die wêreld. O'Kennedy (2003:446) haal in die verband vir Versteeg aan wat sê dat dit die groot verskil is tussen Ou en Nuwe Testament, naamlik dat leiers in die Ou Testament die geloofsgemeenskap 'verteenwoordig' terwyl daar in die Nuwe Testament, vanweë die begaafdheid van alle lidmate ook deelname van almal in die bediening is. In die Ou Testament het Israel namens die volke, die hoëpriester namens die priesters, die priesters namens die Leviete, die Leviete namens die ander Israeliete, die mans namens die vroue verteenwoordigend opgetree. Dit blyk dat niemand waarskynlik meer namens iemand anders in die Nuwe Testament optree nie, maar elkeen ontvang 'n genadegawe waarmee hy/sy 'n funksie ten opsigte van die opbou van die geloofsgemeenskap moet vervul.

---

<sup>88</sup> Minnear (1960:28-65) verwys daarna dat daar naas die prominente beelde wat hierbo genoem is, nog so iets soos 32 "*minor images of the church*" in die Nuwe Testament voorkom.

f. God as hoofkarakter

God is die leier van Sy volk in die Ou Testament en hoof van Sy liggaam of kerk in die Nuwe Testament. Die Ou Testament beskryf God se handeling en pad met families, clans (uitgebreide familie), nageslag en Sy uitverkore verbondsvolk. Volgens die Nuwe Testament het die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op aarde sy bestaan aan God Drie-enig te danke (Ef 3:14). Burger (1999:157-163) sê dat dit in die Bybel duidelik is dat God se Gees na gelang van die behoefte en in antwoord op nuwe situasies 'n gemeente op 'n nuwe weg lei. God se Gees voer die werk van Christus verder, is kragtig, kreatief, dinamies, misterieus en skakel mense in by Sy werk (vergelyk Jh 3:1-8; 16:7-11; Hd 2:1-4; Rm 8:1-17; 1Kor 12; 2 Kor 3:18, ens). Daarom moet daar telkens in afhanklikheid van God en Sy Gees biddend na die regte bedieningstrukture en leierskapspatrone gesoek word.

→ Dit blyk dat die Skrif 'n dinamiese proses beskryf waar daar binne elke konteks spesifieke bedieningstrukture en leierskapspatrone nodig was om die geloofsgemeenskap te begelei – so word konstruktiewe replikasie vanaf hoofstuk twee en drie telkens in hoofstuk vier in die ontwikkelings van die Skrif bevestig.

## **4.3 LEIERSKAP IN DIE HUISGESIN VAN GOD (1 TIMOTEUS)**

### **4.3.1 Inleidende opmerkings**

a. Die keuse van 1 Timoteus

Die navorser maak 'n keuse om meer intensief met 1 Timoteus te werk. Die oorsigtelike bespreking van Skrifgegewens hierbo het getoon dat daar met net soveel vrug van ander tekste gebruik gemaak kon word. Die keuse vir 1 Timoteus egter, berus daarop dat dit, as deel van die Pastorale briewe, aan 'n gemeenteleier (Timoteus) gerig is en spesifieke leiding oor gemeentelike leierskap verskaf. Hieronder sal aangevoer word dat 1 Timoteus berus op 'n tradisie wat Paulus as verteenwoordigende leier en mentor het. Die navorser meen dat transformasie in die gemeenskap en die gemeente van Efese aangetoon kan word as agtergrond vir die keuse van 'n bedieningstruktuur en tipe leierskap. Die belangrikste rede lê daarby dat

die metafoer van die “huisgesin van God”, volgens die navorser, as hermeneutiese sleutel gebruik word om ’n nuwe simboliese wêreld vir die gemeente en sy leierskap oop te sluit.

Daar is natuurlik baie diskontinuiteit tussen die wêreld en gemeente van 1 Timoteus en dié van makrogemeentes vandag. Om maar enkele aspekte te noem: dit was ’n pre-moderne fase; die gemeente was waarskynlik baie klein; die Christelike tradisie was nog baie jonk; die kulturele omstandighede verskil grootliks. Dit is veral die metafoer van die “huisgesin van God” wat toe nog ingebed was in ’n patriargale sisteem waarin vroue nog baie beperkte toegang tot die kulturele lewe en veral tot leierskap gehad het. Die teks en metafoer (huisgesin van God) is deur die loop van die kerkgeskiedenis al baie ongenueanseerd gebruik en word steeds gebruik *to legitimate private ‘submissive’ and restrictive positions for woman* (Mouton en Van Wolde 2004:2). Die navorser is bewus daarvan dat daar allermins ’n gelykstelling tussen die gemeentelike bediening en leierskap van 1 Timoteus en vandag kan plaasvind, maar wil soek na analoë (ooreenkomste te midde van verskille) en perspektiewe wat kan help om die taak van leierskap in ’n veranderende wêreld te verstaan. Mouton en Van Wolde (2004:2) stel dit soos volg:

*“One of the greatest hermeneutical challenges for biblical scholars is to ponder how the tension inherent in our own (often unquestioned ideological) pre-understandings of a text may correlate with the tensions within the text itself, as well as the socio-historical situation of the early faith communities by which it was prompted.”*

Die sosio-kulturele afstand tussen die Pastorale briewe en vandag word deur Johnson (1996:vii) beklemtoon as hy sê dat die tekste hiërargies, eksklusief en androsenties is, teenoor inklusiewe en nie-seksistiese tendense vandag. Dit vra na ’n verantwoordelike hermeneutiese proses. Mouton en Van Wolde (2004:17) vat hierdie taak soos volg saam:

*“Biblical scholars, systematic and pastoral theologians, and preachers therefore all share the creative liminal spaces between the ‘authoritative’ witness of 1 Timothy and the experiences (of alienation, disillusion, confusion) of presentday*

*audiences. In continuation with the dynamic processes represented and stimulated by the text, such spaces invite an ongoing, faithful struggle to interpret God's radical presence in the world."*

Die aanhaling hierbo vat, volgens die navorser se mening, juis die essensie van leierskap in 'n Christelike gemeenskap saam. Die ondersoek na 1 Timoteus wil juis hierdie hermeneutiese worsteling van die gemeente en outeur navors en dan soek na perspektiewe wat betekenis mag hê vir leierskap in kontemporêre omstandighede.

b. Die konteks en nood van 1 Timoteus

Die studie sal hieronder aan verskeie aspekte van die sogenaamde inleidingsvraagstukke aandag gee. Die navorser sal ter wille van die literêre konteks die behoefte aan en doel van die brief kortliks saamvat. Die *theological thrust* (gerigtheid) van die brief is die beeld van God as genadige verlosser in Christus Jesus, terwyl die retoriese doel is om die gemeente te lei tot 'n gepaste reaksie op hierdie evangelie binne hulle primêre identiteit as die huisgesin van God. Die behoefte van die gemeente was om te midde van dwaalleer gepas as huisgesin van God te reageer op die evangelie (Mouton en Van Wolde 2004:3-7).

*"Die doel van hierdie opdrag is om liefde te wek wat uit 'n rein hart, 'n goeie gewete en 'n opregte geloof kom."* (1 Tm 1:5)

c. Metodologiese aspekte

Die hermeneutiese en eksegetiese uitgangspunte wat hierbo genoem is, kom veral hier ter sprake. Die sosiaal-wetenskaplike en hermeneutiese benaderings sal voorrang geniet in 'n multidimensionele benadering. Die navorser maak uitgebreid gebruik van Verner (1983) omdat hy presies rondom die sentrale metafoer van ondersoek, naamlik "*huisgesin van God*" uit 'n sosiaal-wetenskaplike oogpunt navorsing gedoen het. Sy gegewens sal in die loop van die ondersoek met inligting uit kommentare en ander bronne aangevul word.

Die volgende stelling van Verner (1983:1) het die navorser se gesigspunt in die ondersoek na 1 Timoteus beïnvloed:

*“The author of the Pastorals sets forth in his composition a coherent concept of the church as the household of God. This concept is two-pronged, informing the author’s understanding both of the household as the basic social unit in the church, and of the church as a social structure modeled on the household”*

Die huisgesin van God sal as metafoor ondersoek word. Daarom sal die konteks van die huisgesin in die Grieks-Romeinse wêreld en fasette daarvan in die gemeente waaraan 1 Timoteus gerig is, kortliks ondersoek word. Dit is uiteraard ’n omvattende taak. Hierdie studie is nie in die eerste plek ’n sosiologiese studie nie, maar die navorser sal wel gebruik maak van sosiaal-wetenskaplike navorsing<sup>89</sup> oor die gesin van daardie tyd, sonder om volledig te probeer wees. Groter fokus sal val op die betekenis van die metafoor en sy invloed op die verstaan van leierskap.

#### **4.3.2 Gemeenskap in transformasie**

Daar sal hieronder in meer besonderhede teruggekom word na die inleidingsvrae oor die datering en outeur van die brief. Die gemeente aan wie die brief geskryf is, was in Efese geleë. Efese was ’n belangrike hawestad, die residensie van die Romeinse goewerneur van die provinsie Asië. Du Rand (1986:40-41) sê die bevolking van die stad omstreeks 100 n.C. was sowat 250 000. Drie groot handelsroetes het daar bymekaargekom en van Efese ’n stad met baie invloed gemaak. Dit was ’n stad aan ’n riviermonding met ’n groot hawe wat van sakemanne en geldskieters gewemel het. ’n Groot aantal van Efese se gelowiges was waarskynlik ook by handel betrokke. Op staatkundige gebied was die stad net so invloedryk. Alhoewel Pergamum tydens die Romeinse ryk die amptelike hoofstad van Klein-Asië was, het sy posisie eintlik van Efese die belangrikste stad gemaak. Efese was bekend as “vrye stad” wat beteken het dat hy van Rome die toestemming gehad het om sy eie sake te bestuur. Die Pan-Ioniese spele (iets soos die Statebondspele vandag) is hier gehou. Dit was ook ’n bekende godsdienstige sentrum en in daardie gebied die hoofsetel van verskeie heidense godsdienste. Die beroemde tempel van Artemis het daar gestaan (Hd. 19:23)

---

<sup>89</sup> Die navorsing benut navorsing wat die sosiaal-wetenskaplike metode gebruik het, maar omdat dit self nie kern-metode van die studie is nie, gaan dit nie in op ’n verrekening van die plasing en ander aspekte van die metode nie.

en ook 'n tempel vir die godin Roma waar keiseraanbidding beoefen is.<sup>90</sup> Die tempel van Diana-Artemis is beskou as een van die sewe wonders van die destydse wêreld. Mense het in geestesvervoering in die tempel, ter ere van die godin van vrugbaarheid en onder die dekmantel van die godsdienst, onsedelikheid bedryf.

Soos reeds genoem het Verner (1983) navorsing gedoen oor die sosiale wêreld van die Pastorale briewe met spesifieke verwysing na die metafoor van die “huishouding van God.” Hy het heelwat bronne uit navorsing oor die Griekse en Romeinse konteks as basis vir sy argumente gebruik. Die kern van sy navorsing is in die volgende drie hoofstukke uiteengesit:

- *The household in the Hellenistic- Roman world*
- *The haustafel tradition in the Pastorals*
- *The household and the household of God in the church of the Pastorals*

Hieronder word net kernsake genoem wat meer lig kan werp op die feit dat die gemeenskap van Efese ook in die eerste eeu na Christus in 'n tydperk van transformasie was.



a. Hellenisties-Romeinse wêreld

*“Die sluis van die Griekse kultuur het hy (Alexander die Grote) oor die hele destydse wêreld oopgetrek en een van die grootste kulturele revolusies van alle eeue geïnisieer. Allerweë is dit die hellenisme genoem. Die hoë mure tussen dit wat Grieks en wat ‘barbaars’ was, het hy afgebreek en het so die wegbereider geword van 'n ongekende kosmopolitiese gees. Westerse en Oosterse ideologieë het op mekaar begin inwerk, wêreldhandel het begin opbloeï, 'n wêreldtaal het begin ontstaan en selfs wat godsdienst betref, het hy die weg gebaan vir die ontstaan van verskeie Oosters-beïnvloede, sogenaamde misterie-religieë” (Duvenage 1975:34-35)*

**Die hellenisme** kan beskryf word as 'n kultuurfase waarvan Alexander die Grote die grondlegger was en wat eintlik eers na sy dood (323 v.C.) regtig aanvang neem en

---

<sup>90</sup> Vergelyk Groenewald (1997:20) oor die belang van die stad.




duur tot in die Romeinse keisertyd. Volgens De Villiers (1997:137) is daar uiteenlopende menings oor die tydperk. Die politieke einde van die hellenisme breek waarskynlik met die slag van Actium in 31 v.C. aan, toe Rome vir Aleksandrië in 'n beslissende seeslag verslaan, en so die oorwinning van die Weste bewerkstellig. Die begrip hellenisme is afkomstig van *hellas* wat 'n woord vir Griekeland was en *hellenés* (Grieks of Grieke), terwyl die werkwoord *hellenizein* beteken om soos 'n Griek te lewe.

Alexander sou die verloop van die wêreld-geskiedenis onherroeplik verander in sy kort regeringstyd van 336 v.C. tot 323 v.C. Hy het nie alleen die wêreld vanaf Klein-Asië, Sirië, Palestina, Egipte en tot in Persië verower nie, maar het met sy beleid om wetenskaplikes (geskiedkundiges, aardrykskundiges, plantkundiges ensovoorts) saam te vat op sy veldtogte en vriendskaplike verhoudinge met die oorwonne volke te bou, 'n hele nuwe wêreldkultuur gevorm. Duvenage (1975:37-38) sê dat die hellenisering in drie fases verloop het, naamlik: Eerstens die vinnige verbreiding van die Griekse kultuur en beskawing. Saam met die veldtogte is koloniste gevestig, stede gebou met 'n Griekse styl tesame met dinge soos gimnasiums, teaters, renbane, musea, baddens, kleredrag en allerlei Griekse gewoontes. In die tweede fase (na Alexander se dood) was daar 'n herwaardering van volke se eie kultuurgoedere en konfrontasie met die Griekse kultuur. In die derde fase het sinkretisme plaasgevind. Dit het saamgeval met die Romeinse oorheersing oor die hele wêreld.

Die invloed van die Hellenisme kan nie in 'n paar sinne saamgevat word nie, maar daar kan by Burden, Deist en Klopper (1977:153) aangesluit en word om die volgende aspekte uit te lig:

- *Griekse taal*: Grieks het gedien as die kulturele, handel en selfs godsdienstige taal van die destydse bekende wêreld. Dit was die *lingua franca* (voertaal) van daardie tyd. Deur die koiné (algemene) Grieks kon almal mekaar verstaan. Dit het op al die terreine soos die juridiese, opvoedkundige, morele, kommersiële, industriële en religieuse deurgewerk (De Villiers 1997:140). Die Nuwe Testament is ook in Grieks geskryf.

- *Vermenging van kulture:* Alexander het al die ideaal gehad dat die hele wêreld een staat sal wees waarin al die nasies en kulture vermeng is tot een nasie met die Griekse kultuur as basis. Die kulture het egter so vermeng en saamgevloei dat dit tot 'n algemeen nabye-oosterse-westerse kultuur ontwikkel het, waarin ingeslote volkere in 'n wêreld-burgerskap gedeel het. Verskillende volkere is nie meer in terme van nasionalismes nie, maar in terme van beskawing en ontwikkeling gemeet.
- *Individualisme:* Dit word gesien as die belangrikste kenmerk van die hellenisme. Die individu het vry geword van sy/haar eie gemeenskap, tradisionele verantwoordelikhede en relasies. Die wêreldburgerskap het ook meegebring dat die verskil in ras en stand anders gesien is as vroeër en nie langer as norm gegeld het as waardebeplanning vir menswaardigheid nie. Dit het natuurlik ook die behandeling van slawe, vroue en kinders geraak, soos hieronder aangetoon sal word. Individualisme het bygedra tot beroepspesialisering.
- *Geestelike soeke:* Die individualisme en vermenging van kulture het bygedra tot skeptisisme en eensaamheid. 'n Aanvaarding van die 'noodlot' en 'n strewe na genot was sommige filosowe se antwoord (Epikureërs en Stoïsyne).
- *Verstedeliking:* Groot kosmopolitiese stede, soos Aleksandrië in Egipte, het ontstaan waar godsdiens, etnisiteit, nasie en taal minder belangrik geword het.



Duvenage (1975:50) stel dit so: “Ook in geestelike opsig was daar 'n ontwikkeling van ongekende omvang en van groot verskeidenheid. In die teenstelling tussen opsmuk en eenvoud, sentimentaliteit en selfsugtigheid, preutsheid en losbandigheid, romantisisme en realisme, wetenskap en bygeloof laat die hellenisme 'n mens baie aan die twintigste eeu dink.”

Dit is duidelik dat al bogenoemde invloede ook ingrypende implikasies vir die siening van huishouding en geloofsgemeenskap sou hê, waarna hieronder verwys sal word.

Die tyd tot en met die skryf van 1 Timoteus is waarskynlik nog beïnvloed deur skommeling op die politieke front. Palestina was byvoorbeeld rondgeslinger tussen die magte van die hellenistiese Ptolemeuse heerskappy uit Egipte (323 v.C. –146 v.C.) en die Seleukiede heerskappy uit Sirië (223 v.C. – 164 v.C.) Die opkomende Romeinse heerskappy oor die hele wêreld sou oor die siening van die huisgesin in Efese 'n baie groot rol speel.

**Die Romeinse** invloed was veelbesproke sedert die wêreldmag van Julius Ceasar (vanaf 65 v.C.), Augustus (30 v.C. – 14 n.C.), verby Nero (54-68 n.C.) tot by Domitianus (81-96 n.C.) en elke keiser of regeerder het met sy eie styl en voorkeure bepaalde invloede gehad in ontwikkelinge op die terrein van die huishouding. Intussen het die helleniseringsproses voortgegaan onder die Romeinse bewind.

→ Bogenoemde beskrywing van die tydsgees en veranderinge in die Hellenistiese en Romeinse wêreld is vanuit beperkte bronne met 'n moontlikheid van eensydigheid.<sup>91</sup> Dinge soos die wêreldinvloed van Engels as wêreldtaal, globalisering, 'n wêreldkultuur, verstedeliking, individualisme en 'n geestelike soeke vandag vertoon eie aksente van elemente wat eiesoortig in die destydse wêreld voorgekom het.

#### b. Transformasie in sosiale strukture

Verner (1983:27-81) het die huisgesin in die destydse wêreld ondersoek en wel met betrekking tot die sosiale strukture, sosiale strata en die sosiale spanning in huisgesinne. Hy het die sosiale struktuur van die huisgesin in die tradisionele Griekse en Romeinse konteks, tydens die vroeë Romeinse ryk, Hellenistiese Judaïsme en met betrekking tot die klassestruktuur nagegaan.


Hy beskryf die klassieke Griekse *oikos* as die basiese sosio-politieke eenheid. Die *oikoi* van Athene verwys na die erfbare landgoed (huis en grond) van die *polis* / stad en na die burgerlike familie wat hier gewoon het. Die *oikos* was ook 'n religieuse eenheid waar vroue deur middel van die huwelik in diens en onder versorging van die

---

<sup>91</sup> Hier kan onder andere gedink word aan Malina (2001) en Malina, Joubert en van der Watt (1995) wat die groep, familie en korporatiewe van die destydse samelewing teenoor individualiteit beklemtoon.

man se gode gestel is, waar slawe deel van die huislike kultus geword het, en kinders die rites en gewoontes by hul ouers kon leer. Hier was die man / pa die *kurios* wat gesag oor sy landgoed, vrou, kinders en slawe gehad het. Hy was in 'n drieledige skema baas (*despotes*), man (*posis*) en vader (*pater*) en sodoende as patriarg betrokke by die drie fundamentele verhoudinge van die huisgesin en gemeenskap. By die Romeine het die *pater familias* ook aan die hoof van die huishouding gestaan. Verner toon hoe veranderinge tydens die Hellenistiese periode in al hierdie sosiale strukture gekom het en hoe dinge soos huwelikskontrakte vir vroue, opvoeding, meer gelyke regte, beroepslewe en sosiale vryheid al meer na vore gekom het. Die veranderinge het waarskynlik oor die Griekse, Romeinse en Joodse huishoudings gekom en sosiale spanning veroorsaak.

Verner (1983:81) sê in sy samevatting dat die veranderinge in die regstatus van vroue, populêre waardes soos dat vroue dieselfde intellektuele en morele kapasiteit as mans besit en dat daar net een standaard vir seksuele gedrag moet wees, die sosiale orde geskud het. Hy toon egter dat baie skrywers in hierdie tyd vasgeklou het aan meer tradisionele waardes en dat daar spanning en weerstand teen veranderinge was. Die tradisionele patriargale huishouding was deur sommige gesien as bewaring van 'n ordelike en stabiele samelewing.<sup>92</sup>



Bykomend tot die patriargale sisteem kan die aspek van status in 'n samelewing vanuit die aspek van *eer en skaamte*, soos dit in die sosiaal-wetenskaplike metode beskryf is, beskou word. Eer is die openbare erkenning van mag en status van 'n persoon volgens sy klas, rykdom, stasie, groep-identiteit en prestasies. Malina (2001) sê: *The purpose of honor is to serve as a sort of social rating that entitles a person to interact in specific ways with his or her equals, superiors, and subordinates, according to the prescribed cultural cues of the society.* Skaamte is die vroulike teenpool van eer is verteenwoordig 'n sensitiwiteit vir jou eie openbare reputasie en hoe ander jou beskou. Malina (2001:38,49) sê in dié verband:

<sup>92</sup> Die sosiologiese agtergrond en die veranderinge en spanninge met betrekking tot die gesinslewe en plek van die vrou in tyd van die ontstaan van die Nuwe Testament kan nagegaan word by skrywers soos Meeks (1983), Van Aarde (1992) en Malina, Joubert en Van der Watt (1995).

*“The honorable person is one who knows how to and can maintain his or her social boundaries in the intersection of authority, gender, and social respect, including God.”*

*“A sense of shame makes the contest of living possible, dignified and human, since it implies acceptance of and respect for the rules of human interaction. On the other hand, a shameless person or group is one who does not recognize the rules of human interaction, who does not recognize social boundaries.”*

Omdat oneervolle mense geen positiewe status besit het nie, het dit vir hulle vir alle praktiese redes 'n sosiale doodsvonnis beteken (Malina, Joubert & Van der Watt 1995:10). Dit is veral binne families waar 'n hoë premie op die familie se eer geplaas is. Mense het nie individualisties gedink soos vandag nie. Eer en skaamte as kernwaardes het veroorsaak dat mense aan hulleself en andere in terme van die groep gedink het. Dit hou verband met wat Malina (2001:62) soos volg as “diadiese persoonlikheid” beskryf:

*“The dyadic person is essentially a group-embedded and group-oriented person (some call such a person “collectivity-oriented”). ...Such persons would conceive of themselves as always interrelated with other persons while occupying a distinct social position both horizontally (with others who share the same status, moving from center to periphery) and vertically (with others who are above and below in social rank).”*

Die diadiese persoon se identiteit is hoofsaaklik bepaal deur faktore soos generasie en geografie. Dit sluit in: familie, stam, geslag, gemeenskap, plek van oorsprong en woonplek. Die gesin was hierin dus 'n bepalende faktor wat identiteit betref. Dit is presies hierdie aspekte van eer en skaamte en 'n diadiese persoonlikheid as kernwaardes in die destydse samelewing wat gemaak het dat die transformasie en skuiwe waarvan hierbo gepraat is, soveel spanning veroorsaak het. By die ondersoek van 1 Timoteus kan dit in gedagte gehou word.

→ Alhoewel hier net kortliks van sosiologiese ondersoeke na destydse konteks gebruik gemaak is, kan dit 'n besondere bydrae lewer om transformasie in daardie

situasie te beskryf. Dit is waarskynlik so dat die tyd waarin 1 Timoteus geskryf was 'n tyd was waarin veranderinge in die huishouding diep spanning in rolle en verhoudinge, met betrekking tot regte en waardes en in die orde en stabiliteit van die samelewing gebring het.


### 4.3.3 Gemeente in transformasie

#### a. Outeurskap en tyd

Die vraagstuk oor die outeurskap het deur die eeue die penne aan die skryf gehad<sup>93</sup>. Sedert die Pauliniese outeurskap bevraagteken is, is 'n sekretaris, 'n dissipel-redakteur, die fragmente-hipotese en pseudepigrafie as oplossings aangebied (Lemaire 1972:26). Du Toit (1974:99-111) het die kern van die gesprek oor die vraag na die skrywer van die Pastorale briewe uiteengesit. Hy wys op die tweeslagtige of dualistiese indruk, waar jy aan die een kant die stem van Paulus hoor en aan die ander kant bewus raak van 'n ander stem.

- *Die vraagtekens oor Paulus as outeur*

Die volgende sake raak die outeurskap en tyd van ontstaan:



- Die historiese situasie

Dis bekend dat die situasie wat in die Pastorale briewe beskryf is en die gegewens van Handeling nie maklik versoenbaar is nie. Die outobiografiese inligting kan moontlik op fragmente van Paulus-vertellings berus of is dalk fiktief. Voorstanders van Pauliniese outeurskap het drie opsies: Om die gegewens by die raamwerk van Pauliniese briewe en Handeling in te pas; 'n verlengde tyd met 'n vrylating en 'n tweede gevangenskap te veronderstel of te aanvaar dat ons in hierdie briewe addisionele inligting verkry (Johnson 1996:10-11).

- Taal en styl

---

<sup>93</sup> Du Toit (1974:99-111) wys daarop dat Schmidt (1804) en Schleiermacher (1807) eintlik die gesprek en bevraagtekening van die Pauliniese outeurskap aan die gang gesit het. Lemaire (1972:25-42) het ook 'n uitstekende oorsig oor die ondersoek tot op daardie stadium gegee.

Daar is 'n opvallende groot getal hapax legomena in die Pastorale briewe (148). Hieronder tel teologies belangrike woorde soos *eusebeia*, *ugiainousa didaskalia*, *suneidesis agathe* en *pistos o logos*. Daar is 'n afwesigheid van kenmerkend Pauliniese uitdrukkings.

○ Die teologiese gedagtewêreld

Sentrale Pauliniese begrippe soos geregtigheid, kruis en liggaam van Christus, is afwesig. Pauliniese uitdrukkings, soos die wet en geloof word anders gebruik. In die Christologie kom begrippe soos 'in Christus' anders voor en word die begrip *soter* met betrekking tot verlossing gebruik en by die toekomsverwagting *epifaneia* i.p.v. *parousia*. Nuwe begrippe, wat veral met die morele lewe te doen het, soos godsvrug (*eusebeia*), gesonde leer (*ugiainouse didaskalia*) en goeie gewete (*suneidesis agathes*) word sentrale begrippe.

○ Geykte liturgiese materiaal

Die gebruik van liedere, belydenisse, deug- en sondelyste, lofprysings, ampsparanese, doop-, nagmaal- en gebedsformules laat blyk dat hier al 'n meer gevorderde liturgiese tydperk bestaan waar vormgewing aan tradisie en erediens-rituele nodig was.

○ Die Joods-Christelik-Gnostiese teenstanders

Aanvanklik is gereken dat die teenstanders tekens van 'n later Gnostiek (die begin van die tweede eeu) vertoon, maar die ontdekkings van geskryfte by Qumran en Nag Hammadi, het getoon dat elemente van 'n Joodse-gnostiek reeds rondom Christus se leeftyd bestaan het. Roloff (1988:228-229) bespreek die teenstanders vollediger en wys op die volgende kenmerke: 'n skeppings-vyandige houding; die standpunt dat die opstanding reeds plaasgevind het (2 Tm 2:18); hulle wou leraars van die wet wees; kennis was belangrik. Hy tipeer die teenstanders as mense in die gemeente met "asketisch-schöpfungsfeindlichen und esoterisch-spekulativen Elemente". Hy meen dat dit te verstane is in 'n heiden-christelike gemeente van Klein-Asië teen die einde van die eerste eeu waarin elemente van die hellenistiese sinkretisme met sy kosmologiese spekulاسie en spiritualiserende elemente en die wettisme van die Joodse erfenis met die christendom vermeng is.



o Gevorderde gemeente-organisasie

Ons vind reëls vir die erediens (1 Tm 1:8-10), gestaltegewing en lyste van vereistes vir meer vaste dienste (1 Tm 3:1-13; 5:17, Tt 1:6-9), 'n weduwee-dienslys (1 Tm 5:19). Roloff (1998:211-217) bespreek die kerkbegrip van die briewe vollediger. Hy wys op elemente soos dat die kerk hier veral lokale gemeente is; dat die kerk die vrug en gevolg van die verkondigde evangelie is - wat nou as 'gesonde leer' gesien word en met die apostoliese oorlewering (*paratheke*) vereenselwig word; dat die heilshistoriese horison hier verskuif het en dat die eskatologiese dimensie byna verdwyn het. Hy noem ook dat die kerk by Paulus al institusionele elemente besit, maar hier 'n meer geordende geheel met vaste reëls en dienste geword het. Johnson (1996:14-16) meen egter dat dit fundamenteel verkeerd is, dat daar nie van gemeente-organisasie gepraat kan word nie, want hier is nog 'n eenvoudige struktuur sonder legitimasie en taakomsrywings wat sosiologies noodwendig sou ontwikkel.

• *Watter oplossings is daar?*

Daar word steeds uiteenlopende en 'n wye verskeidenheid oplossings aangebied. Hieronder net kortliks Du Toit (1974:108-111) se samevattende indeling.

o Pauliniese outeurskap:

Verskeie skrywers waaronder Ridderbos (1967:5-37) verdedig Pauliniese outeurskap en wys op die persoonlike trant en die moontlikheid van 'n loslating uit die gevangenskap in Rome vir 'n tweede besoek aan Efese. Hieronder meer oor 'n motivering vir Pauliniese outeurskap deur Mullins en Myburgh (2004) en Johnson (1996).

o 'n Middeweg:

'n Middeweg word deur eksegete soos Holtz (1972:1-27) en Jeremias (1975:1-11) gesoek. Een moontlikheid is redaksie hipotese waar die skrywer byvoorbeeld van fragmente van Pauliniese literatuur gebruik maak. Die ander moontlikheid is die sekretaris hipotese waar Paulus van 'n medewerker gebruik maak.

o 'n Ander skrywer:

Name soos Lukas of Polikarpus word genoem, maar meestal word of van 'n *Paulusleerling* of van 'n *pseudepigrafiiese* werk gepraat. Roloff (1988:19-50) sê dat

die brief sodoende, soos met bekende pseudepigrawe, die gesag van die apostelskool en die gesag van die tradisie wil bevestig.

Nog 'n ander moontlikheid is om vanaf die *retoriese kritiek* na outeurskap te kyk. In dié verband skryf Loubser (2001:95-110) 'n artikel waarin hy kyk na die mondelinge agtergrond van die literêre retoriek. Hy kyk na vyf ontwikkelingstadiums in kommunikasie tegnologie en wys daarop dat daar by die sender, boodskap en ontvangers verskillende moontlikhede kon ontstaan. So kan die stuurder (*sender*) byvoorbeeld bestaan uit *mission director, authorial team, dictating author, recording scribe, messenger and reader-performer*. In 'n artikel wat bogenoemde voorafgegaan het, wys Loubser (2000:329-345) op die dinamiese retoriese proses in die ontstaan van manuskripte en veral dat 'n *sending team, apostolic team and the household church* ten nouste by die ontstaan van 'n geskrif betrokke was. Paulus se *medewerkers* kon hierin 'n groot rol gespeel het om 'n outeurs-gemeenskap, skrywers, boodskappers en leser-voordraers te wees. Die navorser meen dat hierdie retoriese aspekte die agtergrond van die bespreking oor die transformasietyd hieronder moet vorm.

In hierdie verband kan Lategan (1991:376-384) se invalshoek ook in aanmerking geneem word. Hy toon dat 1 Timoteus 'n "retoriese situasie" veronderstel waarin die resepsieteorie met sy standpunte oor 'n geïmpliseerde leser en geïmpliseerde skrywer in ag geneem moet word. 1 Timoteus weerspieël, volgens hom, 'n polemiese situasie waarin verskeie uitdrukkings spanning tussen die dwaalleer en die geïmpliseerde leser (die gemeente) in die argumentasie vertoon. Die gevegsfront in 1 Timoteus het verskuif. Dit handel om teologiese klaar gedefinieerde posisies wat in die retoriese situasie as alternatiewe teenoor mekaar gestel word. Sodoende word ook verstaan waarom die gemeente die "*draer en beskermmer van die waarheid*" genoem word. Van 'n sterk oorredende aksent, gerig op die omlýning en afgrensing van teologiese begrippe, word beweeg na die skep van 'n bestendige konteks waarin die evangelie kan gedy en waarin hierdie boodskap reeds as 'n omvattende 'leer' geformaliseer is. Die navorser meen dat die metafoer *huisgesin van God* ook 'n rol speel om so 'n bestendige konteks te skep.

b. Transformasietyd en doel van die briewe

Wat uit bogenoemde vir hierdie studie belangrik is, is om te sien dat hier 'n nuwe konteks met baie nuwe uitdagings ontstaan het. Paulus is of vanweë sy ouderdom en gevangenskap (na 63 n.C.) heeltemal verwyder van die gemeente, of anders is dit alreeds 'n hele tydperk na sy optrede (Roloff 1988:38 dateer die briewe teen 80-100 n.C.). Hierbo is gesien dat dit 'n gemeenskap onder spanning is vanweë sosio-kulturele, sosio-politieke en godsdienstige onsekerheid. Tegelyk is die gemeente in 'n tyd van transformasie waarin kwessies oor leierskap, teologie, liturgie, onderlinge twis oor leerstellige kwessies en etiese optrede in 'n heidense omgewing na vore kom.

Dit wil voorkom of die brief juis in hierdie transformasietyd die toekoms wil binnegaan met 'n deeglike greep op die verlede. Die antwoorde vir die toekoms lê in die gesagvolle herinterpretasie en aanwending van die tradisie (“gesonde leer”, die “toevertroude evangelie”, die “betroubare woord” wat werd is om sonder voorbehoud aanvaar te word en wat “bewaar” moet word). Hieronder is twee antwoorde op die doel van 1 Timoteus binne verskillende kontekste.

- *Mandaatbrief van Paulus*

Johnson (1996:1-33) weerlê die gronde waarop Pauliniese outeurskap betwyfel word. Afgesien daarvan dat historiese plasing, styl, teenstanders, kerklike struktuur en teologiese denke aangespreek word, berus sy argumente onder andere daarop dat die briewe afsonderlik beoordeel moet word, dat daar 'n komplekse konteks is en dat die karakter van Paulus se bediening en korrespondensie (onder andere *occasional*, *official*, *complex*) in ag geneem moet word.

Johnson (1996), en Myburgh (2004:i-iii) op sy voetspoor, sien die styl van 1 Timoteus as 'n persoonlike paranetiese brief, wat as *mandaatbrief* (*mandata principis* – commandments of the ruler – Johnson 1996:106) aangebied word. Die brief gee aan die verteenwoordiger van die gesagvolle leier 'n mandaat om as voorbeeld op te tree in die lig van die voorbeeld van die leier wat hy self navolg. Dit was in Paulus se tyd bekend,<sup>94</sup> en in sulke briewe is afgevaardigdes van 'n belangrike persoon onderrig oor

---

<sup>94</sup> Johnson (1996:106-107) gee voorbeelde daarvan uit die Egiptiese en Romeinse literatuur van daardie tyd.

hoe om hulle taak uit te voer. Die briewe is in die openbaar gelees en het sodoende legitimiteit aan die afgevaardigde verleen en die hoorders het gehoor wat hulle van die afgevaardigde kon verwag.

Die aanvaarding van Pauliniese outeurskap plaas die brief aan die einde van Paulus se lewe (tussen 62/63-66/67 n.C.). Paulus se doel hier is om aan sy afgevaardigde / verteenwoordiger as leier 'n mandaat te gee om veral die problematiese aspekte van die gemeente aan te spreek en daarby kritiese aspekte rondom die teenstanders namens hom te hanteer.

- *Pseudepigrafie van 'n Paulus-skool*

Roloff (1988:45-46) veronderstel 'n tydsverloop (80-100 n.C.) na Paulus se dood. Die gemeente self staan voor uitdagings met betrekking tot sy inrigting en met betrekking tot die gevare van valse leringe. Daarom het die kerk die teologiese taak om vir haarself 'n rigtinggewende norm te ontwikkel wat kontinuïteit met die tradisie en eenheid kan waarborg. In hierdie nuwe generasie moet die kerk 'n gesagvolle apostoliese norm daarstel – dis immers net voor die totstandkoming van die kanon en die gestaltegewing van die kerklike ampte.

Roloff (1988:38-46) wys daarop dat dit juis in sulke omstandighede is dat pseudepigrafie vir die gemeente in Efese twee dinge kan doen:

- Dit kon die Paulusskool se tradisie aan sy oorspronge vasmaak.

Die skrywer(s) kan in 'n “Paulusskool” gesoek word wat in die versameling, aktualisering en herinterpretasie van die Paulus-tradisie geïnteresseerd is. Dit het 'n dubbele doel: eerstens die aktualisering van die outoriteit van die apostel vir die beheersing van die nuut ontstaande kerklike krisissituasie en tweedens die uitdruklike bevestiging en bekragtiging van dié outoriteit in sy blywende gesag vir die kerk.


- Dit kon die outoriteit van die tradisie / geskiedenis bevestig.

Dit sou die enigste manier wees om die gemeente aan die apostoliese norm te bind. Roloff (1988) wys deurlopend in sy kommentaar hoeveel moeite daar in die brief gemaak word om die geloofsgemeenskap aan die tradisie te bind.

→ Opmerking – Gesagvolle en lerende ‘AncientFuture’ leierskap

In albei moontlikhede wat hierbo ontwikkel is, hoor mens iets van die behoefte aan gesag met betrekking tot leierskap. Met Pauliniese outeurskap is die gesag in Paulus as apostel geleë, en veral in die ‘gesonde evangelie’ waarvan hy die draer is. As die teorie van die mandaatbrief aanvaar word, dan word daarmee ’n mandaat en gesag aan Timoteus as leier in die gemeente oorgedra en word hy verteenwoordiger van die apostel en draer van die evangelie. Met die pseudepigrafie-teorie word die gesag van Paulus as apostel en van sy tradisie erken en in stand gehou, en word die gemeenteleier met gesag beklee om dié tradisie voort te dra.

Hiermee is daar verbande met dit wat Sweet (1999) as “Leadership Arts” in ’n post-moderne kultuur aanbeveel – vergelyk hoofstuk twee van die tesis. Hy sê dat die oriëntasie aan die Noorderster (Jesus Christus), deur middel van die kompas (Bybel) en die anker (tradisie) noodsaaklik is in kerklike leierskap. Met verwysing na die tradisie praat hy van die “AncientFuture” metodologie waarin jy eintlik agteruit die toekoms in beweeg. In die skeepvaart is dit “*kedging*” genoem as jy ’n anker werp en jou daarmee vorentoe beur. So moet die kerk die anker van tradisie in die toekoms uitgooi en haarself dan daarheen trek. Dis moontlik ’n moderne analogie van wat Paulus (Paulusskool) en Timoteus (gemeenteleier) in 1 Timoteus doen.



#### 4.3.4 Huisgesin van God as nuwe identiteit

Hierbo is reeds genoem dat Verner (1983:27-81) die transformasie in die sosiale konteks van die eerste eeu, veral binne die gesin, beskryf het. Daarna is die spanning en transformasie, weliswaar vanuit verskillende hoeke afhangende van die beoordeling van Pauliniese outeurskap al dan nie, beskryf. Die vraag is nou: Wat sou die gemeente in hierdie transformasie vorentoe help? Dis hier waar die metafoor van die gemeente as “*huisgesin van God*” waarskynlik bedoel was om lewensveranderende en selfs ’n deurslag-gewende rol te speel.

a. Huisgesin van God as sentrale metafoor

*“Ek skryf hierdie dinge aan jou hoewel ek hoop om gou na jou toe te kom.*


*Ingeval my koms vertraag word,  
sal jy dus weet hoe iemand hom moet gedra  
in die **huisgesin van God** (oikó Theou),  
dit is die gemeente van die lewende God.*

*Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid.*

*En dit staan bo alle teenspraak dat die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens  
groot is:*

*As mens het Jesus in die wêreld gekom,  
deur die Gees is bevestig dat die reg aan Sy kant is,  
aan die engele het Hy verskyn;  
aan die heidennasies is Hy verkondig,  
in die hele wêreld is Hy geglo,  
en in heerlijkheid is Hy opgeneem.”*

(1 Tm 3:14-16)



In hierdie gedeelte kom drie kern aspekte, naamlik:

○ Die Paulusherinnering (anamnese)

Aanvaarding van Pauliniese outeurskap beteken dat dit ’n uitspraak van Paulus se liefdevolle pastorale verhouding met die gemeente is. Indien aanvaar word dat 1 Timoteus later ontstaan het, is dit net ’n tegniek om te bevestig wat almal weet, naamlik dat Paulus nooit meer sal kom nie, maar dat sy oorlewering tot versterking van die gemeente dien.

○ Die ekklesiologiese uitspraak

Die gemeente as *huisgesin van God* gaan allereers oor die gedrag / verhoudinge van gesinslede teenoor mekaar en dit word in die hele brief uitgewerk. Andersyds verwys die *oikos* ook na die gebou wat berus op ’n *stulos* (pilaar) en *edraiomata* (fondament). Dan word die woord *ekklesia* ook vir die kerk gebruik, wat die beeld van die tempel waarin God woon, na vore roep (onder andere Mk.14:58). Die kerk is die vaste instelling wat geroep word om die waarheid te dra.

o Die Christuslied

Die geheim van die waarheid is aan die kerk geopenbaar, en dit is dat sy die draer van die waarheid is wat in Christus te vind is, en wat die kerk in lied en lofprysing verwoord.

Sommige kommentare ontwikkel nie hierdie gedeelte en spesifiek die metafoor van die *huisgesin van God* as betekenisvol vir die verstaan van die hele brief en vir die beeld van die gemeente nie. Holtz (1972:88-98) sien die *oikos* se betekenis in die nagmaal, terwyl Smelik (1973:58-61) byna glad nie daarna verwys nie. Jeremias (1975:27-29) sien die belangrikheid van die gedeelte as afsluiting van die voorafgaande, maar ontgin veral die belang van die Christuslied (3:16). Ridderbos (1967:100-108) sê dat hierdie gedeelte 'n afsluiting van die voorafgaande is en tegelyk sy lig oor die hele brief werp en daarom met reg die hoogtepunt van die brief genoem kan word.

By die kommentare en ondersoeke hieronder word die belangrikheid van die metafoor op een of ander manier verreken. Verner (1983:14-16) sê dat 3:14-15 homself voorgee as doelstelling van die skrywer: *"I am writing these things to you...in order that you may know how to behave in the household of God."* Hy haal vir Lock aan wat dié gedeelte sien as *"the heart of the Epistle"* en 3:15 as 'n stelling, nie alleen van die brief se doel nie, maar van die Pastorale briewe as geheel. Hy sê: *"The purpose is to build up a high standard of Christian character and intercourse in the church as family of God."* So verstaan Lock dan ook die organisasie en bediening van die kerk as dié van *"God's family."* Verner (1983:14) haal vir Spicq aan wat 3:14-16 sien as die skarnier tussen die twee hoofdele en 3:15 as die oorwegende doelwit vir die Pastorale briewe. Hy sê die verwysing na die *"huisgesin van God"* kan verwys na die fisiese gebou (soos in 1 Kor 3:16; 6:19; Ef 2:22 en Heb 3:2,5) en na die *"family-like community"* (soos in 1 Tm 3:4-5:12; 2 Tm 1:15 en Tt 1:11). Hy meen die verwysing na die gemeente as *"stulos kai edraioma tés alétheias"* (*pilaar en fondament van die waarheid*) is die dominante en beteken dat die kerk die bastion van ortodoksie is.

Roloff (1988:189-210) haal vir Strenger aan wat sê dat 'n mens die gedeelte met reg die *"theologiese Mitte"*, nie net van 1 Tmoteus nie, maar van die ganse Pastorale briewe kan noem. Hy betrek nie net die metafoor *"huisgesin van God"* op die hele



brief nie, maar sien die samehang van al die elemente van 3:14-16 as bydraend tot die doelwit van die brief.

Verner (1983:1) se uitgangspunt met betrekking tot die funksie van die metafoor in 1 Timoteus, vat hy soos volg saam:

*“The author of the Pastorals sets forth in his composition a coherent concept of the church as the household of God. This concept is two-pronged, informing the author’s understanding both of the household as the basic social unit in the church, and of the church as a social structure modeled on the household.”*

Die navorser is oortuig dat die metafoor *huisgesin van God* ’n sentrale konsep in die brief is en dat die beeld van die gemeente ’n teologiese kern vir die skrywer is. Die vraag is egter waarom dit so is, watter funksies die metafoor vervul en watter implikasies dit vir perspektiewe op leierskap het.

Die vraag oor die motivering vir die sentraliteit van die metafoor kan gedeeltelik op voetspoor van Roloff (1988:211-217) beantwoord word. Hy meen dat die hoofgedagte van die metafoor in hierdie transformasietyd ’n vaste en betroubare ordening wil bied wat in twee rigtings aangewend word:

- *As gemeentelike ordeningstruktuur*

As model vir die ordening van die gemeente word die basiese instelling van die antieke gemeenskap, naamlik die *oikos*, as uitgebreide gesin, aangewend. So word die ouderling (*episkopos*) as analogie van die vader of patriarg in die huis gesien. Volgens die laat-antieke *oikonomia* (huishoudelike bestuur -1:4) word reëls vir optrede van groepe en stande in die gemeente neergelê. Die rolle van ouderdomsgroepe en geslagte soos wat dit in die laat-antieke huis was, word byna onverkort op die gemeente oorgedra. Die gemeente word geroep om vir die wêreld die plek wees waar hulle ideale en verwagtings vir die gemeenskapslewe realiseer – dit moet die normale samelewing deurdring, vervul en sinvol gestalte gee. Terwyl die kerk tempel van God is, terwyl die waarheid van die evangelie in die kerk sigbare

gestalte vind, kan die kerk 'n voorbeeld van gemeenskapslewe in die wêreld wees wat krag tot werwing het.

- *As vaste en konstante instituut*

Teenoor die bedreiging van die dwaalleraars het die heilige gebou waarin God woon 'n vaste fondament. Hierdie huis is immers die draer van die “geopenbaarde waarheid / geheim van die godsvrug.” Dit is die *gesonde leer / evangelie* wat die apostel verteenwoordig en wat hy aan die leierskap en gemeente oorhandig (*paratheke*) het om met blydskap te ontvang en getrou te bewaar.

b. Huisreëls in die huisgesin en huisgesin van God

'n Mens sou verder kon vra of hierdie metafoor regtig betekenisvol in die brief en dus in die gemeentelike lewe uitgewerk word. Verner (1983:83-186) het vanuit 'n sosiologiese oogpunt gaan kyk watter inligting oor sosiale strata, strukture en spanning uit die brief sigbaar word. Hy het **ondersoek** hoe die huistafel-tradisie (wat reëls vir die huishoudelike gedrag neerlê) in die brief uitgewerk word. Hy ondersoek dié tradisie vanaf Aristoteles, Dionisius, via Kolossense 3:18 vv, Efesiërs 5:22 vv, 1 Petrus 2:13 en tot by Polikarpus. Hy bevind dat daar 'n skema gebruik word wat tipiese temas en verhoudinge soos *baas-slaaf, man-vrou, vader-kind en rykdom* insluit. By Polikarpus (soos by 1 Timoteus) kom daar ook temas soos *weduwees, diakens, ouderlinge, jong manne en jong vroue* voor. Strukturele elemente soos die geadresseerdes, 'n imperatief, 'n uitbreiding en 'n motivering kom meestal voor. Hy bevind dat daar in 1 Timoteus 2:1-6:1 getuienis is dat hierdie skema gebruik word en dat die “*guiding concept*” daarvan die “*huishouding van God*” is wat in 1 Timoteus 3:14-16 gevind word.

Verner (1983:127-180) wys hoe hierdie rigtinggewende metafoor in die brief uitgewerk word en watter inligting sodoende oor huisgesinne en die “huisgesin van God” verkry word. Vir 'n volledige prentjie kan die gegewens by Verner gelees word. Dit word hier kortliks weergegee.

- *Huisgesinne in 1 Timoteus*

Die volgende inligting kom na vore oor die onderskeie gesinslede:

- Patriarg (householder)

Hy moet 'n *man van een vrou wees* en moet sy *die huisgesin goed kan beheer*. By Titus 1:6 sien ons dat hy ook verantwoordelikheid moet neem vir die godsdienstige opvoeding van sy kinders sodat sy kinders gelowiges sal wees.

- Vroue

Die prentjie uit 1 Timoteus is van 'n vrou wat onderdanig aan haar man is, haar kinders goed versorg en haar huishoudelike pligte nakom. Dit word moontlik die beste uitgedruk in die aanbeveling vir jonger vroue in 5:14 *“Daarom verkies ek dat die jonger weduwees weer trou, kinders kry, hulle huise goed versorg...”* 1 Timoteus 2 sal later aandag verkry.

- Kinders

Hier sien ons dat hulle die objek van dissipline en versorging is en dat hulle as volwassenes die verantwoordelikheid het om vir hulle ouers en grootouers te sorg.



- Slawe

Hulle moet t.w.v. die Naam van God getroue en gehoorsame diens aan hulle eenaars lewer en dit nog te meer as hulle Christelike eenaars het.

Die beeld van gesinslewe kan soos volg saamgevat word (Verner 1993:147-148):

*“One recognizes in the ideal household of this community the traditional patriarchal household of Hellenistic-Roman society and of the Haustafeln, and one concludes that the prevailing social values of the church of the Pastorals in this area directly and uncritically reflect the dominant social values of the larger society.”*

Nogtans toon hy dat daar spanning bestaan in die gesinne van hierdie gemeenskap. Slawe sien byvoorbeeld hulle eenaars as *broers* en dit het waarskynlik spanning gebring. Die rol van die vrou het ook spanning meegebring en daarom word sy

aanbeveel om steeds in te pas by die gangbare voorskrif van vrou, ma en huishoudster.

- *Huisgesin van God in 1 Timoteus*


Die uitsonderlike van 1 Timoteus is die wyse waarop die metafoor as sentrale konsep op die gemeente as *huisgesin van God* uitgewerk word. Verner (1983:147-180) wys op sosiologiese aspekte in die huisgesin van God volgens 1 Timoteus.<sup>95</sup> Die wyse waarop die leierskap deur middel van die beeld verstaan word, kry onder die volgende punt oor leierskap aandag.

- Mans in aanbidding (1 Tm 2:8)

Die belang van gebed vir mans en die gevaar om twiste na die byeenkomste te bring word beklemtoon. Die “*elke plek van samekoms*” verwys moontlik daarna dat daar verskeie kleiner groepe in huise bymekaar gekom het, eerder as een plek van samekoms.

- Vroue se rol in die godsdiens (1 Tm 2:9-15)

Die posisie, status en rol van vroue<sup>96</sup> in die erediens soos dit in hierdie gedeelte voorkom, is problematies en het reeds tot baie debat gelei. Die navorser beperk hom hier tot enkele opmerkings.



Vroue se beskeidenheid van kleredrag is ’n bekende Hellenistiese voorskrif. Die deugde (*waardes, beskeie, ingetoë* en volgens vers 15 *geloof, liefde, heilige lewe en beskeidenheid*) wat van vroue verwag word stem, grootliks ooreen met die sosiale waardes van dié tyd (Collins 2002:66-72; Roloff 1988:130-134; Verner 1983:134).

Dis egter die swyggebod wat (1 Tm 2:11-15 wat grootliks met 1 Kor 14:33-36 ooreenstem) vir baie eeue die basis gevorm het vir die ontkenning van leiersrolle vir vroue in die bediening en wat vanuit postmoderne christelike perspektiewe problematies is.

---

<sup>95</sup> Verner bespreek elke element in die teks wat verwysing het na die sosiologiese aspek van die huisgesin en wys sodoende baie gegewens uit wat nie in hierdie studie vermeld sal word nie.

<sup>96</sup> Hier kan die inligting wat hierbo (p 220-221) oor eer en skaamte en die diadiese persoonlikheid gegee is, ook in ag geneem word.

“’n Vrou moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer. Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee of oor die man gesag uit te oefen nie.”

Die gebod word deur die skrywer van 1 Timoteus ondersteun met ’n motivering (soos ’n midrash op grond van Gn 1-3) waarin die feit dat die man eerste geskep is en die feit dat Eva haar laat verlei het as redes aangevoer word. Moederskap word as redding aangevoer. Maar hoe moet dit als beoordeel word? Verskeie eksegete beskryf die konteks-bepaaldheid van die teks, waaronder die volgende fasette genoem kan word:

- Die swyggebod pas by die konserwatiewe huistafel-reëls en wil die vrou laat inval by die Hellenistiese burgerlike moraal van destyds (Verner 1981:168-171; Roloff 1988:135). Hierby moet in ag geneem word dat daar spanning van emansipasie in die samelewing voorgekom het en dat die *oikos* of huisgesin die rigtinggewende sosiale lewensorde was wat nie versteur moes word nie.
- Dis ’n teruggryp op die tradisies van die hellenistiese Jodedom (Roloff 1988:136). Collins (2002:64-78) wys daarop dat die skrywer moontlik van Joodse tradisie wat op Genesis 1-3 berus, soos ’n midrash, gebruik maak om dit te motiveer.
- Die feit dat vroue in 1 Timoteus veral vatbaar was vir dwaalleer en dat hulle juis op grond daarvan nie toegelaat kon word om in die erediens lerend op te tree nie. Hieronder word dit by die inligting in verband met dwaalleer verder uiteengesit. Hierdie aspek word deur Kroeger en Kroeger (1992) volledig uitgewerk teen die godsdiens-sosiologiese agtergrond van Efese, met sy Artemis-afgodsdiens, Gnostiek en Joodse mites en stories.

’n Deeglike ondersoek na 1 Timoteus 1:15-3:1 is deur Mouton en Van Wolde (2004) gedoen. Hulle beskryf die teologiese aanslag, retoriese konteks en die intertekstuele samehang met Genesis 2-3 waarna in die teks verwys word. Hulle toon aan dat die feit dat vroue hulle kan “*laat leer*” al ’n radikale beweging is in die konteks van die Judaïsme waar mans alleen publieke sprekers was en waar vroue verbied was om die Tora te leer en te interpreteer. Hulle toon verskeie inkonsekwentheid in die skrywer se geselekteerde hantering van Genesis 2-3 aan.<sup>97</sup> Tipies van die komplekse proses

---

<sup>97</sup> Dit feit dat Adam eerste geskape is en Eva verlei is, terwyl die laaste skepping ook die hoogtepunt kan wees en almal weet dat Adam ook verlei is, is ook hier ter sprake

van interpretasie, lyk dit asof die outeur vasgevang is in die spanning van 'n *theologically liberated yet culturally limited* liturgies-sosiale ruimte.<sup>98</sup>

→ 1 Timoteus 2:9-15 kan sodoende gelees word as 'n konteks-bepaalde interpretasie vir 'n gemeente onder die spanning van sosiale en godsdienstige transformasie en die gevaar van dwaalleer. Die konteks-bepaaldheid van patriargalisme en die uitsluiting van vroue uit leiersposisies is in dié teks (vanuit postmoderne perspektief) nie genoegsaam oopgebreek nie en die sosiale moraal rondom die huwelik en gesin het hierin 'n beperkende rol gespeel. Die metafoor van die huisgesin van God kon toe nog nie in elke opsig visionêr 'n wêreld vir vroue oopsluit nie. Gemeentes in die huidige konteks sit egter met 'n konteks wat grootliks verskil en waar die burgerlike moraal eerder die gelykwaardigheid van die geslagte beklemtoon en waar vroue oral in die samelewing tot enige leiersposisie kan vorder, alhoewel dit dikwels steeds 'n opdraande stryd is. Die gevaar van dwaalleer is vandag nie meer soortgelyk nie. Daarom kan ander tekste waarin die charismatiese basis van die bediening vir alle geslagte en voorbeelde van vroulike diens en leierskap in die Skrif na vore kom, vandag meer klem verkry. Hieronder is 'n beskrywing van die diens van weduwees wat tog in 1 Timoteus 'n aanduiding van gevestigde dienswerk van vroue is. Die dinamiese hermeneutiese proses in die teks om as leiers na God se wil vir die konteks te soek en dieselfde proses vandag is juis die blywende taak van leiers in God se huisgesin.

○ Generasie-groepe (1 Tm 5:1-2)

Die opdragte hier is aan die gemeenteleier (Timoteus) gerig en wil hom lei om in sy verhouding met ouer mans, jonger mans, ouer vroue en jonger vroue as pastor die basiese huisreëls vir optrede in 'n huisgesin te eerbiedig. In Titus 2:1 en verder word deugde lyste ook vir die onderskeie generasies voorgeskryf.

○ Weduwees (1 Tm 5:3-16)

Allereers word die basiese verpligting van kinders om weduwees te versorg beklemtoon. Dit is eintlik 'n geloofsopdrag – “*As iemand nie vir sy eie mense en veral nie vir sy huisgesin versorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as 'n*

---

<sup>98</sup> Mouton en Van Wolde (2004:17) haal in dié verband vir Johnson en Schneiders aan.

*ongelowige.*” Die gemeente as ‘huisgesin van God’ het egter die verpligting om die weduwees wat werklik alleen agtergelaat is – wat dus nie familieede het wat haar kan versorg nie – te versorg. Dat daar moontlik ’n bediening van weduwees was, waarvoor hulle selfs betaling ontvang het, word hieronder verder bespreek.

○ Rykdom en rykes (1 Tm 6:6-10; 17-19)

In 1 Timoteus 6:6-10 word die gevare van geldgierigheid by die dwaalleraars, wat dink dat hulle wins uit die godsdiens kan maak, uitgewys. Daarteenoor moet gemeentelieers tevrede (*autarkseia*) wees met wat hulle het. 1 Timoteus 6:17-19 wys weer vir diegene wat reeds ryk is daarop dat hulle nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom moet plaas nie, maar op God wat alles ryklik aan gelowiges gee om te geniet. Hulle moet ook ryk wees in goeie dade.

○ Dwaalleraars en hulle aanhangers (1 Tm 5:11-15)

Dit lyk asof die dwaalleraars vanuit die gemeente gekom het en dat hulle veral vrouens wat broos was, maar ook emansiperende begeertes gehad het, onder hulle invloed gekry het. Volgens 2 Timoteus 3:6vv het hulle by huise ingedring en liggelowige vroue in hulle mag gekry. Sodoende is die huisgesin en die huisgesin van God gedestabiliseer. Die moontlikheid is ook dat dit juis vanuit hierdie gevaar van dwaalleer is dat die skrywer nie die jonger weduwees tot die weduwee-lys en bediening wil toelaat nie (1 Tm 5:11-15). Die dwaalleer se gewildheid onder jong weduwees kan dalk wees omdat asketisme met betrekking tot die huwelik (1 Tm 4:3) aan hulle die kans tot emansipiasie gebied het. Dit mag ook wees dat die spanning wat met betrekking tot die invloed van dwaalleer en emansipiasie by vroue voorgekom het, die swyggebod (1 Tm 2:11-15) ten grondslag lê en dat die skrywer daarmee die spanning in huisgesinne en die huisgesin wil verlig deur by die basiese konserwatiewe huisreëls van die samelewing te bly.

→ Burgerlike moraal en interpretasie

Verner (1983:182) se konklusie is dat die kerk van die Pastorale briewe die dominante waardes van die groter samelewing reflekteer, naamlik voorspoed en welvoeglikheid (*propriety*). Daar is kommer dat vroue en slawe se gebrek aan onderdanigheid aanleiding daartoe kan gee dat die Christelike geloof belaster word. Dit is vir die skrywer belangrik dat die gemeente ’n gunstige publieke beeld sal hê en een van die



belangrikste maniere om dit te bewerkstellig is om die huisreëls in gesinne en in die huisgesin van God na te kom. Dis juis hierdie kontekstueel-hermeneutiese aspek van die brief self wat in die huidige konteks benut kan word om op grond van nuwe omstandighede (byvoorbeeld oor die posisie van vroue in leierskap, die benutting van die gemeente as *huisgesin van God* as bedieningsmetafoor en die gemeente se bydrae tot die moraliteit van die samelewing) tot nuwe verstaan van kerkwees en leierskap te kom. Dis dalk juis hier waar nuwe profete nodig is en waar visionering in nuwe omstandighede benodig word.

→ Die verhoudingsbasis van leierskap in die huisgesin van God

Gibbs (1990:241-269) het 'n gesinsmodel vir leierskap aangewend en sê dat jy daarvolgens die volgende leiers kan vind: competent teacher, encouraging father, self-sacrificing mother, supportive brother (sister), *productive manager* – as *oikonomos* van die huisgesin, en *obedient servant*.

Die beeld van die 'huisgesin van God' het sy konteks-bepaaldheid in 1 Timoteus en kom uit 'n patriargale sisteem, maar die navorser meen dat mens wel fasette kan uitwys wat vandag van waarde kan wees. Daar is ooreenkomste met elemente wat Gibbs genoem het. Die vader-kind verhouding tussen Paulus en Timoteus, die wyse waarop Timoteus (gemeenteleier) moet toesien dat die gesin gesond funksioneer, die wyse waarop die leierskap op 'n gesinsverhouding-basis ingerig word, die feit dat die leier byna soos die gesinsbestuurder sake sal reël, die wyse waarop die gedrag in die huisgesin eintlik die spits en doel van die skrywe van die brief vorm, is maar enkele elemente waaraan gedink kan word.

Die diskontinue aspekte wat hierbo met betrekking tot die posisie van vroue uitgewys is, kan juis in 'n hermeneutiese gesprek tot herbesinning oor die posisie en leierskap van vroue in die huidige konteks lei.

c. Die gebruik en funksie van metafore

• *Algemene opmerkings*

Net eers 'n paar opmerkings vooraf oor die gebruik en funksie van metafore.

o Wat is 'n metafoor?

Die dinamika van 'n metafoor is deur Van der Watt (1999) ondersoek. Hy sê dat teorieë oor figuurlike taal en metafoor in Bybelse materiaal algemeen is en dat daar baie keer gesê word dat die Goddelike realiteit meestal deur middel van taal gekommunikeer word en dan spesifiek deur middel van metafore. Die semantiese funksie is die moontlikheid van 'n woord en frase om 'n verwysing anders as die 'letterlike verwysing' te hê. Dit word gewoonlik beskryf met terme soos figuurlike taal, metafoor, vergelyking, simbool, ensovoorts. Figuurlike taal werk met verwysing. Dit waarna verwys word, verskil van die letterlike betekenis.

Die teorie van metafore word deur Van der Watt (1999:5-23) bespreek. Eerstens wys hy daarop dat 'n "*simbool*" gebruik word vir enigiets wat verwys na iets meer as dit self – gewoonlik 'n idee waarvan daar 'n konvensionele assosiasie is. Daarteenoor is sy basiese definisie van 'n metafoor die volgende: "*When two lexical items of disparate meanings are linked on the basis of some form of comparison, with specific implications.*"<sup>99</sup> Hy wys op die funksionaliteit, die kontekstualiteit en sosiohistoriese raamwerke van metafore. Hy wys ook daarop dat metafore oop kommunikasie is wat deur die konteks bepaal word. Van der Watt (1999:15) haal vir Thiselton aan wat sê: "*Metaphor produces new possibilities of imagination and vision.*"<sup>100</sup> Sodoende verhoog die metafoor die potensiaal vir nuwe betekenis. Dit het belangrike betekenis met betrekking tot die 'huisgesin van God' in 1 Timoteus!

Hierdie funksie van die metafoor word baie sterk deur Ian Nell (2002:19-20) gestel wanneer hy skryf oor die heroriënterende potensiaal van metafore. Hy stel dit so:

*"Verskeie geleerdes wys daarop dat metafore belangrike 'vensters' is waardeur die sosio-retoriese wêreld van die Nuwe Testamentiese dokumente nagevors kan word... Die filosoof en teoloog Ricoeur is van oordeel dat die kommunikatiewe en transformatiewe krag van metafore geleë is in hulle vermoë om te suggereer, oop te maak, te herbeskryf, te fasiliteer, te bemiddel, moontlik te maak, deur 'n 'wêreld voor ons' te skep, 'n 'voorgestelde wêreld' wat die leser kan aanvaar en bewoon."*

---

<sup>99</sup> Van der Watt (1999:5-23) volg hierin Miller se beskrywing of definisie van 'n metafoor.

<sup>100</sup> Dit berus op die werk van Ricoeur wat veral op die kreatiewe krag van metaforiese taal wys.

*“Metafore, gelykenisse en dies meer is dus heuristiese middele vir die herbeskrywing van die kerk en gelowiges se ervaring daarvan. Daardeur word onvoltooide interpretasies oopgebreek en nuwe, meer doeltreffende interpretasies voorgestel. Metafore help ons dus om anders te kyk na God, die wêreld en die kerk deur nuwe betekenis vir ons te open...”*

Die stem van Mouton (2005) kan hierby gevoeg word wanneer sy sê:

*“...the life-changing power of the New Testament writings, their continuing authority across times and cultures, lie in their metaphorical ability to disclose (glimpses of) an alternative moral world – a radical new perspective on reality, a new way of living in the world.”*

Sy beskryf hoe metaforiese taal in die Nuwe Testament gebruik maak van literêre tegnieke soos *genre* (narratief, gelykenis, digkuns, apokaliptiese simboliek), liturgie, kuns, tradisie (as uitgebreide metafoer) en selfs van mense wat as retoriese instrumente funksioneer om die realiteit vanaf nuwe perspektiewe te beskryf (Mouton 2005:12). In haar hermeneutiese benadering sê sy dat die interaksie tussen Gees, teks en konteks veral in fases van liminaliteit<sup>101</sup> na vore kom. Dis betekenisvol dat sy die hermeneutiese sirkel wil voltooi deur die huidige konteks van die kerk en teologiese werksaamheid in die proses van metaforiese interpretasie in te trek.

→ Dis hierdie rol van die metafoer van die huisgesin van God en die implikasie daarvan vir leierskap, asook die hermeneutiese proses na die konteks van vandag, wat hieronder aangespreek sal word.

As oorgang na die punt hieronder kan aangesluit word by 'n artikel wat Mouton (2001:111-127) geskryf het oor die retoriek van teologiese visie. Hierin vertolk sy op meesterlike wyse die krag van die metafoer van versoening in en deur die *huisgesin van God* om oriëntasie en integrasie te bied in 'n tyd van 'n “kultuur van skaamte” en van teologiese ongeloofwaardigheid in Suid-Afrika vandag.

---


<sup>101</sup> Die term liminaliteit kom van die Griekse woord *limen*. Mouton (2005:14-16) maak ook van Turner en Arbuttle se modelle van transformasie gebruik waarna daar in hoofstuk twee in Burger (1995) se verwerking daarvan verwys is. Sy pas dit op prosesse van verandering in die Skrif self toe.

- *Die huisgesin van God as metafoor in 1 Timoteus.*

Ter wille daarvan om die moontlikhede van die metaforiese gebruik van die *huisgesin van God* aan te toon, as 'n analogie vir wat in 1 Timoteus gedoen word, word 'n kort beskrywing van Van der Watt (1999) se gebruik daarvan in die Johannes evangelie gegee. Hy vat dit so saam (1999:308):

*“Since John develops the family imagery in a complex way, an integrated ‘figurative world’ is created, which metaphorizes aspects of the earthly world. Events that usually take place in the lives of ordinary people, such as: birth, living one’s life, eating, drinking, talking, obeying, fearing or protection, are used to ‘project’ an analogical figurative world, which then serves to explain the spiritual dynamics relating to the relationship between God and man.”*

Die skets hieronder toon die beeld van God se huisgesin volgens Van der Watt (1999:314)<sup>102</sup>



Skets 4-2 Huisgesin van God - Van der Watt (1999:314)

<sup>102</sup> Vos (2001:49-69) gebruik hierdie beeld van die huisgesin van God weer in 'n heeltemal ander verband as hy die betekenis daarvan uitwys met betrekking tot die armes in kontekstuele teologie.

Uiteraard kan 'n mens verskeie analogieë met die beeld van die huisgesin in 1 Timoteus sien, maar tegelykertyd is die hele konteks en daarom unieke kreatiewe betekenis van die 'huisgesin van God' in 1 Timoteus anders.

Burger (1997:7) sê dat hy besef het dat daar in die denke oor die kerk nie genoeg van die familie-metafoor gemaak word nie. Hy kyk dan na perspektiewe oor God se Vaderskap, die gelowige se kindskap en gelowiges as familie. Die diepte en wydte van hierdie metafoor en die kunstigheid waarmee dit wêrelde vir gelowig-wees en kerk-wees oopsluit, is aangrypend.<sup>103</sup>

Tog moet mens altyd onthou dat Minear (1960) in sy baie bekende navorsing oor die metafore vir die kerk in die Nuwe Testament al 96 beelde / metafore uitgewys het. Hy wys egter ook op die funksies van metafore en die derde funksie wat hy noem is dat dit 'n selfbegrip by 'n individu of groep kan bring. Hy sê dit het juis daarom sin om alle metafore vir die kerk te herdink met betrekking tot hulle relevansie vir die kerk vandag (1960:24-27).<sup>104</sup>

→ *Die krag van die metafoor in 1 Timoteus*

Dit is die mening van die navorser dat dit wat hierbo met betrekking tot 1 Timoteus uiteengesit is, 'n aangrypende voorbeeld is van hoe die kerk binne sekere omstandighede van spanning en transformasie deur middel van 'n bepaalde konsep en metafoor haarself kan herinterpreteer en nuwe betekenis vind in haar eietydse konteks. Die voorbeeld kan mens waarskynlik in die volgende opsigte iets leer met betrekking tot leierskap in transformasietye:

- Kontekstuele teologie – kulturele relevansie

Beginsels wat Hendriks (2004:27) oor kontekstuele teologie gestel het en wat Guder (1998:18-45) die '*missional context*' noem, kom hier na vore. In 1 Timoteus sien mens 'n gemeenteleier wat sy kultuur en konteks en die veranderinge wat aan die

---

<sup>103</sup> Burger (1997:155) haal vir Parker Palmer (*The company of strangers*) aan wat waarsku teen 'n eensydige beklemtoning van die familie-metafoor. As 'n mens egter die verskillende perspektiewe daarvan in konteks uitlê, lyk dit nie asof daardie gevare 'n rol hoef te speel nie.

<sup>104</sup> Hendriks (2004:45-55) bespreek in die verband 4 modelle van kerk-wees, naamlik: die institusionele model, die verkondigingsmodel, die liggaam-van-Christus model en die transformasie model.

gang is, probeer verstaan, en wat probeer onderskei wat die taak van die kerk binne daardie kultuur is.

- Metafoor en visionering

'n Mens kan waarskynlik die aanwending van die metafoor van die huisgesin van God in 1 Timoteus as “*guiding principle*” en as “*Theologische Mitte*” sien (4.3.4 hierbo). Die deurlopende en eietydse uitwerk van hierdie metafoor deur middel van die aanwending van die huisreëls in die verhoudinge binne die huisgesin van God kan as 'n soort visionering van die gemeente en sy leierskap gesien word. Hiermee het die gemeente tot 'n nuwe verstaan van sy identiteit (Hendriks 2004:105-114) gekom en kon die leierskap ook hulle rol en funksie binne daardie identiteit herdefinieer.

Dis hierdie selfde aspek van visionering wat in die kontemporêre konteks nuwe uitdagings stel om byvoorbeeld aspekte soos vroue-leierskap, multikulturaliteit, fundamentalisme, en ekologie in 'n na-modernistiese en inligtingstegnologiese tyd aan te spreek. Daarvoor sal die metafoor van die *huisgesin van God* en ander metafore verdere simboliese ruimtes moet open.



### 4.3.5 Leierskap in die huisgesin van God

a. Algemene opmerkings

Die Pastorale briewe is voorheen al gesien as die naaste aan 'n soort ‘kerkorde’, met 'n gevorderde kerkmodel en vasgestelde ‘ampte’ en selfs die begin van die sogenaamde ‘monargiese episkopaat’ en vroeë Katolisisme.<sup>105</sup> Dis veral die voorstanders van pseudo-Pauliniese outeurskap wat meen dat hier wegbeweeg is van die dinamiese gawe-model van Paulus na 'n meer geïnstitutionaliseerde model waar die charisma gereguleer word tot die permanente diens (1 Tm 4:14, 2 Tm 1:6).<sup>106</sup> Die navorser is wel oortuig dat hier deur middel van die “huisgesin van God”- metafoor 'n nuwe soort omvattende model vir die kerk bedink is en dat daar wel tekens is van

---

<sup>105</sup> Vergelyk hier Du Toit (1974) se verwysings na Von Campenhausen, Kümmel, Sohm en Harnack. Floor (1974:83-98) verwys veral na Käseman as 'n sterk verteenwoordiger van die standpunt.

<sup>106</sup> Vergelyk hier vir Pelser (1990:13-14).

vordering met betrekking tot die gestaltegewing van vaste dienste in die gemeente. En tog kan 'n mens saam met Johnson (1996:155) stem wanneer hy sê dat as jy na inligting oor 'n kerkorde in 1 Timoteus soek, jy verstom is oor hoe min jy leer. Hy noem dat ons in 1 Timoteus eintlik 'n baie eenvoudige kerklike organisasie teenkom, wat tekens van die omliggende omgewing toon en geen teologiese verdediging of legitimasie ontvang nie (Johnson 1996:14-16).

Daar is wel 'n paar opmerkings of uitgangspunte<sup>107</sup> met betrekking tot die bediening volgens 1 Timoteus wat gemaak moet word.

- *Konteks-bepaald*

Die skrywer wil nie hier 'n bestaande 'ampstruktuur' in die gemeente invoer nie, maar wil 'n bestaande praktyk met 'n verdiepte nuwe interpretasie verwerk (Roloff 1988:170). Johnson praat van 'n "*leadership crisis*" wat veral ontstaan het as gevolg van die teenstanders in die gemeente.

- *Die vestiging en innerlike vereniging van die plaaslike gemeente*

Die metafoor van die 'huisgesin van God' vorm 'n sentrale motief vir die verstaan van die bediening in die gemeente (Roloff 1988:176-177). Die beeld van die huisvader wat verantwoordelik is vir leiding in die gesin vorm 'n belangrike beeld vir hoe die gemeente bestuur, beheer en gelei moet word. Hy noem in dié verband die gevaar van die teenstanders en sê dan: "*Anscheinend war diese Häresiegefahr das zentrale Motiv, das hinter das Tendenz zur Vereinheitlichung der Gemeinde und – verbunden damit – zur Hervorhebung eines zentralen Leitungsamtes stand.*"

- *Ontwikkeling met betrekking tot bediening*

Daar word daarop gewys dat die *presbiter / ouderling* veral 'n begrip is wat uit die Joodse sinagoge kom waar die oudste 'n verteenwoordiger van die tradisie is en ervaring in die wet versprei en so kontinuïteit met die tradisie bewerk. Dit was 'n 'ere-amp' met sterk verteenwoordigende fasette. Paulus praat nêrens van *presbuters* nie.

---

<sup>107</sup> Hier kan veral aangesluit word by Roloff (1988:169-189), Verner (1983:159-160) en Johnson (1996:155).




Die begrip *episkopos* kom weer uit die Hellenistiese wêreld en beteken “to overlook, oversee, supervise” (Johnson 1996:142) en verwys na ’n staatsbeampte of leier van ’n klub ensovoorts wat opsig uitoefen, bestuur of leiding gee.

Die begrippe *presbuteros* en *episkopos* word in Handeling langsaam mekaar gebruik. In die Pastorale briewe word dit ook gedoen waar *episkopos* (enkelvoud) in 1 Timoteus 3:1-7 en *presbuteroi* (meervoud) in 1 Timoteus 5:17-19 gebruik word, terwyl daar ook van ’n “raad van ouderlinge” in 1 Timoteus 4:14 sprake is. Die begrippe word ook naas mekaar in Titus 1:5-7 gebruik.

Roloff (1988:170-176) meen dat hier dalk ’n ontwikkeling kon wees dat die *episkopos* van die beperking van die huisgemeente na ’n leiersamp vir die plaaslike gemeente ontwikkel het. Hy gaan egter nie sover as om hier drie ampte van *episkopos*, *presbuter* en *diakonos* te sien nie.

Miskien kan die openheid ten opsigte van die aanwending van leiers met verskillende funksies en benaminge binne ’n spesifieke konteks eerder raakgesien word. ’n Dinamiese ontwikkeling het waarskynlik plaasgevind. Sodoende is dit nie aangewese om samevoeging van ontwikkelinge in 1 Timoteus te doen nie.



- *Die verbintenis van die leer-gesag aan die gemeenteleierskap*

Dit lyk of daar in die Pauliniese gemeentes lidmate met die gawes van profesie en lering / onderrig opgetree het (Roloff 1988:177-179). Daar was waarskynlik ontwikkeling daarin dat die gawes aan meer gevestigde bedieninge gekoppel is, soos gesien word in Handeling 20:28-31 en Efesiërs 4:11 (*apostels, profete, evangeliste, herders en leraars*). Dit blyk verder uit 1 Timoteus dat die opdrag tot lering nou ’n vaardigheid en vereiste vir die *episkopoi* en die *presbuteroi* word en daarmee aan die leierskap verbind word. Hy noem dat die oorheersende tema van die ekklesiologie van 1 Timoteus, naamlik die kerk as *familia Dei*, waarvan die huisvader die *episkopos* is, hier as teologiese uitgangspunt duidelik word.

- *Die onderwerping van die bediening aan die apostoliese norm*

Die bediening van Timoteus en Titus vind hulle oorsprong, legitimering, gesag en norm uit die voorbeeld en evangelie van die apostel. Verner (1983:160) wys in hierdie verband op die gesag / outoriteit van die bedieninge wat baie wyd strek en wat analoog is met die gesag van die “*householder’s governing of his household.*” Dit is tipies van ’n patriargale samelewing.

- *Ander algemene fasette*

Verner (1983:159) sê dat die leierskap in die Pastorale briewe ‘amptelik / *official*’ in karakter is omdat hier kwalifikasies aan die bedieninge gekoppel word; omdat hulle getoets moet word voor toelating en dat sommige finansiële vergoeding gekry het vir die werk. Die navorser sou egter steeds versigtig wees om van ‘amptelik’ te praat en eerder wou toegee dat hier ’n aanduiding van meer permanente gestaltegewing van sekere dienste is. Verder noem Verner dat toegang tot die leierskap tot ’n groot mate gekontroleerd was. Leierskap was waarskynlik deur ouer mans behartig, terwyl toegang vir ouer vroue baie voorskriftelik was. Verder noem Verner dat die getuienis dat daar ’n burgerlike ideaal in die kerk aanwesig was, nie alleen voorkom in die feit dat die sosiale waardes van die breër samelewing eerbiedig is nie, maar dat iets daarvan ook gesien word in die keuse van sosiaal prominente leiers wat “*buite die gemeente as ’n goeie man bekendstaan.*” – Dat net mans se burgerlike beeld hier genoem word, is waarskynlik weereens ’n aanduiding van ’n patriargale sisteem.

→ Die ondersoek na 1 Timoteus toon ooreenkomste met bevindinge wat elders gemaak is. Die kontekstualiteit van leierskap, die dinamiese ontwikkelings om by spesifieke omstandighede te pas en die openheid ten opsigte van leierskapsmodelle kom na vore. Verder is die gesag van leierskap ’n belangrike saak in 1 Timoteus.

b. Leierskap in meervoud

Nou kan daar meer spesifiek na die leierskap wat in 1 Timoteus genoem word, verwys word. Twee algemene opmerkings moet eers gemaak word voordat daar na spesifieke rolle ge kyk word.

- *Kollegiale leierskap*

Daar is 'n opvallende verskeidenheid wat in die leierskap na vore kom – daar is ouderlinge (waaronder *episkopoi* en *presbuteroi*), diakens en vroue-diakens en die weduwee-dienslys en dan is daar die rol van Paulus se afgevaardigde (Timoteus). Daar was ook 'n “*raad van ouderlinge*” wat Timoteus die hande opgelê het en dus sekere regerende mag gehad het. Johnson (1996:145-149) sê dat kollegiale leierskap, met 'n persoon as koördineerder, die basiese struktuur van intensionele groepe in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld was. Hy verwys na die Qumran-gemeenskap waar daar 'n “*council of holiness*” was, asook 'n leier wat *mebeqquer* genoem is, wat administratiewe funksies vervul het. In die Grieks-Romeinse wêreld het daar weer verskeie *collegia* (verenigings / rade) voorgekom. Die Romeinse senaat onder leierskap van 'n konsul is hiervan 'n voorbeeld. In die Joodse diaspora het daar in die sinagoge 'n *gerousia* (raad van oudstes, ouderlinge) voorgekom met iemand wat *archisynagogos* of hoof van die sinagoge genoem is. In 1 Timoteus kom 'n soortgelyke struktuur van 'n raad (van *presbuteroi*) met ‘*supervisor*’ en verskeie ander dienste / bedieninge voor.

- *Spesifieke rolle*

Daar word met betrekking tot die kwalifikasies of vereistes vir die onderskeie dienste baie meer gemaak van die karakter en persoon van die leier as van spesifieke funksies en pligte. Dit blyk dat die beskrywing van pligte vir die skrywer nie van eerste belang is nie, maar eerder die persoon se morele en persoonlike integriteit en vaardighede.<sup>108</sup> Dit is nie die bedoeling om hieronder enigsins volledig te wees met die beskrywing van die dienste nie, maar om net 'n paar kern opmerkings te maak.

- Ouderlinge

Soos reeds hierbo vermeld is daar die twee benamings, naamlik *episkopoi* (1 Tm 3:1-7) en *presbuteroi* (1 Tm 5:17-20) wat hier gebruik word.

---

<sup>108</sup> Verner (1983:152) sê dat die algemene deugde wat genoem word baie ooreenstem met destyds in 'n wye verskeidenheid etiese lyste gekry is.

Smit (1995) maak op verkeie plekke die onderskeid tussen die wees-funksies en die doen-funksies van leiers en sê dat daar sedert Covey (1989) daarvoor geskryf het al meer 'n bewustheid gekom het dat dit nie allereers gaan om wat die leier *doen* nie, maar om wat hy *is*.

- *Episkopoi* (3:1-7)

Afgesien van die algemene deugde wat van die opsiener verwag word, kom die volgende woorde voor wat as take gereken kan word:

\* *filoksenos* = gasvry – ’n heilige taak vir Grieke en Jode. Ook vir die christen ’n belangrike plig (Tt 1:8; Rm 12:13; 1 Pet 4:9; Heb 13:2; Flp 1:22)

\* *didaktikos* = bekwaam om te onderrig. Dis deurgaans in 1 Timoteus ’n belangrike taak vir die leierskap, veral met die oog op die transformasietyd en die gevaar van dwaalleer. Die latere verwysing daarna dat dit nie ’n *neophutos* (iemand wat onlangs tot geloof gekom het) moet wees nie, beklemtoon ook die belangrikheid van gesonde lering.

\* *proïstamenos* (*eie huis en huisgesin van God*) = Dis ’n woord wat ook met voorgaan, leiding neem of bestuur vertaal kan word (Vergelyk Rm 12:8; 1 Ts 5:12 en 1 Tm 3:4). Roloff (1988:159-160) wys daarop dat die belangrikheid van die deug tot leierskap in die huisgesin hier tot ekklesiologiese sleutelfunksie vir die bediening gemaak word. In die huisgesin van God is die opsiener – soos die huisheer – vir al die lede van die huisgesin verantwoordelik, tot hulle versorging verplig en met gesag beklee om gehoorsaamheid te vra. Hy wys ook daarop dat die *episkopos* moontlik nie net vir die huis-gemeente nie, maar leier van die hele plaaslike geloofsgemeenskap mag wees.

\* *epimeletai* = sorg neem, beheer (1 Tm 3:5). Dit kan verwys na die *oikonomos* of die slaaf wat aangestel is as die hoof van die huishouding (huisbestuurder) – ’n belangrike posisie wat die bestuur van die hele huishouding en selfs die opvoeding van kinders ingesluit het.

\* *marturian kalén* = goeie getuïenis (goeie man) buite die gemeente (1 Tm 3:7).

Die take van die *episkopoi* was omvattend. Funksies soos gasvryheid (om mense te huisves), bekwaamheid om te onderrig, leierskap in die huisgesin en ’n goeie getuïenis na buite, word aan die *episkopoi* gekoppel. Titus 1:5-9 voeg daarby dat die *episkopoi* in elke dorp aangestel (*kathistanai*) moet word – wat waarskynlik op meer as die huisgemeente dui. Die bestuur (*oikonomos*) van die huishouding word beklemtoon.

→ Die take van die *episkopoi* toon ooreenkomste met funksies van rigtinggewende leierskap wat tans by leiers in makrogemeentes gesoek word (vergeelyk hoofstuk

twee). Die gemeente-situasie van 1 Timoteus was wel heeltemal verskillend van kontemporêre situasies in makrogemeentes, maar daar is ooreenstemming in funksies.

- *Presbuteroi* (1 Tm 5:17-18; 4:14)

Dieselfde funksies word vir oudstes genoem wat by die opsieners (3:1-7) en by Titus 1:5-9 beskryf word, naamlik leierskap of voorgang (*proistémi* – om te lei, gesag te hê, te versorg) en lering of onderrig (*kopióntes en logó kai didaskalia* – hard werk deur te preek en onderrig te gee). Hierby word dan die “dubbele eer” (*diplé timé* – 5:17) gevoeg, wat waarskynlik ook finansiële vergoeding beteken, wat weer dui op meer permanente bediening. Verder blyk dit dat die ouderlinge kerkregtelike verantwoordelikheid gehad het wanneer daar ’n beswaar teen ’n ouderling ingekom het (5:19-20). Die funksies is byna soortgelyk met die van die *episkopos* en daar is nie uit die teks tekens van baie onderskeid of poging tot samevoeging nie.

Daar is reeds na die “raad van ouderlinge” verwys en na voorbeelde uit verskillende agtergronde van soortgelyke groepe / rade. ’n Profetiese woord (deur die ouderlinge of profete wat teenwoordig is) word gespreek, en die ouderlinge het die taak behartig om die gemeenteleier die hande op te lê. Daarmee word hulle deur God gebruik om aan die gemeenteleier sy noodsaaklike gawe(s) te bemiddel.



→ Dit blyk dat die *presbuteroi* afsonderlik en gesamentlik ten nouste by die leierskap in die gemeente betrokke was en dat sommige selfs meer permanent in diens van die gemeente was en daarvoor vergoeding ontvang het.

o Diakens (*diakonoi/ai*)

Daar word by die vereistes van die diakens meer oor die persoon en karakter gesê en byna geen gegewens van die take / funksies van die diaken gegee nie. In die teks word net as vereistes gestel dat die diaken aan die geopenbaarde waarheid van die geloof moet vashou (*egontes to mustérion tés pisteös*) en dat hy aan sy vrou getrou sal wees en sy kinders en sy eie huisgesin (*idiön oikön*) goed sal beheer. Dis dus nie funksies met betrekking tot lering en leierskap in die huisgesin van God nie, maar noodsaaklike pligte met betrekking tot die primêre verhoudinge tot God, huwelik en huisgesin, wat hom geskik maak om te dien. Daarom moet ook vooraf ondersoek ingestel word na sy geskiktheid.

Die navorser is oortuig dat 3:11 se “*Net so moet vroue ...*” na vroulike diakens (en nie na die vroue van diakens nie) verwys.<sup>109</sup> Die literêre konteks met die skakel van *ósautós* aan die vorige vers, die feit dat vroue- en gesins-verantwoordelikheid op ander plekke in die perikoop aangespreek word en die feit dat vereistes ook karakter eienskappe soos vir die manlike diakens is, is enkele van die aanduiders dat vroulike diakens bedoel word (Roloff 1988:164-165, Johnson 1996:153). Daarby kan die naam van Febe as diaken by die gemeente van Kenchreë (Rm 16:1) ook as aanduiding dien dat vroulike diakens reeds vroeër bekend was.

Uiteindelik word die funksie van diakens net in die slotvers (3:13) in die een werkwoord vir die bediening beskryf, naamlik *diakoneó* (*gedien het*). Die meer gangbare woord vir diens in die hellenistiese wêreld was *douleuó*. *Diakonos* gaan moontlik juis terug op Jesus se woorde (Mk 10:45; Lk 22:27) waarin die basiese houding van alle volgelinge van Jesus uitgedruk word. Hier het dit moontlik tot meer gevestigde diens vergestalt, sonder dat ons vandag weet waarna dit presies verwys het. In elk geval, iemand wat goeie diens verrig het, verwerf vir homself /haarself ’n eervolle plek in die gemeente en groot vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus.

→ Dit is te betwyfel of die diaken-bediening by 1 Timoteus al as amptelik beskryf kan word. Die enigste ander plek waar die woord so voorkom, is in Filippense 1:1. Daar is geen aanduiding dat die diens van Handeling 6 hiermee verbind kan word nie. Miskien is die diens hier juis oop genoeg gestel dat mens selfs vandag byna enige bediening en dienswerk daarmee kan omskryf. “Dienswerker” is moontlik selfs ’n meer omskrywende Afrikaanse woord en selfs verkiesliker as diaken.

○ Weduwee-diens (1 Tm 5:3-16)

Dit is waarskynlik dat hier sprake is van ’n bediening van weduwees. Hulle het daarvoor ’n besondere verbintenis aan Christus gemaak. As *tima* (*versorg*) ’n ‘terminis technicus’ vir besoldiging of honorarium is, dan beteken dit dat die weduwees eintlik al tot ’n groep behoort het wat ’n sekere status in die gemeente gehad het en wat op ’n ‘lys’ geplaas was. Ten spyte van die strenge vereistes waarmee die

---

<sup>109</sup> Roloff (1988:164-165) voer sewe redes aan waarom die teks na vroulike diakens verwys.

diens beperk word en die moontlike probleme met jonger vroue, is dit wel 'n belangrike basis vir toelating van vroue tot dienswerk in die 'huisgesin van God'.

Die spesifieke vereistes vir weduwees wat hierdie diens wil verrig, behels die volgende:

- Versorging van/deur eie familie! (5:3-8,16)
- Sestig jaar oud. Op 60 jaar het die gryse ouderdom vir die Jode begin.
- Vroeëre huweliksituasie, naamlik dat sy “*n vrou van net een man*” moes wees. Dit kan verwys na die sewende gebod wat beteken dat dit 'n vrou moes wees wat getrou aan een man was. Dit kan ook beteken dat hierdie weduwee na haar man se dood nie weer trou nie (*vidua univira*) wat beteken dat sy werklik net een keer in haar lewe getroud sou wees. Die teks hier sluit vir die diensgroep van weduwees waarskynlik sterk aan by 'n asketiese ideaal. Lk 2:36 (Anna), Paulus se aanbeveling om ongetroud te bly (1 Kor 7:8,39ev), en 'n volledige verbintenis aan Christus vorm moontlik die basis daarvoor.

- Goeie werke:

Die vereiste is weer dat sy “*haar eie kinders goed opgevoed het.*” Die getuienis vanuit die eie gesin is die uitstaande vereiste vir goeie werke. Eie gesin en huisgesin van God kan nie losgemaak word nie. Daarby word gasvryheid, voetewassing van die heiliges, hulp aan verdruktes en hulpverlening waar moontlik genoem.

Tot die basiese take van hierdie weduwee-diensgroep behoort gebed en die bogenoemde barmhartigheidsdiens wat deel van haar goeie werke was. Roloff (1988:285-286) noem dat daar in Palestina waarskynlik die eerste spore van 'n organisatoriese saamgroepering van weduwees in die gemeente gevind word. So was Tabita moontlik die leier van so 'n groep vroue (Hd 9:39). Lukas se tekening van die weduwee Anna (Lk 2:36-38) is besonder interessant as voorloper. Soos die weduwees van 1 Timoteus, het sy as 84 jarige ongetroud gebly, haar hoop op God gevestig en haar aan smeking en gebede gewy. Haar verbinding aan Christus en religieus-asketiese lewenswyse was vir die gemeente tot groot voordeel gewees. Sosiale en religieus-asketiese motiewe word dus hier verbind.



Die posisie van die “jonger weduwees” is totaal anders. Die skrywer sien hulle glad nie as deel van die diensgroep van betaalde werkers in die gemeente nie. Daar word van hulle gesê dat hulle te maklik die verbintenis met Christus kan verbreek. Hulle sal weer wil trou en hulle ledige rondloop in huise en gesprekke oor ongeoorloofde dinge (praatsiek en bemoeisiek) diskwalifiseer hulle vir die diens. Is 5:14 die skrywer se samevatting van sy siening van die plek en rol van vroue? - “*Daarom verkies ek dat die jonger weduwees weer trou (gamein), kinders kry (teknogonein) en hulle huise versorg (oikodespotein)*”

→ Dit is ingrypend dat ’n bediening as diaken / dienswerker en ook as weduwee vir vroue in daardie vroeë tydperk van die kerk oopgemaak is. Dit is betekenisvol in ’n patriargale stelsel. In die hermeneutiese besinning sal die beperktheid en konteksgebondenheid van 1 Timoteus egter raakgesien moet word. Die oopbreek tot die volle spektrum van leierskap in die huidige konteks, sou ’n lang stryd vir vroue wees. Vroue speel wel vandag in baie gemeentes en in verskeie bedieninge ’n leidende rol.

### c. Paulus en Timoteus

Paulus en Timoteus, hulle historiese verhouding en veral die funksies wat hulle vervul het, het ’n belangrike rol in die leierskap van die vroeë kerk gespeel. Perspektiewe sal van ’n aanvaarding en verwerping van Pauliniese outeurskap gegee word.

Vooraf kan daar gesê word dat daar ooreenstemming is dat 1 Timoteus nie inligting gee oor die eienskappe van ’n bepaalde beskryfde ‘amp’ nie, maar dat Timoteus hier en in 2 Timoteus en Titus wel geteken word in leiersrolle in die gemeente.<sup>110</sup> Daar is uit 1 Timoteus en 2 Timoteus en Titus heelwat af te lei oor die funksies wat vervul moes word.

- *Biografiese gegewens*

Ridderbos (1967:5-7) en Johnson (1996:29-30) lys heelwat inligting oor Timoteus. Daar word in Handeling 16:1vv vermeld dat Timoteus ’n seun van ’n gelowige Joodse vrou, Eunice, was (2 Tm 1:5), en dat hy ’n Griekse pa gehad het. Paulus laat

---

<sup>110</sup> Vergelyk Verner (1983:157), Roloff (1988:179), Ridderbos (1967:34), terwyl Johnson (1996) Timoteus se rol eintlik net as gesant / afgevaardigde bespreek en nie as gemeenteleier nie.

hom besny voor hy saam met hom vertrek op vele sendingreise. Hy sou 'n sentrale rol in Paulus se sending speel. Hy was die medeskrywer van vyf van Paulus se briewe (2 Korintiërs, Filippense, Kolossense en 1 & 2 Tessalonisense) en het verskeie kere as Paulus se verteenwoordiger na gemeentes in Masedonië opgetree (Hd 18:5; 19:22; 1 Ts 3:2; Flp 2:19; 1 Kor 4:17; 16:10-11; Rm 16:21). Volgens 1 Timoteus 1:3 het hy ook dié rol in Efese vertolk.

Die verhouding tussen Paulus en Timoteus word nie net as medewerkers (Rm 16:21) beskryf nie. Paulus noem hom sy seun in die Here. Wanneer Paulus die Korintiërs beveel om sy voorbeeld te volg (1 Kor 4:16), dan sê hy: *“Om hierdie rede het ek Timoteus, my geliefde en getroue seun in die Here, na julle toe gestuur. Hy sal julle herinner aan my lewe en leer in Christus Jesus...”* (1 Kor 4:17). Afgesien van die vader-kind-verhouding is Paulus ook leermeester en verkry Timoteus die rol om die gemeente te herinner aan Paulus se leer en lewe. Dit blyk verskeie kere dat Timoteus nie baie persoonlike vertroue het nie, want Paulus sê: *“Wanneer Timoteus kom, moet julle hom by julle laat tuis voel, want net soos ek, doen hy ook die werk van die Here. Niemand moet op hom neersien nie”* (1 Kor 16:10-11). En vir die Filippense (2:19-23) sê hy: *“Ek hoop om, as die Here wil, Timoteus gou na julle te stuur... Ek het trouens niemand met dieselfde gesindheid as hy en wat julle belange so opreg sal behartig nie... Maar julle weet hoe betroubaar Timoteus is. Soos 'n kind saam met sy vader, het hy saam met my die saak van die evangelie gedien. Ek hoop om hom dadelik te stuur...”* In 1 Tessalonisense 3:2 sê Paulus: *“Ons het vir Timoteus, ons broer en medewerker in diens van God, wat saam met ons die evangelie van Christus verkondig, na julle toe gestuur om julle in die geloof te versterk en moed in te praat sodat nie een van julle onder die vervolginge sou begin wankel nie.”* Johnson sê dat daar baie noue ooreenkoms met bogenoemde tekste en die beeld van Timoteus in 1 en 2 Timoteus is. Hy word geskets as jonk, onseker, en hy word gou ontmoedig (1 Tm 4:12; 2 Tm 1:7). Hy is Paulus se geliefde en eie kind in die geloof (2 Tm 1:2; 1 Tm 1:2). Hy is 'n dienskneg van God (*doulos* in 2 Tm 2:24 en Flp 1:1, *diakonos* in 1 Ts 3:2). Hy moet gemeentes herinner aan Paulus se lering (2 Tm 2:14) en hulle 'n voorbeeld gee wat hulle kan navolg (1 Tm 4:12) soos wat hy self Paulus se voorbeeld navolg (2 Tm 1:13).

- *Afgevaardigde met 'n mandaatbrief*

Soos reeds genoem, aanvaar Johnson (1996) die Pauliniese outeurskap van 1 Timoteus en sien hy dit as 'n mandaatbrief wat deur Timoteus, Paulus se afgevaardigde / gesant / verteenwoordiger publiek aan die gemeente voorgelees sou word. Sodoende sou die voorskrifte as die wil van die skrywer verkondig word en groter legitimasië hê. Tweedens sou die brief ook legitimiteit aan die afgevaardigde self verleen.

Alhoewel by die biografiese inligting hierbo heelwat oor die persoon en rol van Timoteus gesê is, blyk dit asof die mandaatbrief-opsie Timoteus se leiersrol in die gemeente beperk. Hy is eintlik net die afleweraar van 'n gesagvolle brief! Die brief is egter aan hom gerig en bevat heelwat opdragte aan homself wat implikasies het vir sy leierskap in die gemeente. Uit 1:3 blyk dit dat hy gevra word om langer in die gemeente te bly – waar hy dus reeds gebly het. Volgens oorlewering was hy bekend as die biskop van Efese (Ridderbos 1967:7).

- *Voorbeeld van Gemeenteleierskap*

Aan die ander kant verwerp Roloff (1988:179-181) Pauliniese outeurskap en sien die leierskapskwessie daarom heeltemal anders. Hy sê die dienste van die apostel-leerlinge verkry in Timoteus en Titus 'n groot konkretisering en gewig. Omdat daar 'n tydverloop was, sien hy die apostel-leerlinge as ideaaltipes van die gemeentelike leier, al is daar nie 'n ampsbeskrywing vir hulle nie. Hy meen dat die apostel-leerling so 'n belangrike beskrywing hier verkry, nie t.w.v. die historiese deskriptiewe betekenis nie, maar t.w.v. die *normatiewe* betekenis. Volgens Roloff word hier implisiet 'n begroning van die outoriteit van die gemeenteleiersamp gegee.

Roloff wys hy daarop dat die apostel Paulus self hier die oorsprong van die amp/bediening is. Hy is die een aan wie God die evangelie toevertrou het en wat deur Christus tot diens groep is (1 Tm 1:12-14). Sy blywende opdrag is die leiding van die kerk deur die evangelie. Selfs in sy afwesigheid is daar ander aan wie die outoriteit van die evangelie oorgedra is. Dit is Paulus wat die norm vir die evangelie bepaal. Sodoende sal elke gemeenteleier hom/haarself as leerling van Paulus begryp, wat die

kriterium en verwagtinge wat Paulus vir Timoteus en Titus gestel het, ook vir hulleself opneem.

Die lewe van Paulus is daarom normatief vir die leerling. Die beeld van *diakonia* van die gekruisigde word die leidende beeld vir die gemeenteleier. Omdat Paulus vir die evangelie gely het (2 Tm 1:12; 2:3), moet die gemeenteleier ook daartoe bereid wees. Die sentrale norm is egter die norm van die evangelie. Dit is die norm vir Paulus as apostel, en dit moet die gemeenteleier kenmerk. Daarom is die gemeenteleier se grootste opdrag die bewaring van die normatiewe tradisie (*paratheke* – 1 Tm 6:20; 2 Tm 1:12,14). Die gemeenteleier is verantwoordelik vir die kontinuïteit van die erfenis van die apostoliese leer en moet dit verdedig teen dwaalleer. Die legitimiteit van sy ampsvervulling staan en val by sy getrouheid met hierdie opdrag. Die leierskap ontvang sodoende legitimiteit deur sy terugverbintenis aan Paulus. Die opdrag is die voortgang van die apostoliese tradisie. Die sterk fiksering op Paulus wil die gemeenteleier aan Christus self verbind, wat die inhoud van die tradisie is. Sodoende het die kerk volgens Roloff (1988) in die derde generasie op 'n kernvraag oor kerklike kontinuïteit en identiteit geantwoord. Hy verwoord die antwoord so:

*“Die Kirche bleibt das, was sie nach dem Willen ihres Herrn sein soll, Gottes Hauswesen, wenn sie an den Ordnungen festhält, mit denen der Apostel, der Träger des Evangeliums und normative Hausvater der Anfangszeit, für ihren weiteren Bestand vorgesorgt hat. Er hat ihr das Evangelium als normative Tradition gegeben, und er hat einen zentralen Dienst angeordnet, die über diese Tradition wachsen, sie immer wieder neu zur Geltung bringen soll und der, der von ihm gesetzten und vorgelebten Norm des Dienens folgend, sein Dienst des Leitens und Ordnen weiterführen soll.”*

Hierdie ‘amp’ is volgens Roloff dan 'n bindende daarstelling van Paulus en dit vind sy karakter in die bevestiging met handoplegging (1 Tm 4:14).

→ Dit is die navorser se mening dat Roloff hiermee 'n goeie beredenering bied vir gemeentelike leierskap as primêr 'n taak tot die bewaring van die tradisie wat Paulus oorgelewer het, naamlik die evangelie van Christus Jesus. Dit is die pilaar en fondament waarop die gemeente gebou word en wat uitloop op lofprysing tot God (1

Tm 3:15-16). Miskien neem hy dit egter te ver as hy dit tot blywende amp en institusie sien wat met die “bevestiging” bekragtig word. Hier het die diens van gemeentelike leierskap immers nog nie eens ’n benaming ontvang nie en die handoplegging word in 1 Timoteus 4:14 met bemiddeling van ’n genadegawe verbind. Indien mens Pauliniese outeurskap aanvaar, kan Roloff se beginsel van tradisie-oordrag met die werklike Paulus en sy evangelie/tradisie en die werklike Timoteus as gemeenteleier – selfs met ’n mandaatbrief in sy hand - verbind word.

- *Spesifieke funksies*

Vir die doel van hierdie navorsing kan daar gevra word of daar nie meer oor die rol/funksie/take van Timoteus/gemeenteleier geleer kan word nie. Verner (1983:157-160) het hierin ’n bydrae gelewer en wys op die volgende aspekte:

- Charisma en bevestiging

In 1 Timoteus 4:14 word Timoteus aangemoedig om nie sy genadegawe te verwaarloos nie. Dan sê die skrywer (Paulus): *“Dit is aan jou gegee deur die profesieë toe die raad van ouderlinge jou die hande opgelê het.”* In 2 Timoteus 1:6 word weer berig dat God aan Timoteus ’n genadegawe gegee het toe Paulus hom die hande opgelê het en dat hy toe die Gees ontvang het wat hom vrymoedigheid gee om die gawe te beoefen.<sup>111</sup> Wat presies die gawe is wat hy ontvang het, word nie gesê nie. Dit het wel te doen met die opdragte wat hy ontvang – volgens 4:13 is dit Skriflesing, prediking en onderrig. Daar kan met Roloff (1988:257-258) saamgestem word dat die profesieë en handoplegging van die ouderlinge saamgegaan het en dat hier nie noodwendig profete veronderstel word nie.

Die punt is dat charisma en gevestigde diens van leierskap hier bymekaargebring word en dat dit deur middel van die handoplegging ’n meer ‘amptelike’ mandaat gegee word om die gawe as opdrag uit te voer.

→ Dit het uit kontemporêre ontwikkelings in makrogemeentes na vore gekom dat daar meer moeite gedoen word om leiers binne hulle gawes aan te wend en te soek na

---

<sup>111</sup> Roloff (1988:263-282) gee ’n volledige uiteensetting van die voorkoms, agtergrond, toepassing en betekenis, teologiese problematiek en ontwikkelingsgeskiedenis in die kerk van die ordinisie / “bevestiging.”

iemand wat oor die gawes beskik om 'n gemeenteleier te wees. Daarby is daar in die meeste ondersoekte gemeentes 'n mandaat aan die gemeenteleier verleen om sy leierskap uit te voer. Die vraag is of daar nie by bogenoemde twee tekste meer geleer kan word oor aspekte (soos optrede van die raad, die handoplegging, die charismata en die bekragtiging van die Gees) wat met die toekenning van mandate saamgaan nie.

○ Visioneringsfunksie

Onder punt 4.3.3 hierbo is die funksie van die “*huisgesin van God*”-metafoer as 'n ‘*guiding principle*’ in die gemeente se verstaan van sy identiteit, verhoudinge en leierskap bespreek. Hier kan saamgevat word om daarop te wys hoe leierskap deur die bril van 'n metafoer die gemeente kan help om die evangelie in 'n eiesoortige konteks te interpreteer.

→ Die rol van die gemeenteleier om die visie van en vir die gemeente te verwoord het in hoofstuk twee na vore getree. Dit hou verband met wat “kultuurskepping” genoem is. Daar is 'n mate van ooreenstemming in 1 Timoteus waar die metafoer van huisgesin van God 'n soort kultuur skep wat alle verhoudinge en optrede raak.

○ Lerende funksie

Die belangrikheid van die lerende funksie in 1 Timoteus kan nie oorbeklemtoon word nie. Volgens 1 Timoteus 4:13 het die gemeenteleier die taak om uit die Skrif voor te lees (*é anagnōsis*) te preek (*paraklésis*) en onderrig te gee (*é didaskalia*). Die plek waar dit waarskynlik sou gebeur, is by die erediens / samekoms van die gemeente. Die inhoud daarvan is in 1 Timoteus die praktiese voorskrifte oor die gedrag in die huisgesin van God, maar moet veral verbind word aan die tradisie / gesonde leer / evangelie wat hierbo beskryf is. Die aansporing “*Hierdie dinge moet jy aan die mense leer en dit by hulle inskerp – tauta didaske kai parakalei*” (1 Tm 6:2b) volg die instruksies met betrekking tot die onderskeie groepe in die gemeente as huisgesin van God.

Die leringsfunksie berus ook op 'n *bewaringsfunksie*! Wat hierbo by “Voorbeeld van gemeenteleierskap” gesê is, is dus dat die gemeenteleier die apostoliese tradisie wat hom/haar aan Christus bind en wat hy/sy onvoorwaardelik aanvaar, eers in sy/haar eie hart moet bewaar. Daarna kan hy/sy hierdie tradisie aan ander leer. Timoteus word

persoonlik aangespreek en gevra om te “*bewaar*” wat aan hom “*toevertrou is*” (6:20). Roloff (1988:371) sê dat dit teruggaan na die deposito-reg van die antieke wêreld, waar goedere/iets aan ’n enkeling of instansie oorhandig word om regtens te bewaar. Verder het dit by die erfreg voorgekom, waarin die erflater aan sy vertroueling deur middel van ’n testament sy nalatenskap bemaak. Dit is op geestesgoedere oorgedra en hier is dit die evangelie wat in bewaring geneem word.

Uiteindelik word die leringsfunksie ook uitgeoefen as ’n *beskermende funksie*. Die talle opdragte aan die gemeenteleier met betrekking tot die dwaalleer (onder andere 1:3-11,19-20; 4:1-5,7; 5:11-15; 6:3-10) toon hoe belangrik hierdie faset was. Die gemeenteleier moet self die onderskeidingsvermoë hê om die gemeente te help om die gevare van dwaling raak te sien en daarteenoor aan die gesonde leer vas te hou.

→ Die funksies van toerusting en kommunikasie van die visie van die gemeente, wat berus op ’n eietydse en kontekstuele verstaan van die evangelie, is telkens by die leierleraars uitgewys as belangrike funksies vir die gemeenteleier. ’n Ander aspek is dat daar nou al meer gepraat word van geestelike leierskap waarin onderskeiding van die wil van God ’n groot rol speel.

○ Pastorale funksie

Die besondere van 1 Timoteus is waarskynlik dat die gemeenteleier allereers as die huisheer gesien word wat al die lede van die huisgesin van God moet help om te weet hoe hulle hulle moet gedra in die huisgesin van God. Daarom moet hy/sy die mans, vroue, leiers, weduwees, jonger weduwees, ouer mans, jonger mans, ouer vroue en jonger vroue en slawe help om hulle gepaste plek en gedrag in die huishouding te verstaan. Die gesin moet veral leef van die erfenis van die gesonde leer/geopenbaarde waarheid/geheimenis van godsvrug wat in hierdie gesin bewaar word. Die gemeenteleier moet toesien dat geen dwaalleer die gesin destabiliseer en gesinslede afvallig maak nie. Dit is veral ’n funksie wat in tye van bedreigings en sosiale onsekerheid belangrik word.


→ Transformasie-begeleiding is ’n belangrike faset van gemeentelike leierskap soos in hoofstuk twee van die tesis uitgewys. Daarin sit ’n pastorale element naamlik om die gemeenskap en kultuur waarin bedien word in sy konteks te verstaan en te begelei.



o Organisasie- en bestuursfunksie

Dat daar in 1 Timoteus sprake is van 'n meer gevorderde gemeente-organisasie, is op verskeie maniere beredeneer. Hier kan net daarop gewys word dat die implikasie van die feit dat die brief aan die gemeenteleier gerig is, meebring dat dit ook sy opdrag word om die bediening van *episkopos*, *presbuteroi*, *diakonoï* en weduwees te organiseer. Dit is ook die betekenis van die “*oikonomia theo*” (household management – 1:4)<sup>112</sup>, wat beteken dat Timoteus op die ordelike funksionering van die huisgesin van God sal let. In Titus 1:7 word daar gesê dat die *episkopos* die bestuurder van die huishouding van God is. Uit 1 Timoteus 5:19 blyk dit dat die gemeenteleier ook klagtes teen ouderlinge sal ontvang en dat dit sy/haar taak is om dit te beoordeel en te bestraf (*elenge*) sodat ander daardeur afgeskrik sal word. Uit 1 Timoteus 5:22 blyk dit dat hy/sy ook die verantwoordelikheid het om ander (moontlik ouderlinge?) in diens te stel deur hulle die hande op te lê. Dit vereis weereens onderskeidingsvermoë.

→ In hoofstuk twee van die proefskrif is gesien dat daar in verskeie gemeentes bestuurskomitees tot stand gekom het waarvan die leierleraar soms die sameroeper is. Strategiese beplanning en implementering van aksieplanne vra heelwat bestuursvaardighede om die prosesse te bestuur.



o Wees-funksie of persoonsfunksie

Dit gaan hier oor die aspek van die belangrikheid van die lewe, voorbeeld en integriteit van die persoon van die gemeenteleier. Daar is reeds verskeie kere verwys na die rol wat voorbeeld (van Paulus aan Timoteus en van Timoteus aan die gemeentelede – 4:12) in die brief speel. In hierdie verband funksioneer die skrywer se opdragte aan die gemeenteleier met betrekking tot 'n goeie gewete (*suneidésis*, 1:19), die toewyding aan God/godsvrug (*eusebeia*, 2:2; 4:7-8; 6:3) en veral die skrywer (Paulus) se opdragte om sy voorbeeld na te volg. Dit word miskien die beste saamgevat in die benaming “man van God” en die deugdelys wat daarmee saamgaan (6:11). Hierdie uitdrukking gaan volgens Roloff (1988:345) op die Ou Testament terug waar dit 'n verwysing is na mense wat op 'n besondere wyse in opdrag van God

---

<sup>112</sup> Johnson (1996:112) verkies hierdie vertaling soos dit in gewone Grieks verstaan is en verband hou met die ordelike funksionering van die huisgesin van God (3:15) wat die leidende beginsel in die brief is. Dan kan die “*en pistei*” volgens hom met ‘faithful’ vertaal word.

moes optree (Moses: Dt 33:1; Jos 14:6; Samuel: 1 Sam 9:6; Elia: 1 Kon 17:18; Elisa; 2 Kon 4:7 en Dawid: Neh 12:24).

'n Ander kant van hierdie aspek is natuurlik die beeld van 'n jong, onseker en bang Timoteus (4:12,14; 5:23; 2 Tm 1:7) waarna hierbo verwys is. Dis nie 'n beeld van 'n beroemde, gewilde en uiters begaafde leier nie, maar eerder van 'n nederige en getroue dienskneg. In 2 Timoteus 2:24 word daar ook 'n ander benaming vir die gemeenteleier, naamlik “dienaar van die Here” (*doulos de kuriou*) genoem. Hy is slaaf van die Here.

- Hierbo is reeds op die belangrikheid van die wees-funksie in begeleidende leierskap gewys (Smit 1995). Bogenoemde funksie vind ook aansluiting by wat Jim Collins (2001:17-40) “*Level 5 leadership*” noem, waarvan die kenmerke 'n kombinasie van nederigheid en 'n sterk wil (vasbeslote oortuiging) is. Die gemeenteleierskap, soos hierbo beskryf toon waarskynlik ooreenkomste daarmee.

#### 4.3.6 Samevattende opmerkings

In hierdie hoofstuk is die Bybel en in besonder 1 Timoteus in 'n hermeneutiese gesprek oor leierskap in transformasie-tye ter sprake gebring. Daar kan voorlopig 'n paar bevindinge uit hierdie gesprek genoem word.

##### a. Oorsig oor resultate

- *Drie-ampteleer*

Dit het geblyk dat die drie-ampteleer berus op die ontstaan van die werk van *priesters, profete en konings* in die Ou Testament. Die ‘ampte’ is in besonder in Christus vervul. Die navorser meen dat die drie-ampteleer egter nie genoegsame basis bied as 'n volledige raamwerk vir die verstaan van leierskap in transformasietye nie.

- *Bedieninge – charisma en amp*

Die Pneumaties-charismatiese basis van bedieninge van en deur alle lede van die liggaam van Christus vorm die vertrekpunt en basis vir 'n wye verskeidenheid bedieninge. Dit staan nie teenoor verskeie leiersrolle wat dinamies na die eis van die unieke omstandighede ontwikkel het en soms meer gevestigde gestalte gevind het nie, maar bied eerder die ondersteuning daarvan. Leierskap was belangrik en leiers is vir 'n spesifieke taak of situasie geroep. 'n Kwaliteit lewe in verbintenis aan God is 'n belangrike vereiste vir leierskap en 'n gedeelde leierskap het na vore gekom. Leierskap waar charisma en gevestigde diens in 'n *dinamiese kontekstuele bedieningsmodel* na vore kom, is aangetoon. Vir Bybelse perspektiewe op leierskap bied die charismatiese invalshoek alleen nie 'n volledige antwoord nie, maar moet dit saam met leierskap in transformasietye gelees word.

- *Transformasie en leierskap*

Die hoofstuk het interessante resultate gelewer met betrekking tot transformasie en leierskap. Dit het geblyk dat transformasie 'n deurlopende tema in die Skrif is en dat die leierskap telkens by die behoeftes van kontemporêre omstandighede aangepas het.

- *Transformasie en leierskap in 1 Timoteus*

Laastens het dit uit die studie van 1 Timoteus geblyk dat daar verskeie fasette van transformasie in daardie gemeenskap en gemeente bestaan het. Die skrywer het op 'n meesterlike manier die metafoor van die *'huisgesin van God'* gebruik om 'n nuwe visie van gemeente-wees te konseptualiseer en dit in die verhoudinge en bedieninge van die gemeente uit te werk. Sodoende is alle vlakke van leierskap geherdefinieer en het 'n gemeenteleier saam met ander leiers na vore getree om kontekstueel die geheimenis van die godsdiens te bewaar en uit te leef.

Die hipotese wat in hoofstuk een van die tesis gestel is, naamlik:

*“Transformasie vereis eietydse en kontekstuele ontwikkelings in leierskap”*

is in hierdie hoofstuk vanuit verskeie perspektiewe bekyk en aangetoon. Dit het egter wel geblyk dat 1 Timoteus ook 'n konteks-bepaalde reaksie was waarin die burgerlike

moraal en patriargale sisteem nie genoegsaam deurbreek is nie. In daardie opsig het die metafoor van die “huisgesin van God” in 1 Timoteus sy beperkte toepaslikheid vir die huidige konteks waarin vraagstukke van gelykheid van vroue op alle terreine, leierskap van vroue – veral in kerklike leierskap – en sake soos versoening tussen verskillende kulture sterk op die voorgrond tree.

b. Transformasie

Die Bybel en selfs die kerklike tradisie het getoon dat geloofs-gemeenskappe altyd in beweging en dus in een of ander vorm van transformasie verkeer. Daar is bevind dat daar verskeie verhale van transformasie in die Skrif aangetoon kan word en dat bedieningsmodelle en leierskap telkens by die veranderende omstandighede moes aanpas. In 1 Timoteus het ons nie net bewus geword van transformasie in die gemeenskap en gemeente nie, maar van die krag van metafoor om ’n nuwe visie vir gemeentewees daar te stel.

Daar is ook aangetoon dat die metafoor egter beperk is in sy aanwending vir daardie konteks en dat dit transformasie vir vroue tot leiersposisies in ’n patriargale sisteem nie ten volle aangespreek het nie.



c. Leierskap

Hier kan slegs uiters kursories ’n beeld gegee word van die soort leierskap wat uit hierdie navorsing oor Bybelse gegewens na vore gekom het. ’n Paar van die belangrikste funksies wat hierbo uiteengesit is, word nou samevattend as prentjie van leierskap genoem:

- *Wees-funksie*

Charisma, bevestiging en voorbeeld as “man (of vrou) van God” is hier kernbegrippe. Die leier skep met sy/haar voorbeeld ’n kultuur en styl in die gemeente en gemeenskap.

- *Begeleidings-funksie*

Die verhaal van transformasie in die Skrif en die aangepaste bedieningsmodelle en leierskap in elke situasie, toon by uitstek leierskap in terme van transformasie-begeleiding. In daardie opsig kom die leier se kennis van sy/haar konteks, kultuur, tydsges en mense en dus sy/haar pastorale funksie ook duidelik na vore.

- *Visionerings-funksie*

Die krag van die metafoor van die huisgesin van God in 1 Timoteus toon iets van die kreatiewe soeke na nuwe gestaltegewing van kerk-wees in 'n eie konteks. 1 Timoteus is 'n voorbeeld van die kommunikasie-vermoë om die visie uiteen te sit.

- *Gesagvolle lerende-funksie*

Leierskap is in 'n eitydse konteks aan die gesag van Skrif en tradisie veranker. Daaruit is die funksie van leierskap om die gemeente te beskerm teen vreemde leringe. Daarmee saam gaan 'n kommunikasie-funksie om hierdie leer duidelik te verkondig.

- *Span-funksie*

Die leier as deel van die huisgesin is deel van 'n span ander leiers waarin daar noue verhoudinge en goeie samewerking moet wees.

- *Bestuur-funksie*

Die beeld van 'n leier (Paulus en Timoteus) wat die verantwoordelikheid dra om toe te sien dat die organisasie in terme van sy/haar bediening, basiese waardes (eties), verhoudinge, optredes en lewe in die wêreld goed georganiseer is, kon ook in 1 Timoteus aangewys word.

→ Daar het 'n verskeidenheid in funksies en persone van leierskap in 1 Timoteus na vore gekom. Die vereistes vir gemeenteleiers soos Paulus en Timoteus, ouderlinge (*episkopoi* en *presbuteroi*), diakens (manne en vroue), weduwee-dienerswerkers en verskeie rolle en funksies vir elke diens is aangetoon. Omdat rolbeskrywings nie klinkklaar in daardie situasie gedoen is nie, is dit nie moontlik om dit vir die funksies van leierleraars, leraars, ouderlinge, diakens en dienswerkers vir kontemporêre

omstandighede toe te pas nie. Daar moet ook met baie diskontinuiteit tussen daardie situasie en gemeente en vandag se makrogemeentes rekening gehou word. Tog is daar verkeie ooreenkomste aangetoon tussen funksies van die gemeenteleiers (Paulus en Timoteus?) en ander leiers in Efese van destyds en die funksies en mandate van leierleraars vandag. Dit was ook 'n onderskeiding in rolle van die gemeenteleier, ouderlinge, diakens en dienswerkers. 1 Timoteus was egter nie 'n afgeslote brief wat 'n laaste klomp 'ampte' wou fikseer nie, maar deel van 'n hermeneutiese proses waarin eietyds gesoek is na 'n gemeentemodel en leierskap wat God se wil vir daardie konteks sou wees.

→ Die gemeente en leierskap van Efese en ander Bybelse situasies, soos in 1 Timoteus en in die Skrif beskryf, verskil uiteraard in baie opsigte van die kontemporêre konteks. Die gemeente in Efese was waarskynlik baie kleiner en selfs nog in 'n voor-moderne fase. Daar is op verskeie plekke rekening gehou met diskontinuiteit – byvoorbeeld van die metafoor van die huisgesin en sy toepaslikheid. Tog is dit merkwaardig dat die lys funksies wat hierbo genoem is soveel ooreenkoms toon met die mandate wat gesamentlik vir leierleraarskap bepaal is (hoofstuk twee) en die aanduidings van funksies vir die postmoderne en na-christendom tydperk waarin ons tans verkeer (hoofstuk drie). Dit beteken waarskynlik dat daar relatief “tipiese” funksies van leierskap in transformasietye na vore geroep word.

#### **4.4 LEIERSKAP IN DIE KERKLIKE TRADISIE**

Hier is net plek om kortliks enkele lyne te trek oor hoe leierskap verder in die kerklike geskiedenis ontwikkel het. Rossouw (1990:44-47) wys op basisvrae oor die amp soos of dit hoegenaamd bibliologies fundeer kan word, wat die belang van die Ou Testamentiese gegewens vir die verstaan van die amp vandag is, of Christus 'n amp(te) bekleed het en hoe Efesiërs 4 as basistekst verstaan moet word. Hierop kan nie ingegaan word nie. Rossouw (1990) maak 'n indeling van hoogkerklike, Gereformeerde en laagkerklike ampsparadigmas. Die indeling hieronder van die ontwikkelings in die kerklike tradisie probeer iets van die kronologie en verskillende kerklike tradisies kombineer, maar doen dit uiters oorsigtelik.

#### 4.4.1 Vroeg kerklike en hoog-kerklike ontwikkeling

Roloff (1988:181-189) wys op die ontwikkelings wat na die Pastorale briewe gekom het. Dit blyk dat daar aanvanklik in die tweede eeu nog geen gevestigde ampte bestaan het nie.<sup>113</sup> Dis eers Ignatius van Antiogië wat die drie ampte van biskop, ouderling en diaken onderskei. Die biskop is die persoon wat by die nagmaal voorgaan, terwyl 'n groep / raad van ouderlinge hom ondersteun en die diakens aan hulle ondergeskik is. Die drie ampte begrond hy in die Drie-eenheid. Die biskop verteenwoordig God, die ouderlinge verteenwoordig die raad van die apostels en die diakens is met die diens van Christus vertrou. Roloff wys daarop dat die konsep van Ignatius, eerder as dié van die Pastorale briewe, daarna die drie-ledige amp – biskop, ouderling (presbiter) en diaken – in die kerklike praktyk geword het. Alhoewel daar soms teenstand teen die hiërargiese ontwikkelings was, gaan dit selfs later verder waar stapsgewyse rangorde van bevestiging – *ostiarier*, psalmis, lektor, eksorsis, akoliet, subdiaken, diaken, presbiter en biskop genoem word. Later kom die rangorde van episkopaat naamlik: aartsbiskop, patriarg, primate en pous.

Rossouw (1990) wys op die hiërargiese kerkstruktuur van veral die Rooms-katolieke Kerk, selfs na die tweede Vatikaanse konsilie, waar die pous die hoof van die kerk, die biskop hoof van die gemeente, die priester ondergeskik aan die biskop, en die leek eintlik steeds onmondig is. Roloff (1988:188) sê dat die Anglikaanse kerk hulle aan die Pastorale briewe wil oriënteer deur die ampte van biskop, priester en diaken daar te stel.

#### 4.4.2 Gereformeerde tradisie

Roloff (1988:184-189) wys op die vroegste ontwikkelings sedert die Wittenbergse Reformasie. Hy wys daarop dat Luther en Melancton die kerklike amp sentraal op die verkondiging van die Woord betrek. Hulle bring ook die priesterskap van alle gelowiges na vore, maar sê wel dat 'n besondere amp om die Woord deur middel van die prediking en lering te verkondig noodsaaklik is. Hulle bind hierdie amp aan die

---

<sup>113</sup> Roloff (1988:182) haal vir 1 Clemens, Hermas, Polikarpus en Irenäus aan waar die bedieninge soos by Timoteus – naamlik episkopos, presbuteros en diakonos, onderskeidelik nog in verskillende kombinasies voorkom.



gemeente. Verder wys hulle op die eenheid van die pastor en biskop om deur Woord en sakrament die gemeente te lei. Terwyl die Lutherse beweging die amp nie biblisisties wil begrond nie, kom dit wel so voor by Calvin. Hy beroep hom veral op Efesiërs 4 en sê dat die drieledige amp van biskop, ouderling en herder die betekenis van dieselfde amp van leierskap is. Daarby word die ampte van leraar en diaken gevoeg.

Wepener (2004:152-165) bespreek meer spesifiek die take van die predikant in die Gereformeerde tradisie en som die belangrikste inhoudelike oortuigings van die Reformasie in die volgende ses punte op:

- Die amp is nie 'n verteenwoordiger van die afwesige Christus nie, maar 'n heenwyser na die lewende Christus (vergelyk met Ignatius hierbo).
- Die sentrale aktiwiteit is nie die offer nie, maar die uitleg van die Woord.
- Die amp is steeds uiters belangrik.
- Die vergadering van leiers (ouderlinge en diakens) in plaas van die predikant as enigste segspersoon is die leiers van die kerk.
- Die bedoeling van die ampte is die opbou van die kerk.
- Leiers erken die mondigheid van die lidmate.

Hy wys verder hoe Calvin die amp van die pastor (sy keuse-woord) veral op die prediking, lering en herderlike sorg betrek en wys op die aksente in die Dordtse kerkorde. Hy bespreek die taak van die predikant in die NG Kerk en ander Gereformeerde kerkordes. Hy sê dan dat daar veral drie take na vore kom, naamlik prediking (met liturgiese take soos gebede en sakramente), lering en herderlike sorg. Hy sluit egter met die volgende opmerking wat grootliks is in hierdie hoofstuk oor die bediening volgens die Skrif bevestig:

*“Hierdie artikel toon dat 'n interpretasie en inkleding van die amp na gelang van die nood van die tyd, ook 'n ware Gereformeerde wyse is om te handel.”*

Die strekking van die artikel hierbo word uit 'n ander hoek bevestig wanneer Coertzen (1995:343-252) oor die ampte in die kerk skryf. Hy haal tekste aan wat toon dat sekere 'ampte' (funksies / bedieninge) hulle oorsprong in God drie-enig het en dat dit in Christus gefundeer is. Of die “amp” so duidelik is as wat hy dit sien, is te betwyfel.

Hy toon wel dat die take wat uit die Skrif vir die ampte na vore kom hoofsaaklik dié van toerusting, koördinasie en stimulering is. Hy sê ook dat ampsdiens 'n diens naas ander dienste is, dat 'n diens in verband met en vir die kerk is,<sup>114</sup> 'n diens met unieke gesag, met 'n spesifieke roeping en bekwaam-making, wat deur identifisering en aanstelling bevestig word. Hy sê ook dat dit 'n diens saam met ander is, wat gelykheid (maar met verskillende funksies) en gesamentlikheid insluit. Dis insiggewend dat Coertzen (1995:347) die volgende stelling in sy artikel maak:

*“Dit is vir 'n gegewe kerk om onder sy bepaalde omstandighede die beste uitdrukkingsvorm te vind waarin die funksies wat Christus aan die ampte opgedra het, verrig kan word. Dit is altyd weer die gevaar wat enige kerk bedreig dat hy die gestalte wat hy bedink het, wil gelykstel met die Skriftuurlike duiding as sodanig.”*

Die navorser meen dat Burger (2004:529-537) se aanduiding van vyf nuwe beklemtonings wat in die laaste twintig jaar ten opsigte van predikantswerk na vore gekom het, betrekking het op dit wat uit hierdie hoofstuk na vore gekom het, en op die kontemporêre ontwikkelings in makrogemeentes. Hy sê dat die rolle van prediking, lering en pastorale sorg alleen 'n voortdurende gevoel van ongemaklikheid gebring het en dat die volgende na vore kom:

- Die gemeente is primêr die draer van die evangelie (gemeentestudies).

Burger (2004:533) haal vir Hodgson aan wat sê: *The fundamental purpose of ministry is to guide and serve the process of ecclesial formation, preservation and mission – that is, to enable the church to realize its ecclesial essence, to be a community of faith, hope and love, a sign and sacrament of the kingdom of God.* Dit bring 'n totaal ander benadering tot die bediening mee.

→ Transformasie-begeleiding en die hermeneutiese proses om gemeente-wees kontekstueel te interpreteer is sekerlik een van die belangrikste mandate van leierleraars en gaan ook saam met visionering en strategiese prosesse.

---

<sup>114</sup> Dit is volgens die navorser 'n heeltemal te beperkende beskouing van bediening! Daarmee word onder andere nie genoegsaam rekening gehou met die missionêre gerigtheid van die kerk nie.

○ Die predikant as begeleier

Dit sluit ten nouste by die vorige aan. Aangesien die gemeente die draer van die waarheid is, word die rol van leierskap / die predikant dié van begeleier – “to enable, to empower”. Burger wys daarop dat dit aansluit by wat Luther en Calvyn gesê het oor die priesterskap van alle gelowiges en by die gevolglike klem op lering.

→ Dit sluit aan by die mandate van leierleraars volgens hoofstuk twee van die tesis en as transformasie bygevoeg word, word die rol van die leraar ook transformasie-begeleier.

○ Die predikant as leier van die gemeente

Burger (2004:534) haal vir Hodgson aan wat skryf: *“The fundamental role of ministry is that of leadership – leadership in the community of Jesus Christ. Rarely is it noted that the words ‘priest’ and ‘presbyter’ derive from the Indo-European root ...meaning ‘guide’ or ‘leader’. This was the original and most fundamental function of ministry.”*

Christenleiers is egter nie outoritêre heersers nie, maar nederige diensknegte.<sup>115</sup> Burger sê dat leierskap gaan oor inspirasie, voorbeeld en toewyding. Verder gaan dit oor visionering en strategiese beplanning en daarvoor haal hy weereens vir Hodgson aan: *“Ministerial leadership involves at bottom articulating a vision of what the church is, of its essential being and purpose, and enabling this vision to become a productive ideal that infuses all church activities and all participants”* (Burger 2004a:535).

→ Is die totstandkoming van poste vir leierleraars nie ’n voorbeeld van ’n behoefte by groter gemeentes aan dié soort leierskap nie? Verder sou mens kon vra of dit nie presies is wat die skrywer (Paulus) van 1 Timoteus met die metafoer van die ‘huisgesin van God’ gedoen het nie en dat leierskap die taak is wat hy op die skouers van die gemeenteleier (Timoteus) plaas nie?

○ Die predikant as liturgiese voorganger

---

<sup>115</sup> Burger sê dat die gangbare woord “*argon*” nie in die Nuwe Testament gebruik word nie, maar eerder die term “*diakonos*.”

'n Verdere ontwikkeling is dat die predikant nou nie net gesien word as prediker nie, maar as liturg waar die hele beleving van die erediens en aspekte soos die vloei van die diens, simbole en rituele, die krag van sang, goeie kommunikasie en die inrigting van die aanbiddingsruimte belangrik is. Burger noem dat Thomas Long bevind het dat sterk, visionêre en sorgende leierskap in die erediens 'n groot verskil maak aan mense se ervaring van die erediens.

→ Die belang van die erediens in makrogemeentes en van 'n begaafde prediker het uit die hoofstukke hierbo geblyk, en die belang van die gemeente as draer van die waarheid het op 'n unieke manier uit 1 Timoteus na vore gekom.

○ Meer aandag aan predikante se roeping en persoonlike geloofsverbintenis  
Burger sê dat daar nou 'n fokus kom nie net op dit wat die predikant doen nie, maar op wie en wat hy/sy as mens – veral as mens voor God – is.<sup>116</sup> Hy sê dat dit op 'n manier kulmineer in wat onderskeidingsvermoë (*discernment*) genoem word.

→ Die roeping en persoonlike geloofsverbintenis word op 'n besondere manier in 1 Timoteus uitgewys met betrekking tot die gemeenteleier (Timoteus).

Die aanduidings van 'n soeke na 'n nuwe verstaan van geestelike leierskap in die kerklike tradisie toon ooreenstemming met die perspektiewe uit die kontemporêre situasie en perspektiewe uit die Skrif.

#### 4.4.3 NG Kerk tradisie

Hoe die Gereformeerde tradisie in die NG Kerk homself uitwerk, kan vervolgens baie kortliks aangeraak word, sonder om enigsins verder daarop in te gaan.

##### a. Kerkordelike bepalings van die NG Kerk

---

<sup>116</sup> Burger haal vir Newbiggin aan wat sê dat die predikant of gemeenteleier nie net 'n evangelis en pastor moet wees nie, maar in die eerste plek 'n dissipel van Jesus.

- *Algemene bepalinge (Artikel 3):*

“3.1 Christus self deur die Heilige Gees verrig al die dienswerk in die kerk. Hy doen dit deur:

3.1.1 die dienswerk van al die gelowiges;

3.1.2 die dienswerk van die drie besondere ampte, te wete

- \* dié van bedienaar van die Woord

- \* dié van ouderling

- \* dié van diaken

3.2 Hierdie drie ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy kerk is.”

- *Bedienaar van die Woord (artikel 9):*

“Die amp of bediening van die bedienaar van die woord is gerig op die Woordbediening in sy verskillende gestaltes en omvat:

9.1 die prediking;

9.2 die bediening van die sakramente;

9.3 die diens van die gebede;

9.4 die leiding van die eredienste;

9.5 die kerklike onderrig, in samewerking met die ander ampte en die gelowiges;

9.6 die behartiging van die herderlike sorg, veral in die vorm van huisbesoek, saam met die kerkraadslede;

9.7 die ywer vir die uitbreiding van die koninkryk van God;

9.8 die regering, organisasie, leiding en bestuur van die gemeente saam met die ouderlinge en diakens;

9.9 die uitoefening, saam met die ouderlinge en diakens, van opsig en tug oor die gemeente;

9.10 die gee van leiding aan kerkraad- en ander kerkvergaderings;

9.11 verantwoordelikheid ten opsigte van die kerkverband.”

Die take van die ouderlinge en diakens word in artikels 16 en 17 uiteengesit.

b. Opmerkings met betrekking tot die NG Kerk se ampstradisie

Wepener (2004:152-165) gee 'n kort historiese verloop ten opsigte van die ontwikkeling van die kerkordelike uiteensetting van die predikantsamp. Hy sê ten slotte dat dit opmerklik is hoe die huidige artikel 9 van die NG Kerk in die Gereformeerde tradisie dikwels aangepas is na gelang van omstandighede en behoeftes van 'n spesifieke tydsgewrig.<sup>117</sup> Die sentrale drieslag van Woord/sakrament, lering en sorg/opsig is deurgaans behou, maar die spesifieke inkleding daarvan het gewissel. Hy maak die volgende stelling in die verband:

*“'n Interpretasie en inkleding van die amp na gelang van die nood van die tyd, is ook 'n Gereformeerde wyse om te handel.”*

→ Enkele opmerking oor die NG Kerk tradisie:

- Dit blyk dat die basiese navorsingsprobleem, naamlik dat tradisionele vorms van leierskap onvoldoende in die kontemporêre omstandighede van makrogemeentes is, deur 'n kerkordelike fiksering bevorder word. Nuwe ontwikkelings met betrekking tot spesialisasie van leraars (byvoorbeeld, as leierleraar en ander funksies), die byna gefossileerde uiteensetting van die take van ouderlinge en diakens en die feit dat ander bedieninge – soos die van bedryfsleier, netwerkleiers, musiekleier, ensovoorts - vind geen refleksie in die kerkorde nie. Die kerkorde is te beperkend ten opsigte van die nuwe ontwikkelings en behoort gouer aan te pas by nuwe ontwikkelings.
- Daar word soms beweer dat die pos van leierleraar in botsing is met artikel 3 se uitgangspunt ten opsigte van die gelykwaardigheid van die ampte en dat geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy mag voer nie. Die navorser is van mening dat die argument nie opgaan nie. Die vertrekpunt van die argument is foutief, aangesien daar gedink word dat leierleraarskap weer 'n hiërargiese model sou verteenwoordig. Dit was egter duidelik uit hoofstuk twee dat dit nie waar is nie en dat leierleraarskap net berus op die *“onderskeiding in opdrag en werk”*,

---

<sup>117</sup> Vergelyk hiervoor sy tabel 2 waarin die aanpassings ten opsigte van die inhoud van artikel 9 duidelik word.

waarvan artikel 3.2 praat. Leierleraarskap verteenwoordig dus net 'n spesifieke funksie in die leiding van die gemeente. Leierskap met betrekking tot ander bedieninge in die gemeente – soos 'n groepleier van 'n selgroep, 'n netwerkleier of groepleier van 'n bediening, 'n ouderling of diaken - vervul in daardie sin ook 'n spesialis-funksie met betrekking tot leierskap in daardie kring.

- Die poging van Fontainebleau om die funksies van leierleraarskap te versoen met artikel 9 van die kerkorde (hoofstuk twee) verdien vermelding. Daaruit blyk dat leierleraarskap net 'n verdere vergestaltung / ontwikkeling van die basiese take van die predikant volgens die kerklike tradisie is.

Die opmerkings wat Wepener (2004:162) oor die ontwikkelings van die tradisie '*na gelang van die nood van die tyd*' maak, behoort ons hoop te gee dat daar vorentoe steeds dieselfde openheid sal wees. Dit is in lyn met wat die navorser 'n "*dinamiese kontekstuele bedieningsmodel*" genoem het en wat in die Skrif aangetoon is.





## 5. SINTESE

### 5.1 INLEIDEND

In hoofstuk een is die navorsingsprobleem soos volg gestel:


*Tradisionele vorme van leierskap is onvoldoende in kontemporêre omstandighede van makrogemeentes in Suid-Afrika.*

Die navorsing is verder afgebaken deur in die empiriese ondersoek kwessies rondom leierskap in makrogemeentes veral vanuit die hoek van die ontstaan van *leierleraarskap* in makrogemeentes te ondersoek.

Die hipotese wat in die studie gestel is, is die volgende:

*Transformasie vereis eietydse en kontekstuele ontwikkelings in leierskap.*

Die vraag is nou of hierdie navorsing die probleem bevestig het en of die hipotese korrek of verkeerd bewys is.



### 5.2 BEVINDINGS

Die navorser het telkens kommentaar gelewer of interpretasies gemaak sover daar in die studie gevorder is en dit meestal met 'n → as merker aangedui. Die bedoeling is dus nie om alles wat in die studie genoem is te herhaal nie. Hier word die belangrikste bevindings kursories en samevattend opgesom, sodat daarmee 'n oorsigtelike beeld van die resultate van die navorsing duidelik word.

#### 5.2.1 Kontemporêre ontwikkelings in makrogemeentes

Die hoek waaruit daar na leierskap gekyk is, is dié van die ontwikkeling van leierleraarskap in makrogemeentes in die NG Kerk. Dit is 'n ontwikkeling oor die

afgeloop vyf jaar in die kerk, maar dit het spontaan soos 'n veldbrand versprei sodat daar nou reeds omstreeks twintig gemeentes is wat reeds leierleraars aangewys het.

a. Gemeenskapsveranderinge

Dit blyk uit die nagevorsde gemeentes dat die agtergrond vir die ontstaan van dié leierskap onteenseglik verband hou met *transformasie* wat in die gemeenskap plaasgevind het. Die transformasie wat op politieke, ekonomiese, sosiale en godsdienstige gebiede sedert 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het, het gemeentes en lidmate ingrypend geraak. Dit het onder andere vrae oor identiteit, kultuur en roeping na vore gebring. Gemeentes soos Fontainebleau en Paarlberg het hierdie fasette diepgrondig ervaar met betrekking tot dinge soos demografiese veranderings en historiese kwessies wat na vore gekom het. Ander gemeentes het veranderinge met betrekking tot kulturele- en generasie-skuiwe meer akuut ervaar.

b. Gemeentelike veranderinge

Dit blyk ook uit gemeentes se eiesoortige ontwikkelings dat daar reeds voorheen prosesse van visionering en strategiese beplanning was. Byna al die gemeentes het ervaar dat dit nie alleen meer genoegsaam is vir die uitdagings in die gemeentes nie. Daar het 'n soort vasgelooptheid (*stuckness*) gekom. Daar het 'n behoefte aan grondiger veranderinge gekom waarin die gerigtheid, kultuur en roeping van die gemeente beter aangespreek moes word. Dit blyk dat gemeentes telkens in hierdie proses begin soek het na 'n ekklesiologie/gemeentemodel wat beter aan die vereistes van 'n vrugbare bediening kan voldoen. In aansluiting by Hendriks (2004:35-54) se *institusionele, verkondigings-, liggaam- en transformasie-modelle* kan gesê word dat gemeentes wegbeweeg van die institusionele en verkondigingsmodelle in die rigting van 'n kombinasie van die liggaam- en transformasie-modelle. Daar word doelbewus wegbeweeg van die herder-kudde-model waarin leiers (ouderlinge, diakens en leraars) hoofsaaklik aan geografiese eenhede gekoppel is en die bediening vanuit die ampte as vertrekpunt beoefen word, na modelle waarin die *begaafde lidmaat* die vertrekpunt is vir die bediening in die gemeente. Die priesterskap van alle gelowiges word nou werklik ontgin. 'n Verdere ontwikkeling daarin is die spontane ontwikkeling van 'n

bedieningsmodel waarin *netwerke*<sup>118</sup> 'n sleutelwoord is. Gemeentes het 'n groter bewustheid van hulle *konteks* ontwikkel en daarom vra hulle na hul roeping in hierdie konteks. Die meeste gemeentes is lede van die SAVGG en maak erns met hulle gestuurdheid – by een gemeente sodanig dat die gemeente *Gemeenskapskerk* aan hulle naam gekoppel het. Dit impliseer dus 'n sterk beweging in die rigting van 'n transformasiemodel.

c. Leierskap-veranderinge

Die veranderinge in die gemeenskap en in die gemeentemodelle het gemeentes nuut na leierskap laat kyk. Leierskap in netwerk-sisteme en transformasie-sisteme lyk net heeltemal anders as in parogiale- en versorgingsisteme. Tradisionele modelle van leierskap het net nie meer aan die vereistes van gemeentes voldoen nie. Een manier waarop gemeentes gevoel het dat dit aangespreek moes word, was om nuut na *rigtinggewende leierskap* en die aanwys van *leierleraars* te kyk. Verskillende aksente is deur gemeentes daarop geplaas en leierleraars het natuurlik self individuele benaderings daartoe gebring. Sommige gemeentes het veral 'n behoefte aan *koördinasie* (koördinerende leraar) aangevoel, ander het meer in die rigting van *bestuur* van prosesse (uitvoerende hoof / voorsitter van bestuurskommissie) gedink, terwyl ander weer die klem op gemeentelike *leierskap* laat val het. Daar is deurlopend klem op *visie-dra* gelê, en by sommige is dit selfs die hoofsaak. Die gesamentlike besinning van leierleraars oor hulle mandate het hulle gehelp om die volgende funksies as deel van leierleraarskap te sien: *visie-dra, kultuurskepping, fasilitering van strategiese prosesse, kommunikasie, toerusting, leierskapsbemagtiging, spanleiding en oorhoofse verantwoordelikheid*.

Die ontwerp van nuwe gemeentemodelle waarin die begaafde lidmaat die uitgangspunt is en waar netwerke die sleutelwoord is, het implikasies na twee kante toe gehad. Eerstens het 'n *spanbenadering* sterk na vore getree. Leierskap is baie verbreed en begaafde lidmate met leierskapsvaardighede is al meer as volwaardige vennote gesien, bemagtig en as deel van die span beskou. Dit het ook daartoe gelei dat die *rol van die leraars* as die mense wat die bediening alleen behartig, verander

---

<sup>118</sup> Vergelyk hiervoor die uitgangspunte van Gibbs & Coffey (2001:69-92)

het na die leiers wat lidmate en ander leiers *begelei*<sup>119</sup>, ondersteun en motiveer met betrekking tot die bediening. In makrogemeentes beteken dit verder dat die gemeentelike bediening die uitgangspunt is en dat leraars se funksie net is om die funksies / bediening van die gemeente, saam met ander lidmate en leiers, te bevorder. Daarom het al die genoemde gemeentes ook 'n praktyk van spesialisering met betrekking tot die aanwending van predikante. Verder is daar uitgangspunte dat dit nie die *one-size-fits-all* of *solus-pastor* (net vermeerder in medeleraarskap) model is wat gevolg word nie, maar dat die begaafdheid, ervaring, toerusting en persoonlikheid van leraars asook die funksies en behoeftes in die gemeente eintlik sy/haar aanwending in die gemeente bepaal. Die implikasie daarvan is verder dat 'n *spanbenadering* allereers in die predikante-span nagestreef sal word.

## 5.2.2 Transformasie in konteks en leierskap

Dit was uit hoofstuk drie baie duidelik dat die veranderinge wat in gemeentes ervaar word teen die agtergrond van transformasie in 'n baie wyer konteks verstaan moet word. Gereformeerde kerke is deel van die sogenaamde hoofstroomkerke wat wêreldwyd onder druk is. In die makrokonteks het die skuiwe van christendom na n-christendom, modernisme na postmodernisme, industriële tydperk na globalisasie en inligtingstegnologie en die geweldige kultuur-skuiwe in die Suid-Afrikaanse samelewing op godsdienstige gebied, letterlik soos die aardbewings in die aardkors 'n tsunami veroorsaak en geweldige golwe van transformasie in die kerk meegebring.

Transformasie in die mikrokonteks van kerk en gemeente het hierdie golwe versterk en vergroot. Hier dink mens aan dinge soos die paradigma-, sisteem-, getalle-, generasie- proses- en leierskap-skuiwe. Al die skuiwe in die totale konteks moes gemeentes anders oor kerkwees en leierskap laat dink. Die geweldige transformasie in wêreldbeeld bring kerke en veral die hoofstroomkerke wat in modernisme en christendom-paradigmas vasgevang was, by diepgrondige herbesinning oor identiteit, roeping en styl met betrekking tot gemeente-wees en leierskap.

---

<sup>119</sup> Daar word baie sterk by Smit (1995) aangesluit wat leierskap as *begeleiding* sien en wat daarom op *presensie, visionering, fasilitering en energering* konsentreer.

Verskeie skrywers help ons deur middel van metafore om iets van die uitdagings van leierskap in die nuwe wêreld (na-christendom, na-modernisme, globale en na-apartheid wêreld) te verstaan. Leierskap is *begeleiding* van paradigma- proses-, sisteem- en generasie-skuiwe. Dis om as *gesinshoof* (Gibbs 1990) die gedrag, lewe en verhouding van die gesin te ondersteun. Leierskap is om as *Pneumanauts* (Sweet 1999a) soos 'n skeepskaptein (*kubernetes* – 1 Kor 12:28) die kuns van seilvaart te gebruik om die gemeente-boot deur die storms heen op koers te hou; dis om as *afrigter* (Bandy 2000, Sweet 2004) die balans tussen die visie, fokus, spangees en verhouding reg aan te wend of dis om as 'n *vroedvrou* (Easum & Bandy 1997) 'n hele proses en sisteem van mense tot nuwe lewe te lei. Maar miskien is dit veral die rigting wat Roxburgh met betrekking tot *missionêre* kerkwees aandui, wat die kerk tans die meeste kan help. Daarin word leierskap ook as *begeleiding* van transformasie gesien waarin die kombinasie van *digter, profeet, apostel en pastor* met die koördinasie van 'n *sinergis* die geloofsgemeenskap lei tot die koms van God se Koninkryk in sy/haar konteks.

### 5.2.3 Bybelse perspektiewe op gemeentelike leierskap

Die diepgrondige besinning oor kerkwees en leierskap roep uiteraard na 'n hermeneutiese besinning vanuit die bronne van Skrif en tradisie. Daar moet noodwendig weer in die verlede gesoek word na bruikbare beginsels vir kerkwees en leierskap in die nuwe postmoderne, na-christendom en inligtingstegnologiese wêreld.

Daar is eerstens na die *drie-ampte leer* gekyk vir moontlike riglyne, maar daar is te veel kritiek daarteen ingebring om 'n nuwe kerklike leierskap net daarop te begrond. Daar is gevind dat daar nie genoegsame grond is om argumente rondom *die ampte* te bou nie. Dis veral die Nuwe Testament wat vir ons 'n basis bied om die *charismata* as grondslag vir die bediening van alle lidmate en van die gemeente as geheel te neem. In die wordingsproses van die bediening in die Nuwe Testament is daar 'n wye verskeidenheid van mense, bedieninge en leierskap wat na vore kom volgens die omstandighede waarin die gemeente verkeer.

Dit blyk dat die hele Skrif as 'n *transformasie-verhaal* gesien kan word. Daar is nie alleen transformasie temas, soos die uittog, ballingskap, oorgang na wêreldsending en

van een kultuur na multikulturele bediening aangewys nie, maar elke tydperk in die Ou en Nuwe Testament asook die onderskeie geskrifte in die Bybel kan teen die agtergrond van 'n verskeidenheid van transformasies gesien word. Daarby was dit ook duidelik dat God binne elke konteks en situasie nuwe bedieningstrukture en nuwe soorte leiers na vore geroep het. *Transformasie en leierskap* gaan deurgaans ten nouste saam, sodanig dat die navorser van die leierskap in die Skrif as 'n *dinamies kontekstuele leierskap* sal wil praat. Dit impliseer dat hierdie beginsel naas die pneumaties-charismatiese aspek van leierskap in berekening gebring moet word.

Daar is 'n intensiewe studie van *1 Timoteus* gedoen. Daaruit het geblyk dat hierdie brief teen 'n veranderende makrokonteks gelees moet word. Tegelykertyd was die gemeente self aan verskeie veranderings onderworpe waarin Paulus se posisie en afwesigheid, die dwaalleraars, etiese vraagstukke, kulturele konteks en gemeentelike organisasie 'n rol gespeel het. Die metafoer van die *huisgesin van God* word deur die skrywer *visionêr* aangewend om 'n nuwe identiteit vir die gemeente te skep en tegelykertyd 'n denkraamwerk te vorm waarbinne die *gemeenteleier* hom/haar self asook die *leierskap* van die gemeente as geheel kan herinterpreteer. Binne hierdie raamwerk kom perspektiewe en funksies van spiritualiteit, charisma en bevestiging, gesag, integriteit, kollegialiteit/span-perspektief, begeleiding, lering, kommunikasie, pastoraat, organisasie, bestuur en die persoonlike wees-funksies na vore. Dit vind alles unieke aanwending binne die gesinsmetafoer.

## 5.3 GEVOLGTREKKINGS

### 5.3.1 Algemene opmerkings oor uitkomst

Daar kan nou gesê word dat die navorsingsprobleem, naamlik dat

*tradisionele vorme van leierskap onvoldoende is in die kontemporêre omstandighede van makrogemeentes in Suid-Afrika*

vanuit verskeie perspektiewe belig is. Dit blyk veral uit die onderhoude met

leierleraars van makrogemeentes waarvan in hoofstuk twee kennis geneem is. Daar is in hierdie gemeentes geskuif vanaf die tipiese beskrywing van leierskap volgens artikel 9 en die spesifieke toepassing daarvan binne 'n parogiale model na leierskap in 'n *netwerk-sisteem* wat nie net na binne nie, maar ook op *transformasie* in die gemeenskap gerig is. Die vertrekpunte van die vorige model was net te beperkend met betrekking tot die vereistes wat nou aan gemeentes in transformasie gestel word.

Verder is die hipotese:

*Transformasie vereis eietydse en kontekstuele ontwikkelings in leierskap*

uit verskeie perspektiewe beskou. Met behulp van die teologiese model en benadering wat gekies is, naamlik Hendriks (2004) se *wederkerige (korrelasie) hermeneutiese benadering*, kon die navorser by elke faset iets van die omvang van die transformasie en die invloed daarvan op leierskap aantoon. Verskeie voorbeelde van eietydse en kontekstuele ontwikkelings in leierskap het uit die plaaslike gemeentelike konteks (hoofstuk twee), uit die makro- en kerklike kontekste (hoofstuk 3) en uit die gegewens van die Skrif en tradisie (hoofstuk vier) na vore gekom. Beperkings met betrekking tot die volledige beantwoording aan die vereistes van kontekstualiteit en eietydsheid is in die Skrif en kerklike kontekste aangedui.

### **5.3.2 Leierskap as kontekstuele hermeneutiek**

Die bevindinge in hoofstuk vier waarin daar gesoek is na perspektiewe op Bybelse en tradisionele bronne van leierskap in transformasietye het uiteindelik laat blyk dat God, volgens die Skrif, in elke konteks en bedieningsmodel eiesoortige leiers na vore geroep het. Dink maar aan Pelsers (1990) se stelling dat die verskeidenheid bedieninge in die Nuwe Testament so groot is dat dit onmoontlik is om 'n verteenwoordigende model of struktuur te identifiseer. Benaminge van leiers in die Ou en Nuwe Testament wat by die verskeidenheid bedieningsmodelle aangepas het, toon ook 'n groot verskeidenheid. In die Ou Testament kry ons byvoorbeeld aartsvaders, regters, konings, priesters, profete, wysheidsleraars en in die Nuwe Testament verwysings na diakens, ouderlinge, herders, apostels, dissipels, evangeliste, profete, leraars en voorgangers. Burger en Wepener (2004c:16-22) sê dat die redes vir die uiteenlopende



terminologie die verandering in konteks en situasie en die verandering in die volk se behoeftes is en dat God mense dus vir 'n spesifieke situasie roep. Vergelyk hiervoor die navorser se voorlopige gevolgtrekkings in hoofstuk vier (punt 4.2.4.a) waarin daar gesê word dat...

*daar 'n voortdurende dinamiese proses was waarin nuwe omstandighede (konteks), Goddelike roeping, bedieningstrukture en leierskapspatrone in 'n hermeneutiese proses betrokke was om dan tot 'n eietydse antwoord te kom.*

1 Timoteus is aangedui as 'n brief wat deur middel van die metafoor van die *huisgesin van God* tot 'n eietydse verstaan van 'n bedieningsmodel en leierskap kom.

Die navorser se gevolgtrekking is daarom dat daar vir die begroning en eietydse verstaan van leierskap in plaas van die drie-ampteleer of die charismatiese model, nader aan die korrekte interpretasie van die Skrif en konteks is as leierskap primêr as 'n hermeneutiese funksie gesien word. Dit kan soos volg gedefinieer word:

***Leierskap is 'n kontekstueel hermeneutiese funksie***<sup>120</sup>


Leierskap ná die Bybelse tye moet eintlik dieselfde benadering vertoon as wat ons in die Skrif en selfs in die tradisie van die kerk vind, naamlik dat dinamiese ontwikkeling telkens binne eietydse kontekste op grond van die roeping van God plaasvind. Sodra 'n mens hierdie dinamika binne die verstaan van leierskap toelaat, bied dit die vryheid om deur middel van 'n hermeneutiese proses God se roeping vir leierskap eietydse en kontekstueel te interpreteer.

Die navorser stel voor dat die teologiese model van Hendriks (2004) met die leierskapsmodel van Roxburgh (2000:121-153) aangepas en benut word om iets van hierdie dinamiese leierskapsbenadering te illustreer. Leierskap is volgens so 'n model ten diepste die doen van teologie waarin 'n verhouding met God, die

---

<sup>120</sup> *Hermeneutiek* is 'n woord wat eintlik meer in die Bybelse wetenskappe gebruik word. Dit verwys na die studie van metodologiese beginsels van interpretasie (Hendriks 2004:13). Tate (1991) gebruik die terme hermeneutiek en interpretasie wederkerig en haal Braaten se definisie aan: *Hermeneutics is the science of reflecting on how a word or an event in the past time and culture may be understood and become existentially meaningful in our present situation.*

geloofsgemeenskap, die konteks en wêreld, die Skrif en tradisie alles betrek word in 'n proses van geestelike onderskeiding om die gemeente vanaf die verlede deur die hede na die toekoms te begelei. Leierskap is om na eietydse bedieningsmodelle te soek om saam met die geloofsgemeenskap die evangelie in haar eiesoortige konteks uit te leef met die oog op die koms van God se Koninkryk. Die leier gaan die gemeente voor in die 'korrelasie-hermeneutiese proses' en is die voorganger in die 'doen van teologie'. Miskien is dit op 'n manier wat Sweet *Pneumanautics* noem en wat veral in die *semiotiek* na vore kom wat beteken dat leiers die tekens van die tye reg sal lees.<sup>121</sup> Die aktiwiteite van leierskap soos deur Hendriks (2004:203-209) beskryf, naamlik 'n soeke na God se teenwoordigheid, identifisering van die probleem, onderskeiding, strategie en 'n beliggaming van die visie, missie en waardes kan hier in ag geneem word.



Skets 5-1 Doen van Teologie - Hendriks (2004:23) – aangepas.

<sup>121</sup> Vergelyk Niemandt (2005) se uiteensetting daarvan.

Die skets hierbo verwys na Hendriks (2003:23) se metodologie vir die doen van teologie, wat in hoofstuk een van die tesis aangehaal is (punt 1.4.1) en gebruik Roxburgh (2000:121-153) se vyf leierskapsfunksies as illustrasie van die soort funksie wat by elke faset van die hermeneutiese proses na vore tree. Leierskap behels sodoende om op grond van die roeping van God en as deel van die liggaam van Christus (onderste punt) as *pastor* naby God en gemeente te leef, binne die konteks van die geloofsgemeenskap se praktiese omstandighede en as deel van die globale wêreld (linkerkantste punt) as *digter* die kultuur te verwoord, die Skrif en tradisie (regterkantste punt) as *profeet* te interpreteer en op pad na die Koninkryk van God en die eskatologie (bopunt) as *apostel* vernuwing en verandering te begelei. Dit is 'n proses van geestelike onderskeiding as deel van die geloofsgemeenskap (middelpunt) waarin die *sinergis* al die lyne bymekaar kan trek. Iets van hierdie leierskap kan in die gemeentelike leierspan of die leierspan van leiers in 'n makrogemeente benut word.

Daar kan ook ander metodes van hermeneutiek binne hierdie omskrywing van leierskap gebruik word. So kan die kommunikasieteorie van Mouton (2005) wat by die inleiding van hoofstuk vier van die tesis genoem is, ook benut word (punt b). Dis egter veral die funksie van metafore soos die *huisgesin van God* (4.3.4) en andere, wat as hermeneutiese ontsluiting van 'n nuwe simboliese wêreld vir 'n gemeente in 'n bepaalde konteks benut kan word.



Dit is die mening van die navorser dat *missionêre leierskap*, soos deur Roxburgh (1998:199- 220) voorgestel, waarskynlik in die transformasietye waarin ons tans leef, die beste beantwoord aan die vereistes van die huidige konteks. Tog beteken kontekstualiteit ook dat plaaslike gemeentes unieke bedieningsbehoeftes mag hê en dat God binne daardie konteks fasette van leierskap na vore roep wat nie *per se* in hierdie model genoem is nie. Die model kan dus as riglyn gebruik word, maar moet hermeneuties binne elke unieke situasie geïnterpreteer word.

Volgens hierdie verstaan van leierskap is die leier en leiers in die gemeente dus daartoe geroep om as deel van en ter wille van die geloofsgemeenskap, maar veral met die oog op die bereiking van die wêreld, teologiese hermeneutiek prakties te beoefen. So kan leiers nooit sonder die spanning van 'n verhouding met God, die geloofsgemeenskap, die konteks, die Skrif en tradisie asook die verband van verlede,

hede op pad na die toekoms leef nie. Leierskap is op 'n besondere manier die praktiese doen van teologie saam met die geloofsgemeenskap, gerig op die *missio Dei* /die missie van God.

### 5.3.3 Riglyne met betrekking tot leierskap in makrogemeentes

Die gevolgtrekkings wat gemaak is, kan nou na die praktyk geneem word. Die navorser is bewus daarvan dat daar in die postmoderne wêreld geen voorskrifte nie, maar slegs rigtingwysers kan verskaf kan word – *no rules, just clues* (Easum 2000); *instead of maps, you will find leadership arts* (Sweet 1999a).

Die navorser meen dat rigtingwysers met betrekking tot leierskap in drie rigtings wys, naamlik: gemeentelike leierskap, span-leierskap en gemeente-leierskap.

#### a. Gemeentelike leierskap

Hierdie eerste aspek bring mens by sekere vertrekpunte ten opsigte van die bedieningsmodel, bediening en leierskap as sodanig.

- *Bedieningsmodel*

Die kursoriese studie van bepaalde Ou en Nuwe Testamentiese tekste (hoofstuk vier) het daarop gewys dat die keuse van 'n bedieningsmodel vir 'n bepaalde tyd ook bepaalde invloed op die tipe leierskap het. Daarby is daar by punt 5.2.1 gewys op die veranderinge of verskuiwings met betrekking tot die bedieningsmodelle wat in gemeentes plaasvind. Verder is verskeie perspektiewe in hoofstuk drie gegee met betrekking tot tendense in 'n postmoderne, na-christendom en globale wêreld. Aspekte van sisteembenadering en van *netwerksisteme* waarin verhoudinge, spontaniteit en chaos sleutelbegrippe is, kenmerk gemeentes in die nuwe millennium. Hierdie aspekte het 'n beduidende invloed op die tipe leierskap. Dit lyk vir die navorser of daar twee modelle is wat tans in makrogemeentes in Suid-Afrika rigting gee, naamlik:

- Netwerk-sisteem

In 'n netwerk-sisteem is elke lid van die sisteem belangrik vir die geheel, is

verhoudinge die basis van die bediening, is 'n spanbenadering essensieel, en word alle lede toestemming verleen en bemagtig tot die bediening. Die Gees se charismatiese toerusting van elke lidmaat bemagtig elkeen tot die bediening, terwyl die gemeente as geheel die bediening behartig. Die lidmate en die gemeente is die vertrekpunt vir die bediening. Elke lid is 'n leier op sy/haar gawe-terrein, terwyl leiers van groepe die lidmate in die bediening begelei.

○ Missionêre gerigtheid

Die navorser meen dat die missionêre gerigtheid en gestuurde karakter van die hele gemeente op goeie Skriftuurlike beginsels berus. Dit is verder vanweë die transformasietyd waarin die kerk haarself bevind, 'n noodsaaklike perspektief in die huidige konteks, veral van hoofstroomkerke in Suid Afrika. In die missionêre gemeente is die gemeente geroep om 'n teken, voorsmaak, agent en instrument van die Koninkryk van God te wees. Die gemeente as geheel (as pelgrimsvolk) word genoop om doelgerig as gestuurd leef, begelei deur 'n toegewyde kern van bedienaars en leiers en gerig op die koms van die Koninkryk van God in hulle konteks.

• *Bediening en leierskap*

Miskien het Mead (1996) dit die beste gesê toe hy daarop gewys het dat die uitdaging van die kerk is: *to transfer the ownership of the church*. Die begaafde lede van die liggaam van Christus is die vertrekpunt van die bediening en elkeen kan op sy/haar gawe-terrein leierskap uitoefen.

Indien die gemeente as sisteem gesien word wat gesamentlik God se roeping hoor as Hy hulle na hulle unieke konteks stuur, dan sal hulle ook gesamentlik verantwoordelikheid aanvaar vir spesifieke roepings of funksies wat uitgevoer moet word. Die algemene roepings wat tot die wese van die kerk behoort, naamlik *leitourgia*, *kerugma*, *koinonia* en *diakonia*<sup>122</sup> (Burger 1999:203-260)<sup>123</sup> kan as 'n eerste riglyn dien vir die bedieninge wat in 'n gemeente kan ontwikkel en met betrekking tot die funksies wat leiers sal vervul om hierdie bedienings saam met

---

<sup>122</sup> Die Afrikaanse weergawe daarvan is *liturgie (aanbidding)*, *verkondiging*, *geloofsgemeenskap en diens*

<sup>123</sup> Vergelyk ook Nel (1994:96) se *leitourgia*, *paraklese* (vermaning), *didache* (onderrig of lering), *kubernese* (leierskap), *koinonia*, *diakonia*, *marturia* (getuienis) en *kerugma*.

lidmate te ontwikkel. Gemeentes sal binne hierdie essensiële roepings van elke gemeente eie aksente plaas en eie bedienings ontwikkel wat gerig is op hulle konteks. Bedienings met betrekking tot jeug, gesinne, lidmaat-begeleiding, groepe, barmhartigheid, opbou, toerusting, kan spontaan ontwikkel, of onder die visie en leierskap van leiers in die gemeente. Indien die bediening van gemeentede en die bediening van die gemeente as geheel die uitgangspunt vir leierskap is, dan vervul die leiers in die gemeente net *funksies* om hierdie bedienings te ondersteun en te begelei. Hieronder is daar sekere funksies wat in hierdie studie na vore gekom het, waarmee leiers genoop word om die bediening te ondersteun.

○ Leierskapfunksies in makrogemeentes

Dit was verbasend om, te midde van die verskille, die ooreenstemming te sien tussen die mandate van leierleraars, die rigtingswysers in die literatuur oor leierskap in die nuwe millennium, leierskap in die missionêre model en die gegewens wat uit die Skrif en in besonder uit 1 Timoteus verkry is. Daar is telkens in die tesis verwys na konstruktiewe replikasie met betrekking tot die hoofsaak van die navorsing, naamlik transformasie, kontekstuele bedieningsmodelle en leierskapsgestaltes, wat soos 'n goue draad deur al die hoofstukke loop. Die kursoriese opsomming ten opsigte van leierskapfunksies hieronder is nie bedoel om volledig te wees nie en ook nie om te herhaal wat bespreek is nie. Die belangrikste funksies van leierskap wat in die geheel na vore getree het, is:

- *Spiritualiteit*

'n Lewe voor die aangesig van God, as *man (vrou) van God* (1 Timoteus 6:11) waarin geestelike dissiplines en 'n diepe bewustheid van roeping voorkom.

- *Lewensvoorbeeld*

'n Lewe van integriteit as 'n voorbeeld van Christus se genade. Die wees-funksie het veral in die postmodernisme voorrang bo die doen-funksies (vergeelyk 3.1.2 by hoofstuk drie van die tesis).

- *Kultuur-skepping*

Bogenoemde twee funksies word 'n styl vir 'n hele organisasie as die leier dit voorleef. Kultuurskepping is meer omvattend en verwys ook na die waardes, styl en

missies wat vergestalt moet word.

- *Begeleiding*

Die hele geloofsgemeenskap behoort begelei te word na God se agenda en die koms van Sy koninkryk. Dit impliseer transformasie-begeleiding. Dit kan verwys na die mentor en ondersteuning van ander leiers. Dit kan al die doen-funksies hieronder insluit omdat begeleiding ook na die begeleiding van prosesse kan verwys.<sup>124</sup>

- *Visionering*

Om te luister na God en die konteks kom eintlik voor visionering. Visie is immers 'n openbaring, 'n droom van God in die harte van Sy gemeentelede. In die nuwe millennium sluit dit egter kreatiwiteit, intuïsie en onderskeidingsvermoë in. Die leier is die een in wie die visie vergestaltung vind en wat dit voorleef.

- *Missionêre doelgerigtheid*

Die oortuiging van die missionêre roeping van die hele kerk vra dat alle aktiwiteite doelgerig daarop gerig word. Dit vra duidelike fokus en beplande aksie.

- *Gesagvolle lering*

Die Skrif en Bybelse verhale is telkens binne elke konteks nuut geherinterpreteer. Dis "Ancient Future"-leierskap wat in die Skrif en tradisie veranker is, maar in eietydse taal uitgelê word. Toerusting is onvervreembaar deel van leierskap.

- *Kommunikasie*

Dis die vermoë om die taal van die konteks so te ken en tegelykertyd God se woorde in kontekstuele taal te verwoord sodat God se visie, missie en roeping vir ander duidelik kan word.

- *Bestuur en organisasie*

Die bediening vind kanale waardeur dit kan vloei, vind strukture waarin die evangelie beliggaam kan word. In die postmoderne wêreld is dit verkieslik dat strukture verhoudingsgerig, plat, en spontaan is en in netwerke vorm kry. Leiers onderskei

---

<sup>124</sup> Smit (1995) sluit *presensie, visionering, fasilitering en energering* by begeleidende leierskap in.




tussen verouderde strukture wat laat vaar kan word en nuwe strukture wat meer geskik is om God se genade te kanaliseer.

- *Leierskapsontwikkeling*

Daar is telkens daarop gewys dat 'n leier ander leiers begelei, mentor, motiveer en bemagtig. Hoe groter en effektiewer die span leiers is, hoe beter kan die visie en missie wat God gee, na verskillende terreine gedra word.

Natuurlik sou daar nog verskeie ander fasette tot die funksies bygevoeg kan word. Hierdie funksies is egter noodsaaklik in *transformasietye*. Dié funksies kan en sal waarskynlik in 'n verskeidenheid van leiers gestalte kan vind. En vanuit daardie hoek is dit goed om laastens die soort leierskap in ag te neem wat prominent sal funksioneer op verskillende fases van verandering. Dis hier waar Roxburgh (2000) se *pastor, digter, profeet en apostel* wat deur die *sinergis* tot maksimale benutting gelei word, weer onthou kan word. As 'n mens die massiewe golwe van transformasie in ag neem, word daar van leiers vereis om kennis en insig te hê van sisteme, prosesse, paradigmas, generasies, denksisteme, getalle en veral van die tydsgees. 'n Gees van onderskeiding as *Pneumanauts* (Sweet volgens Niemandt 2005 – hoofstuk drie 3.2.6) wat die Gees se leiding en die aard van die konteks en die fases van transformasie sal verstaan, word benodig.



b. Span-leierskap

Die uitgangspunt hierbo oor die bediening van alle lidmate en die gemeente as geheel veronderstel reeds dat die bediening 'n gemeenskaplike saak is. Die verskeidenheid van bedieninge en leierskap wat in hoofstuk vier beskryf is, veronderstel ook gemeenskaplikheid. Leierskap volgens die metafoor van die *huisgesin van God* in 1 Timoteus beklemtoon selfs die feit dat hierdie medewerking op 'n basis van sterk gesinsverhoudinge in die gemeente geskied. In hoofstuk drie is die spanbenadering sterk beklemtoon met betrekking tot bedieninge in die nuwe millennium, waar die funksionering in groepe deel vorm van die lewe en diens van die gemeente. Die beeld van die *spanleier* (Sweet 2004) en *afrigter* van die span (Bandy 2000) is maar twee maniere waarop dit beklemtoon is. Dit is uit die praktyk van die nagevorsde gemeentes (hoofstuk twee) bevestig, waar 'n spanbenadering in die bedieningsgroepe en die leierskap beklemtoon is.

Die implikasie is dat leiers op alle vlakke van die gemeentelike bediening die uitdaging sal aanvaar om aan gemeenskaplikheid in die bediening in 'n spanbenadering gestalte te gee. Dit kan die beste tot uitdrukking kom indien leiers hulle gawes, belangstelling, ervaring en roeping aanvullend tot mekaar gebruik om daarmee sinergisme te bewerkstellig. Sweet (2004:89) sê

*“The essence of leadership is relationship: influencing people to achieve things together that can't be achieved alone.”*

c. Gemeente-leierskap (leierleraarskap)

Hier wil die navorser nie alleen verwys na gemeentelike leierskap soos hierbo beskryf nie, maar spesifiek na “leierskap van die gemeente” waar dit aan 'n persoon opgedra word. Dit was immers die invalshoek waaruit hierdie navorsing geskied het. Watter gevolgtrekkings kan gemaak word oor *leierleraarskap*? Het ons enige riglyne of aanduidings gevind wat die kontemporêre ontwikkelings kan ondersteun of verstel? Drie riglyne of aanduidings kan genoem word.

- *Leierskap in bedieningsraamwerke*

Die hele uiteensetting van gemeentelike-leierskap en span-leierskap hierbo is noodsaaklike raamwerke vir gemeente-leierskap. Die tipe leierskap kan floreer as die bediening van alle lidmate en die gemeente as geheel bevorder word en samewerkende spanne van lidmate en leiers die netwerk is waarin dit funksioneer. Die uitdagings vir bediening in die na-christendom, postmoderne en inligtingstechnologiese wêreld behoort as die breër raamwerk van die gemeenskap en wêreld ook in ag geneem te word. Daar is bedieningsmodelle waarin *netwerke* 'n rol speel en 'n *missionêre gerigtheid* waarskynlik die beste uitgangspunte vir bediening in bogenoemde uitdagende raamwerk of konteks.

- *Leierskapstyl en verhoudings*

Leierskapstyl is 'n omvattende begrip waaronder verskeie aspekte wat leierleraarskap in gevaar stel of bevorder genoem kan word. In aansluiting by bogenoemde punt kan die verkeerde bedieningsraamwerk byvoorbeeld aanleiding gee tot 'n ongewenste

soort leierskap gee. Uit 'n verkondigings- of institusionele model en uit modernistiese raamwerke kan dinge soos 'n hiërargiese ordening, te veel beheer en kontrole en klem op status en posisie die hele bedoeling van dié leierskap kelder. Daarmee saam kan gemeentes mandate aan leierleraars toeken wat hulle juis sterk koppel aan die bestuur van die gemeente. Dit kan beteken dat die primêre fokus eerder instandhouding as gestuurdheid word. Dit blyk uit hoofstuk twee dat strategiese beplanning nog 'n belangrike aspek van die mandate uitmaak, terwyl die literatuur uitgewys het dat 'n liniêre soort beplanning tipiese modernistiese tendense toon. Indien strategiese prosesse vanuit 'n postmoderne oogpunt benader word, word daar 'n heel ander benadering gevolg waarin kreatiwiteit, intuïsie, verhoudinge en netwerke deel van die proses is.

'n Ander aspek van leierleraarskap het met die *verhoudings* in die span(ne) te doen. Die bevindings van hoofstuk drie en hoofstuk vier was dat verhoudings in die huidige tydsges is en dat dit uit die Skrif sterk ondersteuning vind. Die metafoor van die *huisgesin van God* spoor die leier aan tot 'n verhoudingsgerigte leierskap. So het die sisteem-benadering ook tot groot sensitiwiteit vir emosies in die sisteem aangespoor en help die gemeente-leier om volledig deel van die sisteem te wees en nie los en teenoor die gemeente en spanne te staan nie. Die verhouding van die gemeenteleier, ander leiers en medeleraars is uiteraard van kritiese belang. Persepsies wat uit ander velde as die kerklike ingedra word, soos dat die leierleer die “CEO”, “skoolhoof” of “baas” van die gemeente is, kan negatief beoordeel word en verhoudings vertroebel. Dit kan gevaarlik wees as die gemeente-leier in posisies gestel word waar hy/sy besluite oor kollegas moet neem of beheer en kontrole uitoefen.. Die raamwerk van 'n verouderde Gereformeerde stelsel waarin leraars as medeleraars in pastorgrootte gemeentes en in herder-kudde bedieningsmodelle gefunksioneer het en waarin die vereistes en behoeftes van leierskap anders was, kan 'n rol speel om weerstand by kollegas en gemeentelede teen die nuwe vorm van leierskap te veroorsaak. Die gevaar is dat denkraamwerke oor die bediening en leierskap kan verskil en die aanvaarding van die gemeente-leierskap kan verhinder. Verskille in denkraamwerke van medeleraars kan tot verskille in persepsies oor leierskap aanleiding gee. Daar is dus 'n verweefdheid van bedieningsmodelle, denkraamwerke, tradisies en persoonlikhede wat in die tipe leierskap op die spits gedryf kan word. Transformasie-begeleiding kan die sinvolle begeleiding van al

hierdie aspekte, wat die verhoudings in die gemeente en in die leierskapspele kan beïnvloed, insluit.

- *Spanwerk, sinergisme en rigtinggewende leierskap*

Groepleiers en spanleiers word op alle vlakke van die gemeentelike bediening veronderstel. So is daar groepleiers, kategete, diensgroepleiers, wyksleiers, bedieningsleiers (netwerkleiers) van verskillende groottes van groepe in die meeste gemeentes teenwoordig. Spanwerk is veral in netwerksisteme van groot belang. Die navorsing het bevind dat groottes van gemeentes in ag geneem kan word vir die tipe leierskap wat benodig word. Perspektiewe uit die tekste wat ondersoek is, het 'n verskeidenheid en meervoudige leierskap getoon. Die gemeenteleier kan as 'n spanleier 'n groot rol speel om samewerking in die hele sisteem te bevorder.

Dit het uit die navorsing geblyk dat die transformasietyd waarin gemeentes verkeer, hulle nou na meer rigtinggewende leierskap vir die gemeente as geheel laat soek. Indien Roxburgh (2000) se bydrae as basis vir die fases van transformasie gebruik word, is die veronderstelling dat leierskap as deel van 'n span beoefen behoort te word. In hierdie span is die *pastor, digter, profeet en apostel* belangrik, maar kan dit die beste resultate lewer wanneer hulle insette deur 'n *sinergis* tot voordeel van die geheel gekoördineer word. Dit beteken nie dat die leier teenoor, bo of buite die kring van die ander leiers staan nie, maar dat hy/sy juis deel van die span en sisteem is. Die leier speel 'n rol en funksie – gelyk aan die funksies van ander leiers – om die bedienings, insette en bydraes van almal tot voordeel van die geheel te integreer en te rig op die missie en visie van die gemeente. Die rol en funksies van ander leraars in die span kan ander fasette as bogenoemde behels en mag saamval met spesifieke funksies, roepings of bedieninge van 'n bepaalde gemeente.

Die funksies van leierskap in makrogemeentes wat hierbo genoem is, kan gesamentlik in die gemeente en span aangepak word en hoef nie net funksies van die gemeenteleier te wees nie. Die gemeenteleier se funksie kan hoofsaaklik rondom *koördinering* en *rigtinggewing* in lyn met die gemeente se visie en missie wees. Dit beteken waarskynlik dat *transformasie-begeleiding* deel van daardie taak kan wees.

- *Kontekstueel hermeneutiese funksie*

Dit is volgens die navorser eintlik die omvattende definisie van Christelike leierskap en daarom kan nie nagelaat word om hierdie aspek te beklemtoon nie. Funksies soos visionering, transformasie-begeleiding, rigtinggewende leiding, spanleierskap berus op 'n insig in die konteks en tydsgees waarin die gemeente leef. Dit behels die vermoë om fyn na God te luister soos wat Hy in sy Woord en op ander maniere leiding gee. Kontekstuele hermeneutiek is om al hierdie aspekte in samehang tot 'n metaforiese verstaan van God se bedoeling en beter simboliese werklikheid te begelei. Die integriteit en spiritualiteit van die leier is daarin belangrik. 'n Gemeenteleier is die voorloper in die beoefening van kontekstuele hermeneutiek in die gemeente.

- *Benamings*

Die benaming “leierleraar” is nie oral gewild nie. Dit mag wees dat hierin iets van 'n leier van die leraars gehoor word. Dit mag in terme van die span te sterk oorkom. Ander keuses soos *koördinerende-*, *uitvoerende-*, of *visie-leraar* beklemtoon 'n faset van die funksie, maar is nie heeltemal omskrywend nie. Die meeste makrogemeentes het gekies vir die term *leierleraar*. Die term *gemeenteleier* is deur een gemeente<sup>125</sup> gekies en mag die beste keuse wees. Die bevindings uit die Bybelse gegewens was dat benamings nie gefikseer geraak het nie, maar saam met konteksveranderinge, bedieningsmodelle en leierskapsgestaltes verander het. God het verskillende persone in verskillende kontekste geroep om 'n rigtinggewende verskil te maak en daar was 'n verskeidenheid benaminge daaraan gekoppel. Dink maar aan die ‘voorganger’ (*proistamenos* – Rm 12:8; 1 Ts 5:12-14) of ‘leier’ (*kubernesis* – 1 Kor 12:28) waarvan in die Nuwe Testament gepraat word en wat in hoofstuk vier genoem is (4.1.3.b). Die funksie is waarskynlik eerder as die pos beskryf. Daar was egter nie twyfel dat daar aan 'n persoon 'n leidinggewende funksie toegeken is nie.

Die bevindings uit hoofstuk twee is dat gemeentes wel vanweë die kontemporêre veranderings 'n behoefte aan 'n gemeenteleier ontwikkel. Die funksies wat tans in gemeentes aan die leiers toegeken word, stem volgens die bevindings in hoofstuk drie en vier redelik ooreen met funksies wat in die globale konteks en volgens die Bybelse tekste wat ondersoek is, met transformasietye gepaard gaan. God het telkens in

---

<sup>125</sup> NG Gemeente Tygerpoort het Dr Ferdi Claassen aangewys as *gemeenteleier*

transformasietye mense tot 'n leiersfunksie vir die volk, kerk of gemeente geroep. In die kontemporêre situasie van makrogemeentes sou dit daarom nie in stryd wees met die resultate van die ondersoek om 'n leiersrol vir iemand in 'n makrogemeente toe te ken en hom/haar die leierleraar of gemeenteleier te noem nie. Die transformasie tot missionêre gemeente mag juis hierdie leierskapsfunksie benodig.

d. Predikant-identiteit

“Wie is jy dominee?” is die vraag waarmee hierdie studie begin het. Die predikantsamp as sodanig was egter nie die hoofokus van hierdie navorsing nie. Leierskap in makrogemeentes is baie wyer as die identiteit van die predikant. Die feit dat die invalshoek van leierleraarskap gebruik is om die probleem te belig, het dit egter met die predikantsamp in verband gebring. Hier volg enkele gevolgtrekkings.

Dit was baie duidelik dat die identiteit en rol van die predikant ook radikaal deur die transformasie in die tydsgees, kerkbeskouing, bedieningsmodel en persepsies van leierskap geraak word. Verder blyk dit dat die uiteensetting van leierskap hierbo die predikant se identiteit en rol nie los nie, maar as deel van die gemeente en sy leierskap sien. Miskien kan 'n mens net sê dat die predikant, met sy/haar besondere roeping en opleiding by uitstek geroep word om

*leierskap as kontekstuele hermeneutiek*

te beoefen. Dit beteken dat die predikant sy/haar identiteit allereers in leierskap vind en spesifiek as *kontekstuele Christelike hermeneut*. Die predikant se funksie kan verskil na gelang van die konteks, gemeente en leierskapspan waarin God hom/haar roep.

## 5.4 AANDUIDINGS VIR VERWANTE ONDERSOEKE

Hierdie studie is afgestem op leierskap in makrogemeentes en het veral perspektiewe op kontemporêre ontwikkelings aangebied. Sekere aspekte van leierskap en aansluitende velde van ondersoek kon net kursories aangeraak word en kan baat vind by verdere studie. Om een voorbeeld te noem, kan die identiteit en rol van die *predikant* byvoorbeeld verder nagevors word. Verder is daar in die literatuur heelwat

verwysings na die feit dat die transformasie wat in die persepsie van leierskap plaasgevind het, die *opleiding van predikante* indringend raak. Die *kerkordelike* implikasies van die funksie van 'n *sinergis*, leierleraar of gemeenteleier kan ook verdere navorsing verg.

Hierdie studie het aangetoon dat die kerk en by name die NG Kerk in 'n omvangryke transformasietyd verkeer. Die nagevorsde gemeentes gee egter hoop dat daar werklik diepgrondig nuut gedink word oor die identiteit en roeping van die kerk, gesoek word na eietydse bedieningstrukture en dat herbesin word oor rigtinggewende leierskap vir hierdie kontemporêre tydperk.

Daar is egter verskeie fasette van transformasie wat deel is van die Suid Afrikaanse gemeenskap en wat vanweë die afbakening van hierdie tesis nie in die navorsing genoegsame aandag kon kry nie. Daar is reeds in die samelewing 'n groter sensitiwiteit met betrekking tot die multikulturele en feministiese aspekte van die samelewing. Hierdie kontekstuele veranderinge in die samelewing verdien dringend groter blootstelling en ondersoek met betrekking tot leierskap in kerklike konteks. 'n Mens sou intendeel indringend kon vra of die transformasie wat globaal in die wêreld en op kerklike terrein genoem is, werklik essensieel aangespreek word deur die kontemporêre ontwikkelings soos leierleraarskap in makrogemeentes. Kontekstueel en eietydse problematiek van die Suid Afrikaanse samelewing roep waarskynlik na 'n verdere hermeneutiese besinning oor leierskap met betrekking tot sake soos die posisie, status en leierskap van vroue, versoening en rassisme, die rol van bedieningsmodelle om etiese kwessies (onder andere vigs, verkragting, geweld, misdaad, korrupsie) aan te spreek, oor armoede en vele meer.

Die bevinding en gevolgtrekking dat *leierskap 'n kontekstueel hermeneutiese funksie* is, kan moontlik 'n bydrae lewer dat die lig van God se veranderende genade op meer aspekte van die kerk en samelewing sal val en dat leiers na vore sal tree wat metafories nuwe simboliese wêreldes ontsluit waarin meer mense gelukkig kan woon.

Soli Deo Gloria!



## BRONNELYS

- Armour, MA & Browning, D 2000 *Systems-sensitive leadership. Empowering diversity without polarizing the church.* Joplin, Missouri: College Press Publishing Company
- Bandy, T G 2000. *Coaching change.* Nashville: Abingdon
- Barrett, L 1998. Missional witness: The Church as Apostle to the world, in Guder, D *Missional Church.* 110-141 Grand Rapids: Eerdmans Publishing Co.
- Blackaby, H & Blackaby, R 2001. *Spiritual Leadership. Moving people on to God's agenda.* Nashville, Tennessee: Broadman & Holman Publishers
- Blackaby, H & Blackaby, R 2004. *Geroep as God se leier. Lesse uit die lewe van Josua.* Struik Christelike Boeke
- Bosch, D J 1993. *Transforming mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission.* New York: Orbis.
- Breytenbach, HS 1992. Vir situasieleierskap is nodig die herkenning van sekere gedragstyle en die leiding van die Gees. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 7(2), 87-100. Pretoria
- Buchanan, D & Hendriks, J H 1995. *Meeting the future: Christian leadership in South Africa*, Randburg: Knowledge resources,
- Burden, J & Deist, F 1991. *Kom ons doen Bybelstudie.* Pretoria: Acacia
- Burden, J, Deist, F & Klopper, F 1992. *Kom ons doen Bybelstudie 2.* Pretoria: Acacia.
- Burger, C W 1991. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, RGN Uitgewery
- 1995. *Gemeentes in transito: Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd.* Kaapstad: Lux verbi.
- 1997. *Familie van God!* Kaapstad: Lux Verbi

- 1999. *Gemeentes in die Kragveld van die Gees*. Bloemfontein: CLF drukkers.  
Lux Verbi.
- 2003. Ons sal mekaar moet help, *Kruisgewys* 3/3. 1-2
- 2004a. Die predikantsamp. Deel 4: Predikantwees in die Gereformeerde tradisie in die 21ste eeu – nuwe uitdagings en nuwe tendense. *NGTT 45 (3&4 – Sep+Des)*, 529-537
- 2004b. Die predikantsamp. Deel 5: Kan die drie-ampteleer ons help om 'n Bybelse fokus aan die predikantsamp te gee? *NGTT 45 (3&4, Sep+Des)*, 538-548
- 2005. *Ontmoetings met die lewende God. Hoe God ons roep, nut maak – en stuur*. Wellington: Lux Verbi BM.
- Burger, C W & Wepener, C J 2004a. Kontekstuele uitdagings... *Kruisgewys* 4/1
- 2004b. Die predikantsamp. Deel 1: Onduidelikheid oor die kerninhoud van die predikantsamp. *NGTT 45 (1&2)*, 6-14
- 2004c. Die predikantsamp. Deel 2: Op soek na 'n Bybelse visie van die amp: Ironieë en verrassings. *NGTT 45 (1&2)*, 15-22
- Cahoone, LE 1995. The ten modernisms, in Rossouw, GJ (Ed) *Life in a Postmodern culture*. 1-39. Pretoria: HSRC Publishers.
- Carroll, J C, Dudley, C S & McKinney, W 1986. *Handbook for congregational studies*. Nashville: Abingdon.
- Castells, M 1997. *The Power of Identity*. II. Malden: Blackwell Publishing.
- 2000. *The rise of the network society*. I. Malden: Blackwell Publishing
- Codrington, G & Grant-Marshall, S 2004. *Mind the gap!* Rosebank: Penguin Books
- Coertzen, P 1995. Ampte in die kerk. Gedagtes oor die aard van ampte in die kerk. *NGTT 3*. 343-352
- Collins, J 2001. *Good to great. Why some companies make the leap and others don't*

- New York: Harper Collins Publishers.
- Conzelmann, H & Lindemann, A 1980. *Arbeitsbuch zum Neuen Testament*. Tübingen: JCB Mohr.
- Deist, FE & Burden, JJ 1980. *'n ABC van Bybeluitleg*. Pretoria: JL van Schaik.
- Deist, FE & Le Roux, JH 1987. *Rewolusie en Reïnterpretasie*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- De Villiers, JL 1997. Kulturele, ekonomiese en sosiale omstandighede in die Grieks-Romeinse wêreld. In Du Toit, A.B. (red.) *Handleiding by die Nuwe Testament* 2. Halfway house: Orion
- Dietterich, I 1998. Missional Community: Cultivating Communities of the Holy Spirit, in Guder, D *Missional Church*. 142-182. Grand Rapids: Eerdmans.
- Dreyer, D 2003. *Lééf jou gemeente regtig?* Wellington: Lux Verbi BM
- Du Plessis, IJ 1976. The rule of Christ and the rule in the church. *Neotestamentica* 10, 20-30.
- Du Rand, JA 1986. *Want die einde is naby*, Wellington: Bybelkor
- Du Toit, AB 1974. Die skrywer van die Pastorale Briewe – 'n oorsig oor die stand van die ondersoek. *Biblical theology bulletin* (7) 99-111
- (red) 1980. *Handleiding by die Nuwe Testament Band IV*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal
- (red) 1984. *Handleiding by die Nuwe Testament Band V*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.
- Durand, J 2002. *Ontluisterde wêreld. Die Afrikaner en sy kerk in 'n veranderende Suid-Afrika*. Wellington: Lux Verbi. BM
- Duvenage, S 1975. *Die dekor van die Nuwe Testament. 'n Kultuur-historiese agtergrondstudie*. Potchefstroom: Pro Rege.

- Easum, W M & Bandy, T G 1997. *Growing spiritual redwoods*. Nashville: Abingdon.
- Easum, B 2000. *Leadership on the other side*. Nashville: Abingdon Press
- Floor, L 1974. Die Presbiter by Lukas en Paulus. *Biblical theology bulletin* (7), 83-98
- Gaede, BA (ed) 2001. *Size transitions in congregations*. Alban Institute.
- Gibbs, E 1990. *I believe in church growth*. London: Hodder and Stoughton.
- Gibbs, E & Coffey I, 2001. *Church next: quantum changes in Christian ministry*, Leicester: Inter-varsity Press.
- Goppelt, L 1976. *Theologie des Neuen Testaments*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Guder, D J (ed) 1998. *Missional church. A Vision for the Sending of the Church in North America*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans
- Guthrie, D 1970. *New Testament Introduction*. Leicester: Inter-Varsity Press.
- Hasel, G 1972. *Old Testament Theology: Basic issues in the current debate*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Hendriks, HJ 1990. Bediening in en deur die gemeente. 'n Prakties-Teologiese basisteorie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 5(1) 19-42
- 1992. *Makro-bediening*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- 2004. *Studying congregations in Africa*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- 2005a. Religion in South Africa with denominational trends 1911-2001, in *South African Christian Handbook*. 27-86. Wellington: Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk.
- 2005b. What in this world is happening to this world, in *South African Christian Handbook*. 115-132. Wellington: Tydskriftemaatskappy v.d. NG Kerk

- Hendriks, HJ, Erasmus, J & Mans, G 2005 Census 2001: General demographic data, in *South African Christian Handbook*. 16-26. Wellington: Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk
- Heyns L M, Pieterse H J C, 1990. *Eerste treë in die Praktiese Teologie* 3, Pretoria: Gnosis
- Heyns, L 1993. Die amp in 'n krisis: 'n terreinverkenning. *NGTT* 34, 354-362
- Holtz, G 1972. *Die Pastoral-briefe*. Theologischer Handkommentar zum NT. Berlin: Evangelische Verlagsanstalt.
- Hunsberger, G 1998. Called and Sent to Represent the Reign of God, in Guder, D *Missional Church*. 77-109. Grand Rapids: Eerdmans.
- 2004. Leaders in the missional church. *Kruisgewys* 4/1. 32-33
- Hybels, B 2002. *Courageous Leadership*. Grand Rapids: Zondervan
- Jackson, N 2005. Met popcorn gestenig. *Beeld* 2 Sep 2005. 19
- Jeremias, J 1971. *New Testament Theology, Vol 1*. London: SCM Press.
- 1975 *Die briefe an Timotheus und Titus; Der Brief an die Hebraer*. Das Neue Testament Deutsch. Gottingen: Vandenhoeck & Ruprecht
- Johnson, LT 1996. *Letters to Paul's Delegates: 1 Timothy, 2 Timothy, Titus*. Valley Forge, Pennsylvania: Trinity Press International.
- Johnson, TW 2001 Current thinking on size transitions, in Gaede, BA. *Size transitions in congregations*, 3-30. Alban Institute.
- Joubert, SJ 1987. Die armoedeprobleem van die Jerusalemgemeente. 'n Sosio-historiese en eksegetiese ondersoek. Doktorale tesis, Universiteit van Pretoria.
- Keifert, P R 1992. *Welcoming the Stranger*. Minneapolis: Fortress
- Kerkbode* 11 Feb 2005 NGK groei én bloei, 1
- Kroeger, RC & Kroeger, CC 1992. *I suffer not a woman. Rethinking 1 Timothy 2:11-*

- 15 in light of ancient evidence.* Grand Rapids: Baker Book House.
- Kilian, J 1985. *Form and style in theological texts 2.* Pretoria: Unisa.
- Kümmel, WG 1975. *Introduction to the New Testament.* London: SCM Press
- Küng, H 1967. *The Church.* London: Search Press.
- Lategan, BC 1991 'n Moontlike sleutel tot die teologie van 1 Timoteus. In *Teologie in konteks.* Robberts, JH (red.) Halfway House: Orion.
- Lemaire, A 1972. Pastoral Epistles: redaction and theology. *Biblical Theology Bulletin II.*
- Lombaard, HA 1976. Charisma and church office. *Neotestamentica 10*, 31-52
- Lötter, HPP 1995. Modernity, postmodernism and politics (in places like South Africa) in Rossouw, GJ (Ed) *Life in a postmodern culture*, 35-61. Pretoria: HSRC Publishers
- Loubser, JA 2000. Media criticism and the myth of Paul, the creative genius, and his forgotten co-workers. *Neotestamentica 34*(2), 329-345.
- 2001. Reconciling rhetorical criticism with its oral roots. *Neotestamentica 35* (1-2), 95-110.
- Louw, L 2003. Predikant-in-meervoud. *Kruisgewys 3/3*, 3-4.
- Louw, S 2004. Wie is jy dominee? *Die Kerkbode*, 12 Nov. 2004, 13
- Malina, B 2001. *The New Testament world. Insights from cultural anthropology.* Atlanta: John Knox Press.
- Malina, B, Joubert, S & van der Watt, J 1995. *Vensters wat die Woord laat oopgaan.* Halfway House: Orion.
- Mann, A 1998. *The in-between church: Navigating size transitions in congregations,* Alban Institute.
- Maxwell, JC 1995. *Developing the leaders around you.* Nashville: Thomas Nelson

Publishers.

--- 2000. *Word die leier wat jy kan wees*. Parow: Struik Christelike boeke.

McLaren, BD 2000. *The church on the other side*. Grand Rapids, Michigan:

Zondervan.

Mead, L 1991. *The once and future church*. Alban Institute.

Mead, L 1993. *More than numbers. The ways churches grow*. Alban Institute

--- 1996. *Five challenges for the once and future church*. Alban Institute

Meeks, WA 1983. *The first urban Christians. The social world of the apostle Paul*.

New Haven and London: Yale University Press.

Minear, PS 1960. *Images of the church in the New Testament*. Philadelphia:

Westminster Press.

Mouton, E 2001. A Rhetoric of teheological vision? On Scripture's reorienting power in the liturgy of (social) life. *Neotestamentica* 35(1-2), 111-127

--- 2005. The pathos of New Testament Studies: Of what use are we to the church and its (public) ethos? Inaugural lecture, University of Stellenbosch., 22 March 2005.

Mouton, E & Van Wolde, E 2004. Saved through childbearing? Perspectives on God and humanity in 1 Timothy (1:15-3:1). Unpublished paper read at annual meeting of the AAR/SBL, San Antonio, USA, 20-23 Nov 2004.

Mullins A & Myburgh K 2004. *Gekies! Paulus se briewe aan Timoteus en Titus*.

Wierdapark: Content solutions.

Nederduitse Gereformeerde Kerk. Agenda Algemene Sinode 1998. *Ondersoek na 'n Nuwe Testamentiese basis vir die heraanpassing van die bediening-struktuur in die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. *Bylae A15-1*. 217-221

Nel, M 1994. *Gemeentebou*. Halfway House. Orion Uitgewers



- Nell, I 2002. Hoe lees ons die Nuwe Testament as verhaal van die kerk? Hulpmiddels vir die leesproses, in Burger CW & Nell I, *Draers van die waarheid: Nuwe Testamentiese visies vir die gemeente*. Paarl: Paarl Print
- Newbigin, L 1957. *The household of God*. London: SCM Press.
- NG Kerk Agenda, 2002. Algemene kommissie vir predikantsbediening.
- Niemandt, N 2005. Pneumanauts. Len Sweet oor Leierskap in *Kruisgewys 5/1*. 41-42
- O’Kennedy, D 2003a. Wat sê die Bybel oor vernuwing en transformasie in die gemeente? (Deel 1: Ou Testament). *NGTT 44*, 132-146
- 2003b. Wat sê die Bybel oor vernuwing en transformasie in die gemeente? (Deel 2: Nuwe Testament). *NGTT 44*, 433-451
- Oswald, R 1998. How to minister effectively in Family, Pastoral, Program and Corporate size churches, in Mann, A *The in-between church*, 77-91. Alban Institute.
- Pelser, GMM 1990. Die bediening in die Nuwe Testament. ’n Ondersoek na historiese wording en prinsipiële regverdigbaarheid. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika 5(1)*, 1-18
- Punt, J 1998. ‘My Kingdom for a method’: Methodological preoccupation in areas of South African New Testament scholarship. *Neotestamentica 32(1)*. Bloemfontein: NG Sendingpers.
- Quinn, JD 1990. Paraenesis and the Pastoral Epistles, *Semeia 50*, 189-210
- Regele, M 1995. *The death of the church*. Grand Rapids: Zondervan.
- Rendle, GR 1998. *Leading change in the congregation*. Alban Institute
- Ridderbos, H 1967. *De Pastorale briewe*, Commentaar op het Nieuwe Testament, Kampen, N.V: Uitgeversmaatschappij J.H Kok
- Roberts, JH 1976. Can Church offices be founded in Paul? *Neotestamentica 10*, 1-19

- Roberts, JH, Vorster, WS, Vorster, JN & Van der Watt, JG (red) 1991. *Teologie in konteks*. Halfway House: Orion.
- Roloff, J 1988. *Der erste brief an Timotheus*. Evangelisch-Katholischer Kommentar  
Zürich: Benziger Verlag.
- Rossouw, GJ (red) 1995a *Life in a postmodern culture*. Pretoria: HSRC Publishers  
--- 1995b *Ons postmoderne wêreld*. Pretoria: RGN Uitgewery
- Rossouw, J 2005. Opstand in die NG Kerk. *Die Vrye Afrikaan* 19 Aug. 2005.
- Rossouw, PJ 1990. Bedieninge in verskillende kerklike tradisies met verwysing na verskillende paradigmas. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 5(1), 43-60
- Roxburgh, A J 1997. *The missionary congregation, leadership & liminality*.  
Harrisburg: Trinity Press International.  
--- 1998. Missional Leadership: Equipping God's People for Mission, in Guder, D  
*Missional Church*. 199-220. Grand Rapids: Eerdmans.  
--- 2000. *Crossing the bridge. Church leadership in a time of change*. Percept Group.
- Schoeman, K & Bisschoff, J 2005. *Kerkspieël 2004*. Pretoria: EGSN, Universiteit  
Pretoria
- Shawchuck, N & Heuser, R 1993. *Leading the congregation: Caring for yourself while serving others*. Nashville: Abingdon
- Smelik, EL 1973 *Die briewe van Paulus aan Timotheüs, Titus en Filemon, De Prediking van het Nieuwe Testament*, Nijkerk: G.F. Callenbach
- Smit A, (red) 1995. *Nuut gedink oor leierskap in gemeentes*, in *Gemeente en bediening* 4. Kaapstad: Lux Verbi  
--- 2003. Veranderingsfiksheid in gemeentes (Deel 2). *Kruisgewys* 3/3. 36-37.
- Smit, D 1987. *Hoe verstaan ons wat ons lees? 'n Dink- en werkboek oor die hermeneutiek... vir predikers en studente*. Woord teen die lig B/1. Kaapstad:

NG Kerk Uitgewers.

- Snyman, SD 2000. Die eksegesi van die Ou Testament – terugblik en vooruitskouing, in Tolmie, DF (red), *Kaleidoskoop 2000. Acta Theologica 2000, Supplementum 1*, 76-93. Bloemfontein: UOVS
- Stander, HF & Louw JP 1990. *Gebruike en gewoontes in die Bybel*, CUM Boeke, Vereniging.
- Stark, R 1996. *The rise of Christianity. A sociologist reconsiders history*. Princeton, New Jersey: Princeton University Press
- Stevens, RP & Collins, P 1993. *The Equipping Pastor. A systems approach to congregational leadership*. Bethesda: The Alban Institute.
- Stuhlmacher, P 1979. *Vom Verstehen des Neuen Testaments. Eine Hermeneutik*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht
- Sweet, LI 1999a. *Aqua church, Essential Leadership Arts for Piloting your Church in today's fluid culture*. Loveland, Colorado: Group.
- 1999b. *SoulTsunami*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.
- 2004. *Summoned to lead*. Grand Rapids: Zondervan.
- Tate, WR 1991. *Biblical interpretation. An integrated approach*. Peabody, Massachusetts: Hendrickson Publishers.
- Van Aarde, AG 1992. *Kultuurhistoriese agtergrond van die Nuwe Testament. Die eerste-eeuse Mediterreense sosiale konteks*. Pretoria: Universiteit Pretoria.
- Van der Watt, JG 1999. Dynamics of metaphor in the Gospel according to John. DL thesis, University of Pretoria.
- Van Gelder, C 1998. Understanding North American Culture & Understanding the Church in North America, in Guder, D *Missional Church*. 18-76. Grand Rapids: Eerdmans.

- 2000 *The essence of the church*. Grand Rapids: Baker Books
- Van Kooten, J & Barrett, L 2004. Missional authority, in Barrett, L (ed) *Treasure in clay jars. Patterns in missional faithfulness*. 139-148 Grand Rapids: Eerdmans Publishing.
- Van Zyl, P 2005. NGK: Is dit ja of amen? *Huisgenoot* 28 Julie 2005, p10-11
- Van Zyl, HC 2000. Die stand van Nuwe-Testamentiese navorsing in Suid-Afrika. Enkele tendense in die jare 1993-1999, in Tolmie, DF (red), *Kaleidoskoop 2000. Acta Theologica 2000, Supplementum 1*, 169-236. Bloemfontein: UOVS
- Verner, DC 1983. *The household of God. The social world of the Pastoral epistles*. Society of biblical literature. Chico, California: Scholars Press.
- Von Rad, G 1975. *Old Testament Theology, Vol I*. London: SCM Press.
- *Old Testament Theology, Vol II*. London: SCM Press.
- Vos, CJA 2001. God's household and the poor in contextual ecclesiology. *HTS 57 (1&2)*, 49-69
- Warren, R 1995. *The Purpose Driven Church*. Grand Rapids: Zondervan
- 2002. *The Purpose Driven Life*. Grand Rapids: Zondervan
- Wepener, CJ 2004. Die predikantsamp. Deel 3: Die take van die predikant in die Gereformeerde tradisie -histories en ekumenies beskou. *NGTT 45 (1&2)*, 152-165
- Zimmerli, W 1978. *Old Testament Theology in Outline*. Edinburgh: John Knox Press